# DIE ONTWIKKELING EN EVALUERING VAN 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKINTERVENSIEPROGRAM IN VERWANTE PLEEGSORGPLASINGS

**J DELPORT**

**POTCHEFSTROOM**

**2007**

# DIE ONTWIKKELING EN EVALUERING VAN 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKINTERVENSIEPROGRAM IN VERWANTE PLEEGSORGPLASINGS

**JANINE DELPORT**
**B.A. (M.W.), M.A. (M.W.)**

**Proefskrif voorgelê vir die graad**
**PHILOSOPHIAE DOCTOR**
**in**
**MAATSKAPLIKE WERK**
**aan die**
**NOORDWES-UNIVERSITEIT**

**Promotor: Dr. A.A. Roux**
**Mede-promotor: Prof. P. Rankin**

**2007**
**Potchefstroomkampus**

**Opgedra aan my ouers, Johan en Ina Delport**

# DANKBETUIGINGS

**Opregte dank en waardering word aan die volgende persone en instansies betuig:**

- Dr. Adrie Roux vir haar bekwame studieleiding, waardevolle insette en volgehoue ondersteuning.
- Prof. Pedro Rankin vir sy bekwame studieleiding en waardevolle insette.
- Mev. Cecilia van der Walt vir haar keurige teksversorging van die skedule en vraelys.
- Mev. Elma de Kock vir haar keurige teksversorging van die tydskrifartikels, asook haar volgehoue ondersteuning.
- Dr. Suria Ellis en mev. Wilma Breytenbach van die Statistiese Konsultasiediens, Noordwes-Universiteit, vir die statistiese verwerking van die kwantitatiewe data.
- Mnr. Bertie Hanekom en sy personeel van Perspektief Kollege vir hulp met die meetinstrumente.
- Personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul hulp met bronsoektogte, en in die besonder aan mev. Louise Vos vir haar geduld en ondersteuning.
- Me. Mariëtte van Graan vir haar hulp met internetsoektogte.
- Mnr. Neels le Roux vir sy rekenaarhulp.
- Mev. B. Danilatos by nagraadse administrasie wat die afgelope jare gehelp het met registrasie vir studie.
- Elke dosent aan die Noordwes-Universiteit wat 'n bydrae gelewer het tot die ondergetekende se beroepsvorming.
- Die Noordwes-Universiteit wat hierdie studie geldelik gesteun het deur middel van beurstoekennings.
- Opregte dank aan die volgende maatskaplike werkers vir hulp ten opsigte van die opstel van vraelyste en skedules: Mejj. D. Scottsman, R. Carelse, C. Prinsloo en J. Reinecke.
- Mev. M. Botha vir adresse van maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie.
- Aan elke maatskaplike werker wat deelgeneem het aan die navorsing deur 'n vraelys te voltooi.

- Personeel van die Kinder-en Gesinsorgvereniging en die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (Potchefstroom) vir hul hulp om die navorser in kontak te bring met potensiële deelnemers. 'n Spesiale woord van dank aan me. Cindy Rademan vir haar hulp.
- Personeel van Promosa Kliniek vir die beskikbaarstelling van 'n lokaal vir die aanbieding van die program.
- Elke verwante pleegouer wat bereid was om aan hierdie ondersoek deel te neem.
- Dr. A. Roux wat opgetree het as gasspreker tydens die aanbieding van die program.
- Familie en vriende, in die besonder me. Tess van Rooyen en mev. Elma de Kock, vir hul ondersteuning.
- My ouers, Johan en Ina Delport, vir hul liefde, ondersteuning, hulp en gebede. Sonder hulle sou ek dit nooit kon doen nie.

**Ps. 121**
**Ek slat my twee oge op,**
**my kyk vang die verste kop:**
**waavanaf sal my hulp nou kom?**
**My hulp is vannie Jirre, van Hom:**
**Hy't nou die jimmel en Prieska gekom maak.**
**Sonner lat jou voete klipperse raak,**
**is Hy skoene agterrie skaap.**
**Hy dink nooit nie eers oor slaap.**
**Sontyd is Hy hoed op jou kop,**
**innie nag hou Hy gevaarlikeit dop.**
**Hy's mos nou da om jou op te pas:**
**jou siel hou Hy tissen jou ribbes vas.**
**Gan jy nou in of gan jy nou yt:**
**Hy's oor jou vi ewig en vi altyd.**
**-Griekwapsalms-**
**Hans du Plessis**

Janine Delport
Potchefstroom
2007

# ABSTRACT


**THE DEVELOPMENT AND EVALUATION OF A SOCIAL GROUP WORK INTERVENTION PROGRAMME IN KINSHIP FOSTER PLACEMENTS.**

The **overall objective** of this study is to develop and evaluate a social group work intervention programme which is aimed at kinship foster carers' needs. The thesis consists of five sections:

**Section A** refers to the problem statement, research objectives and procedures which were followed. Furthermore the limitations of this study, the definition of key words as well as the composition of the research report are discussed. The **problem statement** can be condensed as follows:

> Some welfare agencies use social group work programmes to train kinship foster carers. Limited research exists on the specific needs of foster carers and their opinions on topics that should be included in such a programme.

The problem statement leads to five research aims. Developmental and Utilization Research (DR&U-model) was used as the overall research model. This model was implemented within a mixed methodological design model. Interviews and the single systems design were used to gather quantitative and qualitative data. Literature studies were conducted on the themes of foster care, kinship care, foster carers, foster children and social group work.

**Section B** consists of the four articles that form the report about the research outcomes. Each article is handled as a self-contained unit, which focuses on specific research results and methods. The unit of the main research project is maintained. The four articles are:

- **Article 1: The role of social work in regards to kinship foster care**

The aim of this article is to determine the nature and extent of kinship foster care in the North-West Province. The task of the social worker in respect to the kinship foster carer is studied. A self-structured questionnaire was used for data collecting purposes. 50 questionnaires were sent to social workers in the North-West province, working with kinship foster carers. The results (N=24) show the state of existing programmes and the opinions of social workers on topics that could be discussed during a social group work programme to train kinship foster carers.

- **Article 2: The needs of kinship foster carers**

The aim of this article is to provide a profile of the needs of kinship foster carers. Attention is given to the role of kinship foster carers and their perception of foster care. Key relationships in kinship foster care placements are studied, for example the relationship between the foster parent and the foster child. Ten (N=10) kinship foster carers were identified through the application of accidental sampling. A self-structured schedule was used for data collecting purposes. The results show the needs of kinship foster carers and topics were identified that could be discussed during a social group work programme to train kinship foster carers.

- **Article 3: A social group work intervention programme for kinship foster carers**

The purpose of this article is to develop an extensive social group work intervention programme for kinship carers, through which their social functioning can be enhanced. Interview schedules were completed with ten (N=10) kinship carers and 24 (N=24) social workers in the North-West province. These findings, together with consultations and literature studies, resulted in the development of the mentioned programme. This

programme was presented to nine (N=9) kinship carers. Social group work as a method was used to present this programme to kinship carers.

- **Article 4: The evaluation of a social group work intervention programme for kinship foster carers**

The aim of this article is to determine the effect of a social group work intervention program on the social functioning of kinship foster carers. Two standardized measurement instruments, The Generalized Contentment Scale and the Index of Parental Attitudes from *Perspective* Training College were used in this study. Nine (N=9) kinship foster carers formed the group and the program was administered to them. These instruments were used three times, once before intervention, once during intervention and once after intervention. A self-developed questionnaire was also used and the latter was only completed once after the intervention. The same was true for the interview schedule that was self-developed. Findings and interpretations for these measuring instruments are provided.

In **section C** a summary of the findings and conclusions of the full research project is provided. Furthermore some recommendations are provided, followed by a discussion on the contribution of the study.

**Section D** consists of various appendixes, such as measuring instruments used for data collecting purposes.

**Section** E is concluded with a compound list of sources.

# OPSOMMING


**DIE ONTWIKKELING EN EVALUERING VAN 'N MAATSKAPLIKE GROEPWERKINTERVENSIEPROGRAM IN VERWANTE PLEEGSORGPLASINGS.**

Die **oorhoofse doelstelling** van hierdie ondersoek is om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram, wat gerig is op verwante pleegouers se behoeftes, te ontwikkel en te evalueer. Die proefskrif bestaan uit vyf dele:

**Afdeling A** verwys onder meer na die probleemstelling, navorsingsdoelwitte en – prosedures wat onderneem is. Verder word die beperkings van die ondersoek, begripsomskrywing van sleutelterme asook die indeling van die navorsingsverslag weergegee. Die **probleemstelling** berus onder andere op die volgende:

- Sommige welsynsorganisasies bied maatskaplike groepwerkprogramme vir verwante pleegouers aan. Daar is egter nog nie 'n wetenskaplike studie gedoen oor die behoeftes van die pleegouers en oor wat na hul mening in die program ingesluit behoort te word nie.

Die probleemstelling het tot vyf navorsingsdoelwitte aanleiding gegee. Ontwikkelings- en benuttingsnavorsing (DR&U-model) is as die oorkoepelende navorsingsmodel gebruik. Dié model is binne 'n gemengde metodologiese navorsingsmodel uitgevoer. 'n Opname prosedure en enkelstelselprosedure is gebruik om kwantitatiewe en kwalitatiewe data te bekom. 'n Literatuurstudie is oor pleegsorg, verwante pleegsorg, pleegouers, pleegkinders en maatskaplike groepwerk onderneem.

**Afdeling B** bevat die vier artikels waardeur die uitkomste van die navorsing weergegee word. Elke artikel word as 'n afsonderlike entiteit hanteer, waar daar gefokus word op spesifieke navorsingsdoelwitte wat onderneem is aan die hand van eiesoortige navorsingsmetodes. Nogtans word die eenheid van die navorsingsverslag en ondersoek behou. Die vier artikels is:

❒ **Artikel 1: Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorg**

Die aard en omvang van verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie word ondersoek, asook die siening van maatskaplike werkers ten opsigte van hul rol in verwante pleegsorgplasings. 50 Posvraelyste is aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie, wat met pleegsorggevalle werk, gestuur. Die resultate (N=24) toon die stand van huidige programmatuur en die sienings van maatskaplike werkers ten opsigte van onderwerpe wat ingesluit kan word in 'n maatskaplike groepwerkprogram vir verwante pleegouers.

❒ **Artikel 2: Die behoeftes van verwante pleegouers**

Die behoeftes van verwante pleegouers word geïdentifiseer. Aandag word geskenk aan die rol van verwante pleegouers en hul persepsie van verwante pleegsorg. Belangrike verhoudings word bestudeer, byvoorbeeld die verhouding tussen die pleegouer en pleegkind. Tien (N=10) verwante pleegouers is geïdentifiseer deur middel van 'n nie-waarskynlikheidssteekproef. 'n Selfgestruktureerde skedule is gebruik om data te versamel. Resultate toon die behoeftes van verwante pleegouers en onderwerpe word geïdentifiseer wat moontlik bespreek kan word tydens 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram om verwante pleegouers op te lei.

❒ **Artikel 3: 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

In hierdie artikel word aandag geskenk aan 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers deur te fokus op die groepwerkproses. Hierdie program is deur die navorser ontwikkel op grond van inligting bekom vanuit die vraelys aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie

(N=24) en die skedule aan verwante pleegouers (N=10), asook vanuit 'n literatuurstudie. Maatskaplike groepwerk as metode is gebruik om die program aan te bied vir nege (N=9) verwante pleegouers.

- **Artikel 4: Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

Die doel van hierdie artikel is om die ontwikkelde maatskaplike groepwerk-intervensieprogram vir verwante pleegouers te evalueer. Twee gestandaardiseerde meetinstrumente is gebruik, naamlik die *Generalized Contentment Scale (GCS)* en die *Index of Parental Attitudes (IPA)*. Nege (N=9) respondente het die twee meetinstrumente drie keer voltooi, naamlik vóór die intervensie, tydens die intervensie en ná die intervensie. 'n Selfgestruktureerde evalueringsvorm is een keer ingevul ná die intervensie. Ook is daar van 'n selfgestruktureerde onderhoudskedule gebruik gemaak wat een keer ná intervensie saam met die respondente deurgewerk is. Bevindings en gevolgtrekkings word gegee.

In **afdeling C** word 'n samevatting van die vernaamste bevindings en gevolgtrekkings vir die ondersoek in geheel aangebied. Verder word aanbevelings gedoen en die bydrae van die ondersoek word weergegee.

**Afdeling D** bevat die bylaes tot die navorsingsverslag soos die meetinstrumente wat gebruik is vir data-insamelingsdoeleindes.

**Afdeling E** bevat die saamgestelde bronnelys.

# VOORWOORD

Hierdie manuskrip word in **artikelformaat** aangebied in ooreenstemming met Reël A.11.5.3 en A.11.5.4 wat in die Jaarboek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (2002:17), tans die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, uiteengesit is. Die inhoud en tegniese vereistes van die geakkrediteerde vaktydskrifte Die Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn/ *The Social Work Practitioner Researcher* en Maatskaplike Werk/ *Social Work* (sien **bylae G en H**) is as basis gebruik om die artikels te formuleer.

# INHOUDSOPGAWE

Dankbetuigings ..... i
Abstract ..... iii
Opsomming ..... vi
Voorwoord ..... ix

**Afdeling A: Inleiding**

1. Probleemstelling ..... 1
2. Doel van die ondersoek ..... 3
2.1 Oorhoofse doelstelling ..... 3
2.2 Doelwitte ..... 4
3. Sentrale teoretiese aanname ..... 4
4. Metode van ondersoek ..... 4
4.1 Literatuurstudie ..... 5
4.2 Empiriese ondersoek ..... 5
4.2.1 Fase een: Analise ..... 7
4.2.2 Fase twee: Ontwikkeling ..... 12
4.2.3 Fase drie: Evaluering ..... 13
4.2.4 Fase vier: Verspreiding ..... 14
4.2.5 Navorsingsbenaderings ..... 15
5. Begrensing en beperkings van die ondersoek ..... 16
5.1 Begrensing van die ondersoek ..... 16
5.2 Beperkings van die ondersoek ..... 17
6. Teoretiese begronding van die ondersoek ..... 17
6.1 Sisteemteorie ..... 18
6.2 Eienskappe van sisteme ..... 18
6.3 Die sisteemteorie en verwante pleegsorg ..... 20
6.4 Die waarde van die sisteemteorie ..... 21
7. Begripsomskrywings ..... 23

7.1 Maatskaplike groepwerk ..... 23
7.2 Intervensieprogram ..... 24
7.3 Pleegsorg ..... 25
7.4 Verwante pleegsorg ..... 25
8. Aanbieding ..... 26
8.1 Afdeling A: Inleiding ..... 27
8.2 Afdeling B: Vaktydskrifartikels ..... 27
8.3 Afdeling C: Samevattende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings .. 28
8.4 Afdeling D: Bylae ..... 29
8.5 Afdeling E: Saamgestelde bronnelys ..... 29
9. Bronnelys ..... 30

**Afdeling B: Vaktydskrifartikels**

**Artikel 1: Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings**

Abstract ..... 36
1. Inleiding ..... 36
2. Probleemstelling ..... 37
3. Doelstellings en doelwitte ..... 38
4. Navorsingsmetodologie ..... 39
4.1 Ontwerp ..... 39
4.2 Respondente ..... 40
4.3 Meetinstrument ..... 42
4.4 Etiese aspekte ..... 42
5. Omskrywing van begrippe ..... 43
5.1 Pleegsorg ..... 43
5.2 Verwante pleegsorg ..... 43
5.3 Nie-verwante pleegsorg ..... 43
6. Maatskaplike werk en verwante pleegsorg ..... 44
7. Identifiserende besonderhede ..... 46
8. Statistiek ..... 47

9. Dienste aan pleegouers en pleegkinders ........ 52
10. Menings van die maatskaplike werkers ten opsigte van verwante pleegsorgplasings ........ 64
11. Gevolgtrekkings ........ 73
12. Aanbevelings ........ 75
13. Slotopmerkings ........ 76
14. Bronnelys ........ 76

**Artikel 2: Die behoeftes van verwante pleegouers**

Abstract ........ 83
1. Inleiding ........ 83
2. Probleemstelling ........ 84
3. Doel van die ondersoek ........ 85
4. Navorsingsmetodologie ........ 86
4.1 Ontwerp ........ 86
4.2 Respondente ........ 86
4.3 Meetinstrumente ........ 88
4.4 Etiese aspekte ........ 88
5. Omskrywing van begrippe ........ 88
5.1 Pleegouer ........ 88
5.2 Verwante pleegouer ........ 88
6. Verwante pleegsorg ........ 89
7. Identifiserende besonderhede ........ 91
8. Die rol van die pleegouer en die pleegouer se siening/houding ten opsigte van pleegsorg ........ 93
9. Verhouding tussen die pleegouer, pleegkind en biologiese ouers ........ 96
10. Verhouding tussen die maatskaplike werker, pleegouer en pleegkind........ 98
11. Die behoeftes van die pleegouers ........ 100
12. Gevolgtrekkings ........ 103
13. Aanbevelings ........ 105
14. Samevatting ........ 107

15. Bronnelys .......... 107

**Artikel 3: 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

Abstract .......... 111

1. Inleiding .......... 111

2. Probleemstelling .......... 112

3. Navorsingsmetodologie .......... 114

4. Maatskaplike groepwerkdienste vir verwante pleegouers .......... 114

4.1 Die voordele van maatskaplike groepwerk vir verwante pleegouers .......... 114

4.2 Die nadele van maatskaplike groepwerk vir verwante pleegouers .......... 115

4.3 Die maatskaplike groepwerkproses .......... 116

5. Aanbieding van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers .......... 120

6. Gevolgtrekkings .......... 144

7. Aanbevelings .......... 145

8. Slotopmerkings .......... 147

9. Bronnelys .......... 147

**Artikel 4: Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings**

Abstract .......... 152

1. Inleiding .......... 152

2. Agtergrond .......... 153

3. Betroubaarheid en geldigheid van meetinstrumente .......... 159

4. Resultate van die GCS .......... 162

5. Resultate van die IPA .......... 172

6. Evaluering deur middel van die selfopgestelde vraelys .......... 182

7. Evaluering deur middel van die onderhoudskedule .......... 188

8. Gevolgtrekkings .......... 190

9. Aanbevelings .......... 193

10. Slotopmerking .......... 194

11. Bronnelys ........ 195

**Afdeling C: Samevattende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings**

1. Inleiding ........ 198
2. Samevattende bevindings en gevolgtrekkings ........ 198
2.1 Navorsingsontwerp en -prosedures ........ 198
2.2 Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings ........ 202
2.3 Die behoeftes van verwante pleegouers ........ 205
2.4 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers ........ 209
2.5 Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings ........ 211
3. Toetsing van die sentrale teoretiese aanname ........ 215
4. Aanbevelings ........ 215
5. Bydrae van hierdie ondersoek ........ 218
6. Slotopmerkings ........ 219

**Afdeling D: Bylaes**

Bylaag A: Selfgestruktureerde vraelys aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie ........ 220
Bylaag B: Selfgestruktureerde skedule om die behoeftes van verwante pleegouers te bepaal ........ 229
Bylaag C: Generalized Contentment Scale (GCS) ........ 236
Bylaag D: Index of Parental Attitudes (IPA) ........ 237
Bylaag E: Ingeligte instemmingsvorm aan verwante pleegouers in die ondersoek ........ 238
Bylaag F: Toestemming om navorsing binne die instelling te doen ........ 241
Bylaag G: Vereistes van die vaktydskrif - Maatskaplike Werk/ *Social Work* ........ 243

Bylaag H: Vereistes van die vaktydskrif – Die Maatskaplikewerk Navorser-Praktisyn / *The Social Work Practitioner-Researcher* ........ 244
Bylaag I: Toestemming om lokaal te gebruik ........ 246
Bylaag J: Toestemming om die DVD te wys ........ 249
Bylaag K: Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers – CD ........ 250
Bylaag L: Bylae van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers ........ 251
Bylaag M: Selfgestruktureerde evalueringsvorm ........ 373
Bylaag N: Onderhoudskedule ........ 377
Bylaag O: Transkripsies van onderhoude met respondente ........ 378

**Afdeling E: Saamgestelde bronnelys**

Saamgestelde bronnelys ........ 387

**Lys van skematiese voorstellings**

**Afdeling A: Inleiding**

Skematiese voorstelling 1: DR&U-model ........ 6
Skematiese voorstelling 2: Die benutting van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings in die ondersoek ........ 16
Skematiese voorstelling 3: Verhoudings waarbinne die verwante pleegouer staan ........ 18
Skematiese voorstelling 4: Uiteensetting van Afdeling B ........ 28
Skematiese voorstelling 5: Bylae in die navorsingsverslag ........ 29

**Afdeling B: Vaktydskrifartikels**

**Artikel 3: 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**


Skematiese voorstelling 1: Die maatskaplike groepwerkproses .......................... 117

Skematiese voorstelling 2: Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers .......................................... 121

Skematiese voorstelling 3: Rolspelers by verwante pleegsorgplasings ............... 123

Skematiese voorstelling 4: Die kommunikasieproses ........................................ 131


**Artikel 4: Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings**


Skematiese voorstelling 1: Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers ................................................ 155


**Lys van figure**

**Afdeling B: Vaktydskrifartikels**

**Artikel 1: Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings**


Figuur 1: Die maatskaplike werker se posisie in verwante en nie-verwante pleegsorg .......................................................................................... 45


**Lys van diagramme**

**Afdeling B: Vaktydskrifartikels**

**Artikel 1: Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings**


Diagram 1: Die posisie beklee binne die instelling ............................................ 46

**Artikel 4: Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings**

Diagram 1: Resultate van R1 .......... 162
Diagram 2: Resultate van R2 .......... 163
Diagram 3: Resultate van R3 .......... 164
Diagram 4: Resultate van R4 .......... 164
Diagram 5: Resultate van R5 .......... 165
Diagram 6: Resultate van R6 .......... 166
Diagram 7: Resultate van R7 .......... 166
Diagram 8: Resultate van R8 .......... 167
Diagram 9: Resultate van R9 .......... 168
Diagram 10: Resultate van die groep (N=9) .......... 169
Diagram 11: Resultate van R1 .......... 172
Diagram 12: Resultate van R2 .......... 173
Diagram 13: Resultate van R3 .......... 174
Diagram 14: Resultate van R4 .......... 175
Diagram 15: Resultate van R5 .......... 176
Diagram 16: Resultate van R6 .......... 177
Diagram 17: Resultate van R7 .......... 177
Diagram 18: Resultate van R8 .......... 178
Diagram 19: Resultate van R9 .......... 179
Diagram 20: Resultate van die groep (N=9) .......... 179

**Lys van tabelle**

**Afdeling B: Vaktydskrifartikels**

**Artikel 1: Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings**

Tabel 1: Instellings waarby werksaam .......... 46
Tabel 2: Praktykervaring .......... 47

Tabel 3: Aantal verwante en nie-verwante pleegsorgsake .................................... 48
Tabel 4: Pleegsorgplasings wat nog nie afgehandel is nie .................................. 49
Tabel 5: Aantal pleegsorgplasings wat nog nie afgehandel is nie ...................... 49
Tabel 6: Redes waarom pleegsorgplasings nog nie afgehandel is nie .... ........... 50
Tabel 7: Mislukkings by verwante pleegsorgplasings ...................... ................ 51
Tabel 8: Redes vir mislukkings .............................................................. .................... 52
Tabel 9: Fases van die pleegsorgproses ........................................................... 53
Tabel 10: Opleiding aan pleegouer by verwante pleegsorgplasings ................. ... 55
Tabel 11: Wanneer opleiding gegee word ......................... .............................. 55
Tabel 12: Die gebruik van 'n vasgestelde program vir opleiding .... ............... ..... 56
Tabel 13: Behoefte aan 'n vasgestelde program ............................................ ... 56
Tabel 14: Onderwerpe wat ingesluit moet word by opleiding ............................ 57
Tabel 15: Kontak met pleegouers ...................................................................... 59
Tabel 16: Doelstellings van die kontak ............... ............................................... 60
Tabel 17: Kontak met pleegkinders ................................................................... 61
Tabel 18: Doelstellings van die kontak .............................................................. 62
Tabel 19: Metodes van maatskaplike werk ........................................................ 63
Tabel 20: Motiewe waarom kinders in pleegsorg geneem word ........................ 64
Tabel 21: Rolle van die maatskaplike werker by verwante pleegsorgplasings ..... 67
Tabel 22: Behoeftes van pleegouers .................... ...................................... ........ 69
Tabel 23: Behoeftes van pleegkinders ................................................................. 71
Tabel 24: Verwante of nie-verwante pleegsorgplasings ...................................... 72

**Artikel 2: Die behoeftes van verwante pleegouers**

Tabel 1: Identifiserende besonderhede ........................................................ .... ..... 91
Tabel 2: Redes vir die plasing in pleegsorg ...................................................... 92
Tabel 3: Redes waarom kinders in pleegsorg geneem is ............................... ..... 93
Tabel 4: Hooftaak van die pleegouer ................................................................. 94
Tabel 5: Verhouding tussen pleegouer en pleegkind .......................................... 96
Tabel 6: Verhouding tussen biologiese ouers en pleegkinders ......................... 97

Tabel 7: Hoe ervaar die res van die familie die pleegsorgplasing .... ................ 98
Tabel 8: Frekwensie van kontak ........................................................................ 99
Tabel 9: Aspekte waarmee die maatskaplike werker gehelp het ............... ........ 100
Tabel 10: Aspekte waarmee pleegouers hulp sou wou ontvang ........................ 101

**Artikel 4: Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings**

Tabel 1: Beduidendheid van verskille tussen die eerste en tweede meting .......... 170
Tabel 2: Beduidendheid van verskille tussen die tweede en derde meting ........... 171
Tabel 3: Beduidendheid van verskille tussen die eerste en derde meting ........ .... . . 171
Tabel 4: Beduidendheid van verskille tussen die eerste en tweede meting ........ ... 181
Tabel 5: Beduidendheid van verskille tussen die tweede en derde meting .... ....... 181
Tabel 6: Beduidendheid van verskille tussen die eerste en derde meting ............. 182
Tabel 7: Die waarde van die onderwerpe wat bespreek is .................................... 184
Tabel 8: Behoefte aan program voordat pleegouerskap 'n aanvangs neem ........ .. 187

# AFDELING A:
# INLEIDING

# AFDELING A: INLEIDING

## 1. Probleemstelling

Daar is in Suid-Afrika 'n toename in die aantal sorgbehoewende kinders wat deur familielede versorg word (Schönteich, 2000). Die grootste rede waarom daar meer sorgbehoewende kinders is, is die toename in sterftes as gevolg van MIV/Vigs. Mason en Linsk (2002:541) verskaf die volgende rede vir die skerp toename in verwante pleegsorg: "The HIV epidemic is one of the reasons for an increase in relative foster care." Daar is 'n toename in pleegkinders, maar al hoe minder ouers is bereid om as pleegouers op te tree en daarom word al hoe meer kinders in familielede se sorg geplaas (Wilhelmus, 1998:117; Grogan-Kaylor, 2000:132).

Navorsing het getoon dat die voorkoms van MIV/Vigs die aantal vigswesies in 2010 tot amper 2 miljoen gaan laat styg, terwyl daar in 1999 minder as 1 miljoen vigswesies was (Du Toit, 2005:5). Schönteich (2000) stel dit soos volg: "Nearly one million South African children under the age of 15 will have lost their mother to Aids by 2005. This is estimated to increase to over two million by 2010, according to the department of health."

Pleegsorg is 'n vorm van substituutsorg waardeur kinders van hul biologiese ouers verwyder word as gevolg van onvoldoende en ontoereikende versorging en omstandighede. Hierdie kinders word dan by 'n ander ouerhuis geplaas op bevel van die Kinderhof ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983), waar daar na hul emosionele, fisiese en intellektuele behoeftes omgesien word (Fourie, 1999:10).

Twee soorte pleegsorgplasings word onderskei, naamlik: verwante en nie-verwante pleegsorgplasings. Volgens Eloff (1987:9) is die belangrikste verskil tussen verwante en nie-verwante plasings, dat die familie nie betrokke is by die assessering van watter tipe kind die beste by hul familie sou inpas in verwante plasings nie. Die familie ken ook in baie gevalle die kind se agtergrond en sy familiegeskiedenis. Voorkeur word toenemend

gegee aan die plasing van kinders in verwante pleegsorg wanneer versorgingsmoontlikhede buite die ouerhuis oorweeg word (Gebel, 1996:1; Gleeson, 1995:140; Portengen & Van der Neut, 1999:52). By nie-verwante pleegsorgplasings is daar geen verwantskap tussen die pleegouers en biologiese ouers of pleegkinders nie. Die maatskaplike werker keur die pleegouers en plaas kinders volgens hul behoeftes by die gepaste pleegouers (Fourie, 1999:10).

Verskeie skrywers (Burnette, 2003:1; Leder *et al.*, 2003:5; Goodman & Silverstein, 2001:560) het bevind dat verwante pleegouerskap positief korreleer met spanningsverwante gesondheidsprobleme, angs en depressie. Hierdie probleme hou dikwels verband met onverwerkte emosies oor die verlies van 'n afgestorwene, soos die moeder van die pleegkind. Robertson en Donaldson (2003) is van mening dat grootouer-pleegmoeders in Suid-Afrika dikwels te doen het met "... their own feelings of shame and guilt about what happened and due to their emotional state, may not be able to respond to the emotional needs of the child".

Materne grootmoeders in Suid-Afrika tree dikwels as substituut- of pleegmoeders vir kinders op (Burman, 1996:589; Gillwald, 2002; Schönteich, 2000). Staatstoelaes maak pleegsorg vir hierdie pleegmoeders moontlik. Die Suid-Afrikaanse Welsynsbeleid bepaal dat enige pleegkind wat ingevolge Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by 'n familielid in pleegsorg geplaas word, geregtig is op 'n pleegsorgtoelaag van die staat en dat pleegkinders gratis skoolonderrig mag ontvang (Gillwald, 2002).

Metodes in maatskaplike werk wat veral in pleegsorgplasings benut word, is kliniese maatskaplike werk (ook bekend as maatskaplike werk met individue) en maatskaplike groepwerk (ook bekend as maatskaplike werk met groepe). Maatskaplike groepwerk as metode is by uitstek geskik om alle persone en ook gesinne in 'n pleegsorgsituasie te help om maatskaplik doeltreffend te funksioneer (Corey&Corey, 2002:294-298; Edell, 1998:51-53; Roux, 2002:53; Toseland & Rivas, 1998:17). Anderson (1997:39) onderskryf die waarde van maatskaplike groepwerk om persone te bemagtig sodat hulle

maatskaplik doeltreffend funksioneer. Dit sluit ook alle individue in wat deur pleegsorgplasings geraak word.

Sommige welsynsorganisasies bied maatskaplike groepwerkprogramme vir pleegouers binne verwante pleegsorgplasings aan. Daar is egter nog nie 'n wetenskaplike studie gedoen oor die behoeftes van die pleegouers en oor wat na hulle mening in die program ingesluit behoort te word nie.

In die lig van die voorafgaande, kan die volgende navorsingsvrae geformuleer word:

- Wat is die aard en omvang van verwante pleegsorg in die Noordwes-provinsie?
- Watter behoeftes ervaar die pleegouers in verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie?
- Wat is die rol van maatskaplike werkers ten opsigte van hulpverlening aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings en watter rol speel maatskaplike groepwerk ten opsigte van hulpverlening aan pleegouers in verwante pleegsorg?
- Watter programaktiwiteite vanuit die literatuur en empiriese ondersoek moet ingesluit word in 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram in die verbetering van die maatskaplike funksionering van pleegouers ten opsigte van verwante pleegsorg?
- Wat is die uitwerking van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram op die maatskaplike funksionering van pleegouers in verwante pleegsorgplasings?

## 2. Doel van ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek kan soos volg uiteengesit word:

### 2.1 Oorhoofse doelstelling

Die oorhoofse doel van hierdie ondersoek is om 'n maatskaplike groepwerkintervensie-program, wat gerig is op verwante pleegouers se behoeftes, te ontwikkel en te evalueer.

## 2.2 Doelwitte

Ten einde die genoemde doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte voor oë gestel:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek die aard en omvang van verwante pleegsorg in die Noordwes-provinsie ten opsigte van verwante pleegsorg te bepaal.

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die behoeftes van pleegouers in verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie te bepaal.

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die rol van maatskaplike groepwerk ten opsigte van hulpverlening aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie te ondersoek.

- Om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram, aan die hand van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek te ontwikkel wat gerig is op die bemagtiging van die pleegouers binne verwante pleegsorgplasings.

- Om die uitwerking van 'n ontwikkelde maatskaplike groepwerkintervensieprogram op die maatskaplike funksionering van die pleegouers in verwante pleegsorgplasings te bepaal.

## 3. Sentrale teoretiese aanname

'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram wat ontwikkel is vir pleegouers wat by verwante pleegsorgplasings betrokke is, kan die kennis en insigte van pleegouers ten opsigte van hul pleegsorgsituasie verbreed en hul maatskaplike funksionering verbeter.

## 4. Metode van ondersoek

Met hierdie ondersoek word die volgende navorsingsmetodes gebruik:

### 4.1 Literatuurstudie

Vir die doel van hierdie ondersoek is handboeke, vaktydskrifte, lopende en afgehandelde navorsingsbronne asook persberigte wat oor pleegsorg, verwante pleegsorg, pleegouers, pleegkinders en maatskaplike groepwerk handel, bestudeer. Om 'n doelgerigte soektog te verseker, is databasisse soos EBSCO Host, Academic Search Premier, ERIC, PsycInfo, Social Sciences Index en SA Media benut.

Vanuit die literatuurstudie is die raamwerk vir aanbieding van 'n maatskaplike groepwerkprogram asook die meetinstrumente, soos onderhoudskedules, saamgestel.

### 4.2 Empiriese ondersoek

In hierdie ondersoek is van Thomas se "Developmental Research and Utilization"-model (DR&U-model) gebruikgemaak. Hierdie model het volgens Strydom (2003:151) net soos die D&D- en die "Social R&D"-model 'n spesifieke intervensiemissie en is gerig op die verskaffing van meer duidelikheid en moontlike oplossings vir praktiese probleme.

Die twee hoofstadiums van die DR&U-model, is ontwikkelingsnavorsing en benuttingsnavorsing. Hierdie twee stadiums word weer verdeel in vyf fases, naamlik analise, ontwikkeling en evaluering (in die **ontwikkelingstadium**) asook diffusie en aanpassing (as fases in die **benuttingstadium**). Die model maak ook voorsiening vir operasionele stappe wat noodsaaklike komponente in elke fase opneem (Strydom, 2003:154). Skematiese voorstelling 1 gee 'n uiteensetting van die DR&U-model:

**Skematiese voorstelling 1: DR&U-model**

| | | Fases | Voorwaardes | Stappe |
|---|---|---|---|---|
| | **Ontwikkelings-navorsing** | **Analise** | A. Problematiese menslike toestand<br>B. Stand van die maatskaplike tegnologie<br>C. Tegnologiese inligtingshulpbronne | 1. Probleemanali-se en –identifikasie<br>2. Stand van be-staande tegnologie<br>3. Uitvoerbaar-heidstudie<br>4. Keuse van teg-nologiese doelwit-te<br>5. Die keuse van inligtingsbronne |
| **Ontwikkelings- en Benuttings-navorsing** | | **Ontwikkeling** | D. Relevante data<br>E. Die nuwe tegno-logiese ontwerp | 6. Versameling en evaluering van teg-nologiese bronne<br>7. Die ontwerp van maatskaplike tegnologie<br>8. Tegnologiese realisering |
| | **Evaluerings-navorsing** | **Evaluering** | F. Die nuwe produk<br>G. Voorlopige veld-implementering<br>H. Resultate van die voorlopige be-nutting van die nuwe tegnologie | 9. Voorlopige ge-bruik<br>10. Versameling van evaluasiege-gewens<br>11. Evaluering van maatskaplike tegnologie<br>12. Herontwerp, soos nodig, her-haling van stappe 6 – 12 |
| | | **Verspreiding** | I. Verspreidings-media | 13. Voorbereiding van verspreidings-media.<br>14. Verspreiding van inligting |
| | **Benuttings-navorsing** | **Aanvaarding** | J. Wye benutting van die nuwe tegnologie | 15. Ingebruikne-ming deur die ge-meenskap |

(Strydom, 2003:155)

Vir die doel van hierdie ondersoek word slegs die eerste vier van die vyf fases benut. Dit word vervolgens bespreek:

### 4.2.1 Fase een: Analise

Vir die implementering van die eerste fase vir die doeleindes van hierdie ondersoek, is die opnameprosedure gebruik. Die opnameprosedure word deur die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:47) soos volg omskryf: "Navorsingsmetode waarvolgens data versamel word uit 'n geselekteerde steekproef om die kenmerke of menings van die populasie te beskryf." Barker (1997:373) omskryf die begrip soos volg: "A systematic fact gathering procedure in which a specific series of questions is asked, through written or oral questionnaires, of a representative sample of the group being studied or of the entire population."

- **Die ontwerp**

In hierdie fase van die ondersoek is van sowel die verkennende as die beskrywende ontwerp gebruik gemaak. Volgens Strydom (2003:78) "bestaan daar voortdurend 'n behoefte aan 'n sistematiese, objektiewe en volledige beskrywing van die werklikheid, wat primêr die doelwit van beskrywende navorsing vorm". Die aard en omvang van verwante pleegsorg word omskryf.

Die verkennende studie het volgens Wessels (1996:7) ten doel die weg te berei vir meer sistematiese navorsing in 'n veld waarin daar nog onvolledige kennis bestaan en min of geen navorsing oor die onderwerp gedoen is nie. Daar bestaan min literatuur en navorsing spesifiek oor die behoeftes van pleegouers in verwante pleegsorgplasings met die doel om 'n intervensieprogram spesifiek vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings te ontwikkel.

- **Deelnemers**

Die deelnemers aan hierdie fase van die ondersoek is die volgende:

- Tien pleegouers in verwante pleegsorgplasings, wat kliënte is by die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom, is as deelnemers gebruik om die behoeftebepaling te doen.

- Daar is 50 vraelyste aan maatskaplike werkers wat in die Noordwes-provinsie by verwante pleegsorgplasings betrokke is, uitgestuur. Die vraelyste is aan maatskaplike werkers by die volgende instellings gestuur, naamlik:
    - Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (18),
    - Die Ondersteuningsraad (6),
    - NG-Welsyn (12),
    - Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) (8), en
    - Die Kinder- en Gesinsorgvereniging (6).

Van die 50 vraelyste wat uitgestuur is, is 24 vraelyste terug ontvang. Daar was dus 'n respons van 48 %.

- **Navorsingsprosedures**

'n Vooronderzoek is in hierdie studie onderneem. Volgens Strydom (2003:48) is die doel van 'n voorondersoek om die navorser op hoogte te bring met die aard van 'n verskynsel of maatskaplike probleem met die oog op die afbakening van die navorsingsterrein. Die voorondersoek is uitgevoer as voorbereiding vir die hoofondersoek. Die voorondersoek bestaan uit die bestudering van literatuur, die ervaring van deskundiges, 'n uitvoerbaarheidstudie asook die toetsing van die meetinstrument.

Eerstens het die navorser met maatskaplike werkers van vier instellings persoonlike onderhoude gevoer om die stand van hul huidige programmatuur vas te stel. Die vier maatskaplike werkers was die volgende:

- Me. A. Bekker van die Ondersteuningsraad in Rustenburg,
- Me. D. Scottsman van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in Potchefstroom,
- Me. C. Prinsloo van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Potchefstroom, en
- Me. J. Reinecke van die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom.

Die navorser het verder ook die vraelys vir die maatskaplike werkers aan vier maatskaplike werkers in die praktyk gegee om vas te stel of die vraelys voldoen aan die nodige vereistes. Die vier maatskaplike werkers was die volgende:

- Me. D. Scottsman van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in Potchefstroom,
- Me. R. Carelse van die Department van Maatskaplike Ontwikkeling in Potchefstroom,
- Me. C. Prinsloo van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Potchefstroom, en
- Me. J. Reinecke van die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom.

Voorstelle van die maatskaplike werkers is in ag geneem om veranderinge aan te bring aan die vraelys voordat dit aan die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie gestuur is.

Die skedule om die behoeftes van pleegouers in verwante pleegsorgplasings te bepaal en die metingskaal CPFI (Comprehensive Personal Assessment Questionnaire) is deur dieselfde twee pleegouers ingevul. Hierdie proefpersone is nie by die hoofondersoek betrek nie. Aanvanklik is die CPFI (Comprehensive Personal Assessment Questionnaire) van Perspektiefopleidingskollege gebruik, maar tydens die voorondersoek het dit geblyk dat dié vraelys te ingewikkeld was. Die CPFI het 207 vrae en die funksioneringsareas wat gemeet word, is die volgende:

- Persoonlike funksionering,
- Die verhouding met vriende,
- Die verhouding met die gesin,
- Die verhouding met die ma (stiefma),
- Die verhouding met die pa (stiefpa),
- Die verhouding met kollegas,
- Die verhouding met die maat, en
- Die verhouding met die kinders.

Hierdie is dus 'n baie omvattende metingskaal. Die respondente in hierdie ondersoek, is egter meestal pensionarisse, en die meeste van hul se ouers en maats leef nie meer nie. Daarom is daar besluit op die metingskale GCS (Generalized Contentment Scale) en IPA (Index of Parental Attitudes) van Perspektiefopleidingskollege. Albei hierdie metingskale het slegs 25 vrae en meet die respondente se persoonlike funksionering en hul houding ten opsigte van hul kinders (in hierdie ondersoek is die woord kind egter vervang met pleegkind). Alhoewel die verandering van terme as persepsuele verskil gesien kan word, is die woord van kind vervang met pleegkind na 'n gesprek met mnr. B. Hanekom van Perspektief Opleidingskollege. Daar bestaan nie 'n gestandaardiseerde vraelys om die houding van pleegouers teenoor hul pleegkinders te meet nie, en daarom is die IPA gebruik en is die woord kind vervang met pleegkind. Daar is ook enkele veranderings aan die skedule aangebring om dit meer verstaanbaar te maak. Die skedule van die pleegouers in verwante pleegsorgplasings is ook met twee maatskaplike werkers bespreek om volgens hul mening te bepaal of dit voldoende is of nie; die maatskaplike werkers was:

- Me. D. Scottsman van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in Potchefstroom, en
- Me. R. Carelse van die Department van Maatskaplike Ontwikkeling in Potchefstroom.

Voorstelle van maatskaplike werkers is in ag geneem by die verandering van die skedule.

- **Meetinstrumente**

Die volgende meetinstrumente is in hierdie fase gebruik:

- 'n Selfgestruktureerde vraelys (sien **bylaag A**), wat kwantitatiewe en kwalitatiewe vrae inluit, is aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie gestuur, om hul rol ten opsigte van verwante pleegsorg te bepaal.
- 'n Selfgestruktureerde skedule (sien **bylaag B**) om die behoeftes van verwante pleegouers te bepaal, wat deur die navorser saam met die pleegouers ingevul is.

- Die metingskale GCS (Generalized Contentment Scale) (sien **bylaag C**) en IPA (Index of Parental Attitudes) (sien **bylaag D**) wat deur nege verwante pleegouers voltooi is.

- **Dataverwerking**

Die data in hierdie ondersoek is soos volg verwerk:

- Data van die selfgestruktureerde vraelys aan die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie is deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) verwerk.
- Data van die selfgestruktureerde skedule aan die pleegouers in verwante pleegsorgplasings is deur die navorser self verwerk. Alle response van respondente is woordeliks neergeskryf.
- Data van die twee metingskale GCS (Generalized Contentment Scale) en IPA (Index of Parental Attitudes) is met 'n rekenaarprogram van Perspektiefopleidingskollege verwerk.

- **Etiese aspekte**

Tydens hierdie fase is aan die volgende etiese aspekte aandag gegee:

- Skade aan deelnemers kan fisies en emosioneel van aard wees. In die geesteswetenskappe kan skade hoofsaaklik van 'n emosionele aard wees (Strydom, 2003:18). Tydens hierdie navorsing is die uitwerking daarvan aan die deelnemers uitgelig. Daar is aan hulle die geleentheid gebied om hulle in enige stadium aan die navorsing te onttrek indien hulle dit verkies.
- Ingeligte toestemming. Akkurate en volledige inligting ten opsigte van die doel van die navorsing, die prosedures wat hiertydens gevolg sal word, is aan proefpersone verskaf. Hiervolgens kon deelnemers dan self besluit of hulle wou deelneem of nie. Al die proefpersone het 'n ingeligte instemmingsvorm (sien **bylaag E**) geteken.
- Tydens die navorsing is deurgaans by die beginsels van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit gehou. Omdat die inligting wat verkry is, sensitief van aard is, is dit uiters vertroulik hanteer (Neuman, 1997:453).

- Die navorsingsvoorstel is aan die Etiese kommitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) voorgelê en is goedgekeur omdat dit aan die etiese beginsels voldoen. Die goedkeuringsnommer is 04KOS.

### 4.2.2 Fase twee: Ontwikkeling

By hierdie fase is die verkennende ontwerp gebruik:

- **Die ontwerp**

Grinnell en Williams (1990:150) is van mening dat die verkennende ontwerp ten doel het om 'n relatief onbekende terrein te verken. Soms word die verkennende ontwerp gebruik waar daar gekyk word na 'n aspek van 'n bekende onderwerp waaroor min inligting bestaan (Strydom, 2003:77).

Op grond van inligting wat uit die analisefase en uit literatuur verkry is, is 'n intervensieprogram ontwikkel.

- **Deelnemers**

Geen deelnemers is in hierdie fase gebruik nie.

- **Meetinstrumente**

Geen meetinstrumente is gebruik nie.

- **Prosedure**

Volgens die behoeftebepaling wat in fase een gedoen is, is 'n intervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings ontwikkel. Nadat die intervensieprogram ontwikkel is, is die program aan een maatskaplike werker in die praktyk gegee om dit te bestudeer en om moontlike voorstelle te maak. Voorstelle is oorweeg en toegepas. Die maatskaplike werker was me. Cindy Rademan van die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom.

- **Dataverwerking**

Geen data is verwerk nie, omdat hierdie fase slegs die ontwikkeling van die program behels het.

- **Etiese aspekte**

Geen etiese aspekte is hier ter sprake nie.

### 4.2.3 Fase drie: Evaluering

Tydens hierdie fase is van die enkelstelselprosedure gebruik gemaak.

- **Die ontwerp**

Die enkelstelselprosedure behels volgens Rubin en Babbie (1997:310) die bestudering van 'n subjek/groep op 'n herhalende grondslag. Hierdie subjek/groep kan volgens Grinnell (1981:95) 'n individu, gesin, groep, organisasie of gemeenskap wees.

Die effektiwiteit van die ontwikkelde maatskaplike intervensieprogram is in hierdie fase geëvalueer.

- **Deelnemers**

Van die tien pleegouers wat die behoeftebepaling voltooi het, het nege pleegouers in verwante pleegsorgplasings, wat kliënte by die Kinder- en Gesinsorgvereniging (Potchefstroom) is, die groep gevorm waarvoor die maatskaplike groepwerkintervensieprogram aangebied is.

- **Meetinstrumente**

Die meetinstrumente in hierdie fase is die volgende:

- Die metingskale GCS (Generalized Contentment Scale) en IPA (Index of Parental Attitudes) is gebruik om die vlak van funksionering van die pleegouers te bepaal. Die metingskale is drie keer deur die respondente voltooi, naamlik: voor die aanvang van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram, tydens die maat-

skaplike groepwerkintervensieprogram en na afloop van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram

- Die evaluering van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram is deur 'n selfopgestelde vraelys en 'n onderhoudskedule gedoen.

- **Dataverwerking**

Die gegewens van die GCS (Generalized Contentment Scale) en die IPA (Index of Parental Attitudes) is deur die rekenaarprogram wat deur Perspektiefopleidingskollege vir die doel ontwerp is, verwerk. Data van die selfopgestelde vraelys vir die evaluering van die groepwerkintervensieprogram, is deur die navorser self verwerk.

- **Etiese aspekte**

Verskillende outeurs, soos Mitchell en Jolley (2001:138-139), Neuman (2003:258), Rubin en Babbie (2005:70-80) asook Strydom (2005:57-67), bespreek die etiese oorwegings rondom navorsing. Etiese oorwegings, soos die daarstelling van geen ongerief aan die deelnemers, ingeligte toestemming tot deelname asook die handhawing van vertroulikheid, is op hierdie ondersoek van toepassing. Laasgenoemde is haalbaar deurdat die beantwoorde metingskale, skedules en vraelyste vir twee jaar na die ondersoek veilig bewaar sal word en dan vernietig sal word. Die navorsingsvoorstel van hierdie ondersoek is aan die etiese komitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) voorgelê en dit is ook goedgekeur en bevestig deur die toekenning van 'n magtigingsnommer, naamlik 04KOS.

### 4.2.4 Fase vier: Verspreiding

Volgens Grinnell (1981:604) bestaan verspreidingsmedia uit artikels, bronne en opleidingsmedia. Die inligting wat hieruit verkry is, moet vir die publikasie en verspreiding daarvan verwerk word vir oorweging deur die gebruiker (Strydom, 2003:758).

- **Die ontwerp**

Geen ontwerp is in hierdie fase gebruik nie.

- **Deelnemers**

Geen deelnemers is in hierdie fase gebruik nie.

- **Meetinstrument**

Geen meetinstrument is in hierdie fase gebruik nie.

- **Prosedure**

Data van die navorsing is soos volg versprei:

- 'n Afskrif van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers is aan die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom verskaf.
- Twee van die vier tydskrifartikels is vir publikasiedoeleindes voorgelê.
- Vier tydskrifartikels as deel van die navorsingsverslag is geskryf.

- **Dataverwerking**

Al die data van vraelyste, skedules en metingskale is verwerk en geïntegreer met teoretiese bronne. Al die inligting is verwerk en gebruik om die vier artikels te skryf.

- **Etiese aspekte**

Die belangrikste etiese aspek wat tydens hierdie fase van belang is, is die beginsels van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit. Geen identifiseerbare inligting van respondente word bekend gemaak in die tydskrifartikels nie.

**4.2.5 Navorsingsbenaderings**

In hierdie ondersoek is daar van verskeie navorsingsbenaderings en meetinstrumente gebruik gemaak. Skematiese voorstelling twee gee 'n uiteensetting van verskillende fases van die ondersoek, navorsingsbenaderings en meetinstrumente wat gebruik is.

**Skematiese voorstelling 2: Die benutting van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings in die ondersoek**

| Fase van die ondersoek | Meetinstrument gebruik | Navorsingsbenadering |
|---|---|---|
| Fase een: Analise<br>Opname prosedure | Selfgestruktureerde skedule om die behoeftes van verwante pleegouers te bepaal.<br>Selfgestruktureerde vraelys aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie. | Beide meetinstrumente meet kwantitatiewe en kwalitatiewe data. |
| Fase twee: Enkelstelsel-prosedure | Generalized Contentment Scale (GCS)<br>Index of Parental Attitudes (IPA) | Beide meetinstrumente meet kwantitatiewe data. |
| Fase drie: Evaluering | Selfgestruktureerde evalueringsvorm<br>Onderhoudskedule | Kwalitatiewe data. |

**5. Begrensing en beperkings van die ondersoek**

Die begrensing en beperkings van die ondersoek kan soos volg uiteengesit word:

**5.1 Begrensing van die ondersoek**

Daar is 50 vraelyste uitgestuur aan maatskaplike werkers in die Noordwes-Provinsie. Slegs 24 vraelyste is terug ontvang. Die respons was dus slegs 48 %. Delport (2005:167) noem dat die respons van posvraelyste gewoonlik laag is, omtrent 30%. Die respons ontvang in hierdie ondersoek kan as gemiddeld beskou word.

Daar is vooraf besluit om die studie net te begrens tot die Noordwes-provinsie, om die koste van die navorsing laer te hou, omdat die navorser in die Noordwes-provinsie woon, en meer spesifiek in Potchefstroom.

Die navorser het die name en kontakbesonderhede van pleegouers in verwante pleegsorgplasings wat in Promosa woon verkry vanaf die Kinder- en Gesinsorgvereniging (Potchefstroom). Die navorser het ook geskrewe toestemming gekry om navorsing binne die instelling te doen (sien **bylaag F**). Die navorser het na die moontlike proefpersone se huise gegaan om met die persone die doel van die navorsing te bespreek, en vasgestel of hul bereid is om aan die navorsing deel te neem. Tien verwante pleegouers het ingestem om die skedule saam met die navorser te voltooi en verder het nege van die pleegouers ingestem om die metingskale (GCS en IPA) in te vul en om die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers by te woon. Verwante pleegouers van Promosa is by die maatskaplike groepwerkintervensieprogram ingesluit, omdat hulle almal Afrikaans of Engels magtig is, en daarom was dit nie nodig om van tolke gebruik te maak nie.

### 5.2 Beperkings van die ondersoek

Die belangrikste beperkings van hierdie navorsing kan soos volg uitgelig word:

- 'n Respons van slegs 48% is ontvang met die vraelyste wat aan maatskaplike werkers in die Noordwes-Provinsie gestuur is. Baie moeite is gedoen om die vraelyste terug te ontvang, maar nog steeds is lank gewag vir die vraelyste en is daar slegs 24 vraelyste ontvang.
- Probleme is ervaar om die samewerking van instellings in Potchefstroom te verkry om binne hul instelling navorsing te doen. Wisseling van maatskaplike werkers by instellings was ook 'n groot probleem.
- Probleme is ervaar om pleegouers by hul huise te kry. Briewe om afsprake te maak is in hul posbusse gelaat. Min sukses is egter behaal. Slegs tien pleegouers was bereid om die skedule te voltooi en slegs nege pleegouers was bereid om deel te neem aan die maatskaplike groepwerkintervensieprogram.

## 6. Teoretiese begronding van die ondersoek

Deur hierdie ondersoek 'n teoretiese begronding te gee, is daar van die sisteemteorie gebruik gemaak, omdat dit goed binne die pleegsorgsituasie gebruik kan word. Enkele aspekte van die sisteemteorie word vervolgens bespreek.

### 6.1 Sisteemteorie

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:59) omskryf die sisteemteorie soos volg: "Verbandhoudende formele stellings en konsepte oor die realiteit van onderlinge verhoudings, interaksie en 'n mate van gereguleerdheid en ordelikheid wat die samestellende eenhede van sisteme kenmerk."

Die sisteemteorie beklemtoon dat die mens nêrens in alleenheid en/of verbandloosheid bestaan nie. Die mens is 'n sosiale wese en funksioneer altyd in 'n verhouding met andere. Die belangrikste verhoudings waarbinne die verwante pleegouer staan en wat in hierdie ondersoek aandag kry, kan soos volg skematiese voorgestel word:

**Skematiese voorstelling 3: Verhoudings waarbinne die verwante pleegouer staan**




(Aangepas vanuit Portengen & Van der Neut, 1999:52)

### 6.2 Eienskappe van sisteme

Die vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:59) omskryf 'n sisteem soos volg: "Geheel van 'n komplekse eenheid in 'n bepaalde interaksionele verhouding waar wedersydse beïnvloeding plaasvind, en wat gekenmerk word deur 'n mate van gereguleerdheid en ordelikheid." Potgieter (1998:54) omskryf 'n sosiale sisteem soos volg: "...a unit of people who are connected through some form of relationship with one another in a particular context, space and time. A system operates through rules that

control the relationship between its parts and organises itself into a whole that is more than the sum of its parts."

'n Primêre kenmerkende eienskap van enige sisteem is dat alle dele daarvan met mekaar in interaksie verkeer sodat verandering in die een deel daarvan, verandering in die ander veroorsaak (Potgieter, 1998:55).

"Holon" is die term wat verwys na die verbandhoudende struktuur van sisteme. Dit verwys na die onsigbare bande wat dele van die sisteem as 'n geheel verbind en verbind hou en dit benadruk die feit dat "each level in a system faces both ways, towards the smaller system of which it is composed, and towards the larger system of which it is a part." (Compton & Galaway, 1994:120; Potgieter, 1998:54-55; Northen, 1995:40.) Elke deel van 'n sisteem word verbind aan ander dele van die sisteem, en wat met een deel gebeur, beïnvloed die ander dele. Wanneer daar verandering plaasvind in een deel van die sisteem beïnvloed dit die hele sisteem (Potgieter, 1998:55).

'n Tweede belangrike kenmerk van sisteme is dat daar tussen twee vorme onderskei kan word, te wete oop- en geslote sisteme. Alle lewende sisteme is oop sisteme. 'n Oop sisteem is in interaksie met sy omgewing – daar is 'n voortdurende uitruil van materiaal, energie of gegewens met die sisteem asook die omgewing. Die oop sisteem is vatbaar vir beïnvloeding van buite, maar oefen ook invloed na buite uit – eksterne invloed (Payne, 1997:138). Alhoewel daar 'n geslote groep van nege verwante pleegouers was tydens hierdie ondersoek, was dit nog steeds 'n oop sisteem. Daar het 'n uitruiling van gegewens en energie tussen groeplede en fasiliteerder binne die groep plaasgevind. Inligting wat deur groeplede bekom is oor verwante pleegouerskap en die vaardighede wat aangeleer is, het weer uitgevloei na elke groeplid se eie gesinsisteem.

Potgieter (1998:56) is van mening dat "The more open the system, the easier it becomes for ideas, energy, information and people to enter and leave the system. A system that does not allow for the free flow of energy, will eventually disintegrate." Vir hierdie maatskaplike groepwerkprogram vir verwante pleegouers om werklik suksesvol te wees

is dit nodig dat energie vloei na elke pleegouer se gesinsisteem. Kennis wat ingewin is en vaardighede wat aangeleer is deur die verwante pleegouers moet toegepas word binne hul gesinsisteem.

**6.3 Die sisteemteorie en verwante pleegsorg**

By 'n ontleding van die totale pleegsorgsituasie in die maatskaplike werk volgens die sisteemteorie, kan vier interafhanklike sisteme onderskei word, naamlik die kind, die biologiese ouer, die pleegouer en die organisatoriese sisteem. Laasgenoemde verteenwoordig die maatskaplike werker wat binne die struktuur van 'n bepaalde instelling dienste lewer.

Dienste aan die biologiese ouer staan in die praktyk bekend as gesinsherenigingsdienste. In hierdie ondersoek word daar egter nie aandag geskenk aan hierdie dienste nie, omdat daar by verwante pleegsorg baie min gesinsherenigingsdienste plaasvind. Navorsers het volgens Grogan-Kaylor (2000:133) gevind dat "... children placed in kinship foster care are reunified more slowly from foster care than children who are placed in foster homes with nonrelatives". Die rol van biologiese ouers kan egter nie misken word nie, omdat waar moontlik kontak tussen die pleegkind en biologiese ouers steeds belangrik is.

Die **biologiese ouer** kan beskou word as teiken- of aksiesisteem in die suksesvolle aanpassing van die kind in pleegsorg. Dit kan die maatskaplike werker se taak wees om 'n ontoereikende of onbelangstellende ouer te motiveer tot kontak met die kind, in welke geval die biologiese ouer eers **teikensisteem** en later **aksiesisteem** sal word. Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:63) omskryf die teikensisteem soos volg: "Persone, groepe en/of gemeenskappe wat in belang van 'n kliëntsisteem beïnvloed moet word of verandering moet ondergaan om die doelwitte van maatskaplikewerkhulpverlening te bereik." Die aksiesisteem word volgens Zastrow (1992:72) omskryf as: "This term is used to describe those with whom the social worker works to accomplish the tasks and achieve the goals of the change effort."

Die **pleegkind** wat uit sy ouerhuis verwyder en in substituutversorging geplaas word, kan as die **kliëntsisteem** beskou word, aangesien emosionele skade in die meeste gevalle in 'n mindere of meerdere mate aanwesig is. Zastrow (1992:71) omskryf die kliëntsisteem soos volg: "Is composed of the people who sanction or ask for the change agent's services, who are the expected beneficiaries of the service, and who have a working agreement or contract with the change agent."

Die pleeggesin en meer spesifiek in hierdie ondersoek die **verwante pleegouer**, kan vanuit verskeie benaderingswyses onderskeidelik as die kliënt-, teiken- of aksiesisteem beskou word. Waar die pleegouer direk betrek word in die dienslewering (soos in hierdie ondersoek gedoen is), word dit as die **kliëntsisteem** benader. In die geval waar die pleeggesin as vennoot van die maatskaplike werker werksaam is om uiteindelike terugplasing van die kind te bevorder, maak die gesin deel uit van die aksiesisteem. Die pleeggesin kan as teikensisteem beskou word waar sekere gedrag van die biologiese ouer aan hul interpreteer word ten einde hul houding teenoor die ouer te verander.

Die **maatskaplike werker** kan gesien word as die **veranderingsisteem**. Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:66) omskryf die veranderingsisteem soos volg: "Welsynsinstansie wat maatskaplike werkers en ander persone aanwend om deur middel van maatskaplike welsynsprogramme en programme vir gemeenskaps-ontwikkeling die maatskaplike funksionering van kliënte en groepe te verbeter." In hierdie ondersoek kan die navorser en die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers as die veranderingsisteem gesien word.

### 6.4 Die waarde van die sisteemteorie

Groepe is sosiale sisteme met verskeie onafhanklike lede wat poog om 'n ekwilibrium te bereik terwyl hul funksioneer as 'n geheel. Groepe word konstant gekonfronteer met veranderde eise in hul strewe om doelwitte te bereik om 'n ekwilibrium te bereik. Volgens Toseland en Rivas (2005:56) is daar vier funksionele take vir sisteme soos 'n groep, naamlik:

- "integration" – om seker te maak dat groeplede in die groep pas,

- "adaptation" – om te verseker dat die groep verander om verandering in hul omgewing te kan hanteer,
- "pattern maintenance" – om te verseker dat die groep hul doel, identiteit en prosedures omskryf en behou, en
- "goal attainment" – om te verseker dat groepe hul doel bereik.

Groepe moet hierdie take uitvoer om 'n ekwilibrium te bereik.

Volgens Roux (1998:28-29) lê die waarde van die sisteemteorie in die volgende:

- Dié teorie plaas baie klem op die geheelsituasie. Die sisteemteorie beklemtoon noodsaaklike interaksie-kommunikasie en voortdurende netwerke tussen persone, groepe en gemeenskappe. Hulpverlening binne groepverband moet dus binne die totale sisteemnetwerk van die groeplede plaasvind.
- Die sisteemteorie bied 'n wetenskaplike denkraamwerk vir die beskouing en organisering van inligting.
- Die maatskaplike sisteemteorie kan help om die dinamiek van groepinteraksie te verstaan.
- Die sisteemteorie beklemtoon die afhanklikheid tussen sisteme en bepaal dus dat 'n sisteem nie geïsoleerd kan bestaan of behandel kan word nie. Interaksie tussen die betrokke sisteme en subsisteme binne die groep, vorm 'n belangrike komponent van die hulpverleningsproses.
- Fragmentasie van 'n situasie word deur die sisteemteorie verhoed. Die klem word binne die teorie verskuif vanaf die eienskappe van die individu, na die interaksie sowel as die kommunikasie tussen sisteme.
- Die moontlikheid van 'n sisteem om te groei en te verander, word deur die sisteemteorie beklemtoon.

"Intervention with family systems focuses on families as units. The systems approach considers the dynamics of relationships among family members and between family members and their environment. Stress arises when an individual family member experiences difficulty, when family members have trouble coping with one another, or when the family or one of its members has problems stemming from the environment.

Ideally, families provide a balance between stress on the one hand and the ability of family members to adapt on the other." (Du Bois & Miley, 2002:365-366.) Veral in verwante pleegsorgplasings is die gesinsisteem baie belangrik, omdat die pleegkind familie is van die pleegouers en die rede waarom die kind by die pleegouer geplaas is moontlik stremming plaas op die hele gesinsisteem.

## 7. Begripsomskrywings

In hierdie navorsingsverslag word voortdurend begrippe gebruik wat tot verskillende interpretasies aanleiding kan gee. Dit is dus nodig dat die volgende terme binne die konteks van hierdie navorsing verduidelik word:

### 7.1 Maatskaplike groepwerk[1]

Toseland en Rivas (2005:12) omskryf groepwerk soos volg: "Goal-directed activity with small treatment and task groups aimed at meeting socio-emotional needs and accomplishing tasks. This activity is directed to individual members of a group and to the group as a whole within a system of service delivery."

Groepwerk word volgens Brown (1992:8) soos volg omskryf: "Groupwork provides a context in which individuals help each other; it is a method of helping groups as well as helping individuals; it can enable individuals and groups to influence and change personal, group, organizationale, and community problems."

Du Preez (1995:5) omskryf die begrip maatskaplike groepwerk soos volg: "... een van die primêre metodes van maatskaplike werk waardeur 'n opgeleide maatskaplike groepwerker op 'n professionele wyse aan groepe bestaande uit unieke individue hulp verleen deur die groepproses, die onderlinge verhoudings en deur die programmedia op 'n doelgerigte en bedrewe wyse te hanteer en aan te wend. Hierdeur word kragte in die

[1] Alhoewel erkenning gegee word aan die geïntegreerde benadering tot maatskaplike werk en hierdie benadering onderskryf word, sal daar vir die doel van hierdie studie verwys word na maatskaplike groepwerk in plaas van maatskaplike werk met groepe. Die rede hiervoor is slegs 'n taalkundige oorweging.

groep, groeplede en die situasie in werking gestel, sodat elke individu volgens sy vermoëns kan ontwikkel en verander".

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:25) omskryf groepwerk soos volg: "Metode in die MAATSKAPLIKE WERK waarvolgens individuele en groepdoelstellings binne groepverband verwesenlik word deur die doelgerigte toepassing van die GROEPWERKPROSES."

Vir die doel van hierdie studie word die volgende omskrywing van maatskaplike groepwerk bedoel: Maatskaplike groepwerk is 'n metode van maatskaplike werk waar individue saam in 'n groep gevoeg word om deur doelgerigte hulpverlening vanaf 'n maatskaplike werker, individuele- en groepdoelstellings te bereik.

**7.2 Intervensieprogram**

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:31) omskryf intervensie soos volg: "Professionele handelinge van 'n MAATSKAPLIKE WERKER om verandering in die persoon-omgewing-situasie te bewerkstellig ter bereiking van die doelwitte van die samewerkingsooreenkoms (kontrak) wat met die KLIËNT aangegaan is."

Odendal en Gouws (2000:874) omskryf program soos volg: "Geskrif waarin werksaamhede wat volgens 'n bepaalde plan verrig sal word, opgesom word."

Vanuit die beskikbare literatuur is daar geen omskrywing vir die begrip maatskaplike groepwerkintervensieprogram of intervensieprogram nie. In die lig van hierdie leemte, word die begrip soos volg omskryf vir die doeleindes van hierdie studie: 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram dui op 'n reeks groepbyeenkomste waarin groeplede se gesamentlike behoeftes en uitdagings in groepverband hanteer word. Dit geskied deur intervensie van die maatskaplike werker in samewerking met die groeplede om doelwitte te bereik.

Verder word die begrippe intervensieprogram, maatskaplike groepwerkprogram, maatskaplike groepwerkintervensieprogram en program as wisselvorme in hierdie ondersoek hanteer. Die vier begrippe het dieselfde betekenis.

**7.3 Pleegsorg**

Pleegsorg is "Statutêre SUBSTITUUTSORG binne gesinsverband vir KINDERS wat op kort, medium of lang termyn nie deur hulle OUERS versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas." (Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk, 1995:49.) Goldstein *et al.* (1996:14) dui aan dat pleegsorg gerig is op die substituutversorging van kinders. Barker (1991:86) omskryf pleegsorg as die fisiese versorging van kinders wat nie by hul biologiese ouers kan woon nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek kan pleegsorg soos volg omskryf word: Pleegsorg is 'n vorm van substituutsorg waardeur kinders van hul biologiese ouers verwyder word as gevolg van onvoldoende en ontoereikende versorging en omstandighede, en by 'n ander ouerhuis geplaas word op bevel van die Kinderhof, ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983), waar na hul emosionele, fisiese en intellektuele behoeftes omgesien word (Fourie, 1999:10).

**7.4 Verwante pleegsorg**

Daar is twee hoof kategorieë vir pleegsorg, naamlik verwante (die pleegkinders en biologiese ouers is familie van die pleegouers) en nie-verwante pleegsorg (daar is geen verwantskap tussen die pleegouers en biologiese ouers of pleegkind nie). Die SA National Council for Child and Family Welfare (1987:9) verwys na "related" en "non-related". Die meeste bronne verwys na pleegsorg wanneer bedoel word nie-verwante pleegsorg terwyl "kinship care" of "kinship foster care" na verwante- of familiepleegsorg verwys.

"Kinship care is the full time care, nurturing and protection of children by relatives, members of their tribes of clans, or other adults who have a family relationship to a

child." (Wilson & Chipungu, 1996:387.) Volgens die *Encyclopedia of Social Work* (Everett, 1993:425) word *kinship care* omskryf as: "Die voltydse versorging en beskerming van kinders deur familielede van hul eie etniese groep, grootouers of enige ander volwassene met wie die kind en die kind se ouers 'n familieband het." (Van Rensburg & Green, 2006:327.)

Die huidige Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) tref nie 'n onderskeid tussen verwante en nie-verwante pleegsorg nie en verwys slegs na pleegsorg. Daar word egter beplan om in 2008 'n nuwe Kinderwet (SA, 2003) in werking te laat tree. In hierdie wet word melding gemaak van verwante pleegsorg en wel soos volg:

Art. 156(e): " ... if the child has no parent or care-giver or has a parent or care-giver but that person is unable or unsuitable to care for the child, that the child be placed in –
(i) court-ordered kinship care, if the child has a family member who is able, suitable and willing to be entrusted with the care of the child". Hierdie wet het egter nog nie in werking getree nie en daarom word volstaan by die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) wat net melding maak van pleegsorg.

Vir die doeleindes van hierdie studie verwys verwante pleegsorg na die substituutversorging van kinders wat ingevolge artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by pleegouers wat familie is, in pleegsorg geplaas is.

**8. Aanbieding**

In die aanbieding van die navorsingsresultate en verslag word gebruik gemaak van die **artikelformaat** soos dit in Reël A.11.5.3 en A.11.5.4 van die Jaarboek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus) gespesifiseer is. Die formulering van die artikels voldoen aan die inhouds- en tegniese vereistes van die vaktydskrifte Maatskaplike Werk / Social Work en Die Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn/ The Social Work Practitioner-Researcher (sien **bylae G en H**). Die artikels soos in hierdie

navorsingsverslag vervat, sal vóór indiening by die tydskrifte in sommige gevalle verkort moet word om aan die onderskeie tydskrifte se vereistes te voldoen. Dit sal ook nodig wees om dan die bibliografiese styl en numering volgens die tydskrif se vereistes aan te pas, terwyl van die artikels uit Afrikaans na Engels vertaal sal word. Die onderhawige navorsingsverslag word oorhoofs in vyf afdelings aangebied:

**8.1 Afdeling A: Inleiding**

Die eerste afdeling dien as 'n algemene inleiding waarin aspekte rakende die probleemstelling, navorsingsdoelstelling en –doelwitte sentrale teoretiese aanname, begrensing en beperkings van die navorsing, navorsingsontwerp en prosedure, tydperk van die ondersoek asook begripsomskrywings vervat is.

**8.2 Afdeling B: Vaktydskrifartikels**

Die tweede afdeling bevat vier tersaaklike artikels wat opeenvolgend uiteengesit word. Elke artikel word as 'n afsonderlike entiteit, wat impliseer dat herhaling van gegewens sal voorkom, hanteer.[2] Tog sal die eenheid van die navorsingsverslag en ondersoek behou word. Die nadere besonderhede insake hierdie afdeling word soos volg in Skematiese Voorstelling vier uiteengesit:

[2] Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is die artikels lank om die eenheid van die ondersoek te behou. Artikels sal verkort word vir publikasiedoeleindes.

**Skematiese voorstelling 4: Uiteensetting van Afdeling B**

| **Artikel 1** | |
|---|---|
| **Titel** | Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorg. |
| **Doelwit** | Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleeg-sorgplasings in die Noordwes-provinsie te ondersoek. |
| **Artikel 2** | |
| **Titel** | Die behoeftes van verwante pleegouers. |
| **Doelwit** | Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die behoeftes van verwante pleegouers in die Noordwes-provinsie te ondersoek. |
| **Artikel 3** | |
| **Titel** | 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings. |
| **Doelwit** | Om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram te ontwerp wat deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese navorsing daarop gerig is om die maatskaplike funksionering van pleegouers van verwante pleegsorgplasings te verbeter. |
| **Artikel 4** | |
| **Titel** | Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensie-program vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings. |
| **Doelwit** | Om die effek van die maatskaplike groepwerkintervensie-program op die maatskaplike funksionering van verwante pleegouers te bepaal. |

### 8.3 Afdeling C: Samevattende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings

Hierdie afdeling bevat die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die ondersoek gespruit het. Die aanbevelings word gedoen nie alleen ten opsigte van die teorie nie, maar ook ten opsigte van die praktyk en met die oog op verdere navorsing.

### 8.4 Afdeling D: Bylae

In hierdie afdeling van die navorsingsverslag is die volgende bylae ingesluit:

**Skematiese voorstelling 5: Bylae in die navorsingsverslag**

| Bylaag nommer[3] | Inhoud van die bylaag |
|---|---|
| Bylaag A | Vraelys aan die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie. |
| Bylaag B | Skedule om die behoeftes van verwante pleegouers te bepaal. |
| Bylaag C | Generalized Contentment Scale (GCS) |
| Bylaag D | Index of Parental Attitudes (IPA) |
| Bylaag E | Ingeligte instemmingsvorm aan verwante pleegouers in die ondersoek |
| Bylaag F | Toestemming om navorsing binne die instelling te doen |
| Bylaag G | Vereistes van die vaktydskrif – Maatskaplike Werk/Social Work |
| Bylaag H | Vereistes van die vaktydskrif – Die Maatskaplikewerk Navorser-Praktisyn/ The Social Work Practitioner – Researcher. |
| Bylaag I | Toestemming om lokaal te gebruik |
| Bylaag J | Toestemming om DVD te wys |
| Bylaag K | Die maatskaplike groepwerkintervensieprogram (op CD)[4] |
| Bylaag L | Bylae vir die maatskaplike groepwerkintervensieprogram |
| Bylaag M | Selfgestruktureerde evalueringsvorm |
| Bylaag N | Onderhoudskedule |
| Bylaag O | Transkripsies van die onderhoudskedule |

### 8.5 Afdeling E: Saamgestelde bronnelys

Hierdie afdeling bevat die saamgestelde bronnelys van die proefskrif.

[3] Die bylae is genommer van A tot O. Die hoofrede hiervoor is omdat bylaag L (wat die bylae van die program bevat) baie onderafdelings bevat. Om die numering te vergemaklik en leesbaarheid te verhoog is besluit op letters van die alfabet eerder as nommers.
[4] Die bylae is baie lank, en daarom is besluit om die program op cd-rom in te sluit. Die rede vir die lang bylae is omdat die program net so in die praktyk benut kan word.

**9. Bronnelys**

ANDERSON, J. 1997. Social work with groups: a process model. New York: Longman.

BARKER, R.L. 1991. The social work dictionary. 2nd ed. Maryland: National Association of Social Wokers Press.

BARKER, R.L. 1997. The social work dictionary. Washington: NASW Press.

BROWN, A. 1992. Groupwork. 3rd ed. Aldershot: Arena.

BURMAN, S. 1996. Intergenerational family care: Legacy of the past, implications for the future. *Journal of Southern African Studies*, 22(4):585-595.

BURNETTE, D. 2003. Grandparents and family caregivers. [Web:] http://aging.state.ny.us/explore/project2015/artgrandparent.htm [Datum van gebruik: 2006/06/13].

COMPTON, B.R. & GALAWAY, B. 1994. Social work processes. Pacific Grove: Brooks/Cole.

COREY, M.S. & COREY, G. 2002. Groups: process and practice. 6th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole.

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.159-190.)

DU BOIS, B. & MILEY, K.K. 2002. Social work. An empowering profession. Boston: Pearson & Allyn and Bacon.

DU PREEZ, M.S.E. 1995. Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg: Keartland Press.

DU TOIT, P. 2005. Plan met vigswesies gou nodig. *Volksblad*:5, Okt.18.

EDELL, M. 1998. Replacing community: establishes linkage for women living with HIV/AIDS – a group work approach. *Social work with groups*, 21(3):49-62.

ELOFF, D.J. 1987. A guide to foster care practice in South Africa. South African National Council for Child and Family Welfare. Natal Witness (PTY) Ltd.

EVERETT, J.E. 1993. Child foster care. *Encyclopedia of Social Work (19th ed.)* (vol.1). Washington, D.C.: NASW Press.

FOURIE, C. 1999. Die aanpassing van die kind in pleegsorg: 'n Spelterapeutiese benadering. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – MA (MW) Spelterapie)

GEBEL, T.J. 1996. Kinship care and non-relative family foster care: a comparison of caregiver attributes and attitudes. *Child welfare*, 75(10):5- 18.

GILLWALD, C. 2002. Workshop for the Commissioners of Child Welfare. [Web:] http://www.doj.gov.za/speech/6march2002.htm [Datum van gebruik: 2006/06/13].

GLEESON, J.P. 1995. Kinship care and public child welfare: challenges and opportunities for social work education. *Journal of Social Work Education*, 31(2):182-193.

GOLDSTEIN, J., SOLNIT, A.J., GOLDSTEIN, S. & FREUD, A. 1996. The best interest of the child. The least detrimental alternative. New York: The Free Press.

GOODMAN, C.C. & SILVERSTEIN, M. 2001. Grandmothers who parent their grandchildren: An exploratory study of close relations across three generations. *Journal of family issues*. 22(5):557-578.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in social work: a primer. Itasca: Peacock Publishers.

GRINNELL, R.M. (ed.) 1981. Social Work Research and evaluation. Itasca, IL: Peacock.

GROGAN-KAYLOR, A. 2000. Who goes into kinship care. The relationship of child and family characteristics to placements into kinship foster care. *Social work research*, 24(3):132-141.

LEDER. S., GRINSTEAD, L.N., JENSEN, S. & BOND, L. 2003. Psychotherapeutic treatment outcomes in grandparent-raised children. *Journal of Child and Adolescent Psychiatric Nursing*, 16(1):5-14.

MASON, S. & LINSK, N. 2002. Relative Foster Parents of HIV-Affected Children. *Child Welfare*, 81(4):541-569, Jul/Aug.

MITCHELL, M & JOLLEY, J. 2001. Research design explained. 4th ed. Fort Worth: Harcourt College Publishers.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

NEUMAN, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 5th ed. London: Allyn and Bacon.

NORTHEN, H. 1995. Clinical Social Work: knowledge and skills. 2nd ed. New York: Columbia University Press.

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2000. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand: Perskor.

PAYNE, M. 1997. Modern Social work theory. 2nd ed. London: Macmillan.

PORTENGEN, R. & VAN DER NEUT, B. 1999. Assessing family strengths. A family systems approach. (*In* Greeff, R., *ed.* Fostering Kinship. An international perspective on kinship foster care. Aldershot: Ashgate.)

POTGIETER, M.C. 1998. The social work process: development to empower people. Cape Town: Prentice Hall.

ROBERTSON, M. & DONALDSON, M. 2003. No place like home. Family murder: The child victims. [Web:] http://www.csvr.org.za/articles/artfamur.htm. [Datum van gebruik: 2006/06/13].

ROUX, A.A. 1998. Maatskaplike groepwerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D168/98)

ROUX, A.A. 2002. Evaluering van 'n groepwerkhulpverleningsprogram met MIV-positief /VIGS – pasiënte. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Philosophiae Doctor in Maatskaplike Werk)

RUBIN, A. & BABBIE, E.E. 1997. Research methods for social work. Pacific Grove: Brooks/Cole.

RUBIN, A. & BABBIE, E.E. 2005. Research methods for social work. 5th ed. Belmont, C.A.: Brooks/Cole – Thomson Learning.

SA **kyk** SUID-AFRIKA.

SA **kyk** SOUTH AFRICA

SCHÖNTEICH, M. 2000. Age and AIDS: South Africa's time bomb. [Web:] http://www.ydn.org.za/publications/journal/tenup/three/age.html [Datum van gebruik: 2006/06/13].

SOUTH AFRICAN NATIONAL COUNCIL FOR CHILD AND FAMILY WELFARE. 1987. A guide to foster care practice in South Africa. Johannesburg: South African National Counsil for child and family welfare.

STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.56-70.)

SUID-AFRIKA. 1983. Wet op Kindersorg, no. 74 van 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

SOUTH AFRICA. 2003. Children's Bill. (As presented by the Portfolio Committe on Social Development as a section 75 Bill) [B 70B-2003] (ISBN: 0 621 35797 9).

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 1998. An introduction to group work practice. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to group work practice. 5th ed. Boston: Allyn and Bacon.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

VAN RENSBURG, D. & GREEN, S. 2006. Grootmoeders in Kayamandi se ervaring van familiepleegsorg. *Social work/Maatskaplike werk*, 42(3/4):327-340.

WESSELS, C.C. 1996. Die doeltreffendheid van huweliksverreiking: 'n verkennende maatskaplike werk ondersoek. Potchefstroom: PU vir CHO (M.A.-verhandeling).

WILHELMUS, M. 1998. Mediation in Kinship care: Another step in the provision of culturally relevant child welfare services. *Social work*, 43(2):117-126.

WILSON, D.B. & CHIPUNGU, S.S. 1996. Introduction. *Child Welfare*, 75(5):387-395. Sep/Oct.

ZASTROW, C. 1992. The practice of social work. Pacific Grove, Calif.: Brooks/Cole.

# AFDELING B :
# VAKTYDSKRIFARTIKELS

# Artikel 1

# Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings

J DELPORT (PhD-KANDIDAAT IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA),
A A ROUX (SENIOR LEKTOR IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA) &
P RANKIN (PROFESSOR IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA).

**Abstract**

The aim of this article is to determine the nature and extent of kinship foster care in the North-West Province. The task of the social worker in respect to the kinship foster carer is studied. A self-structured questionnaire was used for data collecting purposes. 50 questionnaires were sent to social workers in the North-West province, working with kinship foster carers. The results (N=24) show the state of existing programmes and the opinions of social workers on topics that could be discussed during a social group work programme to train kinship foster carers. Recommendations are provided.

## 1. Inleiding

Pleegsorg vorm 'n wesenlike deel van die maatskaplikewerk–professie en die welsynstruktuur van ons land. 'n Groot aantal kinders word jaarliks volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) sorgbehoewend bevind en deur die Kinderhof in substituutsorg geplaas. Daar is in Suid-Afrika 'n toename in die aantal

sorgbehoewende kinders wat deur familielede versorg word (Schönteich, 2000). Verwante pleegsorg verwys na die substituutversorging van kinders wat ingevolge art. 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by pleegouers wat in die familie is, in pleegsorg geplaas is.

Scannapieco *et al.* (1997:482) is van mening dat dienslewering beter is by nie-verwante pleegsorgplasings as by verwante pleegsorgplasings. Bilaver *et al.* (1999:414) is van mening dat die rede hiervoor die volgende is: "...they do not enter the 'formal' foster care system with its more rigorous screening ...". Gleeson *et al.* (1997:803) is egter van mening dat dit juis verwante pleegouers en pleegkinders is wat meer dienste benodig en stel dit soos volg: "...service needs may be even greater for children in kinship care than for those in the care of nonrelatives, since kinship caregivers tend to be older, have fewer financial resources and have more health problems than nonrelative foster parents".

In hierdie artikel sal die aard en omvang van verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie bespreek word, asook maatskaplike werkers se siening ten opsigte van hul rol in verwante pleegsorgplasings.

## 2. Probleemstelling

Daar is 'n toename in pleegkinders, maar al hoe minder ouers is bereid om as pleegouers op te tree en daarom word al hoe meer kinders in familielede se sorg geplaas (Wilhelmus, 1998:117; Grogan-Kaylor, 2000:132).

Kinders wat deur familielede versorg word, is nie 'n nuwe verskynsel nie. Gleeson (1996:420) stel dit soos volg: "Traditionally, care of children by relatives has been an informal service that families provide outside of the legal responsibility of the child welfare system." Armoede en werkloosheid het dit egter verander. Kinders woon soms vir lang tye by familielede wat sukkel om kinders finansieel te onderhou. Familielede gaan klop dan vir hulp aan by maatskaplike werkers. 'n Hofondersoek word gedoen en kinders word by familielede in pleegsorg geplaas. Staatstoelaes maak pleegsorg moontlik. Die Suid-Afrikaanse Welsynsbeleid bepaal dat enige pleegkind wat ingevolge

Art. 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by 'n familielid in pleegsorg geplaas word, geregtig is op 'n pleegsorgtoelaag van die staat en dat pleegkinders gratis skoolonderrig mag ontvang (Gillwald, 2002).

Die maatskaplike werker speel 'n belangrike rol by dienslewering aan pleegouers by verwante pleegsorgplasings, maar problematiese werksomstandighede, soos hoë werksladings, tekort aan befondsing en hulpbronne, die sosio-ekonomiese konteks en swak werksomstandighede en salarisse (Naidoo & Kasiram, 2006:119-120), veroorsaak dat dienslewering nie altyd optimaal is nie. Daar is ook 'n skerp toename in die migrasie van maatskaplike werkers na die buiteland, as gevolg van bogenoemde redes (Engelbrecht, 2006: 130). Dit veroorsaak dat daar 'n tekort aan maatskaplike werkers ontstaan, minister Zola Skweyiya stel dit soos volg: "The country faces a general shortage of skilled social workers and social work is officially regarded as a scarce skill in the public service." (Anon, 2007:8.)

Die vrae wat die ondersoek gerig het, was: (1) wat is die aard en omvang van verwante pleegsorg in die Noordwes-provinsie? en (2) wat is die rol van maatskaplike werkers ten opsigte van hulpverlening aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings?

### 3. Doelstellings en doelwitte[1]

Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie te ondersoek. Die doelwitte is soos volg:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die aard en omvang van verwante pleegsorg in die Noordwes-provinsie te bepaal.
- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die taak van maatskaplike werkers ten opsigte van hulpverlening aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie te ondersoek.

[1] Alhoewel punte drie tot vyf reeds volledig bespreek is in Afdeling A, word dit vir publikasiedoeleindes weer hier weergegee.

## 4. Navorsingsmetodologie

### 4.1 Ontwerp

Hierdie fase van die ondersoek is verkennend sowel as beskrywend van aard (Fouché & De Vos, 2005:106). Die opnameprosedure is gebruik om kwantitatiewe data te bekom (Strydom, 2003:116-133). Dit behels volgens die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:47) 'n "navorsingsmetode waarvolgens data versamel word uit 'n geselekteerde steekproef om die kenmerke of menings van die populasie te beskryf".

Deur middel van 'n selfontwerpte vraelys (sien **bylaag A**) is die menings van maatskaplike werkers ten opsigte van die rol van maatskaplike werkers by verwante pleegsorgplasings bepaal. Die vraelys is as posvraelyste gebruik, naamlik "a questionnaire which is sent off by mail in the hope that the respondent will complete and return it" (Grinnell & Williams, 1990:216-217).

Die posvraelyste voldoen aan die vereistes wat aan posvraelyste gestel word, naamlik dat dit geen bedreiging vir die respondent inhou nie en dat dit op 'n netjiese en praktiese wyse gestuktureer is. 'n Gefrankeerde koevert is by elke posvraelys ingesluit, vergesel van 'n formele dekbrief, en aan respondente gestuur (Strydom, 2003:120).

'n Nadeel van 'n posvraelys is egter dat die responskoers baie laag is. Rossouw (2003:129) is egter van mening dat: "If initial mailings are followed up, this percentage may be increased." In hierdie navorsing is die volgende maatreëls getref om die responskoers te verhoog:

- Addresse van die instellings is bekom vanaf Me. M. Botha van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Potchefstroom). Die instellings is geskakel om seker te maak dat die adresse korrek is en om die maatskaplike werkers aan te moedig om die vraelyste te voltooi.
- Die vraelyste is uitgestuur aan maatskaplike werkers betrokke by verwante pleegsorgplasings. Daar is drie weke gewag vir 'n respons, na die drie weke is die maatskaplike werkers weer geskakel om hul te herinner om die vraelys te voltooi.

Na 'n verdere drie weke is die maatskaplike werkers weer geskakel om hul te herinner. Indien die maatskaplike werker om een of ander rede nie die vraelys ontvang het nie, is dit weer gestuur. Sommige maatskaplike werkers het gevra dat dit gefaks moet word. Die navorser het dit dan aan die maatskaplike werker gefaks. Sommige maatskaplike werkers het egter tydens die telefoniese oproepe genoem dat hulle nie tyd het om die vraelys te voltooi nie.

**4.2 Respondente**

'n Vooronderseoek is in hierdie studie onderneem. Volgens Strydom (2003:48) is die doel van 'n voorondersoek om die navorser op hoogte te bring van die aard van 'n verskynsel of maatskaplike probleem met die oog op afbakening van die navorsingsterrein. Die voorondersoek is uitgevoer as voorbereiding vir die hoofondersoek. Die voorondersoek bestaan uit die bestudering van literatuur, die ervaring van deskundiges en die toetsing van die meetinstrument.

Eerstens het die navorser met maatskaplike werkers van vier instellings persoonlike onderhoude gevoer om die stand van hul huidige programmatuur vas te stel. Die vier maatskaplike werkers was die volgende:

- Me. A. Bekker van die Ondersteuningsraad, Rustenburg;
- Me. D. Scottsman van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Potchefstroom;
- Me. C. Prinsloo van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, Potchefstroom; en
- Me. J. Reinecke van die Kinder- en Gesinsorgvereniging, Potchefstroom.

Die navorser het verder ook die vraelys vir die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie aan vier maatskaplike werkers in die praktyk gegee om vas te stel of die vraelys voldoen aan die nodige vereistes. Die vier maatskaplike werkers was die volgende:

- Me. R. Carelse van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Potchefstroom;
- Me. D. Scottsman van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Potchefstroom;

- Me. C. Prinsloo van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, Potchefstroom; en
- Me. J. Reinecke van die Kinder- en Gesinsorgvereniging, Potchefstroom.

Voorstelle van die maatskaplike werkers is in ag geneem deur veranderinge aan te bring aan die vraelys voordat dit aan die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie gestuur is. Die vraelys is ook met me. W. Breytenbach van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, bespreek voordat dit aan maatskaplike werkers gestuur is.

'n Nie-waarskynlikheidsteekproef is gebruik. Tydens 'n nie-waarskynlikheidsteekproef word proefpersone doelgerig en doelbewus gekies en het elke eenheid nie 'n gelyke kans op seleksie nie (Babbie, 1998:194). Die steekproefneming in hierdie navorsing is nie-ewekansig uitgevoer. Tydens 'n nie-ewekansige steekproefneming word die proefpersone doelbewus, volgens hulle beskikbaarheid, genader vir insluiting in die navorsing (Babbie, 1998:194). Hierdie wyse van steekproeftrekking staan as "doelbewuste" steekproeftrekking bekend (Strydom, 2005:202).

Me. M. Botha van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Potchefstroom) is as hulpbron gebruik om 'n naamlys te verkry van maatskaplike werkers betrokke by verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie by die volgende instellings:

- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (18);
- Ondersteuningsraad (6);
- NG Welsyn (12);
- Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) (8); en
- Kinder-en Gesinsorgvereniging (6).

Hierdie instellings is gekies omdat hulle met pleegsorggevalle werk. Maatskaplike werkers by instellings soos kinderhuise, privaatpraktyke, hospitale en dienssentrums vir bejaardes, is nie in die ondersoek betrek nie, omdat hul nie noodwendig met pleegsorgplasings werk nie.

Daar is in totaal 50 vraelyste aan maatskaplike werkers betrokke by verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie uitgestuur en daar is 24 vraelyste terug-ontvang. Die respons was dus 48 %. Delport (2005:167) noem dat die respons van posvraelyste gewoonlik laag is, omtrent 30%. Die respons ontvang in hierdie ondersoek kan as gemiddeld beskou word.

### 4.3 Meetinstrument

'n Selfgestruktureerde vraelys (sien **bylaag A**) wat kwantitatiewe en kwalitatiewe vrae insluit is gebruik om vas te stel wat maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie se mening van verwante pleegsorg is. Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorg is ook vasgestel. Die aard en omvang van verwante pleegsorg, asook die stand van huidige programmatuur vir verwante pleegouers is ook bepaal. Die vraelys bestaan uit oop sowel as geslote vrae (Rossouw, 2003:186, 188; Strydom, 2003:116).

Data wat uit die geslote vrae ingewin is, is rekenaarmatig deur die Statisticse Konsul-tasiediens, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verwerk. Inligting wat deur oop vrae bekom is, is deur die navorser handverwerk. Die handverwerking het behels dat response van respondente woordeliks in die verslag weergegee is.

### 4.4. Etiese aspekte

Uitvoering is gegee aan professionele etiek ten opsigte van die respondente se regte en die navorser se verantwoordelikhede (Strydom, 2005:57).

- *Ingeligte toestemming.* Akkurate en volledige inligting ten opsigte van die doel van die navorsing en die prosedures wat hiertydens gevolg sal word, is aan respondente verskaf in die dekbrief. Hiervolgens kon respondente dan self besluit of hulle wou deelneem of nie.
- Daar is deurgaans by die beginsels van vertroulikheid en privaatheid gehou (Neuman, 1997:453).

## 5. Omskrywing van begrippe

**5.1 Pleegsorg:** Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:49) omskryf pleegsorg soos volg: "Statutêre SUBSTITUUTSORG binne gesinsverband vir KINDERS wat op kort, medium of lang termyn nie deur hulle OUERS versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas."

Twee soorte pleegsorgplasings word onderskei, naamlik verwante en nie-verwante pleegsorgplasings.

**5.2 Verwante pleegsorg:** "Kinship care is the full time care, nurturing and protection of children by relatives, members of their tribes or clans, or other adults who have a family relationship to a child." (Wilson & Chipungu, 1996:387.)

Volgens die *Encyclopedia of Social Work* (Everett, 1993:425) word *kinship care* omskryf as: "Die voltydse versorging en beskerming van kinders deur familielede van hul eie etniese groep, grootouers of enige ander volwassene met wie die kind en die kind se ouers 'n familieband het." (Van Rensburg & Green, 2006:327.)

Huidige wetgewing maak nog nie melding van verwante pleegsorg nie, maar verwante pleegsorg kan tans soos volg gesien word: Verwante pleegsorg verwys na die substituutversorging van kinders wat ingevolge art. 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by pleegouers wat familie is, in pleegsorg geplaas is.

**5.3 Nie-verwante pleegsorg:** Nie-verwante pleegsorg verwys na die substituut-versorging van kinders wat ingevolge art. 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by pleegouers wat geen verwantskap het met die biologiese ouers of pleegkind nie, in pleegsorg geplaas is.

**6. Maatskaplike werk en verwante pleegsorg**

Pleegsorg is 'n vorm van substituutsorg waardeur kinders van hul biologiese ouers verwyder word as gevolg van onvoldoende en ontoereikende versorging en omstandighede, en by 'n ander ouerhuis geplaas word, waar op bevel van die Kinderhof ingevolge die Wet op Kindersorg (SA, Wet 74 van 1983), na hul emosionele, fisiese en intellektuele behoeftes omgesien word (Fourie, 1999:10).

Twee soorte pleegsorgplasings word onderskei, naamlik: verwante en nie-verwante pleegsorgplasings. Die belangrikste verskil tussen verwante en nie-verwante plasings is dat in verwante plasings die familie nie betrokke is by die assessering van watter tipe kind die beste by hul familie sou inpas nie. Die familie ken ook in baie gevalle die kind se agtergrond en sy familiegeskiedenis. Voorkeur word toenemend gegee aan die plasing van kinders in verwante pleegsorg wanneer versorgingsmoontlikhede buite die ouerhuis oorweeg word (Gebel, 1996:1; Gleeson, 1995:140; Portengen & Van der Neut, 1999:52).

By nie-verwante pleegsorgplasings is daar geen verwantskap tussen die pleegouers en biologiese ouers of pleegkinders nie. Die maatskaplike werker keur die pleegouers en plaas kinders volgens hul behoeftes by die gepaste pleegouers (Fourie, 1999:10).

Die onderstaande figuur dui die verskillende posisies van maatskaplike werkers aan by verwante en nie-verwante pleegsorgplasings.

**Figuur 1: Die maatskaplike werker se posisie in verwante en nie-verwante pleegsorg**

**Nie-verwante pleegsorg:**




**Verwante pleegsorg:**




(Portengen & Van der Neut, 1999:52)

By nie-verwante pleegsorgplasings is die maatskaplike werker die sentrale skakel omdat hy/sy[2] al die betrokke partye (pleeggesin, die pleegkind en biologiese ouers) se omstandighede ken. Sy is verantwoordelik daarvoor om die regte pleeggesin vir die pleegkind te vind.

By verwante pleegsorgplasings is die maatskaplike werker die buitestander. Die ouers, pleegouers en pleegkind ken mekaar en al die omstandighede. Die maatskaplike werker moet nog al die omstandighede leer ken.

[2] 'n Maatskaplike werker kan manlik of vroulik wees, maar vir die doel van hierdie ondersoek word daar gehou by die wisselterme sy of haar as daar verwys word na maatskaplike werker. Dit is bloot 'n taalkundige oorweging.

## 7. Identifiserende besonderhede

Daar is aan respondente gevra om aan te toon by watter instelling hul werksaam is. Die respons kan soos volg weergegee word:

**Tabel 1: Instellings waarby werksaam**

| Instellings | F | % |
|---|---|---|
| Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | 3 | 12,50 |
| Ondersteuningsraad | 3 | 12,50 |
| NG Welsyn | 12 | 50,00 |
| Suid-Afrikaanse Vrouefederasie | 5 | 21,00 |
| Kinder- en Gesinsorgvereniging | 1 | 4,00 |
| N = | **24** | **100** |

Ten opsigte van hierdie ondersoek was die grootste respons, naamlik 12 response (50,00%) van respondente wat by NG Welsyn werksaam is. Die tweede grootste respons was vyf response (21,00%) van respondente wat by die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie werksaam is.

Daar is aan respondente gevra om aan te toon watter posisie hul binne die instelling beklee. Die respons kan soos volg weergegee word:

**Diagram 1: Die posisie beklee binne die instellling**



17 (70,83%) van die respondente beklee die posisie van maatskaplike werker in die instelling. Dit is gewoonlik die posisie binne die instellings wat direk werk met pleegsorggevalle.

Daar is verder aan die respondente gevra oor hoeveel praktykervaring hul beskik en hul response kan soos volg weergegee word:

**Tabel 2: Praktykervaring**

| **Ervaring in jare** | **1-5** | **6-10** | **11-20** | **21-25** | **26-30** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| F | 7 | 7 | 3 | 4 | 3 | N =24 |
| % | 29,17 | 29,17 | 12,50 | 16,66 | 12,50 | **100** |

Ten opsigte van hierdie ondersoek het 17 respondente (70,83%) tussen ses en 30 jaar ervaring in die praktyk gehad. Dus was die maatskaplike werkers in dié ondersoek almal baie ervare.

Daar is verder aan die respondente gevra om hul geslag te spesifiseer. Al 24 respondente was vroulik.

## 8. Statistiek

In Suid-Afrika tref die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) geen onderskeid tussen verwante en nie-verwante pleegsorg nie. Verwante pleegsorgplasings is volgens die *Discussion Paper* van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) (SA Law Commision, 2002), die mees algemene vorm van pleegsorg in Suid-Afrika.

Uit die 1998/99 Jaarverslag van die Departement van Welsyn (1998/1999:295) in Suid-Afrika, blyk dit dat daar 12 806 kinders onder toesig van ander persone as hul biologiese ouers was. Die meeste nuwe aanmeldings in die Departement het gelei tot pleegsorg. Volgens die Jaarverslag van die Departement Sosiale Ontwikkeling (2002-2003:39) was daar 'n merkbare toename in die toekenning van pleegsorgtoelaes tussen April 2000 en April 2003. In die jaar 2000 het 49 843 pleegouers pleegsorgtoelaes ontvang. Dit

verhoog in 2001 na 61 268. 'n Verdere styging na 90 680 word aangedui vir 2002, en in 2003 is dit 138 763. Pleegplasings in Suid-Afrika neem dus skerp toe.

In die vraelys aan die maatskaplike werkers is daar gevra hoeveel verwante en nie-verwante pleegsorgplasings daar in die jaar tussen April 2003 en Maart 2004 by die instellings hanteer is. Gegewens wat met hierdie vraag bekom is, kan soos volg weergegee word:

**Tabel 3: Aantal verwante en nie-verwante pleegsorgsake**

| **Aantal verwante pleegsorgplasings** | **F** | **%** | **Aantal nie-verwante Pleegsorgplasings** | **F** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|
| Tussen 1 en 50 | 14 | 58,33 | Tussen 1 en 50 | 17 | 70,83 |
| Tussen 51 en 100 | 4 | 16,67 | Tussen 51 en 100 | 0 | 0 |
| Tussen 101 en 200 | 3 | 12,50 | Tussen 101 en 200 | 0 | 0 |
| Meer as 200 | 1 | 4,17 | Meer as 200 | 0 | 0 |
| Geen respons | 2 | 8,33 | Geen respons | 7 | 29,17 |
| N = | **24** | **100** | N= | **24** | **100** |

Daar kan vanuit die gegewens gesien word dat die meeste respondente aangetoon het dat hulle tussen een en 50 pleegsorgplasings by nie-verwante pleegsorgplasings hanteer het, terwyl daar by verwante pleegsorgplasings selfs meer as 200 plasings hanteer is. Hierdie tendens kan moontlik toegeskryf word aan die tekort aan vrywilligers wat gewillig is om as pleegouers op te tree. Testa en Rolock (1999:109) stel dit soos volg: "The shortage of voluntary family foster homes and the spatial mismatch between placement needs and foster home supply are trends that are likely to intensify in the next century." Hierdie situasie het sedertien waarskynlik nie verbeter nie, maar net vererger.

Daar is minder mense wat bereid is om as pleegouers op te tree. By verwante pleegsorgplasings is die kinders egter familie wat soms reeds vir jare by die pleegouers woon. Dit is duidelik dat die huidige tendens van só 'n aard is dat daar meer verwante as nie-verwante pleegsorgplasings plaasvind. Grogan-Kaylor (2000:133) stel dit soos volg:

"Placement with kin may thus represent a way of finding new foster homes at a time when the child welfare system is confronted with increasing demands for its services in the face of declining resources."

Die vraelys het gevra of daar nog verwante pleegsorgplasings op die instellings se sentrale register is wat statutêr nog nie afgehandel is nie. Die antwoorde kan soos volg weergegee word:

**Tabel 4: Pleegsorgplasings wat nog nie afgehandel is nie**

| | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 20 | 83,33 |
| Nee | 3 | 12,50 |
| Geen respons | 1 | 4,17 |
| N = | **24** | **100** |

Ten opsigte van hierdie ondersoek kan gesien word dat 20 respondente (83,33 %) nog nie alle verwante pleegsorgplasings statutêr afgehandel het nie.

Daar is verder gevra dat daar genoem moet word hoeveel verwante pleegsorgplasings nog nie statutêr afgehandel is nie. Van die **20 respondente** wat genoem het dat hul nog nie sake afgehandel het nie, kan die hoeeveelhede soos volg weergegee word:

**Tabel 5: Aantal pleegsorgplasings wat nog nie afgehandel is nie**

| **Aantal plasings** | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Tussen 1 en 50 | 11 | 55,00 |
| Tussen 51 en 100 | 4 | 20,00 |
| Tussen 101 en 200 | 0 | 0 |
| Meer as 200 | 3 | 15,00 |
| Geen respons | 2 | 10,00 |
| N = | **20** | **100** |

Daar kan dus gesien word dat die meeste respondente, naamlik 11 response (55,00%) nog tussen een en 50 pleegsorgplasings op hul sentrale register het, wat nog nie statutêr afgehandel is nie. Wat egter kommerwekkend is, is die feit dat drie respondente (15,00%) meer as 200 verwante pleegsorgplasings het, wat statutêr nog nie afgehandel is nie. Vervolgens is die maatskaplike werkers gevra om redes te verskaf waarom verwante pleegsorgplasings nog nie statutêr afgehandel is nie. Hierdie gegewens kan soos volg weergegee word:

**Tabel 6: Redes waarom pleegsorgplasings nog nie afgehandel is nie**

| Redes | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Te hoë werkslading | 14 | 58,33 | 10 | 41,67 | 24 | 100 |
| Te min tyd | 10 | 41,67 | 14 | 58,33 | 24 | 100 |
| Tekort aan personeel | 11 | 45,83 | 13 | 54,17 | 24 | 100 |
| Te veel pleegsorgsake | 14 | 58,33 | 10 | 41,67 | 24 | 100 |
| Tekort aan pleegouers | 2 | 8,33 | 22 | 91,67 | 24 | 100 |
| Ander redes | 3 | 12,50 | 21 | 87,50 | 24 | 100 |

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat daar 14 response (58,33%) was vir te hoë werkslading asook te veel pleegsorgsake. Ander redes wat verskaf is, was die volgende:

- Sake is onlangs eers aangemeld,
- Wag vir pleegouers om die kantoor te kom besoek,
- Ontvang weekliks 'n gemiddeld van vyf nuwe aansoeke vir pleegsorgplasings, daar is dus 'n groot aanvraag en baie ondersoeke is afgehandel, maar wag vir hofdatums.

In die ondersoek van Naidoo en Kasiram (2006:119-120) het die respondente die volgende frustrasies as maatskaplike werkers geïdentifiseer: hoë werkslading, tekort aan befondsing en hulpbronne, die sosio-ekonomiese konteks en swak werksomstandighede en salarisse. "The fact that increases in the number of children in formal kinship care

have been occurring simultaneously with dramatically growing caseloads and increasing out-of-home placement rates has become a great public concern." (Gleeson, 1996:420.)

Daar is aan respondente gevra of daar baie mislukkings by verwante pleegsorgplasings voorkom. Die respons was soos volg:

**Tabel 7: Mislukkings by verwante pleegsorgplasings**

| | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 3 | 12,50 |
| Nee | 20 | 83,33 |
| Geen respons | 1 | 4,17 |
| N = | **24** | **100** |

Twee respondente wat ja geantwoord het, het egter 'n opmerking bygeskryf, naamlik:

- Mislukkings kom soms wel voor, sê so 25%; en
- Af en toe.

"Research also found that placement in kinship care is associated with fewer changes of foster care placement than placement in foster care with non-relatives." (Grogan-Kaylor, 2000:133.)

Die respondente is verder gevra of, indien daar wel mislukkings voorkom, hoeveel voorgekom het tydens die jaar April 2003 tot Maart 2004. Drie respondente het genoem dat daar wel mislukkings voorgekom het en die aantal mislukkings wat in die jaar voorgekom het, was:

- twee,
- tien, en
- geen respons.

Daar is aan respondente gevra wat hul meen redes is vir die mislukkings van pleegsorg-plasings. Gegewens kan soos volg weergegee word:

**Tabel 8: Redes vir mislukkings**

| **Redes** | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Konflik tussen pleegouers en pleegkind | 2 | 8,33 |
| Inmenging van biologiese ouers | 1 | 4,17 |
| Pleegkind wat gedragsprobleme vertoon | 2 | 8,33 |
| Kostes verbonde aan die versorging van die kind word te hoog | 1 | 4,17 |
| Ander redes | 1 | 4,17 |
| Geen respons | 17 | 70,83 |
| N = | **24** | **100** |

Twee van die vernaamste redes vir mislukking van pleegsorgplasings is die volgende: konflik tussen pleegouer(s) en pleegkind(ers) en pleegkind(ers) wat gedragsprobleme vertoon. Starr *et al.* (1999:193) stel dit soos volg: "Some groups of children, including those who live in poverty, and those placed in foster care are at greater risk for behaviour problems." Ten opsigte van kinders in pleegsorg word daar verskeie faktore genoem wat 'n bydrae lewer tot gedragsprobleme en volgens Starr *et al.* (1999:193) is dit die volgende: "... abuse and neglect experienced prior to placement, the trauma of being separated from biological parents, and inadequate preplacements and postplacement services".

'n Ander rede vir mislukking wat genoem is, was die wanbesteding van die pleegouer-toelaag. "Skweyiya het tydens die konferensie om die regering se projek teen bedrog bekend te stel, gesê etlike mense trek voordeel uit welsynstoelaes, terwyl dit hulle nie toekom nie. Volgens die Departement se inligting kry sowat 37 000 mense onwettig welsyntoelaes. Meer as 'n duisend pleegouers kry ook toelaes, al is die kinders bo die toelaatbare ouderdom om welsynstoelae te kan ontvang" (Louw, 2004:13).

## 9. Dienste aan pleegouers en pleegkinders

Alle welsynsorganisasies benodig pleegouers om die versorging van sorgbehoewende kinders te behartig. Vandat pleegouers bekom word totdat pleegkinders in hul biologiese

ouers se sorg herstel word, word daar 'n sekere prosedure gevolg wat bekend staan as die pleegsorgproses. Hierdie proses verloop in verskillende fases wat nie noodwendig altyd in dieselfde volgorde verloop nie. "Die ideale pleegsorgproses behels werwing, keuring, opleiding, passing en plasing, toesigdienste, opleiding en toerusting en indien moontlik voorbereiding op terugplasing en die uiteindelike terugplasing van die kind by sy/haar gesin van herkoms." (Die Ondersteuningsraad, 2000.) Daar is aan die respondente gevra watter van die volgende fases van die pleegsorgproses hulle gebruik. Die respons was soos volg:

**Tabel 9: Fases van die pleegsorgproses**

| **Fases** | **Ja** | | **Nee** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **F** | **%** | **F** | **%** | | |
| Werwing | 12 | 50,00 | 12 | 50,00 | **24** | **100** |
| Keuring | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Passing en plasing | 14 | 58,33 | 10 | 41,67 | **24** | **100** |
| Opleiding en toerusting | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Toesigdienste | 23 | 95,83 | 1 | 4,17 | **24** | **100** |
| Voorbereiding op terugplasings | 13 | 54,17 | 11 | 45,83 | **24** | **100** |
| Terugplasing | 11 | 45,83 | 13 | 54,17 | **24** | **100** |

Uit bogenoemde data is dit duidelik dat toesigdienste (23 response – 95,83%) die fase is wat die meeste gebruik word. Die fases wat die minste gebruik word, is die volgende: Werwing (12 response – 50,00%), Voorbereiding op terugplasing (13 response – 54,17%) en Terugplasing (11 response – 45,83%). Hierdie fases wat die minste gebruik word, korreleer met die aard van verwante pleegsorgplasings. Dit is nie nodig om verwante pleegouers te werf nie. Kinders woon soms reeds jare by pleegouers voordat hul gaan aanklop vir hulp by die maatskaplike werker. Voorbereiding op terugplasing en terugplasing van die pleegkind by die biologiese ouers kom min voor omdat die meeste biologiese ouers oorlede of onopspoorbaar is.

Daar is ook aan respondente gevra om redes te verskaf waarom sekere fases nie toegepas word nie. Die respondente het die volgende redes verskaf waarom sekere fases van die pleegsorgproses nie gebruik word nie:

- "Identifying biological father has always been a problem since there is a lot of forgery on the whereabouts of the biological father which if found out the foster grant may not be payable."
- Werwing, want aansoek word gedoen om die kinders in pleegsorg te neem.
- Kinders woon reeds by die familie.
- Geen terugplasing, want ouers is dood.
- Weeskinders.
- Pleegsorgplasings meestal permanent.
- Hoë gevallelading.
- Persone meld self aan.
- Kinders gewoonlik reeds in familie se sorg met aanmelding.
- Biologiese ouers nie gereed vir terugplasing of hulle is oorlede/onopspoorbaar.
- Werwing is klaar gedoen.
- Dikwels Vigswesies – geen terugplasing moontlik.
- Gebrek aan tyd.
- Kind soms vanaf geboorte by spesifieke familielid.
- Biologiese ouers is beide oorlede en/of onopspoorbaar. Dus bloot administratiewe plasing by verwante familielede.
- Tekort aan pleegouers – krisisplasing. Maatskaplike werker desperaat om ouers te kry wat bereid is om kind te neem.

By die meeste verwante pleegsorgplasings word nie al die fases in die pleegsorgproses gebruik nie, meestal as gevolg van die aard van verwante pleegsorgplasings. Dit is nie nodig om in die meeste gevalle werwing te doen nie, omdat die pleegouers self kom aansoek doen om pleegouers te word. Die meeste pleegkinders woon ook reeds jare by hul pleegouers. "Past research has found that relative caregivers are monitored less by caseworkers, and children in relative care often receive different, and sometimes fewer services than do foster children in other substitute care living arrangements." (Bilaver *et*

*al.*, 1999:414.) Scannapieco en Hegar (2002:322) stel dit ook soos volg: "Kinship families require comparable – but in some circumstances different – services as traditional foster families."

Daar is aan respondente gevra of opleiding aan pleegouers by verwante pleegsorgplasings gegee word. Die response was soos volg:

**Tabel 10: Opleiding aan pleegouers by verwante pleegsorgplasings**

| | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Ja | 19 | 79,00 |
| Nee | 5 | 21,00 |
| N = | **24** | **100** |

Uit die bogenoemde kan gesien word dat die meeste maatskaplike werkers pleegouers by verwante pleegsorgplasings oplei. Die voordeel van opleiding is nie net daarin geleë dat dit pleegouers se vaardighede verbeter nie, dit verbeter ook die verhouding tussen die maatskaplike werker en die pleegouer en Rhodes *et al.* (2001:88) stel dit soos volg: "Training and interaction with social workers increased foster parents' involvement."

Daar is verder aan respondente gevra of hul opleiding gee voor die kind in pleegsorg geplaas word of nadat die kind in pleegsorg geplaas is. Die respons was soos volg:

**Tabel 11: Wanneer opleiding gegee word**

| **Wanneer opleiding gegee word** | **Ja** | | **Nee** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **F** | **%** | **F** | **%** | | |
| Voor die kind in pleegsorg geplaas word | 15 | 62,50 | 9 | 37,50 | **24** | **100** |
| Nadat die kind in pleegsorg geplaas is | 15 | 62,50 | 9 | 37,50 | **24** | **100** |

As tabelle nege, tien en elf saamgelees word, kan daar duidelik gesien word dat die opleiding van pleegouers baie belangrik is vir die respondente in hierdie ondersoek. Triseliotis *et al.* (1995:44) stel dit soos volg: "... that foster carers could not be expected to undertake such demanding tasks without preparation, training, post-placement support and continued training".

Daar is aan respondente gevra of hulle 'n vasgestelde program by die opleiding van pleegouers by verwante pleegsorgplasings gebruik. Die respons was soos volg:

**Tabel 12: Die gebruik van 'n vasgestelde program vir opleiding**

| | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 10 | 41,67 |
| Nee | 13 | 54,16 |
| Geen respons | 1 | 4,17 |
| N = | **24** | **100** |

Dit is duidelik dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van 'n vasgestelde program vir opleiding. Daar moet vervolgens vasgestel word of daar 'n behoefte bestaan aan 'n vasgestelde program. Daarom is daar aan respondente gevra indien hul nie 'n vasgestelde program het nie, daar wel 'n behoefte bestaan aan 'n vasgestelde program vir die opleiding van pleegouers by verwante pleegsorgplasings. Die respons was soos volg:

**Tabel 13: Behoefte aan 'n vasgestelde program**

| | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 15 | 62,50 |
| Nee | 0 | 0 |
| Geen respons | 9 | 37,50 |
| N = | **24** | **100** |

Dit is duidelik dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n vasgestelde program vir die opleiding van pleegouers by verwante pleegsorgplasings.

Daar is verder aan respondente gevra watter onderwerpe hul dink in die program ingesluit behoort te word. Die response was soos volg:

**Tabel 14: Onderwerpe wat ingesluit moet word by opleiding**

| Onderwerpe | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Wetlike aspekte van pleegsorg | 20 | 83,33 | 4 | 16,67 | **24** | **100** |
| Ontwikkelingsfases van kinders en die behoeftes van kinders | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Behoeftes van ouers en die ouer-kindverhouding | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Ouerskapsvaardighede en dissiplinering | 21 | 87,50 | 3 | 12,50 | **24** | **100** |
| Kommunikasievaardighede en konflikhanterings-vaardighede | 20 | 83,33 | 4 | 16,67 | **24** | **100** |
| Selfbeeld en temperamentsverskille | 20 | 83,33 | 4 | 16,67 | **24** | **100** |
| Die rol van die maatskaplike werker en toesigdienste | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Hoe om die pleegouer-toelaag te spandeer | 21 | 87,50 | 3 | 12,50 | **24** | **100** |
| Oplossingsvaardighede | 20 | 83,33 | 4 | 16,67 | **24** | **100** |
| Kontak met biologiese ouers | 12 | 50,00 | 12 | 50,00 | **24** | **100** |

Vanuit die bogenoemde gegewens kan gesien word dat die twee onderwerpe wat volgens die respondente die belangrikste is om in te sluit by die program die volgende is, naamlik:

- Ouerskapsvaardighede en dissiplinering (21 response – 87,50%).
- Hoe om die pleegouertoelaag te spandeer (21 response – 87,50%).

Die onderwerp wat volgens die respondente die minste van belang is, is kontak met die biologiese ouers (12 response – 50,00 %).

Ander onderwerpe wat respondente voorgestel het moet in die program ingesluit word, is die volgende:

- Assesseringsmodelle en gedragsprobleme.
- Terugplasing en die implikasies daarvan.
- Hantering van emosionele trauma by die kind as gevolg van verlies.
- Motivering vir pleegouerskap.
- Selfkennis.
- Hantering van seerkry/trauma.

Triseliotis *et al.* (1995:46-47) is van mening dat die volgende onderwerpe ingesluit behoort te word by pleegsorgprogramme:

- Die ontwikkeling van kinders.
- Die oorsake van swak selfbeeld en die bou van 'n selfbeeld.
- Bindingsteorie.
- Sosialisering.
- Die effek van verlies en skeiding.
- Beheer van gedragsprobleme.
- Die gesinsorgsisteem.
- Werk en beplanning as deel van 'n span.
- Die rol van die maatskaplike werker.
- Die rol en belangrikheid van die kind se gesin.
- Die rol van die verwante pleegouer.
- Die impak van pleegsorg op die pleeggesin.
- MIV en Vigs.

Daar is aan respondente gevra hoe gereeld hul die pleegouers kontak. Die response was soos volg:

**Tabel 15: Kontak met pleegouers**

| | F | % |
|---|---|---|
| Een keer per jaar | 6 | 25,00 |
| Een keer per maand | 6 | 25,00 |
| Een keer per week | 0 | 0 |
| Ander: | 12 | 50,00 |
| N = | **24** | **100** |

Die meeste response (12 response – 50%) het ander kontakmoontlikhede genoem. Die ander kontakmoontlikhede is soos volg gespesifiseer:

- Drie keer per jaar.
- Twee tot drie keer per jaar.
- So gereeld as wat nodig is – minstens een keer in vier maande.
- Een keer elke drie maande.
- Een keer elke twee maande.
- Een keer elke twee maande, as daar nie 'n krisis/probleme intussen geïdentifiseer word nie.
- Soos daar 'n behoefte bestaan.
- Wanneer probleme ervaar word en tydens die aanbied van 'n vakansieprogram.
- In die begin meer gereeld en later een keer per maand.

In tabel nege is gesien dat die meeste respondente, naamlik 23 (95,83%) van mening was dat toesigdienste die belangrikste fase in die pleegsorgproses is. Die doeltreffendheid van toesigdienste kan egter bevraagteken word as kontak slegs een keer per jaar (ses response – 25,00%) geskied. Daar moet in aanmerking geneem word dat instellings 'n tekort aan personeel beleef en hoë werksladings het en te veel pleegsorgsake het (vergelyk tabel 6). 'n Moontlike oplossing vir hierdie probleem is om vrywilligers te werf en opleiding te gee om kontak te maak met pleegouers of om meer hulpwerkers op te lei om spesifiek dienste te lewer aan pleeggesinne.

Verder is daar gevra wat die doel van die kontak is. Die respons was soos volg:

**Tabel 16: Doelstellings van die kontak**

| Doelstellings | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Om die inskakeling van die pleegkind by die pleeggesin te evalueer | 22 | 91,67 | 2 | 8,33 | **24** | **100** |
| Om die aanpassing van die gesin te evalueer | 21 | 87,50 | 3 | 12,50 | **24** | **100** |
| Om vas te stel wat die verhouding tussen pleegouers en biologiese ouers is | 17 | 70,83 | 7 | 29,17 | **24** | **100** |
| Om ondersteuningsdienste aan die pleegouers te bied | 23 | 95,83 | 1 | 4,17 | **24** | **100** |
| Om inligting in te samel om hofverslae te skryf | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Ander | 15 | 62,50 | 9 | 37,50 | **24** | **100** |

Die meeste response (23 response – 95,83%) het die doel van die kontak uitgesonder as om ondersteuningsdienste aan die pleegouers te bied. In tabel 15 is die kontakfrekwensies met pleegouers uiteengesit. Daar is gesien dat kontakfrekwensies wissel van een keer per jaar tot vier keer per jaar. As hierdie inligting vergelyk word met die bostaande tabel, kan dit bevraagteken word of ondersteuning só min aangebied word vir pleegouers en of hierdie ondersteuning enigsins van waarde kan wees.

Ander doelstellings vir kontak is soos volg genoem:

- Skoolaanpassing – om vordering en bywoning van die kind te monitor.
- Om die aanwending van die pleegouertoelaag te monitor en leiding te bied ten opsigte van die besteding van die toelaag.
- Om kontak met die ouers te monitor.
- Vir die leiding en begeleiding van die kind na sinvolle volwassenheid.
- Om probleme te hanteer.

- Vir selfbeeldontwikkeling.
- Om die versorging van die kind te evalueer.
- Om aandag te skenk aan enige behoeftes wat die gesin/kind het.
- Vir leiding ten opsigte van die hantering van die kind.

Daar is aan die respondente gevra hoe gereeld hul die pleegkinders kontak. Die response was soos volg:

**Tabel 17: Kontak met pleegkinders**

| | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Een keer per jaar | 6 | 25,00 |
| Een keer per maand | 6 | 25,00 |
| Een keer per week | 0 | 0 |
| Ander .... | 12 | 50,00 |
| N = | **24** | **100** |

Die meeste respondente (12 response – 50%) het ander kontakfrekwensies genoem. Ander kontakreëlmate wat genoem is, is die volgende:

- Twee keer per jaar.
- Vier keer per jaar.
- Een keer in twee maande, as daar nie probleme is nie.
- Een keer in twee maande, indien plasing positief verloop.
- Een keer in drie maande.
- Een keer in drie maande of soos behoeftes geïdentifiseer word.
- In die begin meer gereeld en later een keer per maand.
- Ten minste een keer in drie maande.
- So gereeld as wat nodig is – ten minste een keer in 4 maande.
- Twee tot drie keer per jaar.

Verder is daar gevra wat die doel van die kontak is. Die respons was soos volg:

**Tabel 18: Doelstellings vir kontak**

| Doelstellings | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Om die vordering van die pleegkind te assesseer. | 23 | 95,83 | 1 | 4,17 | **24** | **100** |
| Om die inskakeling van die pleegkind by die pleeggesin te evalueer. | 21 | 87,50 | 3 | 12,50 | **24** | **100** |
| Om vas te stel of daar kontak is met die biologiese ouers. | 16 | 66,67 | 8 | 33,33 | **24** | **100** |
| Om ondersteuning aan die kind te bied. | 23 | 95,83 | 1 | 4,17 | **24** | **100** |
| Om inligting in te samel vir hofverslae. | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Ander | 4 | 16,67 | 20 | 83,33 | **24** | **100** |

Volgens die respondente was die twee hoofdoelstellings van kontak, om die vordering van die pleegkind te assesseer (23 response – 95,83%) en om ondersteuning aan die kind te bied (23 response – 95,83%). Ander doelstellings vir die kontak is soos volg gespesifiseer:

- Om erkenning vir vordering te gee.
- Om skoolvordering te monitor.
- Om aandag aan unieke behoeftes te skenk.

Die meeste response (23 response – 95,83%) het die doel van die kontak uitgesonder as om ondersteuningsdienste aan die pleegouers te bied. In tabel 17 is die kontakfrekwensies met pleegkinders uiteengesit. Daar is gesien dat kontakfrekwensies wissel van een keer per jaar tot vier keer per jaar. Dit kan bevraagteken word of

ondersteuning só min vir pleegkinders aangebied moet word en of hierdie ondersteuning enigsins van waarde kan wees.

Daar is aan die respondente gevra watter metode van maatskaplike werk volgens hul mening die beste by verwante pleegsorgplasings toegepas kan word. Die response was soos volg:

**Tabel 19: Metodes van maatskaplike werk**

| **Metodes van maatskaplike werk** | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Kliniese maatskaplike werk / maatskaplike werk met individue | 8 | 33,33 |
| Groepwerk / maatskaplike werk met groepe | 12 | 50,00 |
| Gemeenskapswerk en –ontwikkeling / maatskaplike werk met gemeenskappe | 0 | 0 |
| Navorsing | 0 | 0 |
| Administrasie | 0 | 0 |
| Geen respons | 4 | 16,67 |
| N= | **24** | **100** |

Uit die response is dit duidelik dat die meeste respondente (12 response – 50,00%) van mening is dat maatskaplike groepwerk die beste metode is om te gebruik by verwante pleegsorgplasings. Die ander metode wat die respondente ook van mening was dat dit geskik sou wees vir verwante pleegsorgplasings, is maatskaplike werk met individue (agt response – 33,33%). Metodes in maatskaplike werk wat veral in pleegsorgplasings benut word, is maatskaplike werk met individue en maatskaplike werk met groepe of maatskaplike groepwerk. Hierdie twee metodes is by uitstek geskik om alle persone en ook gesinne in 'n pleegsorgsituasie te help om maatskaplik doeltreffend te funksioneer (Corey & Corey, 2002:294-298; Edell, 1998:51-53; Toseland & Rivas, 2005:16). Volgens Anderson (1997:39) lê die waarde van groepwerk daarin om persone te bemagtig sodat hulle maatskaplik doeltreffend funksioneer. Dit sluit ook alle individue wat deur pleegsorgplasings geraak word in.

### 10. Menings van die maatskaplike werkers ten opsigte van verwante pleegsorg-plasings

Daar is aan respondente gevra wat volgens hul die rede(s) is waarom ouers kinders in hul pleegsorg neem. Die response was soos volg:

**Tabel 20: Motiewe waarom kinders in pleegsorg geneem word**

| Motiewe | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Liefde vir 'n kind | 20 | 83,33 | 4 | 16,67 | **24** | **100** |
| Met die oog op aanneming | 3 | 12,50 | 21 | 87,50 | **24** | **100** |
| Het 'n positiewe ervaring van pleeg-sorg gehad of ken vriende/familie wat 'n positiewe ervaring gehad het | 8 | 33,33 | 16 | 66,67 | **24** | **100** |
| Wil 'n pleegkind neem om plek van gestorwe kind in te neem | 1 | 4,17 | 23 | 95,83 | **24** | **100** |
| Wil inkomste aanvul met toelaag | 14 | 58,33 | 10 | 41,67 | **24** | **100** |
| 'n Maat vir eie kind | 3 | 12,50 | 21 | 87,50 | **24** | **100** |
| Wil graag ouerskap uitleef | 6 | 25,00 | 18 | 75,00 | **24** | **100** |
| Wil baie kinders hê; hou van groot gesinne; hou daarvan om kinders te versorg | 6 | 25,00 | 18 | 75,00 | **24** | **100** |
| Wil 'n naastediens lewer | 11 | 45,83 | 13 | 54,17 | **24** | **100** |
| Kinders is uit die huis en het nou tyd en sien kans om 'n kind in nood te help | 4 | 16,67 | 20 | 83,33 | **24** | **100** |
| Om eensaamheid te verdryf | 2 | 8,33 | 22 | 91,67 | **24** | **100** |
| Die kind moet arbeid lewer | 4 | 16,67 | 20 | 83,33 | **24** | **100** |

| Motiewe | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Wil graag aan 'n kind in nood 'n liefdevolle ouerhuis gee | 13 | 54,17 | 11 | 45,83 | **24** | **100** |
| Om eie onvervulde aspirasies deur middel van die pleegkind te bereik | 4 | 16,67 | 20 | 83,33 | **24** | **100** |
| Die ouers is oorlede en die familie voel dat dit hul plig is om die kind te versorg | 22 | 91,67 | 2 | 8,33 | **24** | **100** |
| Daar is geen ander versorgers beskikbaar nie, daarom ontferm hulle hul oor die kind | 22 | 91,67 | 2 | 8,33 | **24** | **100** |

Elke pleegouer het 'n bepaalde rede waarom hul kinders in pleegsorg neem. Soms is hierdie rede/motief aanvaarbaar en soms is dit onaanvaarbaar. Dit is nodig vir die maatskaplike werker om te evalueer of die motiewe aanvaarbaar of onaanvaarbaar is. Voorbeelde van aanvaarbare motiewe is soos volg:

- Liefde vir 'n kind.
- Wil graag ouerskap uitleef.
- Met die oog op aanneming.
- Wil baie kinders hê; hou van groot gesinne, hou daarvan om kinders te versorg.
- Het 'n positiewe ervaring van pleegsorg gehad of ken vriende of familie wat 'n positiewe ervaring gehad het.
- Wil 'n naastediens lewer.
- Kinders is uit die huis en het nou tyd en sien kans om 'n kind in nood te help.
- Wil graag aan 'n kind in nood 'n liefdevolle ouerhuis gee. (Die Ondersteuningsraad, 2000.)

Voorbeelde van onaanvaarbare motiewe is soos volg:

- Wil 'n pleegkind neem om die plek van 'n gestorwe kind in te neem.
- Wil inkomste aanvul met toelaag.

- 'n Maat vir eie kind.
- Om eie onvervulde aspirasies deur middel van die pleegkind te bereik.
- Het mislukking gemaak van opvoeding van eie kinders en wil hulself bewys as ouers.
- Om 'n huwelik te red.
- Om eensaamheid te verdryf.
- Die kind moet arbeid lewer. (Die Ondersteuningsraad, 2000.)

Die respondente was van mening dat die drie grootste redes waarom verwante pleegouers kinders in pleegsorg neem, die volgende is:

- Die ouers is oorlede en die familie voel dat dit hul plig is om die kind te versorg (22 response – 91,67%).
- Daar is geen ander versorgers beskikbaar nie, en daarom ontferm hulle hul oor die kind (22 response – 91,67%).
- Liefde vir 'n kind (20 response – 83,33%).

Uit navorsingsbevindings van O'Brien *et al.* (2001:728-729) kan die motiewe van verwante pleegouers soos volg gesien word:

- Familielede se verantwoordelikheid om kinders in te neem – "children need a sense of a place where they could belong and they needed some type of security ... and to be loved" (O'Brien *et al.*, 2001:729).
- Liefde vir 'n kind wat familie is – "we love our children whether it's our kid or our nieces or whatever" (O'Brien *et al.*, 2001:729).

Dit is duidelik dat die pleegouers by verwante pleegsorgplasings oor die algemeen aanvaarbare motiewe het waarom hul kinders in pleegsorg neem.

Daar is aan respondente gevra wat die rol van die maatskaplike werker by verwante pleegsorgplasings is. Hul response was soos volg:

**Tabel 21: Rolle van die maatskaplike werker by verwante pleegsorgplasings**

| Rolle | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Ondersteuner | 24 | 100 | 0 | 0 | **24** | **100** |
| Opvoeder | 19 | 79,17 | 5 | 20,83 | **24** | **100** |
| Probleemoplosser | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Supervisor | 15 | 62,50 | 9 | 37,50 | **24** | **100** |
| Vriend | 9 | 37,50 | 15 | 62,50 | **24** | **100** |
| Kollega | 7 | 29,17 | 17 | 70,83 | **24** | **100** |
| Raadgewer | 21 | 87,50 | 3 | 12,50 | **24** | **100** |
| Ander | 6 | 25,00 | 18 | 75,00 | **24** | **100** |

Die ander rolle van die maatskaplike werker is soos volg genoem:

- Beskermer.
- By hulpbronne uit te bring.
- Vennoot.
- Begeleier.
- "Advocacy".

Die rolle van die maatskaplike werker by verwante pleegsorgplasings wat die meeste response gekry het, was die volgende:

- Ondersteuner (24 response – 100%).
- Raadgewer (21 response – 87,50%).
- Opvoeder (19 response – 79,17%).

Hierdie drie rolle word vervolgens van nader bekyk.

* **Ondersteuner**

Die kliënt (individu, groep of gemeenskap) se vlak van psigiese kragte is dikwels beperk. Spanning veroorsaak emosionele uitputting en daar is 'n behoefte aan ondersteuning.

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:46) omskryf onderskraging (wat 'n sinoniem vir ondersteuning is) soos volg: "TEGNIEK in die MAATSKAPLIKE WERK waar 'n KLIËNT ondersteun word deur byvoorbeeld AANMOEDIGING, VERALGE-MENING en AANVAARDING, ten einde SPANNING te verlig en selfvertroue te bevorder."

Verskeie skrywers (Burnette, 2003:1; Leder *et al.*, 2003:5; Goodman & Silverstein, 2001:560) het bevind dat verwante pleegouerskap positief korreleer met spanningsverwante gesondheidsprobleme, angs en depressie. Hierdie probleem hou dikwels verband met onverwerkte emosies oor die verlies van 'n afgestorwene, soos die moeder van die pleegkind. Robertson en Donaldson (2003) is van mening dat grootouerpleegmoeders in Suid-Afrika dikwels te doen het met "... their own feelings of shame and guilt about what happened and due to their emotional state, may not be able to respond to the emotional needs of the child." Dit is duidelik dat verwante pleegouers dikwels spanning ervaar en daarom is ondersteuning aan verwante pleegouers so belangrik.

*** Raadgewer**

Hierdie rol hang nou saam met die rol van opvoeder. Die verskil hier is egter dat daar nie net inligting gegee word nie, maar ook raad. Die maatskaplike werker gee dus aan die pleegouer raad oor hoe 'n bepaalde probleem opgelos kan word. Die maatskaplike werker se sienswyse van 'n probleem en die oplossing daarvan word dus weergegee. Dit is egter belangrik dat die maatskaplike werker nie sy raad op die pleegouer sal afdwing nie. Die pleegouer het nog steeds selfbeslissingsreg. Brill en Levine (2002:187) waarsku egter daarteen om te veel onnodige raad te gee en noem dat raadgewing 'n behoefte by die kliënt moet wees. Dit word soos volg gestel: "Advice giving and counseling should be based on objective and realistic evaluation of all factors involved, including the actual desires of clients." (Brill & Levine, 2002:187.)

*** Opvoeder**

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:47-48) omskryf die opvoedersrol van die maatskaplike werker soos volg: "ROL van die MAATSKAPLIKE WERKER om die

VAARDIGHEDE van KLIËNTE te ontwikkel deur toepaslike inligting te voorsien, advies te gee, alternatiewe gedragspatrone en die gevolge daarvan te identifiseer en te demonstreer, onderrig te gee in probleemoplossingstegnieke en persepsies te verhelder."

Du Bois en Miley (2005:245) beklemtoon dat kennis mag is, en daarom is opvoeding 'n sentrale komponent in bemagtiging. Die maatskaplike werker as opvoeder verbeter kliënte se maatskaplike funksionering deur aan hul vaardighede aan te leer en hul kennisbasis uit te brei. "By expanding clients' base of information, education empowers individuals, families and small groups." (Du Bois & Miley, 2005:246.)

Die maatskaplike werker kan veral tydens verwante pleegsorgplasings 'n belangrike rol as opvoeder speel om aan die pleegouers nuwe vaardighede aan te leer en om aan hul inligting te verskaf oor pleegouerskap. In hierdie verband speel maatskaplike groepwerk 'n noodsaaklike rol.

Daar is verder aan respondente gevra wat volgens hul mening die behoeftes van pleegouers by verwante pleegsorgplasings is. Die response was soos volg:

**Tabel 22: Behoeftes van pleegouers**

| **Behoeftes** | **Ja** | | **Nee** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **F** | **%** | **F** | **%** | | |
| Om die wetlike aspekte van pleegsorg te verstaan | 21 | 87,50 | 3 | 12,50 | **24** | **100** |
| Om die ontwikkelings-fases van kinders beter te verstaan | 17 | 70,83 | 7 | 29,17 | **24** | **100** |
| Om die behoeftes van kinders beter te verstaan | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Om die behoeftes van ouers beter te verstaan en om uiting daaraan te gee | 10 | 41,67 | 14 | 58,33 | **24** | **100** |

| Behoeftes | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Om die ouer-kind-verhouding beter te verstaan en om leiding te ontvang om hierdie verhouding te verbeter | 20 | 83,33 | 4 | 16,67 | **24** | **100** |
| Om hul ouerskaps-vaardighede te verbeter | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Om leiding te ontvang ten opsigte van die dissiplinering van die pleegkind | 23 | 95,83 | 1 | 4,17 | **24** | **100** |
| Om hul kommunikasie-vaardighede te verbeter | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Om hul konflikhanterings-vaardighede te verbeter | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Om hul selfbeeld te verbeter | 9 | 37,50 | 15 | 62,50 | **24** | **100** |
| Om te verstaan hoekom mense van mekaar verskil (temperamentsverskille) | 14 | 58,33 | 10 | 41,67 | **24** | **100** |
| Om die rol van die maatskaplike werker beter te verstaan | 15 | 62,50 | 9 | 37,50 | **24** | **100** |
| Om die rol van toesig-dienste beter te verstaan | 17 | 70,83 | 7 | 29,17 | **24** | **100** |
| Om die kontak met biologiese ouers beter te verstaan en hoe om dit te hanteer | 16 | 66,67 | 8 | 33,33 | **24** | **100** |
| Hoe om die pleegouer-toelaag te hanteer | 18 | 75,00 | 6 | 25,00 | **24** | **100** |
| Om hulp te ontvang as probleme opgelos moet word | 23 | 95,83 | 1 | 4,17 | **24** | **100** |
| Ander | 2 | 8,33 | 22 | 91,67 | **24** | **100** |

Ander behoeftes wat voorgestel is, is:

- selfkennis, en
- geestelike ontwikkeling.

Die drie grootste behoeftes wat verwante pleegouers volgens die respondente het, is die volgende:

- Om leiding te ontvang ten opsigte van die dissiplinering van die pleegkind (23 response – 95,83%).
- Om hulp te ontvang as probleme opgelos moet word (23 response – 95,83%).
- Om die wetlike aspekte van pleegsorg te verstaan (21 response – 87,50%).

Daar is aan respondente gevra wat volgens hul mening pleegkinders se behoeftes by verwante pleegsorgplasings is. Die response was soos volg:

**Tabel 23: Behoeftes van pleegkinders**

| **Behoeftes** | **Ja** | | **Nee** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **F** | **%** | **F** | **%** | | |
| Dat hulle inskakeling by die nuwe gesin vergemaklik word | 16 | 66,67 | 8 | 33,33 | **24** | **100** |
| Om die verlede en ouers se gedrag te verstaan en te verwerk | 16 | 66.67 | 8 | 33,33 | **24** | **100** |
| Om steeds kontak te hê met biologiese ouers | 13 | 54,17 | 11 | 45.83 | **24** | **100** |
| Om iemand te hê om mee te praat wanneer probleme ontstaan | 22 | 91,67 | 2 | 8,33 | **24** | **100** |
| Ander | 2 | 8,33 | 22 | 91,67 | **24** | **100** |

Ander behoeftes van pleegkinders wat genoem is, is die volgende:

- Om ouers se afsterwe te verwerk.
- Hoe om teen portuur op te tree wat teen die "pleegkind"-etiket diskrimineer.

Die grootste behoefte van die pleegkinders by verwante pleegsorgplasings is volgens die respondente die volgende:

- Om iemand te hê om mee te praat wanneer probleme ontstaan (22 response – 91,67%).

Daar is aan die respondente gevra wat volgens hul mening die beste is: nie-verwante of verwante pleegsorgplasings. Die response was soos volg:

**Tabel 24: Verwante of nie-verwante pleegsorgplasings**

| | F | % |
|---|---|---|
| Nie-verwante pleegsorgplasings | 4 | 16,67 |
| Verwante pleegsorgplasings | 15 | 62,50 |
| Geen respons | 5 | 20,83 |
| N = | **24** | **100** |

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die meeste respondente van mening is dat verwante pleegsorgplasings (15 response – 62,50%) die beste is. Daar is aan respondente gevra om hul antwoord te motiveer. Uit die motiverings wat gegee is, kan die volgende samevatting gegee word: Sommige van die respondente is neutraal en voel dat nie een van die pleegsorgplasings beter as die ander plasing is nie, maar dat elke individuele geval as uniek beskou moet word. Die uitgangspunt moet altyd wees dat dit in die beste belang van die kind moet wees. Die respondente wat nie-verwante pleegsorgplasings verkies bó verwante pleegsorgplasings, het die volgende redes verskaf:

- Biologiese ouers is geneig om in te meng indien plasings by die familie is. Hulle meng nie so maklik in by "vreemde" pleegouers nie.
- Keuring by nie-verwante pleegsorgplasings is strenger en toesigdienste word beter gelewer.
- Daar ontstaan dikwels familiegriewe en –konflik tussen die familielede oor wie die kind die beste kan versorg.

Die voordele van verwante pleegsorgplasings kan soos volg opgesom word: Kinders word makliker deur familie aanvaar en word minder verstoot deur familie. In sommige kulture voel families verplig om die versorging van kinders waar te neem en hulle werk dus beter saam met die maatskaplike werker. Nog 'n voordeel van verwante pleegsorg is die feit dat die pleegkind binne 'n gesin geplaas word met dieselfde agtergrond, kultuur en geloof. Die pleegkinders woon in baie gevalle reeds by die pleegouers/ materne/ paterne grootouers wat reeds stabiliteit en sekuriteit verseker. Die pleegkinders kry die nodige liefde en ervaar die trauma van verlies nie so traumaties nie.

Cuddeback (2004:633) noem dat verwante pleegsorg teoreties sekere voordele inhou, naamlik: "(a) continuity of family identity and knowledge; (b) access to relatives other than the kinship caregiver, (c) continuity of life within the ethnic, religious, and racial community of origin, and (d) caregiver's familiarity of the child based on pre-existing relationships."

Dit is duidelik dat die meeste respondente voel dat verwante pleegsorgplasings meer voordele inhou as nie-verwante pleegsorgplasings. Elke aanmelding word egter uniek hanteer en die uitgangspunt is nog steeds om in die beste belang van die kind op te tree.

## 11. Gevolgtrekkings

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **besprekings** word daar tot die volgende **gevolgtrekkings** gekom:

- Uit die statistiese gegewens is dit duidelik dat pleegsorgplasings in Suid-Afrika skerp toeneem. Dit is ook duidelik dat daar al hoe meer verwante pleegsorgplasings voorkom.
- Probleme wat binne instellings ervaar word, soos hoë werkslading, tekort aan personeel en te veel pleegsorgsake, veroorsaak dat pleegsorgsake nie vinnig afgehandel word nie.
- Vanuit gegewens van die vraelys het dit na vore gekom dat mislukkings nie gereeld by verwante pleegsorgplasings voorkom nie. Wanneer mislukkings egter voorkom, is die twee grootste redes vir mislukking die

volgende: konflik tussen pleegouer(s) en pleegkind(ers) en pleegkind(ers) wat gedragsprobleme vertoon.

- Weens die aard van verwante pleegsorgplasings word nie alle fases van die pleegsorgproses benut nie. Dit is nie nodig om verwante pleegouers te werf nie. Kinders woon soms jare reeds by pleegouers voordat hul gaan aanklop vir hulp by die maatskaplike werker. Voorbereiding op terugplasing en terugplasing van die pleegkind by die biologiese ouers kom min voor, omdat die meeste biologiese ouers oorlede of onopspoorbaar is.
- Opleiding word aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings gegee, maar dit blyk dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n vasgestelde program om hierdie opleiding te gee.
- Maatskaplike werkers speel 'n belangrike rol by pleegsorgplasings en deur opleiding aan pleegouers te gee, verskaf hul die kommunikasie met pleegouers en gee pleegouers ook meer geredelik hul samewerking.
- Vanuit onderwerpe wat volgens die maatskaplike werkers by hierdie ondersoek betrek is, wat by die vasgestelde program ingesluit moet word, is die volgende die belangrikste geag: ouerskapsvaardighede, dissiplinering en die hantering van die pleegouertoelaag. Die onderwerp wat as die onbelangrikste geag is, is kontak met biologiese ouers.
- Die kontakfrekwensies van maatskaplike werkers met pleegouers en pleegkinders wissel van een keer per jaar tot twee of drie keer per jaar of soos nodig. Die belangrikste doelstelling van kontak is egter geïdentifiseer as ondersteuning. Die gevolgtrekking kan egter gemaak word dat ondersteuning nie doeltreffend kan wees as kontak slegs een keer per jaar geskied nie.
- Maatskaplike werkers wat by hierdie ondersoek betrek is, is van mening dat die motiewe vir pleegouerskap aanvaarbaar is vir die meeste verwante pleegouers.

- Maatskaplike werkers vertolk in verskillende situasies verskillende rolle. In hierdie studie is die belangrikste rolle van die maatskaplike werker soos volg geïdentifiseer: ondersteuner, raadgewer en opvoeder.
- Maatskaplike werkers wat by hierdie ondersoek betrek is, is van mening dat maatskaplike groepwerk die beste metode van dienslewering aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings is.
- Volgens die menings van die maatskaplike werkers wat by hierdie ondersoek betrek is, is die belangrikste behoeftes van verwante pleegouers die volgende: om leiding te ontvang ten opsigte van die dissiplinering van die pleegkind, om hulp te ontvang as probleme opgelos moet word en om wetlike aspekte van pleegsorg te verstaan.
- Daar is tot die slotsom gekom dat die maatskaplike werkers in die praktyk en die wat by hierdie ondersoek betrek is, verwante pleegsorgplasings verkies bo nie-verwante pleegsorgplasings. Elke geval word egter uniek hanteer en die uitgangspunt bly steeds dat dit in die beste belang van die kind moet wees.

## 12. Aanbevelings

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **gevolgtrekkings**, kan die volgende **aanbevelings** gemaak word:

- Hierdie ondersoek kan verder uitgebrei word deurdat maatskaplike werkers van ander provinsies ook ingesluit word.
- Die rol van vrywilligers by instellings kan ondersoek word.
- Die rol van maatskaplike hulpwerkers by instellings kan ondersoek word.
- Maatskaplike werkers behoort die behoeftes van kliënte op 'n wetenskaplike wyse te bekom voordat dienste aangebied word.
- 'n Oplossing moet gevind word vir maatskaplike werkers se hoë gevalleladings sodat meer pleegsorgplasings afgehandel word.
- Die moontlikheid moet ondersoek word om maatskaplike groepwerk meer gereeld in te span om ondersteuningsdienste te bied aan pleegouers.

## 13. Slotopmerkings

Pleegsorg vorm 'n integrale deel van die maatskaplikewerk-professie en die welsynstruktuur in Suid-Afrika. Weens 'n tekort aan vrywilligers om as pleegouers op te tree, ontstaan daar 'n tekort aan pleegouers. Die toename in MIV/Vigs bring mee dat daar 'n groter vraag na pleegouers ontstaan. Familielede versorg kinders soms jare voordat hul gaan hulp soek by instellings. Daar het 'n drastiese toename in verwante pleegsorgplasings ontstaan.

Die doel van hierdie artikel was om die aard en omvang van verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie te bepaal. Dit blyk duidelik dat daar meer verwante pleegsorgplasings gedoen word as nie-verwante pleegsorgplasings en dat maatskaplike werkers se gevalleladings baie hoog is en die hulpbronne te min.

Opleiding word aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings gegee, maar dit blyk dat daar 'n behoefte aan 'n vasgestelde program bestaan om hierdie opleiding te gee. Daar is in hierdie artikel ondersoek ingestel na wat maatskaplike werkers in die praktyk meen pleegouers se motiewe is vir pleegsorg en moontlike behoeftes wat pleegouers mag hê. Verder is daar vasgestel watter onderwerpe die maatskaplike werkers meen moet in die program ingesluit word. Daar is tot die slotsom gekom dat maatskaplike werkers in die praktyk en wat by hierdie ondersoek betrek is, verwante pleegsorgplasings verkies bo nie-verwante pleegsorgplasings. Elke geval word egter uniek hanteer en die uitgangspunt bly steeds dat dit in die beste belang van die kind moet wees. Dit is egter duidelik dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n vasgestelde program om tydens groepbyeenkomste opleiding te gee aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings.

## 14. Bronnelys

ANDERSON, J. 1997. Social work with groups: a process model. New York: Longman.

ANON. 2007. SA needs social workers. *Witness weekend. Supplement A*: 8, Jan. 13.

BABBIE, E. 1998. The practice of social research. 8th ed. London: Wadsworth Publishing Company.

BILAVER, L.A., JAUDES, P.K., KOEPKE, D. & GOERGE, R.M. 1999. Note on research. The health of children in Foster care. *Social service review*, 73(3):401-417, Sept.

BRILL, N.I. & LEVINE, J. 2002. Working with people. The helping process. 7th ed. Boston: Allyn and Bacon.

BURNETTE, D. 2003. Grandparents and family caregivers. [Web:] http://aging.state.ny.us/explore/project2015/artgrandparent.htm [Datum van gebruik: 2006/06/13].

COREY, M.S. & COREY, G. 2002. Groups: process and practice. 6th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole.

CUDDEBACK, G.S. 2004. Kinship family foster care: a methodological and sunstantive synthesis of research. *Children and Youth Services Review*, 26(7):623-639, Jul.

DELPORT, C.S.L. 2005. *Quantitative data-collection methods*. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.159-190.)

DEPARTMENT OF SOCIAL DEVELOPMENT. 2002-2003. Annual report. Pretoria: Departement van Sosiale Ontwikkeling.

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE SERVICES IN SOUTH AFRICA. 1998/1999. Annual statistics Report. Pretoria: Frameset Printer.

DIE ONDERSTEUNINGSRAAD. 2000. Plek van Veiligheid- en Pleegoueropleidingsprogram. Rustenburg.

DU BOIS, B. & MILEY, K.K. 2005. Social work. An empowering profession. 5$^{th}$ ed. Boston: Pearson & Allyn and Bacon.

EDELL, M. 1998. Replacing community: establishes linkage for women living with HIV/AIDS – a group work approach. *Social work with groups*, 21(3):49-62.

ENGELBRECHT, L.K. 2006. Plumbing the brain drain of South African social workers migrating to the UK: challenges for social service providers. *Social Work*, 42(2): 127-146.

EVERETT, J.E. 1993. Child foster care. **Encyclopaedia of Social Work** (19$^{th}$ ed) (vol 1). Washington, D.C: NASW Press.

FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Problem formulation. ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110.)

FOURIE, C. 1999. Die aanpassing van die kind in pleegsorg: 'n Spelterapeutiese benadering. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – MA (MW) Spelterapie)

GEBEL, T.J. 1996. Kinship care and non-relative family foster care: a comparison of caregiver attributes and attitudes. *Child welfare*, 75(10):5- 18.

GILLWALD, C. 2002. Workshop for the Commissioners of Child Welfare. [Web:] http://www.doj.gov.za/speech/6march2002.htm [Datum van gebruik: 2006/06/13].

GLEESON, J.P. 1995. Kinship care and public child welfare: challenges and opportunities for social work education. *Journal of social work education*. 31(2):182-193.

GLEESON, J.P. 1996. Kinship care as a child welfare service: the policy debate in an era of welfare reform. *Child welfare*, 75(5):419-449.

GLEESON, J.P., O'DONNELL, J. & BONECUTTER, F.J. 1997. Understanding the complexity of practice in kinship foster care. *Child welfare*, 76(6):801-826.

GOODMAN, C.C. & SILVERSTEIN, M. 2001. Grandmothers who parent their grandchildren: An exploratory study of close relations across three generations. *Journal of family issues*. 22(5):557-578.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in social work: a primer. Itasca: Peacock Publishers.

GROGAN-KAYLOR, A. 2000. Who goes into kinship care? The relationship of child and family characteristics to placements into kinship foster care. *Social work research*, 24(3):132-141.

LEDER, S., GRINSTEAD, L.N., JENSEN, S. & BOND, L. 2003. Psychotherapeutic treatment outcomes in grandparent-raised children. *Journal of Child and Adolescent Psychiatric Nursing*, 16(1):5-14.

LOUW, M. 2004. Knoeiery met toelaes kos staat R1,5 miljard. *Beeld*:13, Des. 14.

NAIDOO, S. & KASIRAM, M. 2006. Experiences of South African social workers in the United Kingdom. *Maatskaplike Werk / Social Work*, (42): 2:117-125.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

O'BRIEN, P., MASSAT, C.R, & GLEESON, J.P. 2001. Upping the Ante: relative caregivers' perceptions of changes in child welfare policies. *Child welfare*, 80(6):719-748.

PORTENGEN, R. & VAN DER NEUT, B. 1999. Assessing family strengths. A family systems approach. (*In* Greeff, R., *ed.* Fostering Kinship. An international perspective on kinship foster care. Aldershot: Ashgate.)

RHODES, K.W., ORME, J.G. & BUEHLER, C. 2001. A comparison of family foster parents who quit, consider quitting and plan to continue fostering. *Social service review*, 75(1):84-114.

ROBERTSON, M. & DONALDSON, M. 2003. No place like home. Family murder: The child victims. [Web:] http://www.csvr.org.za/articles/artfamur.htm. [Datum van gebruik: 2006/06/13].

ROSSOUW, D. (ed.) .2003. Intellectual tools: skills for the human sciences. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

SA **kyk** SOUTH AFRICA

SA **kyk** SUID-AFRIKA

SCANNAPIECO, M. & HEGAR, R.L. 2002. Kinship care providers: designing an array of supportive services. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 19(4):315-327.

SCANNAPIECO, M., HEGAR, R.L. & MCALPINE, C. 1997. Kinship care and foster care: a comparison of characteristics and outcomes. *Families in society*, 78(5):480-488.

SCHÖNTEICH, M. 2000. Age and AIDS: South Africa's time bomb. [Web:] http://www.ydn.org.za/publications/journal/tenup/three/age.html [Datum van gebruik: 2006/06/13].

SOUTH AFRICA. Department of Welfare. 1997. White paper for social welfare. (1108 of 1997.) Government Gazette: 18166, Aug.8.

SOUTH AFRICAN LAW COMMISSION. 2002. Review of Childcare Act. Discussion Paper. Pretoria: SA Law Commission.

STARR, R.H., DUBOWITZ, H., HARRINGTON, D. & FEIGELMAN, S. 1999. Behaviour problems in teens in Kinship Care. (*In* Hegar, R.L. & Scannapieco, M. 1999. Kinship Foster Care. Policy, practice and research. New York & Oxford: Oxford University Press. p. 193 – 207.)

STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. . ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.56-70.)

STRYDOM, H. 2005. Sampling and sampling methods. . (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 192-204.)

SUID-AFRIKA. 1983. Wet op Kindersorg, no. 74 van 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

TESTA, M.F. & ROLOCK, N. 1999. Professional foster care: a future worth prusuing? *Child welfare*, 78(1):108-124.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to group work practice. 5th ed. Boston: Pearson & Allyn and Bacon.

TRISELIOTIS, J., SELLICK, C. & SHORT, R. 1995. Foster care: Theory and practice. London: Redwood Books.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

VAN RENSBURG, D. & GREEN, S. 2006. Grootmoeders in Kayamandi se ervaring van familiepleegsorg. *Maatskaplike Werk / Social Work*, (42):3/4:327-340.

WILHELMUS, M. 1998. Mediation in Kinship care: Another step in the provision of culturally relevant child welfare services. *Social work*, 43(2):117-126.

WILSON, D.B. & CHIPUNGU, S.S. 1996. Introduction. *Child welfare*, 75(5):387-395, Sept/Oct.

# ARTIKEL 2

# DIE BEHOEFTES VAN VERWANTE PLEEGOUERS

J DELPORT (PhD-KANDIDAAT IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA) &
A A ROUX (SENIOR LEKTOR IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA)

**Abstract**

The aim of this article is to provide a profile of the needs of kinship foster carers. Attention is given to the role of kinship foster carers and their perception of foster care. Key relationships in kinship foster care placements are studied, for example the relationship between the foster parent and the foster child. Ten (N=10) kinship foster carers were identified through the application of accidental sampling. A self-structured schedule was used for data collecting purposes. The results show the needs of kinship foster carers and topics were identified that could be discussed during a social group work programme to train kinship foster carers. Possible further needs of the client system are anticipated. Recommendations are provided.

## 1. Inleiding

Daar is só 'n skerp toename in verwante pleegsorg dat dit die "...leading form of substitute care ..." (Rhodes *et al.*, 2003:935) geword het. 'n Rede waarom al hoe meer

kinders by familie geplaas word, is die feit dat pleegkinders en pleegouers dieselfde kulturele agtergrond deel (Grogan-Kaylor, 2000:133). Daar vind ook minder verskuiwings plaas by verwante pleegsorgplasings as by nie-verwante pleegsorgplasings (Grogan-Kaylor, 2000:133).

Volgens O'Brien *et al.* (2001:721) deel verwante pleegouers demografiese eienskappe, naamlik: "...are families of color", en "Compared to nonrelated foster parents, kinship caregivers are more likely to be single parents, live in publicly subsidized housing, work outside the home, have lower incomes, experience more health problems, and care for larger sibling groups." (O'Brien *et al.*, 2001:721.)

Materne grootmoeders in Suid-Afrika tree dikwels as substituut- of pleegmoeders vir kinders op (Burman, 1996:589; Gillwald, 2002; Schönteich, 2000; Gleeson, 1995:186). Staatstoelaes maak pleegsorg vir hierdie pleegmoeders moontlik. Die Suid-Afrikaanse Welsynsbeleid bepaal dat enige pleegkind wat ingevolge Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) by 'n familielid in pleegsorg geplaas word, geregtig is op 'n pleegsorgtoelaag van die staat en dat pleegkinders gratis skoolonderrig mag ontvang (Gillwald, 2002).

Verwante pleegsorg neem 'n belangrike plek in gesinsorgdienste in. Dit bied 'n geleentheid om kinders te beskerm en hul behoeftes word bevredig. Al is die kinders nie by hul ouers nie, is hul nog steeds in die sorg van familielede (Wilson & Chipungu, 1996:387).

In hierdie ondersoek is 'n selfgestruktureerde skedule deur die navorser saam met tien verwante pleegouers ingevul met die doel om die behoeftes van verwante pleegouers te bepaal.

**2. Probleemstelling**

Regdeur die geskiedenis het dit gebeur dat familielede kinders op 'n informele basis ingeneem het. Verwante pleegsorg verwys egter na 'n "formal arrangement in which care

for a child is legally transferred through a court order to the child welfare system, and in which the child's kin become his or her foster parents"(Grogan-Kaylor, 2000:132).

Vir kinders wat uit hul ouers se sorg verwyder moet word, hou verwante pleegsorg bepaalde voordele in en dit kan volgens Wilson en Chipungu (1996:387) die volgende wees:

- Dit stel kinders in staat om by mense te bly wat hul ken en vertrou.
- Dit verminder die trauma wat kinders moontlik mag ervaar wanneer hul by onbekendes geplaas word.
- Dit versterk die kind se sin vir identiteit en selfbeeld omdat hy sy familiegeskiedenis ken en binne sy kultuur leef.
- Dit fasiliteer die kind se verbinding met broers en susters.
- Dit versterk die moontlikheid vir die familie om aan pleegkinders die ondersteuning te gee wat hul nodig het.

Verwante pleegouers ontken baie keer hul eie behoeftes omdat hul die behoeftes van pleegkinders voorop stel. Mason en Linsk (2002:544) stel dit soos volg: "... the caregivers seldom seek help for their own needs".

Opleiding van pleegouers is baie belangrik, omdat "...foster carers could not be expected to undertake such demanding tasks without preparation, training, post-placement support and continued training" (Triseliotis *et al.*, 1995:44).

### 3. Doel van die ondersoek[1]

Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die behoeftes van verwante pleegouers in die Noordwes-provinsie te ondersoek.

[1] Alhoewel afdelings drie, vier en vyf reeds in Afdeling A bespreek is, word dit vir publikasiedoeleindes weer hier uiteengesit.

**4. Navorsingsmetodologie**

**4.1 Ontwerp**

Fase twee van die ondersoek is verkennend van aard. Die verkennende studie het volgens Wessels (1996:7) ten doel om die navorsingsproses voor te berei vir meer sistematiese navorsing in 'n veld waarin nog onvolledige kennis bestaan en min of geen navorsing oor die onderwerp gedoen is nie. Daar bestaan min literatuur en navorsing spesifiek oor die behoeftes van verwante pleegouers met die doel om 'n intervensieprogram spesifiek vir verwante pleegouers te ontwikkel.

Die opnameprosedure is gebruik om kwantitatiewe data te bekom. Barker (1997:373) omskryf die opnameprosedure soos volg: "A systematic fact gathering procedure in which a specific series of questions is asked, through written or oral questionnaires, of a representative sample of the group being studied or of the entire population."

Deur middel van 'n selfgestruktureerde skedule (sien **bylaag B**) is die behoeftes van verwante pleegouers bepaal. Hierdie skedule is gedurende persoonlike onderhoude saam met verwante pleegouers deur die ondersoeker voltooi. Strydom (2003:121) noem die volgende voordele van die persoonlike onderhoud en meer spesifiek die gestruktureerde onderhoud:

- Die inligting is georden.
- Agterdogtigheid kan deur middel van persoonlike kontak en verduideliking die hoof gebied word.
- Mense gee meer geredelik hul samewerking tot die onderhoud, terwyl hul makliker 'n posvraelys weggooi.
- 'n Navorser kry vollediger antwoorde.

**4.2 Respondente**

'n Vooronderσoek is in hierdie studie onderneem. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike werk (1995:70) omskryf voorondersoek soos volg: "Proses waarvolgens die NAVORSINGSONTWERP vir 'n beoogde ondersoek getoets word." Die voorondersoek bestaan

uit die bestudering van literatuur, die ervaring van deskundiges en die toetsing van die meetinstrument.

Die skedule om die behoeftes van pleegouers in verwante pleegsorgplasings te bepaal is deur twee verwante pleegouers ingevul. Hierdie proefpersone is nie by die hoofondersoek betrek nie.

- Daar is enkele veranderings aangebring aan die skedule om dit meer verstaanbaar te maak. Die skedule van die pleegouers in verwante pleegsorgplasings is ook met twee maatskaplike werkers bespreek, om hul mening omtrent die volledigheid al dan nie daarvan te verkry.

Voorstelle van die maatskaplike werkers is in ag geneem om veranderinge aan te bring aan die skedule voordat dit in die hoofondersoek gebruik is. Die skedule is ook met me. W. Breytenbach van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, bespreek voordat dit gebruik is.

'n Nie-waarskynlikheidssteekproef is geneem. Daar is in hierdie ondersoek van toevallige steekproewe gebruik gemaak. Grinnell (1993:162) en Collins (1990:270) praat ook van hierdie tipe steekproef as 'n gerieflikheidsteekproef of as 'n beskikbaarheidsteekproef en voeg by dat die proefpersone meestal diegene is wat die naaste en beskikbaarste is.

Instellings in Potchefstroom is genader om toestemming te verkry om van hul kliënte in die ondersoek te gebruik. Die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom het toestemming verleen (sien **bylaag F**) en name en kontakbesonderhede van verwante pleegouers in Promosa is verkry. Die navorser het verwante pleegouers in Promosa gekontak en tien respondente het toestemming (sien **bylaag E**) verleen om die skedule saam met die navorser in te vul. Nege van die respondente het verder toestemming verleen om die maatskaplike groepwerkprogram by te woon. Hierdie pleegouers is in die ondersoek ingesluit omdat hulle Afrikaans of Engels magtig was.

### 4.3 Meetinstrumente

Die volgende meetinstrument is in hierdie fase gebruik:

- 'n Selfgestruktureerde skedule (sien **bylaag B**) om die behoeftes van verwante pleegouers te bepaal is deur die navorser saam met die pleegouers ingevul.

### 4.4 Etiese aspekte

Uitvoering is gegee aan professionele etiek ten opsigte van die respondente se regte en die navorser se verantwoordelikhede (Strydom, 2005:57).

- Ingeligte toestemming. Akkurate en volledige inligting ten opsigte van die doel van die navorsing, die prosedures wat hiertydens gevolg sal word, is aan respondente verskaf in die ingeligte instemmingsvorm (sien **bylaag F**) wat saam met die respondente deurgegaan is. Hiervolgens kon respondente dan self besluit of hulle wou deelneem of nie.
- Daar is deurgaans by die beginsels van vertroulikheid en privaatheid gehou (Neuman, 1997:453).
- Skade aan deelnemers kan fisies en emosioneel van aard wees. In die geesteswetenskappe kan skade hoofsaaklik van 'n emosionele aard wees (Strydom, 2003:18). Tydens hierdie navorsing is die uitwerking daarvan aan die deelnemers uitgelig. Daar is aan hulle die geleentheid gebied om hulle in enige stadium aan die navorsing te onttrek indien hulle dit verkies.

## 5. Omskrywing van begrippe

### 5.1 Pleegouer

Die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:49) omskryf die begrip pleegouer soos volg: "Persoon, behalwe 'n OUER of VOOG, in wie se sorg 'n PLEEGKIND geplaas is kragtens die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) of die Strafproseswet, 1977 (SA, Wet 51 van 1977)."

### 5.2 Verwante pleegouer

Ingram (1996:557) omskryf verwante pleegsorg soos volg: "Kinship care may be defined as the full-time nurturing and protection of children who must be separated from their

parents by relatives, members of their tribes or clans, godparents, stepparents, or other adults who have a kinship bond with a child."

'n Verwante pleegouer is dus 'n persoon, behalwe 'n ouer of voog wat familie is van die kind of die ouers. Hierdie familie kan bestaan uit stamlede, familiestamlede of sibbe, peetouers, stiefouers, grootouers en/of broers en susters. Die pleegkind word by hierdie persoon geplaas kragtens die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) of die Strafproseswet, 1977 (SA, Wet 51 van 1977).

**6. Verwante pleegsorg**

Wanneer kinders uit hul ouers se sorg verwyder word en die maatskaplike werker 'n substituutversorging soek, word daar bepaalde faktore in ag geneem. "Attachment, permanence and kinship can be used explicitly as criteria in selecting permanent homes for foster children." (Hegar, 1993:367.) Verwante pleegouers en pleegkinders het meestal positiewe binding, pleegkinders kan vir lang tye by hul geplaas word en hulle is familie. "Kinship care is also a strategy for family preservation." (Scannapieco & Hegar, 1996:568.) Dit stel kinders in staat om by mense te bly wat hul ken en vertrou en die kind se kulturele en etniese identiteit word behou. Verwante pleegsorgplasings bied ook kontinuïteit, wat volgens Worrall (2001:497) die volgende behels: "... keeping children within their own kinship, community, and cultural networks".

Verwante pleegsorgplasings hou bepaalde voordele in, en volgens Kleynhans (2000:21-22) is dit die volgende:

- Plasing by familielede kan die trauma vir die kind verminder wanneer hy vanuit sy ouers se sorg verwyder word.
- Die familie is bekend met sy omstandighede en kan dus ondersteuning en begrip bied, sonder om die kind te bemoei met ondervraging.
- Die huislike omgewing van die familie is meer bekend aan die kind en daarom is dit nie so 'n skrikwekkende en traumatiese ervaring nie.

- Hierdie plasing gee die kind geleentheid om met ander familielede in kontak te bly wat emosionele en materiële ondersteuning aan die kind en pleegouers kan bied.
- Hierdie plasing maak dit moontlik vir die kind om in 'n omgewing te beweeg wat vir hom toegang gee tot sy biologiese agtergrond. Hierdie kennis is belangrik vir 'n gesonde ontwikkeling van 'n kind se identiteit.

Volgens Kleynhans (2000:22-23) kan verwante pleegsorgplasings egter ook problematies wees en die maatskaplike werker moet bewus wees van die moontlike komplikasies.

- Die familie mag dalk skaam of skuldig voel oor die biologiese ouer se gedrag wat die oorsaak was waarom die kind verwyder is. Dit kan die verhouding tussen die pleegouer en kind strem. Dit sal ook kontak tussen die biologiese ouer en kind bemoeilik.
- Die familie mag dalk slegs die kind in pleegsorg neem as gevolg van 'n pligsgevoel. Dit kan veroorsaak dat die kind onwelkom en onseker voel, wat tot gevolg kan hê dat die plasing verbrokkel. Dit doen ook skade aan 'n kind se persoonlikheidsontwikkeling as hy ongewens voel.
- Indien die kind dalk in pleegsorg is as gevolg van enige vorm van mishandeling, mag die familie dalk baie veroordelend teenoor die biologiese ouers optree. Dit kan identiteitsprobleme vir die kind veroorsaak.
- Die familie kan baie meer toegeeflik wees teenoor die biologiese ouers as nieverwante pleegouers en dit kan probleme met dissiplinering skep.
- Die maatskaplike werker kan 'n kind in pleegsorg met familie se behoeftes verwaarloos, aangesien sy dit kan verwar met 'n normale gesinsopset.

Pleegouers het baie verantwoordelikhede en volgens Gleeson *et al.* (1997:810) kan hierdie verantwoordelikhede vir verwante pleegouers nog swaarder weeg as vir nieverwante pleegouers. "Foster parents have a unique role that integrates family and agency responsibilities." (Rhodes *et al.*, 2003:936.)

Pleegsorg word al hoe meer erken as 'n vaardigheid en volgens Triseliotis *et al.* (1995:44) benodig pleegouers "... training and support and foster parents have an important role in the professional team concerned with a child's care".

Die empiriese gegewens van die ondersoek kan soos volg weergegee word.

**7. Identifiserende besonderhede**

Al tien respondente is vroulik en grootmoeders van die pleegkinders. Gleeson (1995:186) noem dat verwante pleegouers meestal grootmoeders is. Ander identifiserende besonderhede van hierdie ondersoek kan soos volg weergegee word:

**Tabel 1: Identifiserende besonderhede**

| | | | | | | N |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ouderdom van die respondente** | **40-49 jaar** | **50-59 jaar** | **60-69 jaar** | **70-79 jaar** | | |
| F | 1 | 3 | 4 | 2 | | **10** |
| % | 10 | 30 | 40 | 20 | | **100** |
| **Tydperk reeds pleegouers** | **Minder as een jaar** | **Tussen een en drie jaar** | **Tussen vier en ses jaar** | **Tussen sewe en tien jaar** | **Meer as tien jaar** | |
| F | 1 | 4 | 3 | 1 | 1 | **10** |
| % | 10 | 40 | 30 | 10 | 10 | **100** |
| **Hoeveel pleegkinders word versorg** | **Een** | **Twee** | **Drie** | **Vier** | | |
| F | 4 | 2 | 3 | 1 | | **10** |
| % | 40 | 20 | 30 | 10 | | **100** |

Ses (60%) van die respondente is reeds bejaard. Twee (20%) van die respondente is al langer as sewe jaar pleegouers. Vier (40%) van die respondente het drie of meer

pleegkinders in hul sorg. Hierdie statistiek is kommerwekkend omdat bejaarde persone nie werk nie en moet oorleef op 'n ouderdomspensioen. Verder is dit kommerwekkend dat pleegkinders vir lang tydperke in die sorg van pleegouers bly. Die groot getal kinders wat op een slag by pleegouers woon kan ook 'n groot finansiële las op pleegouers wees. "The social grants are supposed to cater for an individual and, when these are shared with others, the individual will invariably experience financial strain." (Department of Welfare and Population Development, 1997:72.)

Al tien respondente het geweet waarom die kinders in pleegsorg geplaas is en die redes is soos volg weergegee:

**Tabel 2: Redes vir die plasing in pleegsorg**

| **Redes** | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Die kind het geen ouer of voog nie. | 7 | 70 |
| Die kind het 'n ouer of voog wat nie opgespoor kan word nie. | 1 | 10 |
| Die moeder is oorlede en vader is in die gevangenis. | 1 | 10 |
| Die kind was verlaat of het geen sigbare bestaansmiddele gehad nie | 1 | 10 |
| **N =** | **10** | **100** |

Uit bogenoemde data is dit duidelik dat 70% van die pleegsorgplasings heel moontlik permanent van aard sal wees, omdat die pleegkinders geen ouer of voog het nie. Navorsers het volgens Grogan-Kaylor (2000:133) gevind dat " ...children placed in kinship foster care are reunified more slowly from foster care than children who are placed in foster homes with non-relatives". Wanneer die ouderdom van die pleegouers in aanmerking geneem word, is die moontlikheid nie uitgesluit dat van die pleegkinders moontlik in die toekoms na ander pleegouers uitgeplaas sal moet word as gevolg van pleegouers se onvermoë om hul verder te versorg of as gevolg van die afsterwe van die pleegouers. In die studie van Mason en Linsk (2002:557) het verwante pleegouers genoem dat hulle 'n lewenslange verantwoordelikheid teenoor hulle pleegkinders het. Mason en Linsk (2002:557) stel dit soos volg: "... caregivers seemed to acknowledge

that family connection extends throughout life and that their responsibility to the children continued until the caregiver either died or was no longer able to care".

## 8. Die rol van die pleegouer en die pleegouer se siening/houding ten opsigte van pleegsorg

Daar is aan respondente gevra wat die rede(s) was waarom hul kinders in pleegsorg geneem het. Die response kan soos volg weergegee word:

**Tabel 3: Redes waarom kinders in pleegsorg geneem is**

| Redes | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Liefde vir 'n kind | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Wil inkomste aanvul met toelaag | 8 | 80 | 2 | 20 | **10** | **100** |

Al tien (100%) respondente het geantwoord dat hul die pleegkind(ers) ingeneem het omdat hul lief is vir die kind(ers). Agt (80%) respondente het ook geantwoord dat hul die kind in pleegsorg het, om sodoende hul inkomste aan te vul met 'n toelaag. Die meeste respondente het die kind(ers) in hul sorg geneem toe omstandighede hul genoop het om dit te doen. Die feit dat die pleegouertoelaag wel 'n rol speel kan egter nie buite rekening gelaat word nie.

Bogenoemde gegewens korreleer goed met die menings van maatskaplike werkers in die Noordwes-Provinsie (N=24) rondom redes waarom pleegouers kinders in pleegsorg neem. 20 (83,33%) van die respondente was van mening dat pleegouers kinders in pleegsorg neem omdat hul lief is vir kinders en 14 (58,33%) van die respondente van mening was dat pleegouers kinders in pleegsorg neem omdat hulle hul inkomste wil aanvul met die toelaag. Volgens O'Brien *et al.* (2001:729) is een van die motiewe waarom verwante pleegouers kinders in pleegsorg neem, liefde vir 'n kind wat familie is.

'n Toelae of pensioen is in sommige gevalle die verwante pleegouer se hoofbron van inkomste. Hierdie situasie beaam Wilson en Chipungu (1996:389) se bevindings dat pleegouers meestal pensionarisse is wat finansieel sukkel om pleegkinders te versorg. Minkler (2003:207) stel dit soos volg: "For grandparents who become the primary caregivers for their grandchildren, the personal decision to care often has profound economic consequences. The high costs of caring, moreover, may be particularly pronounced in those communities where economic vulnerability is already a frequent fact of life."

Daar is aan die respondente gevra wat volgens hul mening die hooftaak van 'n pleegouer is. Die response kan soos volg weergegee word:

**Tabel 4: Hooftaak van die pleegouer**

| **Take van die pleegouer** | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Om die pleegkind te versorg | 3 | 30 |
| Om die pleegkind te dissiplineer | 2 | 20 |
| Om die pleegkind te beskerm | 4 | 40 |
| Om leiding aan die pleegkind te gee | 1 | 10 |
| N = | **10** | **100** |

Alhoewel al bogenoemde take belangrik is vir pleegouers, verskil pleegouers se mening rondom watter taak die belangrikste is. Elke situasie is uniek en volgens Kleynhans (2000:27) verskil die take van pleegouers afhangende van die pleegkind(ers) se behoeftes. Om 'n pleegouer te wees kan baie moeilik wees. Daar word van pleegouers verwag om die rol van ouers te vertolk, sonder al die regte van 'n ouer en met die wete dat die kind kan terugkeer na sy biologiese ouerhuis. Dit is uit die bogenoemde data duidelik dat die meeste pleegouers van mening is dat om die pleegkind te beskerm die belangrikste taak van 'n pleegouer is. Behalwe vir bogenoemde take van verwante pleegouers is daar volgens Kropf en Burnette (2003:363) ook 'n ander belangrike taak, naamlik "... their caregiving role serves an important kin-keeping function for their family and the larger society".

Daar is aan respondente gevra of daar al ooit 'n tydperk was wat hul gevoel het dat hul nie meer 'n pleegouer wil wees nie. Nie een van die tien respondente het al ooit gevoel dat hul nie meer 'n pleegouer wil wees nie. Die belangrikheid van hierdie feit is daarin geleë dat hierdie pleegouers nie sommer hulle pleegkinders sal afgee nie, behalwe as omstandighede hul noodsaak of as hul tot sterwe sou kom.

Daar is aan respondente gevra of hul van mening is dat verwante pleegouers voorbereiding en opleiding moet ontvang. Nege (90%) respondente was van mening dat voorbereiding en opleiding nodig is vir verwante pleegouers. Een (10%) respondent was van mening dat voorbereiding en opleiding nie nodig is nie. Daar is aan respondente gevra of hul opleiding ontvang het. Sewe (70%) respondente het genoem dat hul wel opleiding ontvang het. Drie (30%) respondente het nie opleiding ontvang nie. Daar is verder aan respondente gevra of die opleiding hulle gehelp het. Al sewe (70%) respondente het geantwoord dat dit hul baie gehelp het. Daar is verder aan die respondente gevra hoe die opleiding hul gehelp het. Die respondente het die volgende antwoorde gegee:

- "Het gehelp hoe om kinders te hanteer en te versorg."
- "Het gehelp om beter te verstaan en te kommunikeer."
- "Het geleer hoe om die toelaag te spandeer."
- "Het geleer om liefde te gee vir pleegkinders en leiding te gee."
- "Het gevolg wat geleer is en probeer dit toepas."
- "Het moed gegee om die kind te help. Baie geleer oor kinders."
- "Het baie gehelp, want ek het baie gesukkel."

Vanuit bogenoemde gegewens kan die afleiding gemaak word dat voorbereiding en opleiding van verwante pleegouers belangrik is. Triseliotis *et al.* (1995:71) noem die volgende voordeel van opleiding aan pleegouers: "When the foster carers are trained, prepared and supported following placement, success is more likely." Rhodes *et al.* (2001:88) noem ook die volgende voordeel: "Training and interaction with social workers increased foster parents' involvement."

**9. Verhouding tussen die pleegouer, pleegkind en biologiese ouers**

Daar is aan respondente gevra of hul enige probleme ervaar met hul pleegkinders. Twee (20%) respondente het geantwoord dat hul wel probleme ervaar met hul pleegkind(ers). Daar is gevra op watter terreine hul probleme ervaar met die pleegkind(ers). Twee (20%) respondente het genoem dat hul pleegkinders 'n slegte humeur het. Een (10%) respondent het ook genoem dat die pleegkind hoë eise stel. Edwards (1998:175) stel dit soos volg: "Many children in kinship care have been mistreated, which often results in psychological problems. Poverty, removal from parents, and mediocre treatment while in kinship care can be traumatic and bring about high levels of stress".

Die twee respondente wat wel probleme ervaar met hul pleegkinders, ontvang geen hulp met hul pleegkinders se gedrag nie en hul wil ook nie hulp ontvang nie. Hulle is van mening dat hul die gedrag nog kan hanteer en as hul dit nie meer kan hanteer nie, sal hul vir hulp vra.

'n Goeie verhouding tussen die pleegouer en pleegkind is belangrik. Die bindingsteorie ondersteun hierdie stelling. Zlotnick *et al.* (2000:103) stel dit soos volg: "Attachment theory suggests that children respond to their caregivers' treatment. The more supported children feel, the better their behaviors." Daar is aan respondente gevra wat die aard van hul verhouding met die pleegkind(ers) is. Die response kan soos volg weergegee word:

**Tabel 5: Verhouding tussen pleegouer en pleegkind**

| | F | % |
|---|---|---|
| Sleg | 0 | 0 |
| Gemiddeld | 2 | 20 |
| Goed | 8 | 80 |
| N = | **10** | **100** |

Uit die response is dit duidelik dat die meeste respondente voel dat hul 'n goeie verhouding met hul pleegkinders het. "It appears that the bond between grandparent and

grandchild may be a constructive substitute in situations in which the parent is unable to provide for the child." (Goodman & Silverstein, 2001:558.)

Daar is aan respondente gevra wat die aard van die verhouding tussen die biologiese ouers en die pleegkinders is. Die response was soos volg:

**Tabel 6: Verhouding tussen biologiese ouers en pleegkinders**

| | F | % |
|---|---|---|
| Geen verhouding | 5 | 50 |
| Sleg | 1 | 10 |
| Gemiddeld | 1 | 10 |
| Goed | 3 | 30 |
| N = | **10** | **100** |

Uit die response is dit duidelik dat vyf (50%) respondente voel dat daar geen verhouding tussen die biologiese ouers en die pleegkinders is of was nie. Dit kan moontlik verduidelik word, deurdat sewe (70%) respondente kinders in pleegsorg het, omdat die pleegkinders geen ouer of voog het nie. Dit dui egter daarop dat die verhouding tussen biologiese ouers en die pleegkinders reeds voor die plasing nie werklik bestaan het nie. Drie (30%) respondente het egter gevoel dat die verhouding tussen die biologiese ouers en die pleegkinders goed is of was. Kontak tussen biologiese ouers en pleegkinders kan positief wees en Swanepoel (1999:29) stel dit soos volg: "Contact helps the child and parents to be able to confront the reasons why the child and parents are able to confront the reasons why the child cannot live at home. Contact can free the child from worries and reassure him or her that he or she is not forgotten by the parents." Alhoewel dit gewens is dat pleegkinders gereeld kontak met biologiese ouers moet hê, is dit nie altyd moontlik nie. By verwante pleegsorgplasings is daar egter die voordeel dat pleegkinders by familie woon, waar die "... kin-keeping function..." (Kropf & Burnette, 2003:363) nog steeds vervul word.

Daar is aan respondente gevra hoe die res van die familie voel oor die feit dat hul 'n kind in pleegsorg het. Die response was soos volg:

**Tabel 7: Hoe ervaar die res van die familie die pleegsorgplasing**

| | F | % |
|---|---|---|
| Positief | 8 | 80 |
| Neutraal | 2 | 20 |
| Negatief | 0 | 0 |
| N = | **10** | **100** |

Dit is duidelik dat die meeste respondente voel dat die res van die familie positief voel oor die pleegsorgplasings is. Daar kan dus aanvaar word dat die respondente kan staatmaak op hul familie se ondersteuning. Daar is dus 'n sterk moontlikheid dat die families sal help met die versorging indien hierdie pleegsorgplasing nie meer kan voortgaan nie.

**10. Verhouding tussen die maatskaplike werker, pleegouer en pleegkind**

Daar is aan die respondente gevra wat hul vlak van tevredenheid is ten opsigte van die welsynsinstelling. Al tien respondente het geantwoord dat hul baie tevrede was met die instelling. Daar is verder aan respondente gevra of hul enige probleme ervaar het om saam met die maatskaplike werker te werk. Al tien respondente het geantwoord dat hul geen probleme gehad het om saam met die maatskaplike werker te werk nie. Al tien respondente het ook geantwoord dat hul wel alle probleme aan die maatskaplike werker rapporteer.

Daar is aan respondente gevra hoe gereeld die maatskaplike werker hul kontak. Die response was soos volg:

**Tabel 8 : Frekwensie van kontak**

| Frekwensie van kontak | F | % |
|---|---|---|
| Een keer per jaar | 7 | 70 |
| Een keer elke drie maande of soos nodig | 2 | 20 |
| Drie keer per jaar | 1 | 10 |
| N = | **10** | **100** |

Uit die response blyk dit dat die meeste respondente, naamlik sewe (70%), een keer per jaar deur die maatskaplike werker gekontak word. Hierdie gegewens korreleer goed met die maatskaplike werkers in die Noordwes-Provinsie se antwoord op die frekwensie van kontak. Ses (25%) respondente het genoem dat hul pleegouers een keer per jaar kontak. Die doeltreffendheid van toesigdienste en ondersteuning aan pleegouers kan egter bevraagteken word as kontak slegs een keer per jaar geskied. Die belangrikste vraag is egter of die pleegouers tevrede is met die frekwensie van die kontak. In hierdie ondersoek het dit na vore gekom dat ses (60%) respondente tevrede was met die frekwensie van kontak, maar vier (40%) respondente was ontevrede met die frekwensie van kontak. In die studie van Mason en Linsk (2002:554) het dit ook na vore gekom dat verwante pleegouers "... reflected some need for a more adequate response from their caseworker or the system".

Die vier (40%) respondente wat geantwoord het dat hul meer kontak sou verlang, het die volgende motiverings gegee vir meer kontak:

- "Sal daarvan hou om meer groepbyeenkomste by te woon."
- "As dit moontlik is, sal dit goed wees om hul meer te sien."
- "Sal daarvan hou om maatskaplike werker te spreek wanneer probleme ontstaan."
- "Wil probleme bespreek."

Alhoewel dit verstaanbaar is dat respondente probleme met die maatskaplike werker sal wil bespreek, is dit nie net die maatskaplike werker se verantwoordelikheid nie. Wanneer probleme ervaar word met die pleegsorgplasing is dit die pleegouer se verantwoordelikheid om dit by die maatskaplike werker aan te meld. Uit vorige response is dit

duidelik dat probleme nie altyd aangemeld word nie. Twee (20%) respondente het gemeld dat hul probleme ervaar met die pleegkinders en dat hul dit nie aangemeld het nie.

Daar is aan die respondente gevra met watter aspekte die maatskaplike werker hul wel mee gehelp het. Die response was soos volg:

**Tabel 9: Aspekte waarmee die maatskaplike werker gehelp het**

| **Aspekte** | **Ja** | | **Nee** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **F** | **%** | **F** | **%** | | |
| Voorbereiding op pleegsorg | 8 | 80 | 2 | 20 | **10** | **100** |
| Die hofprosedure | 9 | 90 | 1 | 10 | **10** | **100** |
| Aansoek om die pleegouertoelaag | 8 | 80 | 2 | 20 | **10** | **100** |
| Terapie | 2 | 20 | 8 | 80 | **10** | **100** |
| Voedselhulp | 1 | 10 | 9 | 90 | **10** | **100** |

Dit is duidelik uit die response dat die aspekte waarmee die meeste pleegouers hulp ontvang het van die maatskaplike werker, die hofprosedure (nege response – 90%), voorbereiding op pleegsorg (agt response – 80%) en aansoek om die pleegouertoelaag (agt response – 80%) was. "The role of the child's social worker includes support, advice and assistance to the foster parent, in relation to that child." (Triseliotis *et al.*, 1995:83.) Wat egter kommerwekkend is, is die feit dat slegs twee (20%) respondente terapie ontvang het. Goodman en Silverstein (2001:559) is van mening dat: "In general there is evidence that caregiving grandparents, in spite of expressed gratification with the role, are at risk for stresses that may result in the impairment of physical and psychological well-being."

**11. Die behoeftes van die pleegouers**

Daar is aan die respondente gevra wat hul dink pleegsorg behels. Die response was soos volg:

- "Om die kind groot te maak as deel van die huishouding."

- "Die doel is om die kinders na die beste te versorg."
- "Pleegsorg is om te help om die kind groot te maak."
- "Pleegsorg is om alles in jou vermoë te doen om die kind goed te laat lewe."
- "Pleegsorg is om te sorg vir kinders wat nie ouers het nie."
- "Om kinders wat nie ouers het nie, te help versorg."
- "Is om die kinders op te pas."
- "Wanneer jy 'n kind aanneem wat nie ouers het nie. Gee liefde en versorging vir kind. Sorg dat skoolbywoning goed is."
- "Dit is 'n ouer wat 'n kind kry wat nie 'n ouer het nie en hom versorg."
- "Is om 'n kind op te pas."

Dit blyk duidelik dat die meeste respondente 'n goeie idee het wat pleegsorg behels. Al tien respondente voel positief oor pleegsorg.

Daar is aan respondente gevra of hul enige hulp wil ontvang om die pleegsorgproses beter te verstaan en om 'n beter pleegouer te wees. Al tien respondente het geantwoord dat hul hulp wil ontvang om die pleegsorgproses beter te verstaan en om te leer hoe om 'n beter pleegouer te wees.

Daar is aan die respondente gevra met watter aspekte hul hulp sou wou ontvang. Die response was soos volg:

**Tabel 10: Aspekte waarmee pleegouers hulp sou wou ontvang**

| **Aspekte** | **Ja** | | **Nee** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **F** | **%** | **F** | **%** | | |
| Om die wetlike aspekte van pleegsorg te verstaan. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om die ontwikkelingsfases van kinders beter te verstaan. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om die behoeftes van kinders beter te verstaan. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |

| Aspekte | Ja | | Nee | | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | F | % | F | % | | |
| Om u behoeftes as ouers beter te verstaan en om uiting daaraan te gee. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om die ouer-kindverhouding beter te verstaan en om leiding te ontvang om hierdie verhouding te verbeter. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om u ouerskapsvaardighede te verbeter. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om leiding te ontvang ten opsigte van die dissiplinering van die pleegkind. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om u kommunikasievaardighede te verbeter. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om u konflikhanteringsvaardighede te verbeter. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om u selfbeeld te verbeter. | 9 | 90 | 1 | 10 | **10** | **100** |
| Om te verstaan waarom mense van mekaar verskil. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om die rol van die maatskaplike werker beter te verstaan. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om die rol van toesigdienste beter te verstaan. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |
| Om die kontak met biologiese ouers beter te verstaan en hoe om dit te hanteer. | 5 | 50 | 5 | 50 | **10** | **100** |
| Hoe om die pleegouertoelaag te hanteer. | 9 | 90 | 1 | 10 | **10** | **100** |
| Om die dood van 'n geliefde te verwerk. | 8 | 80 | 2 | 20 | **10** | **100** |
| Kennis oor vigs. | 10 | 100 | 0 | 0 | **10** | **100** |

In die vraelys aan die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) is oplossingsvaardighede ook genoem, maar vanuit die voorondersoek met verwante pleegouers het dit geblyk dat die begrip te abstrak is en dat hulle dit nie verstaan nie. Aangesien 20 (83,33%) van die respondente in die vraelys aan die maatskaplike werkers van mening was dat oplossingsvaardighede 'n belangrike onderwerp is, sal dit bygewerk word by ander onderwerpe (sien artikel 1: Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings).

Vanuit die voorondersoek met verwante pleegouers het daar ook twee onderwerpe na vore gekom en dit is daarom ingesluit by die skedule aan die verwante pleegouers, naamlik:

- Om die dood van 'n geliefde te verwerk.
- Kennis oor vigs.

Al tien respondente wou al die onderwerpe bespreek, behalwe vir vier onderwerpe wat nie deur al die respondente geïdentifiseer is nie. Die vier onderwerpe was die volgende:

- Om u selfbeeld te verbeter (nege response – 90%).
- Om die kontak met biologiese ouers beter te verstaan en hoe om dit te hanteer (vyf response – 50%).
- Hoe om die pleegouertoelaag te hanteer (nege response – 90%).
- Om die dood van 'n geliefde te verwerk (agt response – 80%).

Om 'n goeie pleegouer vir pleegkinders te wees, vereis baie meer as verbintenis tot die taak. Triseliotis *et al.* (1995:46) stel dit soos volg: "... it also requires knowledge and skills. Knowledge and skills, combined with commitment, are more likely to lead to carers being successful, and hence finding the task rewarding."

**12. Gevolgtrekkings**

Op grond van die voorafgaande **bevindings** word daar tot die volgende **gevolgtrekkings** gekom:

- Die respondente in hierdie ondersoek was almal vroulik en grootmoeders van die pleegkinders. Die meeste respondente is reeds in hoë ouderdomsgroepe. Die kanse is dus goed dat pleegkinders van pleegouers kan verwissel.
- Die aantal pleegkinders wat in die pleegouers se sorg is, wissel van tussen een en vier pleegkinders. Dit kan dit finansieel moeilik maak vir die pleegouers.
- Die respondente dra kennis van die redes waarom pleegkinders in hul sorg is en die meeste van die plasings is permanent van aard omdat biologiese ouers oorlede of onopspoorbaar is.
- Die motief vir pleegouerskap by respondente is meestal liefde vir die kind, wat 'n belangrike en aanvaarbare motief is.
- Die pleegouertoelaag speel 'n groot rol by 'n groot persentasie van die pleegouers, omdat dit hul inkomste aanvul sodat voldoende versorging aan pleegkinders gebied kan word.
- Die belangrikste taak van 'n pleegouer is volgens die respondente om die pleegkind te beskerm.
- Alhoewel daar soms probleme ervaar word, was daar nog nie 'n tydperk dat die pleegouers gevoel het hul wil nie meer pleegouers wees nie.
- Die respondente voel dat pleegouers voorberei en opgelei moet word vir hul rol as pleegouers. Die meeste respondente in hierdie ondersoek het wel opleiding ontvang wat hulle baie gehelp het.
- Uit die ondersoek het dit geblyk dat die pleegouers min probleme ervaar met die pleegkinders. Die respondente wat wel probleme ervaar, kry nie hulp vir die probleme nie, en hul soek ook nie hulp nie, omdat hul voel dat hul dit self kan hanteer.
- Die verhouding tussen die pleegouers en pleegkinders in hierdie ondersoek is goed volgens die respondente.
- Waar die biologiese ouers wel nog leef, is die verhouding tussen die pleegkind en die biologiese ouers oor die algemeen goed. Daar is egter gevalle waar daar ook geen verhouding is of was tussen die biologiese ouers en pleegkinders nie.
- Die respondente rapporteer dat die res van die familie positief voel oor die pleegsorgplasings.

- Die respondente in hierdie ondersoek voel positief oor die instelling en die maatskaplike werker van wie hul dienste ontvang.
- Uit die ondersoek het dit na vore gekom dat die meeste pleegouers slegs een keer per jaar deur die maatskaplike werker gekontak word. Alhoewel een kontakgeleentheid per jaar beslis nie as die ideaal beskou kan word nie, is die meeste respondente van mening dat hierdie kontak voldoende is. Daar is egter respondente wat voel dat meer kontak met die maatskaplike werker nodig is.
- Uit die respons van die pleegouers kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat maatskaplike werkers beslis nie al die behoeftes wat verwante pleegouers ervaar, aanspreek nie.
- Uit die ondersoek het dit na vore gekom dat die meeste respondente 'n goeie idee het waaroor pleegsorg handel en die respondente positief oor pleegsorg voel. Al die respondente het egter gerapporteer dat hul hulp wil ontvang om die pleegsorgproses beter te verstaan en wil leer hoe om 'n beter pleegouer te wees.

**13. Aanbevelings**

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **gevolgtrekkings** word die volgende **aanbevelings** gemaak:

- Hierdie ondersoek kan verder uitgebrei word deurdat die behoeftes van meer verwante pleegouers ondersoek word.
- Instellings behoort deurgaans vas te stel wat pleegouers se behoeftes is voordat hulpverlening en programme aangebied word. Maatskaplike werkers spreek beslis nie al die behoeftes van pleegouers en pleegkinders aan nie.
- Die moontlikheid om vrywilligers op te lei om maatskaplike werkers by te staan deur behoeftebepalings by pleegouers en pleegkinders te doen, moet ondersoek word.
- Die moontlikheid om meer maatskaplike hulpwerkers aan te stel en op te lei om spesifiek dienste te lewer aan pleeggesinne moet ondersoek word.
- Die rol van ondersteuningsnetwerke by verwante pleegouers kan verder ondersoek word.

- Een van die onderwerpe wat respondente wil bespreek, is die wetlike aspekte van pleegsorg. Die nuwe Kinderwet wat in 2008 in werking tree se implikasies vir verwante pleegouers moet ondersoek word en deeglik met pleegouers bespreek word.
- Meer maatskaplike werkers moet aangestel word indien gehalte-dienslewering aan pleegouers en pleegkinders gelewer wil word. Tans word nie deurgaans gehalte-dienste aan pleegouers gelewer nie.
- Onderwerpe wat geïdentifiseer is deur die respondente wat moontlik in 'n program ingesluit kan word, is die volgende:
    - Wetlike aspekte van pleegsorg.
    - Ontwikkelingsfases van kinders.
    - Behoeftes van kinders.
    - Behoeftes van pleegouers.
    - Ouer-kindverhouding.
    - Ouerskapsvaardighede.
    - Dissiplinering van die pleegkind.
    - Kommunikasievaardighede.
    - Konflikhanteringsvaardighede.
    - Selfbeeld.
    - Temperamentsverskille.
    - Die rol van die maatskaplike werker.
    - Die rol van toesigdienste.
    - Kontak met biologiese ouers.
    - Die pleegouertoelaag.
    - Om die dood van 'n geliefde te verwerk.
    - Kennis oor vigs.

Aandag moet dus geskenk word aan hierdie onderwerpe wanneer die maatskaplike groepwerkintervensieprogram ontwikkel word.

**14. Samevatting**

Op grond van die voorafgaande bevindings en besprekings is dit duidelik dat verwante pleegouers bepaalde behoeftes het wat aangespreek kan word deur 'n program met bepaalde onderwerpe wat deur die pleegouers geïdentifiseer is. Deur op hierdie onderwerpe te fokus in die dienslewering, soos maatskaplike groepwerk, kan hierdie behoeftes wel aangespreek word.

**15. Bronnelys**

BARKER, R.L. 1997. The social work dictionary. Washington: NASW Press.

BURMAN, S. 1996. Intergenerational family care: Legacy of the past, implications for the future. *Southern African Studies*, 22(4):585-595.

COLLINS, K.J. 1990. Social work research. (*In* McKendrick, B., red. Introduction to social work in South Africa. Pretoria: HAUM. p. 250-286.)

DEPARTMENT OF WELFARE AND POPULATION DEVELOPMENT ***kyk*** SOUTH AFRICA. DEPARTMENT OF WELFARE AND POPULATION.

EDWARDS, O.W. 1998. Helping grandkin-grandchildren raised by grandparents: Expanding psychology in schools. *Psychology in the Schools*, 25(2): 173-181.

GILLWALD, C. 2002. Workshop for the Commissioners of Child Welfare. [Web:] http://www.doj.gov.za/speech/6march2002.htm [Datum van gebruik: 2006/06/13].

GLEESON, J.P. 1995. Kinship care and public child welfare: challenges and opportunities for social work education. *Journal of social work education*, 31(2):182-193.

GLEESON, J.P., O'DONNELL, J & BONECUTTER, F.J. 1997. Understanding the complexity of practice in kinship foster care. *Child welfare*, 76(6):801-826.

GOODMAN, C.C. & SILVERSTEIN, M. 2001. Grandmothers who parent their grandchildren: An exploratory study of close relations across three generations. *Journal of family issues*, 22(5):557-578.

GRINNELL, R.M. 1993. Social work research and evaluation. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

GROGAN-KAYLOR, A. 2000. Who goes into kinship care. The relationship of child and family characteristics to placements into kinship foster care. *Social work research*, 24(3):132-141.

HEGAR, R.L. 1993. Assessing attachment, permanence and kinship in choosing permanent homes. *Child Welfare*, 72(4):367-378.

INGRAM, C. 1996. Kinship care: from last resort to first choice. *Child Welfare*, 75(5):550-566.

KLEYNHANS, J. 2000. Maatskaplikewerkriglyne vir die versorging van die pleegkind met HIV/VIGS. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M.A. Verhandeling in Maatskaplike werk – spelterapie).

KROPF, N.P. & BURNETTE, D. 2003. Grandparents as family caregivers: lessons for intergenerational education. *Educational Gerontology*, 29:361-372.

MASON, S. & LINSK, N. 2002. Relative foster parents of HIV-Affected Children. *Child Welfare*, 81(4):541-569, Jul/Aug.

MINKLER, M. 2003. Intergenerational households headed by grandparents: contexts, realities, and implications for policy. *Journal for Aging Studies*, 13(2):199-219, Summer.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

O'BRIEN, P., MASSAT, C.R, & GLEESON, J.P. 2001. Upping the Ante: relative caregivers' perceptions of changes in child welfare policies. *Child welfare*, 80(6):719-748.

RHODES, K.W., ORME, J.G. & MCSURDY, M. 2003. Foster parents' role performance responsibilities: perceptions of foster mothers, fathers and workers. *Children and youth service review*, 25(12):935-964.

SCANNAPIECO, M. & HEGAR, R.L. 1996. A nontraditional assessment framework for formal kinship homes. *Child Welfare*, 75(5):567 – 582.

SCHÖNTEICH, M. 2000. Age and AIDS: South Africa's time bomb. [Web:] http://www.ydn.org.za/publications/journal/tenup/three/age.html [Datum van gebruik: 2006/06/13].

SOUTH AFRICA. DEPARTMENT OF WELFARE AND POPULATION. 1997. White Paper for Social Welfare. Pretoria: Government Printers.

STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.56-70.)

SUID-AFRIKA. 1983. Wet op Kindersorg, no. 74 van 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1977. Strafproseswet, no. 51 van 1977. Pretoria: Staatsdrukker.

SWANEPOEL, J.M. 1999. Experiences of kinship foster parents. Rhodes University. (Thesis - Master of Social Sciences – Social work)

TRISELIOTIS, J., SELLICK, C. & SHORT, R. 1995. Foster care: theory and practice. London: Redwood books.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

WESSELS, C.C. 1996. Die doeltreffendheid van huweliksverreiking: 'n verkennende maatskaplikewerk ondersoek. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A. Verhandeling).

WILSON, D.B. & CHIPUNGU, S.S. 1996. Introduction. *Child welfare*, 75(5):387-395, Sep/Oct.

WORRALL, J. 2001. Kinship care of the abused child: the New Zealand experience. *Child Welfare*, 80(5):497-511.

ZLOTNICK, C., WRIGHT, M.A., COX, K., TE'O, I. & STEWART-FELIX, P. 2000. The family Empowerment Club: Parent Support and Education for Related Caregivers. *Child and Youth Care Forum*, 29(2):97-112, Apr.

# ARTIKEL 3

# 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers

J DELPORT (PhD-KANDIDAAT IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA) &
A A ROUX (SENIOR LEKTOR IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA)

Abstract

The purpose of this article is to develop an extensive social group work intervention programme for kinship carers, through which their social functioning can be enhanced. Interview schedules were completed with ten (N=10) kinship carers and 24 (N=24) social workers in the North-West province. These findings, together with consultations and literature studies, resulted in the development of the mentioned programme. This programme was presented to nine (N=9) kinship carers. Social group work as a method was used to present this programme to kinship carers.

## 1. Inleiding

In hierdie artikel word aandag geskenk aan 'n maatskaplike groepwerkintervensie–program vir verwante pleegouers deur te fokus op die groepwerkproses. Hierdie program is deur die navorser ontwikkel op grond van die geïdentifiseerde behoeftes van die kliëntegroep. Benewens dié program skenk die artikel aandag aan die spesiale oorwegings vir maatskaplike groepwerkdienste met verwante pleegouers. Die doelwitte

van hierdie artikel is (a) om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel watter rol maatskaplike groepwerk ten opsigte van hulpverlening aan verwante pleegouers speel, en (b) om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram te ontwikkel wat deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek daarop gerig is om die maatskaplike funksionering van verwante pleegouers te verbeter.

## 2. Probleemstelling

Scannapieco *et al.* (1997:482) is van mening dat dienslewering beter is by nie-verwante pleegsorgplasings as by verwante pleegsorgplasings. Bilaver *et al.* (1999:414) sluit hierby aan en is van mening dat die rede hiervoor die volgende is: "...they do not enter the 'formal' foster care system with its more rigorous screening ...". Gleeson *et al.* (1997:803) is egter van mening dat dit juis verwante pleegouers en pleegkinders is wat meer dienste benodig en stel dit soos volg: "... service needs may be even greater for children in kinship care than for those in the care of nonrelatives, since kinship caregivers tend to be older, have fewer financial resources and have more health problems than nonrelatives foster parents". Dit is die mening van die ondersoeker dat verwante pleegouers nie noodwendig minder dienste ontvang nie, maar eerder dat die keuringsprosedure minder streng is as by nie-verwante pleegsorgplasings. Die gevalleladings van maatskaplike werkers in Suid-Afrika moet ook in ag geneem word en daarom kan maatskaplike groepwerkdienste met sukses gebruik word om aan meer kliënte dienste te lewer.

Intervensie (ingryping) word deur die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:31) soos volg omskryf: "Professionele handelinge van 'n MAATSKAPLIKE WERKER om verandering in die persoon-omgewing-situasie te bewerkstellig ter bereiking van die doelwitte van die samewerkingsooreenkoms (kontrak) wat met die KLIËNT aangegaan is".

Volgens Northen (1995:138) bestaan intervensie uit: "... using a series of skills or techniques to help clients achieve their goals related to the enhancement of their psychosocial functioning".

O'Conner *et al.* (2006:137-138) is van mening dat daar verskillende strategieë bestaan by intervensie, onder andere groepwerk en die probleemoplossingsproses, met die doel om interaksie tussen mense onderling en hul omgewing te bewerkstellig. Die groepwerk-intervensieproses bestaan volgens Kruger en Pieterse (2004:402) uit die volgende: (a) die definiëring van die kliëntgroep se probleme en behoeftes, (b) doelformulering, (c) beplanning van aktiwiteite om die doel te bereik, (d) die implementering van die beplanning en (e) die evaluasie van die kliënte se response. Volgens Anderson (1997:39) is die waarde van maatskaplike groepwerk daarin geleë dat dit persone kan bemagtig sodat hulle maatskaplik doeltreffend kan funksioneer. Dit sluit ook alle individue in wat deur pleegsorgplasings geraak word.

In die maatskaplike groepwerksituasie bevind die pleegouer hom of haar in 'n groep saam met andere wat dieselfde probleme ervaar. Die groepsituasie skep 'n veilige omgewing waarbinne hulle hul belewings, angs en gevoelens teenoor mekaar kan blootlê. In die ondersteunende klimaat van die groep kan die groeplede openlik praat oor hul gevoelens (Roux, 1998:6-7; Toseland & Rivas, 2005:18). Strozier *et al.* (2004:652) onderskryf hierdie siening en stel dit soos volg: "... that group interventions combining support and education are highly effective in improving social support for caregivers who feel overwhelmed by their responsibilities".

In die lig van die voorgenoemde, is daar besluit om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers te ontwikkel. Hierdie program is ontwikkel op grond van die behoeftes van verwante pleegouers (N=10) wat deur middel van 'n toevallige steekproef betrek is en die menings van maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) wat deur middel van 'n nie-ewekansige steekproef betrek is. Verder is 'n literatuurstudie onderneem om die program te ontwikkel en te fokus op die groepwerkproses.

### 3. Navorsingsmetodologie

'n Enkelstelselprosedure, ooreenkomstig 'n verklarende navorsingsontwerp, is onderneem met nege (N=9) verwante pleegouers. Die volgende kriteria is gebruik vir die insluiting van potensiële deelnemers:

- Slegs persone wat verwante pleegouers is, is ingesluit.
- Slegs kliënte van die Kinder- en Gesinsorgvereniging (Potchefstroom) is ingesluit.
- Slegs verwante pleegouers wat wou deelneem is ingesluit.

Die onderhawige program is aangebied vir nege (N=9) verwante pleegouers. Dit is egter nie die doel van hierdie artikel om die program te evalueer nie, maar eerder die inhoud daarvan te bespreek. By die bespreking van die inhoud van die program sal daar telkens aandag geskenk word aan die groeplede se ervaring van elke byeenkoms. Die evaluering van die groepbyeenkomste sal bespreek word in artikel vier van hierdie ondersoek.

### 4. Maatskaplike groepwerkdienste vir verwante pleegouers

Maatskaplike groepwerk is 'n metode van maatskaplike werk wat deur 'n opgeleide en geregistreerde maatskaplike werker gedoen word. Die doelstellings van maatskaplike groepwerk sluit aan by die doelstelling van maatskaplike werk, naamlik die doeltreffende maatskaplike funksionering van die individu. By maatskaplike groepwerk is die fokus van die maatskaplike werker nie alleen op die groep in sy geheel nie, maar ook op elke individu in die groep, op die omgewing van die groeplede, die instelling en die gemeenskap in die algemeen gerig. Maatskaplike groepwerk is 'n metode waardeur die maatskaplike werker volgens die proses, doelstellings en beginsels van maatskaplike werk, die individu tot doeltreffende maatskaplike funksionering lei. Die doelstellings wat vir die groep en die individu gestel word, word bereik deur die suksesvolle benutting van programmedia, hulpmiddels en vaardighede (Du Preez, 1995:5; Roux, 1998:2).

#### 4.1 Die voordele van maatskaplike groepwerk vir verwante pleegouers

Daar is verskeie voordele verbonde aan maatskaplike groepwerk, maar vir die doel van hierdie studie word daar volstaan by die volgende:

- Groeplede voel meer geborge in die groep, omdat hulle besef dat hulle 'n gemeenskaplike probleem deel. As gevolg van hierdie geborgenheid deel die groeplede ook meer geredelik hul gevoelens met ander groeplede en met die maatskaplike werker (Toseland & Rivas, 2005:18; Corey & Corey, 2002:244; Ross & Deverell, 2004:272). Al die groeplede in hierdie studie is verwante pleegouers wat in dieselfde gemeenskap woon.
- Die groep dien ook as 'n geleentheid tot sosialisering, deurdat groeplede waarneem hoe ander groeplede die probleem hanteer, beïnvloed dit hul positief om hul probleme ook só op te los (Toseland & Rivas, 2005:18; Du Preez, 1995:53). Die groeplede in hierdie studie ontmoet ander verwante pleegouers in hulle gemeenskap.
- Die groeplede besef dat hulle 'n gemeenskaplike probleem deel en hulle ondersteun mekaar om die wesenlike verandering teweeg te bring (Toseland & Rivas, 2005:18; Ross & Deverell, 2004:272). Die groeplede wat almal verwante pleegouers is kan as ondersteuningsnetwerk vir mekaar dien.
- Omdat daar verskeie groeplede in die groep is en elkeen sy eie siening rondom 'n probleem het, kan terugvoering van lede en ook die maatskaplike werker die groeplid help om sy probleem in 'n ander lig te sien (Corey & Corey, 2002:49). Van die groeplede is langer pleegouers en hulle kan hul ervarings met groeplede deel wat nog nie baie ervaring het met pleegsorg nie.

### 4.2 Die nadele van maatskaplike groepwerk vir verwante pleegouers

Brandler en Roman (1999:208-211) noem dat dit normaal is in die verloop van 'n groep se lewe om probleme te ervaar. Hierdie probleme word as nadele geklassifiseer. Hierdie probleme kan maklik opgelos word indien die maatskaplike werker dit verwag en bedag is op die tekens van die verwagte probleme. Vir die doel van hierdie ondersoek word daar volstaan by die volgende nadele:

- Groepe kan konformering van groeplede aanmoedig en mense kan te afhanklik raak van die groep (Toseland & Rivas, 2005:18; Corey & Corey, 2002:247-248). Groeplede wat bestaan uit verwante pleegouers kan weerstand toon teen die terminering van die groepbyeenkomste.

- Omdat groeplede baie persoonlike inligting van hulself met die groep deel, kan die beginsel van vertroulikheid geskaad word (Toseland & Rivas, 2005:18). Daarom het elke groeplid 'n instemmingsvorm onderteken en daar is ook 'n kontrak aangegaan dat groeplede nie mag bespreek wat in die groep bespreek word nie.
- Sommige mense is nie geskik vir groepwerk nie, byvoorbeeld baie private mense wat nie gemaklik voel om persoonlike inligting te deel nie, asook mense wat nie goed kan kommunikeer nie (Toseland & Rivas, 2005:19). Daar is tydens voorbereiding van groeplede gevra of hul bereid is om deel van 'n groep te wees. Persone wat nie bereid was om deel te neem nie, is uitgesluit.

### 4.3 Die maatskaplike groepwerkproses

In maatskaplike groepwerk is daar nie slegs sprake van 'n groep bestaande uit individue nie, maar wel deeglik ook van onderlinge verhoudings en wedersydse wisselwerking, waardeur groeplede mekaar beïnvloed en wat gedurig in 'n staat van verandering verkeer. Die totaliteit van die dinamiese gebeure waardeur groeplede met mekaar in interaksie verkeer en wat groei en verandering by groeplede stimuleer, staan bekend as die groepwerkproses (Du Preez, 1995:131).

Outeurs soos Du Preez (1995:154-162), Toseland en Rivas (2005:4), Jacobs *et al.* (2002:29), Corey en Corey (2002:94-277) en O'Conner *et al.* (2006:113-115) onderskei verskillende fases in die groepwerkproses. Vir die doel van hierdie ondersoek word daar volstaan by die indeling van Du Preez (1995:156-162) en Corey en Corey (2002:94-277) wat soos volg skematies voorgestel kan word, saam met die take wat volgens die ondersoeker die belangrikste take in elke fase is. Daarna word die proses slegs oorhoofs bespreek.

**Skematiese voorstelling 1: Die maatskaplike groepwerkproses**

| Fases in die groepwerkproses | Belangrikste take binne die fase |
|---|---|
| Voorbereidingsfase | Behoeftebepaling<br>Voorbereiding van die groeplede<br>Funksionele en emosionele voorbereiding |
| Aanvangsfase | Kontraktering |
| Toetredingsfase | Aanvaar verantwoordelikheid vir die uitkoms van hulpverlening |
| Benuttingsfase | Aktiewe benutting van hulpverlening |
| Afsluitingsfase | Evaluering<br>Hantering van terminering |

- **Voorbereidingsfase**

Voordat 'n groep enigsins aangebied kan word, moet daar 'n behoeftebepaling gedoen word om vas te stel of daar 'n behoefte bestaan vir 'n groep. In hierdie ondersoek is daar deur middel van 'n vraelys vasgestel of maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) 'n behoefte het aan 'n vasgestelde program vir verwante pleegouers. Verder is die behoeftes van tien verwante pleegouers (N=10) vasgestel deur middel van 'n skedule. Daar is vasgestel dat daar wel 'n behoefte bestaan vir 'n groepwerkprogram vir verwante pleegouers.

Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker telkens voorberei vir dienslewering aan kliënte, selfs verwante pleegouers. Voorbereiding geskied op twee vlakke, naamlik funksioneel en emosioneel. Funksionele voorbereiding behels die bestudering van moontlike groeplede se lêers en die bestudering van toepaslike literatuur. Groepwerk-administrasie behels onder andere die samestelling van die groep en die duur en frekwensie van groepbyeenkomste. Emosionele voorbereiding van die maatskaplike werker behels introspeksie sodat groeplede met respek en empatie behandel kan word (Geyer, 2006:93).

Groeplede kan óf voor die groepbyeenkomste individueel óf tydens die eerste byeenkoms as 'n groep voorberei word (Corey & Corey, 2002:110). In hierdie ondersoek is lede individueel voorberei vir die groepbyeenkomste en ook in die groep tydens die eerste byeenkoms. Die voorbereiding van die groeplede hang nou saam met die motivering om groepbyeenkomste by te woon en om betrokke te raak by die groepwerkprogram (Roux, 2002:180).

- **Aanvangsfase**

Die maatskaplike werker behoort te besef dat sy nie kliënte (ook verwante pleegouers) se probleme kan oplos nie. Kliënte kan bloot gefasiliteer word om hulself te help. Die aanvang van hulpverlening is daarop gemik om groeplede tot insig te lei in hul behoefte aan hulp en hoe hulle deur middel van maatskaplike groepwerk gehelp kan word om hul probleme op te los (Du Preez, 1995:158). Teen hierdie agtergrond is dit verkieslik dat daar 'n kontrak gesluit word tussen die maatskaplike werker en die kliënt, in hierdie geval met verwante pleegouers. Binne maatskaplike groepwerk behels die kontrak onder andere die uiteensetting van die doelstellings, duur van die groepwerkprogram, metodes van meting en huishoudelike reëls (Corey & Corey, 2002:138).

In hierdie ondersoek is daar twee kontrakte met die nege (N=9) deelnemers gesluit, naamlik 'n ingeligte instemmings-vorm (sien **bylaag E**) waarmee deelnemers toestemming verleen het om deel te neem aan die navorsing en 'n kontrak (sien **bylaag L5**) wat tydens die eerste groepbyeekoms met groeplede gesluit is.

- **Toetredingsfase**

Die verwante pleegouers begin in hierdie fase verstaan watter veranderings hulle moet aanbring en, die belangrikste, dat hulleself die verandering teweeg moet bring. Dit kan moeilik wees om hierdie insig by groeplede te bewerkstellig (Du Preez, 1995:158).

Tydens elke groepbyeenkoms moes elke verwante pleegouer in die groep en die maatskaplike werker sy eie verantwoordelikheid insien en aanvaar. Die maatskaplike werker het die meeste verantwoordelikhede gehad ten opsigte van die uitkoms van die hulpver-

lening. Groeplede moes egter besef dat die groep aan hulle 'n geleentheid bied en dat hul aan mekaar hulp verskuldig is. Die verwante pleegouers wat in hierdie ondersoek die groeplede was, was duidelik bewus van hul verantwoordelikhede en hul betrokkenheid by die hulpverlening.

- **Benuttingsfase**

Die kern van die benuttingsfase is egter daarin geleë dat die hulpverlening aktief benut word. Hulpverlening kan en behoort tydens hierdie fase 'n hoogtepunt te bereik. Die bereiking van sodanige hoogtepunt is egter slegs moontlik indien die groeplede na die hantering van 'n sekere aantal sake, die bereidwilligheid ontwikkel het om werklike veranderinge in hul lewensituasies aan te bring (Du Preez, 1995:160; Corey & Corey, 2002:218-219).

In hierdie studie het verwante pleegouers wat in die groep was, te kenne gegee dat hulle die vaardighede wat hul aangeleer het in hul daaglikse lewensituasies begin toepas het.

❖ **Afsluitingsfase**

Evaluering is 'n belangrike komponent van die afsluitingsfase. Dit help om vas te stel of hulpverlening geslaagd was of nie (Du Preez, 1995:161; Corey & Corey, 2002:261-262). In hierdie ondersoek is daar van 'n selfgestruktureerde evalueringsvorm (sien **bylaag M**), asook van 'n onderhoudskedule (sien **bylae N en O**) gebruik gemaak. Groeplede kan egter weerstand toon teenoor afsluiting en terminering van groepwerkdienste. Weerstand behoort met empatie hanteer te word en 'n realistiese toekomsverwagting moet geskep word. In hierdie ondersoek het die verwante pleegouers in die groep weerstand gebied teen terminering. Die navorser het hul egter daaraan herinner dat hul vaardighede aangeleer het wat hul kan toepas. Verder is daar klem gelê op die ondersteuningsnetwerk wat groeplede vir mekaar kan wees. Verder het elke groeplid 'n sertifikaat ontvang om by hul 'n gevoel van bemeestering te laat ervaar (Geyer, 2006:95).

**5. Aanbieding van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

In die onderhawige paragrawe word die doelstellings, doelwitte en programinhoud van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram wat vir verwante pleegouers (N=9) aangebied is, aangetoon. Die programaanbieding het twee keer per week plaasgevind vir tussen 90 en 120 minute per geleentheid, oor 12 byeenkomste vanaf 19 September 2006 tot 3 November 2006.

Die onderwerpe wat gekies is, is geïdentifiseer deur:

- Verwante pleegouers (N=10) met behulp van 'n skedule (sien **bylaag B**) om hul behoeftes te bepaal.
- Maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) met behulp van 'n vraelys (sien **bylaag A**) om vas te stel wat volgens hul mening ingesluit behoort te word.

Hierdie onderwerpe is verder vanuit die literatuur gestaaf in veral Triseliotis *et al.* (1995:46-47) en 'n program wat deur die Ondersteuningsraad (2000) gebruik word vir die opleiding van Plek van veiligheidouers en pleegouers (nie noodwendig verwante pleegouers nie).

In die beplanning van die programaktiwiteite het die navorser van verskeie outeurs se kennis gebruik gemaak. Die bronne wat hoofsaaklik benut is, was die publikasies van Cilliers (1988), Collins (2005), Die Ondersteuningsraad (2000), Jackson (2006), Louw *et al.* (1998), Mol (1981) en Van Staden (1988).

Al die publikasies was Suid-Afrikaanse bronne en kon met die nodige aanpassing vir die samestelling van die verskillende programaktiwiteite gebruik word. Aanpassings is gemaak omdat gepubliseerde programaktiwiteite hoofsaaklik ontwikkel is vir geletterde (geskoolde) persone. Die groeplede in die navorsing was hoofsaaklik ongeletterde persone wat uit 'n sub-ekonomiese kleurlinggemeenskap afkomstig is.

Elke byeenkoms is soos versoek deur die groeplede geopen met 'n Bybelse dagstukkie en gebed. Van die lede het vrywillig per geleentheid met gebed geopen. Godsdiens speel vir hierdie persone 'n belangrike rol in hul lewe. Elke byeenkoms is afgesluit met die evaluering van die byeenkoms deur middel van 'n selfopgestelde evalueringsvraelys.

Eerstens word 'n skematiese voorstelling aangebied wat as oriëntering dien vir die program wat aangebied is. Tweedens word die programinhoud kortliks uiteengesit. In Bylaag K[1] en L word die volledige program weergegee.

**Skematiese voorstelling 2: Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

| Nommer van die groepbyeenkoms | Onderwerp van bespreking |
|---|---|
| Byeenkoms 1 | Kom ons leer mekaar ken: Ontmoeting<br>Oriëntering |
| Byeenkoms 2 | Wat is pleegsorg?<br>Die pleegsorgproses<br>Die wetlike aspekte van pleegsorg<br>Besteding van die pleegouertoelaag<br>Rol van die maatskaplike werker<br>Rol van toesigdienste |
| Byeenkoms 3 | Wie is ek?<br>Selfbeeld<br>Behoeftes van pleegouers<br>Temperamentsverskille |
| Byeenkoms 4 | Kyk van die film *Lilo and Stitch* wat handel oor verwante pleegsorg. |
| Byeenkoms 5 | Hoe kommunikeer ek? Kommunikasievaardighede |

[1] Weens die lengte van die volledige program word dit weergegee op CD-rom. Dit is egter gebruikersvriendelik en kan net so in die praktyk gebruik word.

| Nommer van die groepbyeenkoms | Onderwerp van bespreking |
|---|---|
| Byeenkoms 6 | Hoe hanteer ek konflik?<br>Konfliksituasies<br>Konflikhanteringsvaardighede |
| Byeenkoms 7 | Hoe verwerk ek die dood van 'n geliefde?<br>Die rouproses |
| Byeenkoms 8 | Hersiening van byeenkomste een tot sewe |
| Byeenkoms 9 | Wat is die pleegkind se behoeftes?<br>Ontwikkelingsfases van kinders<br>Behoeftes van kinders<br>Kontak met biologiese ouers |
| Byeenkoms 10 | Kennis rondom MIV/Vigs |
| Byeenkoms 11 | Hoe kan ek die verhouding tussen my en die pleegkind verbeter?<br>Ouer-kindverhouding<br>Hantering van gedragsprobleme<br>Dissiplinering |
| Byeenkoms 12 | Waarheen nou?<br>Afsluiting<br>Evaluering<br>Beplanning vir die toekoms |

In die pleegsorgsituasie is daar verskillende rolspelers [die maatskaplike werker, die pleegouer(s), die biologiese ouer(s) en die pleegkind(ers)] betrokke. Alle rolspelers het kontak met mekaar en hierdie verhoudings vorm die pleegsorgsituasie. Vanuit skematiese voorstelling 3 kan gesien word dat die rolle, behoeftes en verantwoordelikhede van alle rolspelers aandag geniet in die program. Daar word egter meer intensief gefokus op vaardighede om verwante pleegouers se maatskaplike funksionering te verbeter.

**Skematiese voorstelling 3: Rolspelers by verwante pleegsorgplasings**

| Rolspelers | Aspekte waaraan aandag geskenk word |
|---|---|
| Maatskaplike werker | Wetlike aspekte van pleegsorg<br>Besteding van die toelaag<br>Die rol van die maatskaplike werker<br>Die rol van toesigdienste |
| Verwante pleegouer | Selfbeeld<br>Behoeftes van pleegouers<br>Temperamentsverskille<br>Kommunikasievaardighede<br>Konflikhanteringsvaardighede<br>Rouproses<br>Kennis oor vigs<br>Ouer-kindverhouding<br>Ouerskapsvaardighede<br>Dissiplinering van die pleegkind |
| Pleegkind | Ontwikkelingsfases van kinders<br>Behoeftes van die pleegkind |
| Biologiese ouers | Kontak tussen pleegkinders en biologiese ouers |

- **Doelstelling van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram**

Om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram saam te stel wat deur middel van literatuurstudie en empiriese navorsing daarop gerig is om die maatskaplike funksionering van verwante pleegouers te verbeter en hul kennis rondom pleegsorg te verbeter.

- **Byeenkoms 1: Kom ons leer mekaar ken**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groeplede aan mekaar bekend te stel.
- Doelwitte vir die groepbyeenkomste te stel.

- Die verwagtinge vir die groepbyeenkomste te hanteer.
- 'n Kontrak met die groeplede te sluit.

- **Inhoud**

Daar is eerstens aan die kenverhouding aandag geskenk deurdat die maatskaplike werker, voortaan fasiliteerder genoem, haarself aan die groeplede voorgestel het. Voorts het groeplede die geleentheid gekry om hulself tydens 'n ysbreker aan mekaar voor te stel. Volgens Toseland en Rivas (2005:192) is dit belangrik om groeplede te laat voel dat elkeen se bydrae tot die groep uniek is en dat dit gerespekteer en waardeer word. Daarom is die program met die verwante pleegouers bespreek en gefinaliseer. Groeplede is die geleentheid gebied om vir hulself, en die fasiliteerder, groepreëls neer te lê. Hierdie groepreëls se doel is om ook die vertrouensverhouding op te bou deurdat die reëls aandag skenk aan etiese oorwegings en die verantwoordelikhede van groeplede en fasiliteerder.

Groepidentiteit en samehorigheid is aangemoedig deur aan groeplede die geleentheid te bied om 'n groepnaam te kies. Die groepinsette, tesame met dié van die fasiliteerder, het gelei tot die sluiting van 'n kontrak vir twaalf groepbyeenkomste.

- **Bespreking**

Die eerste byeenkoms was die inleidende byeenkoms en die oorkoepelende doel daarvan was om die lede aan mekaar bekend te stel en om hul te oriënteer ten opsigte van die groepproses en die program. Die byeenkoms het ook gedien as 'n motivering om al die ander groepbyeenkomste by te woon. Die kommunikasie tussen groeplede was tydens die aanvang van die byeenkoms nogal stram gewees, maar aan die einde van die byeenkoms was dit reeds beter. Daar was geen negatiewe kommunikasie in die groep nie. Die eerste byeenkoms het suksesvol verloop en die doelwitte wat gestel is, is bereik. Die groeplede se deelname was goed gewees en vanuit die evalueringsvorms is gesien dat groeplede die eerste byeenkoms van waarde gevind het en verstaan het, en dat hul van plan was om dit weer by te woon.

- **Byeenkoms 2: Wat is pleegsorg?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Groeplede toe te rus met kennis rondom die pleegsorgproses.
- Groeplede toe te rus met kennis rondom die wetlike aspekte van pleegsorg.
- Aan groeplede leiding te verskaf ten opsigte van die besteding van die pleegouertoelaag.
- Groeplede toe te rus met kennis rondom die rol van die maatskaplike werker.
- Groeplede toe te rus met kennis rondom die rol van toesigdienste.

  - **Inhoud**

Nadat die fasiliteerder die groeplede verwelkom het en 'n uiteensetting gegee het van die doelwitte, is groeplede gevra om pleegsorg te omskryf soos hulle dit verstaan. Hierdie aktiwiteit is ingesluit om die beginsel dat die kliënt se eie woorde en omskrywing van sy uitdagings belangrik is, te erken (Geyer, 2003:102). Daarna het die fasiliteerder met die groeplede die omskrywing van pleegsorg volgens die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk deurgegaan. Hierdie omskrywing lui soos volg: "Statutêre SUBSTITUUTSORG binne gesinsverband vir KINDERS wat op kort, medium of lang termyn nie deur hulle OUERS versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas." (Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk, 1995:49.)

Verder is die twee soorte pleegsorgplasings, naamlik verwante en nie-verwante pleegsorgplasings kortliks bespreek. Die pleegsorgproses is met groeplede bespreek en daar is aan groeplede gevra hoe hul van pleegsorg gehoor het. Dit is belangrik om groeplede se ervaringe te leer ken, sodat groeplede se lewenssituasie verken kan word, sodat individualisering kan plaasvind.

Uit die omskrywing van pleegsorg is dit duidelik dat die wetlike aspekte van pleegsorg belangrik is. Daar is dus aandag geskenk aan bepalings van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) wat te make het met pleegsorg.

Vir baie pleegouers, veral verwante pleegouers, speel die pleegouertoelaag 'n baie belangrike rol, omdat dit die pleegouer in staat stel om 'n pleegkind te versorg. Daarom is daar aandag geskenk aan die besteding van die pleegouertoelaag. Omdat die maatskaplike werker 'n belangrike rolspeler binne die pleegsorgsituasie is, is daar aandag geskenk aan die rol van die maatskaplike werker asook die rol van toesigdienste.

- **Bespreking**

Die doel van hierdie byeenkoms was om vas te stel wat die pleegouers se kennis rondom pleegsorg is. Die meeste groeplede het 'n goeie begrip gehad waaroor verwante pleegsorg handel, maar hul het nie oor 'n goeie kennis beskik rondom die wetlike aspekte van pleegsorg nie. Almal het ervaring gehad van die hofprosedure, maar het nogtans nie alle aspekte verstaan van die Wet op Kindersorg, 1983 (SA, Wet 74 van 1983) nie. Die meeste groeplede het ook 'n wanbegrip gehad rondom die rol van die maatskaplike werker en toesigdienste. Die meeste groeplede werk nie met 'n begroting nie en die pleegkinders stel hoë eise aan die pleegouers ten opsigte van die pleegouertoelaag. Die opstel van 'n begroting en die belangrikheid van goeie kommunikasie tussen pleegouer en pleegkind om hierdie eise aan te spreek is bespreek.

Die kommunikasie tussen groeplede en die fasiliteerder was reeds beter as tydens die eerste byeenkoms. Die groeplede se deelname was goed gewees en vanuit die evalueringsvorms kon daar gesien word dat die groeplede die byeenkoms van waarde gevind het en verstaan het, en dat hul van plan was om dit weer by te woon.

- **Byeenkoms 3: Wie is ek?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groeplede toe te rus met kennis rondom selfbeeld.

- Die groeplede toe te rus met vaardighede om hul selfbeeld te verbeter.
- Aan groeplede die geleentheid te gee om uiting te gee aan hul behoeftes.
- Die groeplede toe te rus met kennis rondom temperamentsverskille en met vaardighede om die verskille in mense te hanteer.

o **Inhoud**

Nadat die fasiliteerder die groeplede verwelkom het en 'n uiteensetting gegee het van die doelwitte, is aan groeplede die volgende vraag gevra: "Hoekom moet ek myself ontdek en leer ken?" Volgens Van Staden (1988:10) is dit nodig om jouself te ontdek ten einde jouself te leer ken. "Selfkennis is 'n essensiële bestanddeel van 'n realistiese selfbeeld." (Van Staden, 1988:10.) Verder is die waarde van 'n goeie selfbeeld bespreek en groeplede is daarop gewys dat 'n gesonde selfbeeld noodsaaklik is indien hulle hul lewenskwaliteit en maatskaplike funksionering wil verbeter (Roux, 2002:223). "Selfbeeld verwys na 'n persoon se beskouing van hom-/haarself en sluit die volgende eienskappe in:

- liggaamlik (bv. algemene voorkoms)
- sielkundig (bv. vaardighede, motiewe en doelwitte)
- maatskaplik (bv. interaksie met andere).

Dit sluit ook die persoon se evaluering van al sy eienskappe in en hoe hy homself skat." (Nasionale Raad vir Geestesgesondheid, 1990:52.) Verder is aan groeplede genoem dat daar onderskei kan word tussen 'n positiewe en 'n negatiewe selfbeeld. Derhalwe is elke groeplid die geleentheid gebied om sy selfbeeld te evalueer met behulp van 'n vraelys (Behr *et al.*, 1988:56). Daar is verder aandag geskenk aan die kenmerke van 'n positiewe selfbeeld soos dit weergegee word in Cilliers (1988:19-20) en ook die kenmerke van 'n negatiewe selfbeeld (Cilliers, 1988:19-20). Om groeplede te bemoedig en te verseker dat 'n persoon se selfbeeld kan verbeter, is daar aandag geskenk aan die maniere waarop 'n negatiewe selfbeeld in 'n positiewe selfbeeld verander kan word (Cilliers, 1988:20-21).

Vervolgens is die verskillende behoeftes van mense bespreek. Volgens Maslow gee menslike behoeftes aanleiding tot gedrag. Hierdie behoeftes kan volgens Maslow in 'n

hiërargie gerangskik word. As die meer basiese behoeftes bevredig is, kan hoër vlakke van behoeftes wat kenmerkend is van toenemende geestesgesondheid, te voorskyn kom (Louw *et al.*, 1993:453). Die verskillende behoeftes is met groeplede bespreek.

Laastens is temperamentsverskille met groeplede bespreek. Mense verskil van mekaar en tree daarom verskillend van mekaar op. Mol (1981:21) stel dit soos volg: "Alhoewel elke individu uniek is – daar is niemand wat presies soos jy is nie – kan ons nogtans tiperende gedragspatrone uitken." Die vier temperamentstipes wat onderskei word, is: (a) flegmaties, (b) melankolies, (c) choleries en (d) sanguinies.

"Een temperament is nie beter as 'n ander een nie. Elke temperament het sy sterk punte en elke temperament het sy swakhede." (Mol, 1981:29.) Die beplanning was dat groeplede 'n temperamentsvraelys voltooi, maar groeplede was van mening dat die byeenkoms te lank was en daarom is besluit om tydens 'n ander byeenkoms die vraelys te voltooi.

- **Bespreking**

Die derde byeenkoms het gehandel oor selfbeeld, behoeftes van pleegouers en die verskillende temperamentstipes. Hierdie byeenkoms het twee uur geduur en baie inligting is tydens hierdie byeenkoms weergegee. Daar was egter 'n breuk tussenin, wartydens groeplede saam tee gedrink het. Die groeplede se deelname was goed en hul het oor die algemeen verstaan waaroor gepraat is. Tydens die bespreking van temperamentstipes was daar egter lede wat gevra het dat dit meer verduidelik moet word en die fasiliteerder het dit gedoen deur dit te probeer toepas op werklike lewenssituasies.

Die kommunikasie tussen die groeplede en fasiliteerder was goed gewees. Die doelwitte wat gestel is, is bereik. Uit die evalueringsvorms wat deur die groeplede voltooi is, is daar gesien dat die groeplede die byeenkoms van waarde gevind het en verstaan het waaroor dit gehandel het. Die groeplede was van plan om die volgende byeenkoms by te woon.

- **Byeenkoms 4: Kyk van die film *Lilo and Stitch*[2]**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses en die kyk van 'n animasiefilm (waarin 'n verwante pleegsorggesin uitgebeeld word):

- Die geleentheid te skep om te kommunikeer oor pleegsorg.
- Die geleentheid te skep om rolspelers in die pleegsorgsituasie te identifiseer.
- Die geleentheid te skep om emosies en verhoudings van die rolspelers in die pleegsorgsituasie te identifiseer.
- Die geleentheid te skep om die verskillende take van rolspelers te identifiseer.

  - **Inhoud**

Nadat groeplede verwelkom is, is doelwitte vir die byeenkoms uiteengesit. Daar is 'n kort inleiding aan groeplede gegee oor die film en waarna spesifiek gekyk moet word. Die film is aan groeplede gewys. Lede kon enige tyd vra dat die film gestop word as hul enige vrae het. Daarna is aspekte wat in die film na vore gekom het bespreek, naamlik:

- Verwante pleegsorg.
- Rolspelers in die pleegsorgsituasie.
- Emosies van rolspelers.
- Verhoudings tussen rolspelers.
- Verskillende take van die rolspelers.

  - **Bespreking**

Alhoewel daar beplan was om tydens die eerste byeenkoms alreeds die DVD vir die lede te wys, kon dit nie realiseer nie as gevolg van tegniese probleme. Die groeplede het egter die film baie geniet en dit beter verstaan, omdat die pleegsorgproses tydens die tweede byeenkoms bespreek is. Die groeplede het goeie insette gelewer, hul waarneming van die rolspelers in die pleegsorgsituasie en die verskillende verhoudings tussen rolspelers was

[2] Aangesien die film kopiereg het, is daar stappe geneem om toestemming te verkry om die DVD te wys. Kyk na bylaag J om te sien watter stappe geneem is.

ook baie goed. Die kommunikasie tussen die groeplede en die fasiliteerder was goed en vanuit die evalueringsvorms is goeie terugvoering ontvang.

- **Byeenkoms 5: Hoe kommunikeer ek?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groeplede toe te rus met kennis rondom kommunikasievaardighede.
- Die groeplede toe te rus met goeie kommunikasievaardighede.

  - **Inhoud**

Na verwelkoming is doelwitte vir die byeenkoms uiteengesit. Eerstens is aandag geskenk aan wat kommunikasie behels. Volgens Van Staden (1988:91) kan interpersoonlike kommunikasie gedefinieer word as enige verbale en nie-verbale gedrag wat een persoon van 'n ander persoon waarneem. Kommunikasie behels met ander woorde veel meer as die uitruil van woorde; alle gedrag dra een of ander boodskap oor en is daarom 'n wyse van kommunikasie. Daar is verder aandag geskenk aan die kommunikasieproses. Die gesprek het gedraai rondom die volgende skematiese voorstelling.

Skematiese voorstelling 4: Die kommunikasieproses




(Miley *et al.*, 2001:152 & Toseland & Rivas, 2005:66)

Uit die voorstelling kan die volgende afgelei word, naamlik dat A 'n boodskap stuur wat B ontvang en dekodeer, waarna daar weer 'n boodskap aan A gestuur word. A ontvang

die boodskap van B. Deur middel van terugvoering en uitklaring maak B seker dat die boodskap wat ontvang en geïnterpreteer is, reg verstaan word. Tydens kommunikasie vind bogenoemde proses plaas. Die maatskaplike werker moet gereeld van terugvoering gebruik maak om seker te maak dat hy die kliënt se woorde reg interpreteer. Daar is egter struikelblokke wat kan voorkom tydens kommunikasie. Compton en Galaway (1999:199-202) noem die volgende struikelblokke:

- Om as gevolg van spraakprobleme nie die boodskap reg oor te dra nie.
- Om as gevolg van gehoorstoornisse die boodskap nie reg te ontvang nie.
- 'n Onvermoë om die boodskap reg te verstaan.
- Omgewingsinvloede soos geraas.
- Om te verwag wat die ander persoon gaan sê.
- Om 'n eie mening ten opsigte van die boodskap te vorm.
- Om nie die doel van die onderhoud duidelik aan die begin te stel nie.
- Om nie aandagtig te luister nie.

Daar is verskillende maniere waarop 'n sender van 'n boodskap die waarskynlikheid kan verhoog dat hy reg verstaan word. Volgens Van Staden (1988:96) is daar drie basiese vereistes, naamlik:

- Verstaanbare boodskappe.
- Die geloofwaardigheid van die sender.
- Die optimale terugvoering oor hoe die boodskap die ontvanger affekteer of bereik

Daar is met groeplede sekere stappe by die oordra van boodskappe bespreek.

Daar bestaan soveel style van kommunikasie as wat daar kommunikeerders is. "Stres word dikwels veroorsaak deur kommunikasiestyle wat mense oor baie jare ontwikkel en beoefen het ten einde die hantering van gevoelens te vermy" (Die Ondersteuningsraad. 2000). Daar is met groeplede verskillende foutiewe kommunikasiestyle bespreek.

Daar is ook met groeplede struikelblokke in kommunikasie en wyses waarop doeltreffend gekommunikeer word, bespreek.

- **Bespreking**

Hierdie byeenkoms het weer eens twee ure geduur. Daar is weer saam tee gedrink. Die lede het goed gekommunikeer binne die groep en het die byeenkoms van waarde gevind. Die groeplede was van mening dat kommunikasie vanself plaasvind en was baie verbaas om te hoor dat elke kommunikeerder stappe kan neem om hul kommunikasie te verbeter. Meer as een groeplid het die mening uitgespreek dat hul die vaardighede wat hul aangeleer het met sukses kon gaan toepas by hul huise. Vanuit die evalueringsvorms is gesien dat groeplede die byeenkoms van waarde gevind het, verstaan het wat bespreek is en van plan was om die volgende byeenkoms by te woon.

- **Byeenkoms 6: Hoe hanteer ek konflik?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groeplede toe te rus met kennis rondom konfliksituasies.
- Die groeplede toe te rus met kennis oor konflikhanteringsvaardighede.
- Die groeplede toe te rus met goeie konflikhanteringsvaardighede.

- **Inhoud**

Na die verwelkoming is die doelwitte vir die byeenkoms uiteengesit. Eerstens is aandag geskenk aan wat konflik behels. Volgens Van Staden (1988:104) word konflik omskryf as 'n spanningstoestand wat deur tweestrydige begeertes of drange veroorsaak word. Tweedens word tipiese verskynsels in konfliksituasies bespreek. Volgens Cilliers (1993:169) behels dit die volgende:

- Emosionele belewenis speel 'n groot rol.
- Verskillende mense reageer verskillend.
- Konflik kan ontstaan as gevolg van (a) verskille in behoeftes en (b) verskille in norme en waardes.
- Ouers se hantering van konflik wissel.

- Kom selde tussen al die gesinslede voor.

Konflikhanteringstyle (Cilliers, 1993:170) is onder andere die volgende:

- Wen-wen styl,
- Vermydingstyl,
- Wen-verloor styl,
- Bedingingstyl, en
- Ingeestyl.

Elkeen van hierdie style is met die groeplede bespreek. Vervolgens is konfrontasie- en manipulasietegnieke (Mol, 1981:63-72) met groeplede bespreek. Die wen-wen benadering tot konflikhantering is bespreek. "Die wen-wen benadering verg selfdissipline en harde werk, maar die resultate is 'n duisend maal meer lonend as die gevolge van die ander benaderings tot konflikhantering."(Mol, 1981:84.)

- **Bespreking**

Daar is tydens hierdie byeenkoms weer 'n breuk in die middel van die byeenkoms gehou, omdat die byeenkoms weer twee ure geduur het. Die kommunikasie tussen die groeplede en die fasiliteerder was goed. Al die groeplede was bekend met konflik, maar het nie besef dat konflik op verskillende wyses opgelos kan word nie. Meer as een groeplid het die uitspraak gemaak dat hul die vaardighede wat hul aangeleer het, gaan toepas in hul daaglikse lewe. Daar kon vanuit die evalueringsvorms gesien word dat die groeplede die byeenkoms van waarde gevind het en beslis verstaan hoe om konflik te hanteer.

- **Byeenkoms 7: Hoe verwerk ek die dood van 'n geliefde?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- ❒ Die groeplede toe te rus met vaardighede om die dood van 'n geliefde te verwerk, deur suksesvol deur die rouproses te gaan.
- ❒ Die groeplede toe te rus met vaardighede om die pleegkind te help om die dood te verwerk.

- **Inhoud**

Na die verwelkoming is die doelwitte vir die byeenkoms uiteengesit. Eerstens is aandag geskenk aan wat rousmart behels. Rou word deur die Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk (1995:57) soos volg omskryf: "Normale reaksie wat volg op verlies deur die dood en dikwels gepaard gaan met DEPRESSIE en SIMPTOME soos swak eetlus, gewigs-verlies en slaaploosheid." "Smart is 'n normale respons op die verlies van enige beteke-nisvolle persoon, voorwerp of geleentheid. Dis 'n ervaring wanneer iets jou ontneem is en angstigheid kan hom openbaar in 'n mens se gedrag, emosies, denke, uiterlike, inter-persoonlike verhoudings en spiritualiteit. Enige verlies kan smart veroorsaak." (Collins, 2005:402.) Tweedens is aandag geskenk aan die oorsake van rousmart. Volgens Collins (2005:404) ontstaan rousmart omdat mens iemand van waarde verloor het en die bedroefde gekonfronteer word met die leegheid en die moeilike taak om weer aan te pas. Daar is volgens Collins (2005:404) vier moeilike take waarvoor die bedroefde te staan kom, naamlik:

- Om die realiteit van die verlies te aanvaar.
- Om die pyn van die verlies te voel en dit bewustelik te erken.
- Die aanpassing by 'n omgewing waar die oorledene se plek leeg is.
- Die bou van nuwe verhoudings.

Volgens Collins (2005:405-408) is daar verskeie invloede wat bepaal hoe iemand op verlies gaan reageer, naamlik:

- Antisipering van die dood.
- Soort verlies.
- Oortuigings.
- Agtergrond en persoonlikheid.
- Sosiale omgewing.
- Omstandighede wat met die dood gepaardgaan.

Vervolgens is die gevolge van rousmart bespreek, onder andere volgens die rouproses van Kübler–Ross. Die hulpbronne by rousmart is volgens Collins (2005:413-414) bespreek. "Die dood van 'n ouer is een van die grootste verliese wat 'n kind kan ly."

(Maker, 2000:39.) Daar is bespreek hoe die pleegouers hul pleegkinders kan help om die dood van hul ouers te verwerk.

- **Bespreking**

Hierdie byeenkoms was van hoogs emosionele aard omdat al die groeplede al 'n geliefde aan die dood afgestaan het, daarom het hulle tydens die byeenkoms baie gehuil. Die kommunikasie tussen die groeplede en fasiliteerder was baie goed. Al die groeplede het hul eie ervarings met die groep gedeel. Daar is seker gemaak dat al die groeplede gereed was om die byeenkoms af te sluit en die fasiliteerder het ook genoem dat sy beskikbaar was indien enige groeplid haar wil spreek oor die byeenkoms. Daar was egter nie een groeplid wat haar wou spreek nie. Groeplede se emosies is met empatie hanteer. Vanuit die evalueringsvorms is daar gesien dat die groepbyeenkoms suksesvol was.

- **Byeenkoms 8: Hersiening van byeenkomste een tot sewe**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Seker te maak dat groeplede se verwagtinge beantwoord word.
- Seker te maak dat die doelwitte tot hiertoe bereik is.

- **Inhoud**

Na die verwelkoming is die doelwitte vir die byeenkoms uiteengesit. Daar is verder aan die groeplede gevra of hul enige verwagtinge het vir die groepbyeenkoms. Die verwagtinge vir die groepbyeenkoms is hanteer. Die eerste sewe byeenkomste is kortliks saamgevat. Daarna het die groeplede die temperamentsvraelys voltooi met behulp van die fasiliteerder. Die groepbyeenkoms is afgesluit en groeplede het 'n evalueringsvorm voltooi.

- **Bespreking**

Omdat daar lede was wat van die vorige byeenkomste misgeloop het, as gevolg van afsprake by die hospitaal of by die Kinderhof, het groeplede gevra dat hul ingelig moet word oor van die vorige byeenkomste wat hul misgeloop het. Daarom is daar besluit om

tydens hierdie byeenkoms 'n samevatting te gee van die vorige byeenkomste. Daar is ook tydens hierdie byeenkoms vasgestel of lede se verwagtinge beantwoord word en of die doelwitte wat gestel is tydens die eerste byeenkoms, bereik is. Die temperamentsvraelys[3] is ook tydens hierdie byeenkoms voltooi. Van die lede kon nie lees nie en ander groeplede en die fasiliteerder het hulle gehelp. Van die vrae in die temperamentsvraelys was nie van toepassing op die groeplede se lewensomstandighede nie en is aangepas sodat hul dit kon verstaan. Die kommunikasie tydens die byeenkoms was goed en die groeplede het die byeenkoms van waarde gevind en die inligting wat aan hul oorgedra is, verstaan.

- **Byeenkoms 9: Wat is die pleegkind se behoeftes?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groeplede toe te rus met kennis rondom die ontwikkelingsfases van kinders.
- Die lede toe te rus met kennis rondom die behoeftes van kinders asook met die vaardighede om hierdie behoeftes aan te spreek.
- Die groeplede toe te rus met kennis rondom die belangrikheid van kontak tussen die pleegkind en die biologiese ouers.

  - **Inhoud**

Na die verwelkoming is die doelwitte vir die byeenkoms gestel. Eerstens is aandag geskenk aan die ontwikkelingsfases van kinders. Die indeling van die totale lewensloop in stadia berus op die gedagte dat elke tydperk besondere kenmerke het. Dit is nuttig om stadia te beskryf aan die hand van die eienskappe en vaardighede wat die individu, volgens die verwagtinge van die samelewing, in die betrokke stadium behoort te ontwikkel. Hierdie verwagtinge word dikwels ontwikkelingstake genoem. Volgens Meyer (1998:16) is die lewensfases die volgende:

[3] Vanuit die temperamentsvraelyste is daar vasgestel dat twee van die groeplede flegmaties en sewe groeplede melankolies is. Dit kan moontlik verduidelik waarom groeplede goed met mekaar oor die weg gekom het.

- Die prenatale stadium, onderverdeel in die germinale, die embrionale en die fetale periodes.
- Die neonatale stadium (omtrent die eerste 2-4 lewensweke) en die babajare (omtrent die daaropvolgende twee jaar).
- Die kleuterstadium (omtrent 2-6 jaar).
- Die middelkinderjare (omtrent 6 jaar tot en met die aanvang van puberteit).
- Adolessensie (van puberteit tot volwassenheid).
- Vroeë en middelvolwassenheid (omtrent 20 tot 60 jaar).
- Bejaardheid (omtrent 60 jaar tot die dood).

Omdat die meeste pleegkinders van die pleegouers in hierdie groep in die kleuterfase, die middelkinderjare en adolessensie was, is slegs hierdie fases bespreek.

Volgens Botha *et al.* (1998:238) strek die kleutertydperk (ook bekend as vroeë kinderjare) van twee tot ses jaar. Daar word voortgebou op die ontwikkeling wat tydens die eerste twee jaar plaasgevind het. By die kleutertydperk is die volgende bespreek: liggaamlike ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale ontwikkeling.

Die middelkinderjare strek volgens Louw *et al.* (1998:326) vanaf die sesde tot twaalfde lewensjare. Dit is 'n tydperk van relatiewe rustigheid en kalmte. By die middelkinderjare is die volgende bespreek: liggaamlike ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale ontwikkeling.

Volgens Thom *et al.* (1998:388) is adolessensie die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die aanvangsouderdom wissel tussen 11 en 13 jaar en die einde van adolessensie is gewoonlik tussen 17 en 21 jaar. Die volgende aspekte is bespreek: liggaamlike ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale ontwikkeling.

Die behoeftes van die pleegkind is bespreek. Die pleegkind gaan deur bepaalde fases na verwydering uit sy ouers se sorg. Hierdie fases is nie noodwendig opeenvolgend nie, aangesien elke mens uniek is in sy/haar belewing en verwerking van 'n krisissituasie (Die Ondersteuningsraad, 2000). Die fases is die volgende:

- Die wittebroodsfase-periode.
- Die rou-periode.

Soms vind die pleegkind dit moeilik om sy emosies te toon of om uiting daaraan te gee. Daar is volgens Die Ondersteuningsraad (2000) sekere maniere waarop die pleegouers die pleegkind kan help om uiting te gee aan hul emosies. Dit is belangrik om na die behoeftes van die pleegkind te kyk, omdat die getraumatiseerde kind 'n groot gebrek het wat 'n definitiewe invloed op sy maatskaplike funksionering het (Die Ondersteuningsraad, 2000). Die pleegkind kan die volgende behoeftes ervaar, naamlik:

- Die behoefte aan liefde en sekuriteit.
- Die behoefte aan nuwe ervaringe.
- Die behoefte aan verantwoordelikheid.
- Die behoefte aan erkenning en om van waarde te wees.
- Die behoefte om iewers te behoort en iets te besit.
- Die reg op agtergrond en die behoefte aan individualiteit en identiteit.

Die volgende vrae is aan die groeplede gevra en binne die groep bespreek, naamlik:

- Hoeveel pleegkinders se biologiese ouers leef nog?
- Is daar kontak tussen die pleegkinders en biologiese ouers?

Die fisiese verwydering van die kind uit sy/haar biologiese ouers se sorg beteken nie die einde van emosionele en psigologiese bande nie (Die Ondersteuningsraad, 2000). Daar is aandag geskenk aan die kontak met die gesin van herkoms, hoekom dit belangrik is, die verskillende vorme van kontakmaking en basiese riglyne vir kontakmaking. Die byeenkoms is geëvalueer en afgesluit.

- **Bespreking**

Die groeplede het nie kennis gedra van die verskillende lewensfases van kinders en die take wat tydens elke fase vervul moet word nie. Hul kon egter identifiseer met die

probleme wat voorkom tydens die verskillende fases. Die groeplede kon die behoeftes van pleegkinders verstaan en kon daarmee identifiseer en hulle het hierdie behoeftes by hul pleegkinders waargeneem. Alhoewel daar nie baie biologiese ouers is wat leef nie, is kontakmaking met biologiese ouers nogtans bespreek. Daar is wel biologiese ouers wat leef en nog kontak met hul kinders maak.

Die kommunikasie tussen die groeplede en die fasiliteerder was goed en groeplede het geen probleem gehad om hul eie ervaringe met ander groeplede te deel nie. Die doelwitte wat vir die byeenkoms gestel is, is bereik. In die geheel kon die byeenkoms as suksesvol gesien word.

- **Byeenkoms 10: Kennis rondom MIV/Vigs**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groeplede toe te rus met kennis rondom MIV/Vigs.

  - **Inhoud**

Daar is tydens hierdie byeenkoms van 'n spreker gebruik gemaak.

"MIV/Vigs is nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd 'n siektetoestand wat vinnig toeneem." (Roux, 2002:193.) Indien verdere toename voorkom wil word, spreek dit vanself dat oorsaaklike faktore geïdentifiseer en oor 'n breë front hanteer moet word (Roux, 2006:1). Daar is aandag geskenk aan die volgende:

- Geslagsomgang.
- Bloedoordraging.
- Moeder na baba.
- Die invloed van sosio-ekonomiese omstandighede:
  - Armoede
  - Alkohol- en ander vorme van dwelmmisbruik
  - Mobiliteit van bevolking
  - Tradisie

♦ Misdaad

"Die gevolge van MIV/Vigs is omvangryk."(Roux, 2006:2.) Die volgende is hier bespreek:

- Die gevolge van MIV/Vigs vir die individu:
    - ♦ Gevolge op fisiese funksionering.
    - ♦ Gevolge op die psigiese en emosionele funksionering.
    - ♦ Gevolge op die maatskaplike funksionering.
- Gevolge van MIV/Vigs op die gesin.

Die byeenkoms is geëvalueer en afgesluit.

○ **Bespreking**

Daar is by vorige byeenkomste toestemming van groeplede gevra om tydens hierdie byeenkoms van 'n spreker gebruik te maak. Tydens die tiende byeenkoms is lede ook voorberei vir die besoek van die spreker. Die spreker en die groeplede het met mekaar kennis gemaak en die kommunikasie in die groep tussen die groeplede, fasiliteerder en spreker was goed gewees. Deelname was goed gewees en lede het verstaan wat bespreek is. Van die groeplede het ook 'n versoek gehad dat daar met hul pleegkinders ook 'n groep aangebied word oor Vigs. Die fasiliteerder het genoem dat sy hul sal kontak om met hul pleegkinders 'n groep aan te bied. Die spreker het ook genoem dat sy 'n byeenkoms sal aanbied vir die pleegkinders.

Die doelwitte van die byeenkoms is bereik. Volgens die evaluering van die byeenkoms is groeplede se kennis rondom MIV/Vigs verbreed.

▪ **Byeenkoms 11: Hoe kan ek die verhouding tussen my en die pleegkind verbeter?**

○ **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

❒ Die groeplede toe te rus met kennis rondom die ouer-kindverhouding en om lede toe te rus met vaardighede om hierdie verhouding te verbeter.

- Die groeplede toe te rus met kennis rondom die hantering van die gedragsprobleme van kinders.
- Die groeplede toe te rus met kennis rondom die dissiplinering van die pleegkind.

- **Inhoud**

Na die verwelkoming is daar doelwitte vir die byeenkoms gestel. Die wyse waarop ouers hulle kinders grootmaak (dit wil sê die ouerskapstyl) speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van kinders (Louw *et al.*, 1998:356). Die vier ouerskapstyle wat bespreek is, is die volgende:

- outoritêre ouers,
- gesaghebbende ouers,
- permissiewe ouers, en
- onbetrokke ouers (Louw *et al.*, 1998:356-357).

Elke ouer het sy eie styl van ouerskap. Dit is nie altyd maklik om van styl te verander nie. 'n Ouer moet egter onthou om te poog om 'n positiewe ouerskapstyl na te streef. Wanneer kinders positiewe boodskappe van hul ouers ontvang, tree hul ook positief op. Daar is aan groeplede 'n paar riglyne gegee volgens Jackson (2006:139-147).

Daar is aan groeplede gevra hoekom dit nodig is om 'n positiewe verhouding met die pleegkind te vorm. Dit is binne die groep bespreek. "Binding is baie belangrik tussen die pleegkind en pleegouer. Die meeste pleegkinders het reeds traumatiese ervarings gehad en dit is vir hulle moeilik om enige iemand te vertrou. Om met 'n kind te bind is dit nodig dat die kind jou sal vertrou." (Die Ondersteuningsraad, 2000.) "Ouers wat 'n kind met 'n geskiedenis van verliese in pleegsorg wil neem, moet oor die vermoë beskik om met 'n kind te bind en moet die kind kan help om sy bindingsvrese te oorbrug" (Levy & Orlans, 1998:224; Blunden, 2005:117).

"Die doel van dissipline is nie om 'n stelsel te skep wat die kind bang maak vir sy ouers nie." (Jackson, 2006:1.) Daar is volgens Jackson (2006:3,15,19) drie elemente van dissipline, naamlik:

- Die stel van perke.
- Om doeltreffende bevele te gee.
- Die kwessie van straf.

Daar is met groeplede riglyne vir straf van pleegkinders bespreek (Die Ondersteuningsraad, 2000). Gedragsprobleme van pleegkinders is ook met groeplede bespreek (Die Ondersteuningsraad, 2000: De Kock, 2003:113-128).

Die groepbyeenkoms is geëvalueer en afgesluit.

- **Bespreking**

Die groeplede het verstaan waaroor die byeenkoms gehandel het. Hulle kon identifiseer met die inhoud van die byeenkoms en hul deelname was goed tydens die byeenkoms. Die kommunikasie tussen die groeplede en die fasiliteerder was goed. Die groeplede is ook voorberei vir die afsluiting van die byeenkomste. Alhoewel sommige lede weerstand getoon het om die byeenkomste af te sluit, het hul verstaan dat die byeenkomste nie vir ewig kan voortgaan nie en het hul saamgestem dat die doelwitte bereik is en dat dit 'n goeie tyd is om die byeenkomste af te sluit. Die groeplede het die byeenkoms van waarde gevind en die inhoud daarvan verstaan.

- **Byeenkoms 12: Waarheen nou?**
  - **Doelwitte**

Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses:

- Die groepbyeenkomste af te sluit.
- Die groepwerkintervensieprogram te evalueer.
- Die groeplede te help met beplanning vir die toekoms.

- **Inhoud**

'n Terugskouing oor die aard, inhoud en omvang van die program is hanteer met behulp van plakkate. Daar is beplanning gedoen vir die toekoms. Daar is aan groeplede sertifikate uitgedeel om 'n gevoel van bemeestering by groeplede te skep en die program is geëvalueer.

- **Bespreking**

Hierdie was 'n emosionele byeenkoms. Behalwe vir die groep wat afgesluit is tydens hierdie byeenkoms, is daar ook afskeid geneem van een van die groeplede wat die volgende week sou verhuis. Sterk vriendskapsbande is gesluit tydens die byeenkomste en deel van die beplanning vir die toekoms was dat groeplede nog steeds kontak met mekaar sal behou en vir mekaar as ondersteuningsnetwerk sal dien. Die groeplede het geld bymekaar gemaak en vir die fasiliteerder 'n kaartjie en geskenk gekoop om haar te bedank. Die fasiliteerder het hul daarvoor bedank. Verder is daar aan groeplede 'n sertifikaat gegee om hul geluk te wens met hul bydrae tydens die byeenkomste. 'n Evalueringsvorm (sien **bylaag M**) is ook voltooi tydens hierdie byeenkoms. Data van hierdie evalueringsvorm word weergegee in **artikel vier** van hierdie ondersoek. Die byeenkoms was suksesvol gewees en groeplede het die fasiliteerder meegedeel dat hul die byeenkomste baie geniet het en dat hulle dit wat hulle geleer het sal toepas in hul daaglikse lewe.

## 6. Gevolgtrekkings

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **besprekings** word daar tot die volgende **gevolgtrekkings** gekom:

- Ooreenkomstig die empiriese ondersoek sowel as die literatuurstudie is bevind dat verwante pleegouers eiesoortige behoeftes en uitdagings ervaar wat spesiale aanpassings van maatskaplike groepwerkdienste noodsaak.
- Daar is vroeër 'n ondersoek met verwante pleegouers (N=10) onderneem om hul behoeftes vas te stel. Daar is ook 'n ondersoek met maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) gedoen om vas te stel wat hul meen in 'n program ingesluit behoort te word. Vanuit hierdie ondersoeke is 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram saamgestel vir verwante pleegouers. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat maatskaplike groepwerk, as 'n primêre metode in maatskaplike werk, aangewend kan word om die behoeftes van verwante pleegouers aan te spreek.

- Die groeplede het oor die algemeen oor goeie insig beskik en kennis gedra van die meeste onderwerpe wat bespreek is. Vaardighede wat aangeleer is tydens die byeenkomste kon in hul daaglikse lewe toegepas word.
- Sommige van die groepbyeenkomste was lank gewees en alhoewel groeplede nie daaroor gekla het nie, kan daar aandag geskenk word aan hierdie aspek van die program.
- Die doelwitte wat gestel was vir die byeenkomste is bereik en daar is voldoen aan die groeplede se verwagtinge vir die byeenkomste.
- Die groeplede het ook die behoefte uitgespreek dat hul pleegkinders ook 'n groepwerkprogram moet deurloop om vaardighede aan te leer en om meer kennis te verkry rondom vigs.
- Al die groeplede was Afrikaans magtig en daarom was dit nie nodig om van 'n tolk gebruik te maak nie.
- Daar was nege groeplede wat die program bygewoon het, en die kommunikasie tussen groeplede en fasiliteerder was goed. Die fasiliteerder kon genoeg individuele aandag aan groeplede skenk en daarom was dit goed dat daar nie meer groeplede ingesluit is nie.
- Die groeplede se deelname en interaksie tydens elke byeenkoms was spontaan en baie aktief. Die groep het ook die nodige ondersteuning aan die groeplede gebied sodat hulle as 'n sterk steunstelsel vir mekaar gedien het.
- Uit die evaluering wat deur die lede gedoen is oor die effek wat hierdie program vir hulle as verwante pleegouers ingehou het, was dit duidelik dat hierdie intervensieprogram onteenseglik meegehelp het tot die verbetering van die groeplede se lewenskwaliteit, hul lewenstevredenheid en hulle uiteindelike maatskaplike funksionering.

**7. Aanbevelings**

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **gevolgtrekkings** word die volgende **aanbevelings** gemaak:

- Maatskaplikewerk-praktisyns behoort groepwerkdienste aan kliënte, soos verwante pleegouers, te ontwikkel op grond van wetenskaplike bevindings. So byvoorbeeld kan assesseringsbatterye met vrug gebruik word. Voorts behoort die kliënte se standpunte oor hul eie behoeftes effektief geakkommodeer te word.
- Die voorgenoemde program behoort ook aangebied te word vir verwante pleegouers voordat hul wettiglik pleegouers word, sodat die sukses, al dan nie, daarvan in verskillende praktyksituasies bepaal kan word.
- Daar behoort aandag geskenk te word aan die lengte van die byeenkomste om te voorkom dat groepbyeenkomste te lank is. Meer byeenkomste kan selfs aangebied word.
- Die doeltreffendheid van die program kan uitgebrei word deur die pleegkinders se behoeftes te identifiseer en daarvolgens vir hul ook 'n program aan te bied. Sommige van die byeenkomste kan selfs tegelykertyd aangebied word vir pleegouers en pleegkinders om byvoorbeeld saam aandag te skenk aan kommunikasievaardighede en binding.
- Daar word verder aanbeveel dat daar nie meer as tien groeplede ingesluit moet word nie. Deur die getal groeplede tot tien te beperk, verseker dit dat die fasiliteerder genoeg individuele aandag aan lede kan skenk.
- Om verwarring te voorkom is dit die beste dat groeplede en die fasiliteerder dieselfde taal praat. Die belangrikheid van tolke word nie misken nie, maar vanweë die emosionele aard van die onderwerpe, is dit in die beste belang van die groeplede dat hulle dieselfde taal as die fasiliteerder kan praat. Daarom word daar ook aanbeveel dat die moontlikheid ondersoek word om hierdie program in ander tale te vertaal, sodat maatskaplike werkers in die praktyk dit kan gebruik.
- Die moontlikheid moet ook ondersoek word om vrywilligers en maatskaplike hulpwerkers op te lei om hierdie program aan te bied vir verwante pleegouers.

**8. Slotopmerkings**

Vanuit die voorafgaande bevindings en besprekings blyk dit onomwonde dat verwante pleegouers se behoeftes deur maatskaplike groepwerkdienste aangespreek kan word en dat dit hul maatskaplike funksionering behoort te verbeter.

**9. Bronnelys**

ANDERSON, J. 1997. Social work with groups: a process model. New York: Longman.

BEHR, B., CILLIERS, E. & MEYER, C. 1988. Tiener in die kol. Pretoria: Dibukeng.

BILAVER, L.A., JAUDES, P.K., KOEPKE, D. & GOERGE, R.M. 1999. Note on research. The health of children in Foster care. *Social service review*, 73(3):401-417, Sept.

BLUNDEN, C. 2005. 'n Bindingsprogram vir verwante, enkelpleegmoeders en pleegkinders. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – D.Phil in Maatskaplike werk).

BOTHA, A., VAN EDE, D.M., LOUW, A.E., LOUW, D.A. & FERNS, I. 1998. *Die kleutertydperk*. (*In* LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3[de] uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 237- 322.)

BRANDLER, S. & ROMAN, C.P. 1999. Groupwork: skills and strategies for effective interventions. New York: The Haworth Press.

CILLIERS, E. 1988. Ons gesin in die kol. Pretoria-Wes: Gutenberg Boekdrukkers.

CILLIERS, E. 1993. Gesin in die kol. Pretoria: Dibukeng.

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Bybelse perspektiewe op probleem-oplossing. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

COMPTON, B.R. & GALAWAY, B. 1999. Social work processes. Pacific Grove: Brooks/Cole.

COREY, M.S. & COREY, G. 2002. Groups. Process and practice. 6th ed. Australia: Brooks/Cole.

DE KOCK, D. 2003. Professional Parenting Programme. Paardekraal: Bethany House Trust.

DIE ONDERSTEUNINGSRAAD. 2000. Plek van Veiligheid- en pleegoueropleidings-program. Rustenburg: Die Ondersteuningsraad. (Program wat aangebied word vir Plek van Veiligheid- en pleegouers by opleiding).

DU PREEZ, M.S.E. 1995. Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg: Keartland Press.

GEYER, L.S. 2003. Maatskaplike groepwerk aan alkoholafhanklike bejaardes ooreenkomstig die sterkteperspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A. (M.W.)).

GEYER, L.S. 2006. Evaluering van 'n maatskaplike groepwerkbemagtigings-program met alkohol-afhanklike bejaardes. 'n Sterkteperspektief. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Philosophiae Doctor in Maatskaplike Werk).

GLEESON, J.P., O'DONNELL, J. & BONECUTTER, F.J. 1997. Understanding the complexity of practice in kinship foster care. *Child welfare*, 76(6):801-826.

JACKSON, D. 2006. Ouerskap met styl. Kaapstad: Pearson Education.

JACOBS, E.E., MASSON, R.I. & HARVILL, R.L. 2002. Group counseling. Strategies and skills. Pacific Grove: Brooks/Cole.

KRUGER, S.P. & PIETERSE, L. 2004. Die benutting van musiek tydens groepwerk met dwelmafhanklikes. *Maatskaplike Werk/Social Work*, 40(4):399-411.

LEVY, T.M. & ORLANS. 1998. Attachment, trauma and healing: understanding and treating attachment disorder in children and families. Washington, DC: Child Welfare League of America.

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1993. Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. Isando: Lexicon.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M., FERNS, I., SCHOEMAN, W.J. & WAIT, J. 1998. Die middelkinderjare. (*In* LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 325-383.)

MAKER, A. 2000. Maak kinders groot om hulle beste te gee. 'n Gids vir ouers. Johannesburg: Soul City, the Institute for Health and Development Communication.

MEYER, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. (*In* LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 3 – 38.)

MILEY, K.K., O'MELIA, M. & DU BOIS, B. 2001. Generalist social work practice: an empowering approach. 3rd ed. Boston, Mass.: Allyn and Bacon.

MOL, A. 1981. Kom ons wen saam. Pretoria: Femina.

NASIONALE RAAD VIR GEESTESGESONDHEID. 1990. Lewensvaardighede vir selfontwikkeling. Johannesburg: Nasionale raad vir geestesgesondheid.

NORTHEN, H. 1995. Clinical Social Work. Knowledge and skills. 2nd ed. New York: Columbia University Press.

O'CONNER, I., HUGHES, M., TURNEY, D., WILSON, J. & SETTERLUND, D. 2006. Social work and social care practice. London, Thousand Oaks & New Delhi: SAGE.

ROSS, E. & DEVERELL, A. 2004. Psychological approaches to health, illness and disability. A reader for health care professionals. Pretoria: Van Schaik.

ROUX, A.A. 1998. Maatskaplike groepwerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D168/98)

ROUX, A.A. 2002. Evaluering van 'n groepwerkhulpverleningsprogram met MIV-positief/ Vigs-pasiënte. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Philosophia Doctor in Maatskaplike Werk).

ROUX, A.A. 2006. MIV/Vigs-inligting. (Voordrag gelewer as deel van die groepwerkbyeenkomste wat aangebied is vir verwante pleegouers op 26 Oktober 2006.) Potchefstroom. (Ongepubliseer).

SA **kyk** Suid-Afrika

SCANNAPIECO, M., HEGAR, R.L. & MCALPINE, C. 1997. Kinship care and foster care: a comparison of characteristics and outcomes. *Families in society*, 78(5):480-488.

STROZIER, A.L., ELROD, B., BEILER, P., SMITH, A. & CARTER, K. 2004. Developing a network of support for relative caregivers. *Children and Youth Services Review*, 26(7):641-656.

SUID-AFRIKA. 1983. Wet op Kindersorg, no. 74 van 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

THOM, D.P., LOUW, A.E., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Adolessensie. (*In* LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 387-474.)

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to group work practice. 5th ed. Boston: Pearson & Allyn and Bacon.

TRISELIOTIS, J., SELLICK, C. & SHORT, R. 1995. Foster care: theory and practice. London: Redwood books.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

VAN STADEN, S. 1988. My groei en ontwikkeling as mens. 'n Praktiese riglyn vir ontwikkelingsprogramme. Pretoria-Wes: Gutenberg Boekdrukkers.

# Artikel 4

# Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings

J DELPORT (PhD-KANDIDAAT IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA) &
A A ROUX (SENIOR LEKTOR IN DIE VAKGROEP: MAATSKAPLIKE WERK, SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE, NOORDWES-UNIVERSITEIT, POTCHEFSTROOMKAMPUS, SUID-AFRIKA)

**Abstract**

**The aim of this article is to determine the effect of a social group work intervention program on the social functioning of kinship foster carers. Two standardized measurement instruments, The Generalized Contentment Scale and the Index of Parental Attitudes from Perspektief Training College were used in this study. Nine (N=9) kinship foster carers formed the group and the program was administered to them. These instruments were used three times, once before intervention, once during intervention and once after intervention. A self-developed questionnaire was also used and the latter was only completed once after the intervention. The same was true for the interview schedule that was self-developed. Findings and interpretations for these measuring instruments are provided.**

## 1. Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om die ontwikkelde maatskaplike groepwerkintervensie-program vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings, te evalueer. Die voorgenoemde program is op die volgende sentrale teoretiese aanname gebaseer: 'n Maatskaplike groep-

werkintervensieprogram vir pleegouers wat by verwante pleegsorgplasings betrokke is, kan die kennis en insigte van verwante pleegouers ten opsigte van hul pleegsorgsituasie verbreed en hul maatskaplike funksionering verbeter.

## 2. Agtergrond

Ontwikkelings- en benuttingsnavorsing (DR&U-model) is as die oorkoepelende navorsingsmodel benut vir die doeleindes van hierdie ondersoek, (Strydom, 2003:151-158) volgens 'n gemengde metodologiese navorsingsmodel (De Vos, 2005:359-362; Geyer, 2006:117). Vervolgens word die verskillende fases van hierdie model beskryf ten einde enersyds die ondersoek te kontekstualiseer, en andersyds die fokus van hierdie artikel uit te lig.

- **Fase 1: Analitiese fase**

Analise behels onder meer die identifisering van 'n probleem en die beskouing van bestaande maatskaplike tegnologie (bv. groepwerkprogramme) (Geyer, 2006:118). Daar is eerstens in hierdie fase 'n omvattende literatuurstudie gedoen ten opsigte van pleegsorg, verwante pleegsorg en maatskaplike groepwerkprogramme. Vanuit dié studie is bevind dat maatskaplike groepwerk by uitstek geskik is om alle persone en ook gesinne in 'n pleegsorgsituasie te help om maatskaplik doeltreffend te funksioneer (Corey & Corey, 2002:294-298 en Edell, 1998:51-53). Verder is daar vasgestel dat instellings gebruik maak van groepwerkprogramme vir beide verwante en nie-verwante pleegouers. Daar is nog nie 'n wetenskaplike studie gedoen oor die behoeftes wat verwante pleegouers ervaar en wat na hulle mening in die program ingesluit moet word nie.

Daar is van die opnameprosedure gebruik gemaak in hierdie fase. Daar is in hierdie fase 50 selfgestruktureerde vraelyste uitgestuur aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie, wat betrokke is by verwante pleegsorgplasings. Vanuit hierdie vraelyste se data is die stand van die huidige programmatuur vasgestel en ook die maatskaplike werkers se menings ten opsigte van die inhoud van 'n program vir verwante pleegouers. Vanuit hierdie ondersoek (N=24) is vasgestel dat daar wel 'n behoefte aan 'n vasgestelde program vir verwante pleegouers bestaan. Moontlike onderwerpe wat in die program

ingesluit kan word, is geïdentifiseer. Die data van hierdie vraelyste word volledig in **artikel een** bespreek.

In hierdie fase is daar verder ook 'n behoeftebepaling met tien verwante pleegouers (N=10) met behulp van 'n selfgestruktureerde skedule gedoen. Vanuit hierdie skedule is onderwerpe geïdentifiseer wat by 'n program ingesluit moet word vir verwante pleeg-ouers. Die data van hierdie skedule word volledig in **artikel twee** bespreek.

- **Fase 2: Ontwikkelingsfase**

Die bestudering van relevante data en die nuwe tegnologiese ontwerp is stappe binne hierdie fase (Strydom, 2003:157; Geyer, 2006:118). Volgens die behoeftebepalings met die maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) en die verwante pleegouers (N=10) wat in fase een gedoen is, is 'n intervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings ontwikkel. Die groepwerkintervensieprogram bestaan uit 12 byeen-komste, waar verskillende onderwerpe bespreek is, onder andere die pleegsorgproses, kommunikasie- en konflikhanteringsvaardighede. Die inhoud van die program word bespreek in artikel drie en die volledige program word weergegee in bylae K en L. Nadere besonderhede insake die program word vervolgens in Skematiese voorstelling 1 uiteengesit:

**Skematiese voorstelling 1: Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 1 | ❒ Ontmoeting en oriëntering | Om deur middel van die maatskaplike groepwerk-proses: (a) die groeplede aan mekaar bekend te stel, (b) doelwitte vir die groepbyeenkomste te stel, (c) verwagtinge vir die groepbyeenkomste te hanteer en (d) 'n kontrak met die groeplede te sluit. |
| 2 | ❒ Die pleegsorgproses<br>❒ Die wetlike aspekte van pleegsorg<br>❒ Besteding van die pleegouertoelaag<br>❒ Die rol van die maatskaplike werker<br>❒ Die rol van toesigdienste | Om deur middel van die maatskaplike groepwerk-proses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom die pleegsorgproses, (b) groeplede toe te rus met kennis rondom die wetlike aspekte van pleegsorg, (c) groeplede leiding te verskaf ten opsigte van die besteding van die pleegouertoe-laag, (d) groeplede toe te rus met kennis rondom die rol van die maatskaplike werker, en (e) groeplede toe te rus met kennis rondom die rol van toesigdienste. |
| 3 | ❒ Selfbeeld<br>❒ Behoeftes van pleegouers<br>❒ Temperamentsverskille | Om deur middel van die maatskaplike groepwerk-proses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom selfbeeld, (b) die groeplede toe te rus met vaardighede om hul selfbeeld te verbeter, (c) aan groeplede die geleentheid te gee om uiting te gee aan hul behoeftes, en (d) die groeplede toe te rus met kennis rondom temperamentsverskille en met vaardighede om die verskille in mense te hanteer. |

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 4 | ❐ Kyk van die film *Lilo and Stitch* | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses en die kyk van 'n animasiefilm: (a) die geleentheid te skep om te kommunikeer oor verwante pleegsorg, (b) die geleentheid te skep om rolspelers in die pleegsorgsituasie te identifiseer, (c) die geleentheid te skep om emosies en verhoudings van rolspelers in die pleegsorgsituasie te identifiseer, en (d) die geleentheid te skep om die verskillende take van rolspelers te identifiseer. |
| 5 | ❐ Kommunikasievaardighede | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom kommunikasievaardighede en (b) die groeplede toe te rus met goeie kommunikasievaardighede. |
| 6 | ❐ Konflikhanteringsvaardighede | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom konfliksituasies, (b) die groeplede toe te rus met kennis oor konflikhanteringsvaardighede en (c) die groeplede toe te rus met goeie konflikhanteringsvaardighede. |
| 7 | ❐ Hoe word die dood van 'n geliefde verwerk? | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met vaardighede om die dood van 'n geliefde te verwerk, deur suksesvol deur die rouproses te gaan, en (b) die groeplede toe te rus met vaardighede om die pleegkind te help om die dood van 'n geliefde te verwerk. |

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 8 | ❐ Samevatting van byeenkomste een tot sewe | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) seker te maak dat groeplede se verwagtinge beantwoord word en (b) seker te maak dat doelwitte tot hiertoe bereik is. |
| 9 | ❐ Ontwikkelingsfases van kinders<br>❐ Behoeftes van kinders<br>❐ Kontak met biologiese ouers | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom die ontwikkelingsfases van kinders, (b) die lede toe te rus met kennis rondom die behoeftes van kinders en met vaardighede om hierdie behoeftes aan te spreek, en (c) die groeplede toe te rus met kennis rondom die belangrikheid van kontak tussen die pleegkind en die biologiese ouers. |
| 10 | ❐ Kennis rondom MIV/Vigs | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom MIV/Vigs. |
| 11 | ❐ Ouer-kindverhouding<br>❐ Hantering van gedragsprobleme<br>❐ Dissiplinering | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom die ouer-kindverhouding en om lede toe te rus met vaardighede om hierdie verhouding te verbeter, (b) die groeplede toe te rus met kennis rondom die hantering van gedragsprobleme van kinders, en (c) die groeplede toe te rus met kennis rondom die dissiplinering van die pleegkind. |

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 12 | ❑ Afsluiting en evaluering | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groepbyeenkomste af te sluit, (b) die groepwerkintervensieprogram te evalueer, en (c) die groeplede te help met beplanning vir die toekoms. |

- **Fase 3: Evalueringsfase**

In hierdie fase word die nuwe produk aan 'n voorlopige veldimplementering onderwerp sodat die voorlopige resultate bekend kan word (Strydom, 2003:157; Geyer, 2006:121). Die enkelstelselprosedure is gebruik met nege (N=9) pleegouers in verwante pleegsorgplasings en die maatskaplike groepwerkintervensieprogram is deur middel van 'n maatskaplike groepwerkproses aangebied.

Etiese oorwegings, soos geen ongerief aan die deelnemers, ingeligte toestemming tot deelname asook die handhawing van vertroulikheid, was op die aanbieding van die program van toepassing (Mitchell & Jolley, 2001:138-139; Strydom, 2005:58-63).

Hierdie ondersoek is ooreenkomstig 'n gemengde metodologiese navorsingsmodel uitgevoer en daarom is die effek van die program op die maatskaplike funksionering van die deelnemers bepaal met behulp van meetinstrumente gesetel in beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsparadigmas (Geyer, 2006:121).

Twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die ***Generalized Contentment Scale (GCS)*** (sien **bylaag C**) en ***Index of Parental Attitudes (IPA)*** (sien **bylaag D**) van Perspektief Kollege, is gebruik ooreenkomstig 'n kwantitatiewe navorsingsparadigma. Die voorgenoemde meetinstrumente is deel van die navorsing ooreenkomstig modernistiese uitgangspunte. Met ander woorde die metings word objektief en waardevry geïnterpreteer (Atherton, 1993:618; Geyer, 2006:121) met behulp van onder meer statistiese tegnieke. Hierdie navorsingsparadigma streef na wetenskapsbeoefening

wat objektiewe realiteite skep en beoordeel sonder die beïnvloeding van die navorser se persoonlike wêreldbeskouing. Kwantitatiewe navorsing is reeds oor dekades heen deel van maatskaplike werk as gevolg van laasgenoemde se oorsprong uit dissiplines, soos die psigologie, waarin modernistiese wetenskapsbeoefening die botoon gevoer het (Blundo, 2001: 297-301; Geyer, 2006:121).

In teenstelling met die voorafgaande kwantitatiewe meetinstrumente is 'n selfopgestelde vraelys aan die groeplede uitgedeel om voltooi te word ná intervensie ten einde kwalitatiewe data in te samel. Verder is daar 'n onderhoudskedule saam met groeplede deurgewerk. Laasgenoemde vraelys en onderhoudskedule is nodig geag vir evaluasiedoeleindes. Voorts maak die genoemde meetinstrumente metodologiese triangulering met die kwantitatiewe data moontlik (vgl. De Vos, 2005:361-362; Geyer, 2006:122).

- **Fase 4: Verspreidingsfase**

Hierdie fase bestaan eintlik uit twee elemente: Eerstens word nuwe tegnologie voorberei vir publikasie en tweedens, word dit beskikbaar gestel aan verbruikers (Strydom, 2003:158; Geyer, 2006:122). Data van die navorsing word soos volg versprei:

- 'n Afskrif van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers is verskaf aan die instelling wat hul kliënte beskikbaar gestel het vir die navorsing.
- Twee van die vier tydskrifartikels is vir publikasiedoeleindes voorgelê.
- Vier tydskrifartikels as deel van die navorsingsverslag is geskryf.

- **Fase 5: Aanvaardingsfase**

Aanvaarding word gekenmerk deur die wye benutting van die nuwe tegnologie (Strydom, 2003:158). Hierdie fase val egter buite die bestek van hierdie ondersoek.

### 3. Betroubaarheid en geldigheid van meetinstrumente

Twee gestandaardiseerde metingskale, naamlik die ***Generalized Contentment Scale (GCS)*** en ***Index of Parental Attitudes (IPA)*** van Perspektief Kollege, is tydens hierdie ondersoek gebruik as deel van die enkelstelselprosedure. "One of the encouraging

innovations in measurement for single-system evaluation in clinical practice has been the development of a set of standardized scales by Hudson and his coworkers – the WALMYR Assessment Scales (WAS)" (Bloom *et al.*, 1999:217).

Beide die **GCS** en **IPA** is by drie geleenthede deur die groeplede (N=9) voltooi. Die meetinstrumente is vóór intervensie (**A1**), tydens intervensie (**A2**), naamlik ná die sesde byeenkoms en ná intervensie (**B**), voltooi. "Most of these questionnaires were designed specifically for single-system evaluation to monitor and evaluate the magnitude (extent, degree, intensity) of a client's problem through periodic administration of the same questionnaires to the client."(Bloom *et al.*, 1999:217.)

Volgens Delport (2005:162) behels **betroubaarheid** die volgende: "The reliability of a measurement procedure is the stability or consistency of the measurement." Dit beteken dat as 'n meting betroubaar is, behoort dit teoreties herhaaldelik dieselfde resultate onder dieselfde omstandighede te gee. 'n Situasie is egter nooit presies herhaalbaar nie en kleiner verskille sal altyd teenwoordig wees, weens een of ander faktor wat met menswees geassosieer word (Grinnell & Williams, 1990:101). Volgens Strydom (2003:215) moet daar egter gestreef word na die hoogs moontlike mate van betroubaarheid. Hoe hoër die betroubaarheid van die meetinstrument is, hoe bruikbaarder sal dit in die praktyk wees.

Volgens Babbie (2004:143) verwys **geldigheid** na "... the extent to which an empirical measure accurately reflects the concept it is intended to measure." Volgens Strydom (2003:216) dui geldigheid daarop dat 'n meetinstrument werklik meet wat dit veronderstel is om te meet.

Wat die **GCS** en **IPA** betref, stel Hudson en Faul (1997:60-61) dit soos volg: "All the unidimensional scales have reliabilities of .90 or higher and good content, construct and discriminant validity."

Die **Generalized Contentment Scales (GCS)** meet die aard, graad en omvang van depressie. Daar is op hierdie metingskaal besluit, omdat verskeie skrywers (Burnette, 2003:1; Leder *et al.*, 2003:5; Goodman & Silverstein, 2001:560) bevind het dat verwante pleegouerskap positief korreleer met spanningsverwante gesondheidsprobleme, angs en **depressie**.

Die skaal van **algemene tevredenheid** (GCS) word hieronder weergegee. Die skaal wissel tussen 0 en 100.

30

++++++++++*★*****------------------------------------====================

0 25 35 70 100

- ❒ 'n Meting hoër as 35% wys op 'n nodigheid vir verbetering.
- ❒ 'n Meting tussen 25% en 35% dui op 'n waarskuwing dat daar aandag geskenk moet word.
- ❒ 'n Meting minder as 25% is die aanbevole meting.

Die **Index of Parental Attitudes (IPA)** meet die aard en probleme binne die ouer-kind-verhouding. Daar bestaan nie 'n metingskaal om die verhouding tussen 'n pleegouer en pleegkind te meet nie. Daarom is die woord "kind" vervang met "pleegkind". Die IPA meet dus die aard en probleme binne die pleegouer-pleegkindverhouding, soos dit ervaar word deur die pleegouer. Die skaal van ouergesindheid (IPA) word hieronder weergegee. Die skaal wissel tussen 0 en 100.

30

++++++++++*★*****------------------------------------====================

0 25 35 70 100

- ❒ 'n Meting hoër as 35% wys op 'n nodigheid vir verbetering.
- ❒ 'n Meting tussen 25% en 35% dui op 'n waarskuwing dat daar aandag geskenk moet word.
- ❒ 'n Meting minder as 25% is die aanbevole meting.

## 4. Resultate van die GCS

Eerstens gaan die individuele lede se resultate aangetoon word, tydens die drie metings wat geneem is. Geen identifiseerbare inligting word weergegee nie en daarom word individuele lede geïdentifiseer met **R1** (staan vir **respondent een**) tot by **R9** (**respondent nege**). Tweedens sal die groep se resultate tydens die drie metings wat geneem is aangetoon word, en laastens sal data in tabelvorm aangetoon word om die verskille aan te toon en om aan te toon of groeplede se algemene tevredenheid verbeter of verswak het.

**Diagram 1: Resultate van R1**




Die eerste respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 10, tydens die tweede meting 32 en tydens die laaste meting weer 10. Daar kan dus 'n bepaalde aanname hieruit gemaak word, naamlik:

- dat die respondent se algemene tevredenheid verswak het vanaf die eerste tot die tweede meting en weer verbeter het tydens die derde meting.

Die tweede meting val binne die waarskuwingsarea, wat beteken dat daar aandag geskenk moet word aan die respondent. Daar kan egter afgelei word dat die intervensieprogram gehelp het en daarom is die respondent se meting nie meer binne die waarskuwingsarea tydens die derde meting nie.

**Diagram 2: Resultate van R2**




Die tweede respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 9, tydens die tweede meting 13 en tydens die laaste meting 14. Daar kan dus 'n bepaalde aanname hieruit gemaak word, naamlik:

- dat die respondent se algemene tevredenheid verswak het vanaf die eerste tot die tweede en weer vanaf die tweede tot die derde meting.

Aangesien nie een van die metings binne die waarskuwingsarea val nie, en die verskille tussen die metings nie werklik beduidend is nie, kan daar nie werklik 'n probleem by hierdie respondent geïdentifiseer word nie.

**Diagram 3: Resultate van R3**




Die derde respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 56, tydens die tweede meting 42 en tydens die laaste meting 7. Daar kan dus 'n bepaalde aanname hieruit gemaak word, naamlik:

- dat die respondent se algemene tevredenheid verbeter het vanaf die eerste tot die tweede, en weer vanaf die tweede tot die derde meting.

Beide die eerste en tweede metings val binne die area waar aandag nodig is. Die derde meting dui aan dat die intervensie gehelp het en dat die meting nou buite die waarskuwingsarea is.

**Diagram 4: Resultate van R4**



Die vierde respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 15 gewees, tydens die tweede meting 40 en tydens die laaste meting 26. Derhalwe kan daar 'n bepaalde aanname gemaak word:

- dat die respondent se algemene tevredenheid verswak het vanaf die eerste meting tot die tweede meting en dat die derde meting weer verbeter het vanaf die tweede meting.

Die tweede meting val binne die area waar verbetering nodig is en die derde meting val binne die area waar daar aandag geskenk moet word. Die intervensie het dus in hierdie geval nie bygedra tot die respondent se algemene tevredenheid nie.

**Diagram 5: Resultate van R5**




Die vyfde respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 22 gewees, tydens die tweede meting 25 en tydens die laaste meting 7. Daar kan dus bepaalde aannames gemaak word:

- dat die respondent se algemene tevredenheid verswak het vanaf die eerste na die tweede meting, en weer verbeter na die derde meting toe.

Nie een van die metings val binne die waarskuwingsarea nie en die laaste meting, ná die intervensie is beter as die eerste twee metings, dus kan afgelei word dat die intervensie in hierdie geval bygedra het tot die respondent se algemene tevredenheid.

**Diagram 6: Resultate van R6**




Die sesde respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 7, tydens die tweede meting 22 en tydens die laaste meting 12. Daarom kan daar 'n bepaalde aanname gemaak word:

- dat die respondent se algemene tevredenheid vanaf die eerste meting tot die tweede meting verswak het, maar weer na die laaste meting verbeter het.

Nie een van die metings val binne die waarskuwingsarea nie.

**Diagram 7: Resultate van R7**



Die sewende respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 30, tydens die tweede meting 45 en tydens die laaste meting 30. Die volgende aanname kan gemaak word:

- dat die respondent se algemene tevredenheid vanaf die eerste tot die tweede meting verswak het en weer verbeter het na die derde meting toe.

Al drie metings val binne die waarskuwingsarea vir verbetering. Die eerste en laaste meting is dieselfde, daarom het die intervensie nie bygedra tot die verbetering of verswakking van die respondent se algemene tevredenheid nie.

**Diagram 8: Resultate van R8**




Die agtste respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 11, tydens die tweede meting 8 en tydens die laaste meting 6. Daar kan die volgende aanname gemaak word:

- dat die respondent se algemene tevredenheid vanaf die eerste tot die tweede meting verbeter het, en na die laaste meting weer verbeter het.

Nie een van die metings val binne die waarskuwingsarea nie, en die metings is nie werklik beduidend nie, tog het die intervensie 'n verbetering aangebring in die respondent se algemene tevredenheid.

**Diagram 9: Resultate van R9**




Die negende respondent se algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 36, tydens die tweede meting 22 en tydens die laaste meting 12. Die volgende aanname kan gemaak word:

- die respondent se algemene tevredenheid het vanaf die eerste meting tot die tweede meting verbeter en tot die laaste meting weer verbeter het.

Die eerste meting val binne die waarskuwingsarea, maar die tweede meting en derde meting val nie meer binne die waarskuwingsarea nie en derhalwe het die intervensie-program wel 'n verskil gemaak in die respondent se algemene tevredenheid.

**Diagram 10: Resultate van die groep (N=9)**




Die groep se gemiddelde algemene tevredenheid tydens die eerste meting was 21, tydens die tweede meting 27 en tydens die laaste meting 13. Die tweede meting val wel binne die waarskuwingsarea, maar die derde meting is selfs laer as die eerste meting. Die afleiding kan gemaak word dat die maatskaplike groepwerkintervensieprogram dus 'n verbetering gebring aan die groep se algemene tevredenheid.

Vervolgens word die **verskille in metings** binne **tabelvorm** aangedui.

Verduideliking van afkortings wat gebruik word in die tabelle 1, 2 en 3:

A1 = Meting 1 (voor die maatskaplike groepwerkintervensieprogram)

A2 = Meting 2 (tydens die maatskaplike groepwerkintervensieprogram – na die sesde byeenkoms)

B = Meting 3 (na die maatskaplike groepwerkintervensieprogram)

R = Respondent

G = Groep

+ = toon verbetering van algemene tevredenheid aan

- = toon verswakking van algemene tevredenheid aan

**Tabel 1: Beduidenheid van verskille tussen die eerste en tweede meting**

| GCS | A1 | A2 | Verskil |
|---|---|---|---|
| **R1** | 10 | 32 | -22 |
| **R2** | 9 | 13 | -4 |
| **R3** | 56 | 42 | +14 |
| **R4** | 15 | 40 | -25 |
| **R5** | 22 | 25 | -3 |
| **R6** | 7 | 22 | -15 |
| **R7** | 30 | 45 | -15 |
| **R8** | 11 | 8 | +3 |
| **R9** | 36 | 22 | +14 |
| **G** | 21 | 27 | -6 |

Vanaf die eerste meting tot die tweede meting was daar by ses respondente, sowel as die hele groep 'n verswakking in die respondente se algemene tevredenheid. Daar was egter by drie respondente 'n verbetering in hul algemene tevredenheid. Weens die sensitiewe aard van pleegsorg, kon dit gebeur het dat van die respondente nie werklik eerlik geantwoord het tydens die eerste meting nie, weens 'n vrees dat hul pleegkind moontlik uit hul sorg verwyder kon word. Tydens die tweede meting kon dit gebeur het, dat hul meer vertroue gehad het in die navorser en dat hul besef het dat hul pleegkinders nie verwyder sal word op grond van hul antwoorde in die metingskaal nie.

**Tabel 2: Beduidenheid van verskille tussen die tweede en derde meting**

| GCS | A2 | B | Verskil |
|---|---|---|---|
| R1 | 32 | 10 | +22 |
| R2 | 13 | 14 | -1 |
| R3 | 42 | 7 | +35 |
| R4 | 40 | 26 | +14 |
| R5 | 25 | 7 | +18 |
| R6 | 22 | 12 | +10 |
| R7 | 45 | 30 | +15 |
| R8 | 8 | 6 | +2 |
| R9 | 22 | 12 | +10 |
| G | 27 | 13 | +14 |

Vanaf die tweede na die derde meting was daar slegs by een respondent 'n verswakking van algemene tevredenheid, by die ander agt respondente en by die groep in die geheel, het daar egter 'n verbetering plaasgevind in die respondente se algemene tevredenheid. Die groepwerkintervensieprogram het dus 'n beduidende verskil gemaak in die respondente se algemene tevredenheid vanaf die tweede tot die derde meting.

**Tabel 3: Beduidenheid van verskille tussen die eerste en derde meting**

| GCS | A1 | B | Verskil |
|---|---|---|---|
| R1 | 10 | 10 | 0 |
| R2 | 9 | 14 | -5 |
| R3 | 56 | 7 | +49 |
| R4 | 15 | 26 | -11 |
| R5 | 22 | 7 | +15 |
| R6 | 7 | 12 | -5 |
| R7 | 30 | 30 | 0 |
| R8 | 11 | 6 | +5 |
| R9 | 36 | 12 | +24 |
| G | 21 | 13 | +8 |

Vanaf die eerste meting (vóór die intervensie) na die derde meting (ná die intervensie) het daar by drie respondente 'n verswakking plaasgevind van hul algemene tevredenheid. By twee respondente was daar geen verandering nie en by vier respondente sowel as by die groep was daar 'n verbetering in hul algemene tevredenheid. Daar kan dus afgelei word dat die groepwerkintervensieprogram in die meerderheid gevalle bygedra het tot die verbetering van algemene tevredenheid.

**5. Resultate van die IPA**

Eerstens gaan die individuele lede se resultate ten opsigte van die ouergesindheidskaal aangetoon word, tydens die drie metings wat geneem is. Geen identifiseerbare inligting word weergegee nie en daarom word individuele lede geïdentifiseer met **R1** (staan vir **respondent een**) tot by **R9** (**respondent nege**). Tweedens sal die groep se resultate tydens die drie metings wat geneem is aangetoon word, en laastens sal data in tabelvorm aangetoon word om aan te toon of groeplede se ouergesindheid verbeter of verswak het.

**Diagram 11: Resultate van R1**




Die eerste respondent se ouergesindheid in die eerste meting was 0, tydens die tweede meting 11 en tydens die laaste meting 3. Dieselfde tendens kom hier voor as by die resultate van die GCS van respondent 1 (vergelyk diagram 1), naamlik dat daar 'n verswakking voorkom vanaf die eerste tot die tweede meting en dan weer 'n verbetering tydens die derde meting. Nie een van die metings val egter binne die waarskuwingsarea

nie en die verskil tussen meting een en meting drie is nie baie groot nie. Daar kan dus nie werklik bepaal word of die intervensie 'n verskil ingehou het vir die respondent se ouergesindheid nie.

**Diagram 12: Resultate van R2**




Die tweede respondent se ouergesindheid tydens die eerste meting was 8, tydens die tweede meting 17 en tydens die laaste meting 4. Dit is duidelik dat die tweede meting verswak het vanaf die eerste meting, maar dit het in die derde meting weer verbeter. Dieselfde tendens word nie waargeneem in die meting van algemene tevredenheid (vergelyk diagram 2) nie. Die tweede respondent se meting van die algemene tevredenheid verswak van die eerste tot die tweede en van die tweede tot die derde meting.

Nie een van die metings val binne die waarskuwingsarea nie, maar daar kan wel gesien word dat die derde meting die beste is en daar kan afgelei word dat die intervensie-program wel 'n verskil gemaak het in die respondent se ouergesindheid.

**Diagram 13: Resultate van R3**




Die derde respondent se ouergesindheid tydens die eerste meting was 16, tydens die tweede meting 21 en tydens die laaste meting 10. Dit is duidelik dat die tweede meting verswak het vanaf die eerste tot tweede meting, maar na die derde meting weer verbeter het. Nie een van die metings val binne die waarskuwingsarea nie, maar daar kan wel gesien word dat die derde meting die beste is en kan daar afgelei word dat die intervensieprogram wel 'n verskil gemaak het in die respondent se ouergesindheid.

Die derde respondente se algemene tevredenheid het van die eerste tot die tweede meting verbeter, en tot by die derde meting weer verbeter (vergelyk met diagram 3).

**Diagram 14: Resultate van R4**




Die vierde respondent se ouergesindheid tydens die eerste meting was 1, tydens die tweede meting 20 en tydens die derde meting 3. Die tweede meting is slegter as die eerste meting, en alhoewel die derde meting beter is as die tweede meting, is daar nie 'n beduidende verskil tussen die eerste en derde meting nie. Dieselfde tendens word waargeneem by die respondent se meting van algemene tevredenheid (vergelyk diagram 4) waar die tweede meting verswak vanaf die eerste meting, en dan weer by die derde meting verbeter. Daar kan dus nie werklik bepaal word of die intervensieprogram 'n verskil gemaak het in die respondent se ouergesindheid nie.

**Diagram 15: Resultate van R5**




Die vyfde respondent se ouergesindheid was tydens die eerste meting 10, tydens die tweede meting 12 en tydens die laaste meting 9. Nie een van die metings is binne die waarskuwingsarea nie, en die verskille tussen die metings is nie werklik beduidend nie. Dieselfde tendens kan waargeneem word by hierdie respondent se meting van algemene tevredenheid (vergelyk diagram 5). Die invloed van die intervensie kan dus nie werklik bepaal word nie, wat wel genoem kan word is dat die respondent 'n goeie ouergesindheid toon teenoor die pleegkind en dat daar nie probleme teenwoordig is nie.

**Diagram 16: Resultate van R6**




Die sesde respondent se ouergesindheid was tydens die eerste meting 6, tydens die tweede meting 10 en tydens die laaste meting 4. Hier is weer eens 'n tendens dat die tweede meting slegter is as die eerste meting en dat die derde meting die beste is. Dieselfde tendens kan ook waargeneem word by hierdie respondent se meting van algemene tevredenheid (vergelyk diagram 6). Nie een van die metings is binne die waarskuwingsarea nie en daar is nie werklik 'n beduidende verskil tussen metings nie. Weer eens kan die invloed van die intervensie nie werklik bepaal word nie.

**Diagram 17: Resultate van R7**



Die sewende respondent se ouergesindheid was tydens die eerste meting 4, tydens die tweede meting 12 en tydens die laaste meting 2. Dieselfde tendens as in die vorige diagram, kan hier geïdentifiseer word en kan ook waargeneem word by hierdie respondent se meting van algemene tevredenheid (vergelyk diagram 7). Nie een van die metings is binne die waarskuwingsarea nie en die invloed van die intervensie kan nie werklik bepaal word nie.

**Diagram 18: Resultate van R8**




Die agtste respondent se ouergesindheid was tydens die eerste meting 4, tydens die tweede meting 6 en tydens die laaste meting 2. Soos by die vorige twee diagramme is hier weer eens dieselfde tendens teenwoordig, naamlik dat die tweede meting slegter is as die eerste meting en dat die derde meting die laagste is. Hierdie tendens word egter nie waargeneem by hierdie respondent se meting van algemene tevredenheid nie. Die eerste meting was die swakste, die tweede meting toon 'n verbetering en die derde meting is die laagste (vergelyk diagram 8). Nie een van die metings is egter binne die waarskuwingsarea nie. Die respondent se ouergesindheid is goed en daar word nie probleme ervaar nie.

**Diagram 19: Resultate van R9**




Die negende respondent se ouergesindheid was tydens die eerste meting 0, tydens die tweede meting 9 en tydens die laaste meting weer 0. Die eerste en derde meting is dieselfde en die intervensie se invloed kan nie werklik bepaal word nie. Nie een van die metings is binne die waarskuwingsarea nie en die respondent se ouergesindheid is goed. By hierdie respondent se meting van algemene tevredenheid was die eerste meting die swakste, die tweede beter en die derde meting was die laagste (vergelyk met diagram 9).

**Diagram 20: Resultate van die groep (N=9)**



Die groep se gemiddelde ouergesindheid was tydens die eerste meting 5, tydens die tweede meting 13 en tydens die laaste meting 4. Dieselfde tendens kan waargeneem word by die groep se gemiddelde metings van algemene tevredenheid (vergelyk diagram 10). By die algemene tevredenheid is daar egter beduidende verskille in die metings en kan die afleiding gemaak word dat die maatskaplike groepwerkintervensieprogram 'n verskil gemaak het in die groeplede se algemene tevredenheid. Soos by die meeste respondente, toon hierdie diagram 'n tendens dat die tweede meting slegter is as die eerste meting, maar dat die derde meting beter is as die eerste meting. Die verskille is egter nie so beduidend dat die invloed van die intervensieprogram enigsins genoem kan word nie. Die metings is egter nie in 'n waarskuwingsarea nie en daar word geen probleme ervaar deur die respondente ten opsigte van hul ouergesindheid nie.

Vervolgens word die **verskille in metings** aangedui binne **tabelvorm**.

Verduideliking van afkortings wat gebruik word in die tabelle 4,5 en 6:

A1 = Meting 1 (voor die maatskaplike groepwerkintervensieprogram)

A2 = Meting 2 (tydens die maatskaplike groepwerkintervensieprogram – na die sesde byeenkoms)

B = Meting 3 (na die maatskaplike groepwerkintervensieprogram)

R = Respondent

G = Groep

\+ = toon verbetering van ouergesindheid aan

\- = toon verswakking van ouergesindheid aan

**Tabel 4: Beduidenheid van verskille tussen eerste en tweede meting**

| IPA | A1 | A2 | Verskil |
|---|---|---|---|
| R1 | 0 | 11 | -11 |
| R2 | 8 | 17 | -9 |
| R3 | 16 | 21 | -5 |
| R4 | 1 | 20 | -19 |
| R5 | 10 | 12 | -2 |
| R6 | 6 | 10 | -4 |
| R7 | 4 | 12 | -8 |
| R8 | 4 | 6 | -2 |
| R9 | 0 | 9 | -9 |
| G | 5 | 13 | -8 |

Dit is duidelik dat daar by al nege respondente asook die groep in geheel 'n verswakking plaasgevind het in hul ouergesindheid vanaf die eerste tot die tweede meting.

**Tabel 5: Beduidenheid van verskille tussen tweede en derde meting**

| IPA | A2 | B | Verskil |
|---|---|---|---|
| R1 | 11 | 3 | +8 |
| R2 | 17 | 4 | +13 |
| R3 | 21 | 10 | +11 |
| R4 | 20 | 3 | +17 |
| R5 | 12 | 9 | +3 |
| R6 | 10 | 4 | +6 |
| R7 | 12 | 2 | +10 |
| R8 | 6 | 2 | +4 |
| R9 | 9 | 0 | +9 |
| G | 13 | 4 | +9 |

Daar is by al die respondente asook die groep in geheel 'n verbetering in hul ouergesindheid vanaf die tweede tot die derde meting.

**Tabel 6: Beduidenheid van verskille tussen eerste en derde meting**

| IPA | A1 | B | Verskil |
|---|---|---|---|
| R1 | 0 | 3 | -3 |
| R2 | 8 | 4 | +4 |
| R3 | 16 | 10 | +6 |
| R4 | 1 | 3 | -2 |
| R5 | 10 | 9 | +1 |
| R6 | 6 | 4 | +2 |
| R7 | 4 | 2 | +2 |
| R8 | 4 | 2 | +2 |
| R9 | 0 | 0 | 0 |
| G | 5 | 4 | +1 |

Daar is by twee respondente 'n verswakking in hul ouergesindheid tussen die eerste en derde meting. By een respondent was daar geen verandering nie en by die ses ander respondente asook die groep in geheel was daar 'n verbetering in hul ouergesindheid vanaf die eerste tot derde meting. Die verskille in metings was in alle gevalle egter nie beduidend nie, en daarom kan afgelei word dat die intervensieprogram nie 'n beduidende verskil gemaak het in die respondente se ouergesindheid nie. Dit is egter positief dat nie een van die metings binne die waarskuwingsarea is nie en dat al die respondente se ouergesindheid goed is en dat daar geen probleme ervaar word nie.

**6. Evaluering deur middel van die selfopgestelde vraelys**

Die selfopgestelde vraelys (sien **bylaag M**) bestaan uit 12 vrae met die doel om die effektiwiteit van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram te evalueer volgens die beginsels van kwalitatiewe navorsing (vgl. Neuman & Kreuger, 2003:157-161; Geyer, 2006:133). Sekere antwoorde is gekwantifiseer, gevolglik word kwantitatiewe data per geleentheid gerapporteer.

Die **programinhoud** word enersyds geëvalueer deur middel van skaleringsvrae, bv. "Van watter waarde was die volgende onderwerpe vir u as pleegouer wat gedurende die

groepbyeenkomste bespreek is." Die syfer 1 dui op "glad nie van waarde nie" en die syfer 4 dui op "van groot waarde." Andersyds word die inhoud fenomenologies (Delport & Fouché, 2005:264; Geyer, 2006:133) geëvalueer ten einde die deelnemers se persepsies van bepaalde sake te ondersoek. Só word die deelnemers byvoorbeeld gevra watter ander onderwerpe hulle graag sou wou bespreek.

Die navorser aanvaar dat die selfopgestelde vraelys **betroubaar** is aangesien dit konsekwent en eenmalig deur die groeplede (N=9) voltooi is. Volgens Neuman en Kreuger (2003:183-184) is een van die metodes om kwalitatiewe navorsing betroubaar te onderneem, dié van konsekwentheid. Die groeplede het ná terminering die selfopgestelde vraelys ontvang om dit individueel te voltooi.

Die **geldigheid** van hierdie vraelys is bepaal deur middel van gesigsgeldigheid. Die navorser het self, bloot op gesigwaarde, bepaal of die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Strydom, 2003:216). Alhoewel dit 'n subjektiewe metode is om geldigheid te bepaal, het die navorser gepoog om dit objektief met beginsels van fenemenologiese navorsing te vergelyk. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit effektief aansluit by die voorgenoemde. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die selfopgestelde vraelys betroubaar en geldig is.

Die selfopgestelde vraelys is eenmalig ná intervensie deur groeplede (N=9) voltooi.

Die resultate van die selfopgestelde vraelys kan soos volg weergegee word. Die volgende skaal is gebruik in die selfopgestelde vraelys:

| ❹ | ❸ | ❷ | ❶ |
|---|---|---|---|
| **Van groot waarde** | **Van waarde** | **Nie van waarde nie** | **Glad nie van waarde nie** |

Daar is eerstens aan respondente gevra van watter waarde die onderwerpe was wat bespreek is. Die response was soos volg:

**Tabel 7: Die waarde van onderwerpe wat bespreek is**

| Onderwerp | 4 Van groot waarde F | % | 3 Van Waarde F | % | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Die pleegsorgproses | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Die wetlike aspekte van pleegsorg | 8 | 88,89 | 1 | 11,11 | 9 | 100 |
| Die besteding van die pleegouertoelaag | 8 | 88,89 | 1 | 11,11 | 9 | 100 |
| Die rol van die maatskaplike werker | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Die rol van toesigdienste | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Selfbeeld | 8 | 88,89 | 1 | 11,11 | 9 | 100 |
| Die behoeftes van pleegouers | 8 | 88,89 | 1 | 11,11 | 9 | 100 |
| Temperamentsverskille | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Kommunikasievaardighede | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Konflikhanteringsvaardighede | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Die rouproses | 8 | 88,89 | 1 | 11,11 | 9 | 100 |
| Kennis rondom vigs | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Ontwikkelingsfases van kinders | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Behoeftes van die pleegkind | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Kontak met biologiese ouers | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Die ouer-kindverhouding | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Ouerskapsvaardighede | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Dissipline | 9 | 100 | | | 9 | 100 |
| Gedragsprobleme | 9 | 100 | | | 9 | 100 |

Uit die response is dit duidelik dat al die onderwerpe van groot waarde of slegs van waarde was. Geen respondent het enige onderwerpe genoem wat nie van waarde of van min waarde was nie. Daar was egter vyf onderwerpe wat slegs van waarde geag is deur 11,11% van die respondente, terwyl 88,89% genoem het dat dit van groot waarde was. Die vyf onderwerpe was die volgende:

- Die wetlike aspekte van pleegsorg.
- Die besteding van die pleegouertoelaag.
- Selfbeeld.
- Die behoeftes van pleegouers.
- Die rouproses.

Die onderwerpe wat tydens die maatskaplike groepwerkintervensieprogram met die groeplede bespreek is, is onderwerpe wat deur tien respondente (N=10) wat verwante pleegouers is, geïdentifiseer is. Ook het die menings van maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) 'n rol gespeel in die keuse van onderwerpe. Dit is dus duidelik dat die onderwerpe wat geïdentifiseer is, van waarde was vir die respondente (N=9) in hierdie ondersoek.

Vervolgens is aan respondente gevra wat die waarde van die groepbyeenkomste in die geheel vir hulle was. Al nege respondente (100%) het genoem dat dit van groot waarde vir hul was.

Daar is verder aan respondente gevra van watter waarde die groepbyeenkomste was om hul kennis te verbeter ten opsigte van pleegsorg. Al nege respondente (100%) het genoem dat dit van groot waarde was.

Daar is aan respondente gevra om te identifiseer of daar enige ander onderwerpe was wat hul graag sou wou bespreek. Die response kan soos volg weergegee word:

- Ses respondente (66,67%) het geen onderwerpe gespesifiseer nie.
- Twee respondente (22,22%) sou meer oor dissipline wou praat.
- Een respondent (11,11%) sou meer ook kinders se gedrag wou praat.

Daar kan dus aandag daaraan geskenk word om 'n hele groepbyeenkoms aan te bied oor gedrag van kinders en die dissiplinering van kinders. In die huidige program word hierdie twee aspekte saam met ander onderwerpe bespreek.

Daar is aan respondente gevra om te spesifiseer watter onderwerp vir hul die meeste van waarde was. Die response was soos volg:

- Alle onderwerpe (2 response) (22,22%)
- Die rouproses (1 respons) (11,11%)
- Ouerskapsvaardighede (2 response) (22,22%)
- Ontwikkelingsfases van die kinders (1 respons) (11,11%)
- Ouer-kindverhouding (1 respons) (11,11%)
- Die rol van die maatskaplike werker (1 respons) (11,11%)
- Die pleegsorgproses (1 respons) (11,11%)

Daar is dus nie werklik een onderwerp wat uitstaan bó die ander onderwerpe nie. Twee respondente (22,22%) was van mening dat alle onderwerpe van ewe veel waarde was en ook twee respondente (22.22%) was van mening dat die bespreking van ouerskapsvaardighede van die grootste waarde was.

Daar is ook aan respondente gevra om te spesifiseer watter onderwerp die minste van waarde was vir hulle. Daar is egter geen onderwerp hier gespesifiseer nie. Dus was daar geen onderwerp wat volgens die respondente onnodig was nie.

Daar is aan respondente gevra of hul enige kritiek het teenoor die saamgestelde groepwerkintervensieprogram. Agt respondente (88,89%) het geen kritiek gehad nie, een respondent (11,11%) het egter genoem dat die program te kort was. Hieruit is dit duidelik dat een groeplid weerstand gebied het teen die afsluiting van die groepbyeenkomste.

Daar is verder aan respondente gevra om voorstelle te maak ten opsigte van die program. Geen voorstelle is egter gemaak nie.

Daar is aan respondente gevra of hul hierdie groepwerkintervensieprogram vir ander pleegouers in verwante pleegsorgplasings sal aanbeveel. Al nege respondente (100%) het geantwoord dat hul dit sal aanbeveel.

Op die vraag of die respondente hierdie groepwerkintervensieprogram sou wou deurgewerk het voor hul pleegouers geword het, kan die response soos volg weergegee word:

**Tabel 8: Behoefte aan program voordat pleegouerskap 'n aanvangs neem**

| | **F** | **%** |
|---|---|---|
| Ja | 7 | 77,78 |
| Nee | 2 | 22,22 |
| **N =** | **9** | **100** |

Sewe respondente (77,78%) voel dus dat hul die program sou wou deurgegaan het voordat hul pleegouers geword het. Daar kan aangeneem word dat hierdie sewe respondente nuwe kennis verkry het om hul te help met hul taak as pleegouers en dat hul dink dat dit vir hul tot voordeel sou wees as hul hierdie program vroeër deurloop het.

Daar is aan respondente gevra van watter waarde die groepwerkintervensieprogram was om hul verhouding met hul pleegkinders te verbeter. Al nege respondente (100%) het genoem dat dit van groot waarde was.

Daar is aan respondente gevra of hul enige opmerkings het. Die response kan soos volg weergegee word:

- "Dit was goed gewees."
- "Alles was goed vir my."
- "Die groep het baie vir my beteken. Dit het my baie gehelp. Die ander groeplede was wonderlik."
- "Dit het baie vir my beteken. Nog groepe bywoon."
- "Dit was goed."
- "Dit was baie belangrik."

Uit die bogenoemde response is dit duidelik dat die respondente van mening was dat die groepbyeenkomste vir hul 'n goeie ervaring was, dat dit hulle baie gehelp het en dat hul dit as belangrik ag.

**7. Evaluering deur middel van die onderhoudskedule**

Die selfopgestelde onderhoudskedule (sien **bylaag N**) bestaan uit sewe vrae met die doel om die effektiwiteit van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram te evalueer volgens die beginsels van kwalitatiewe navorsing (vgl. Neuman & Kreuger, 2003:157-161; Geyer, 2006:133).

In die onderhoudskedule word onder andere gevra hoe die respondente die groepbyeenkomste ervaar het, of hul dit in hul daaglikse lewe kan toepas en of dit hul gehelp het met hul verhouding met die pleegkind. Verder word daar ook aan respondente gevra of groepwerk as metode meer of minder vir hul beteken het as gevallewerk en of die respondente hierdie groepwerkintervensieprogram sal aanbeveel vir ander pleegouers in verwante pleegsorgplasings.

Die navorser is van mening dat hierdie onderhoudskedule **betroubaar** is omdat groeplede in hul eie woorde die waarde van die maatskaplike groepwerkintervensie-program kan omskryf (die transkripsies van hierdie onderhoude is in **bylaag O**). Alhoewel groeplede die bandopnemer intimiderend gevind het, was die onderhoude tog van waarde.

Die **geldigheid** van hierdie skedule is bepaal deur middel van gesigsgeldigheid. Die navorser het self, bloot op gesigwaarde, bepaal of die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Strydom, 2003:216). Alhoewel dit 'n subjektiewe metode is om geldigheid te bepaal, het die navorser gepoog om dit objektief met beginsels van fenemenologiese navorsing te vergelyk. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit effektief aansluit by die voorgenoemde. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die selfopgestelde onderhoudskedule betroubaar en geldig is.

Die selfopgestelde onderhoudskedule is eenmalig deur die respondente (N=9) beantwoord tydens huisbesoeke ná die afloop van die groepwerkintervensieprogram. Die resultate van die selfopgestelde onderhoudskedule kan soos volg weergegee word:

Al nege respondente het geantwoord dat hul bly was dat hul die groepbyeenkomste bygewoon het. Op die vraag of hul dit wat hul in die groep bespreek het, in hul daaglikse lewe kan toepas, het al nege respondente genoem dat hul dit sal kan toepas. Daar is verder aan hul gevra hoe hul dit sal toepas. Vanuit die response kan daar afgelei word dat hulle staatmaak op die ondersteuning van mekaar en dat hul nog steeds kontak met mekaar sal hê, dat hulle hul kennis sal kan toepas in die opvoeding van die pleegkind en dat hulle konflik beter sal kan hanteer.

Daar is verder aan respondente gevra om hul ervaring van die groepbyeenkomste te beskryf. Al nege respondente het 'n goeie ervaring gehad en die voordele wat hulle genoem het van die byeenkomste, is die volgende:

- Nuwe kennis is bekom ten opsigte van pleegsorg.
- Ondersteuning van ander groeplede was baie belangrik.
- Kennis wat bekom is, het gehelp om hul verhouding met die pleegkind te verbeter.

Al nege respondente het geantwoord dat hul die kennis wat hul bekom het tydens die groepwerkintervensieprogram in die toekoms sal kan gebruik. Die response oor hoe hul dit in die toekoms sal gebruik, was egter bietjie vaag. Wat wel na vore getree het, is dat hul kennis sal toepas met hul pleegkinders en dat hul ander pleegouers sal kan inlig oor die aard van pleegsorg.

Daar is aan respondente geva of dit wat hul geleer het, hul gehelp het met hul verhouding met die pleegkind. Al nege respondente het geantwoord dat dit gehelp het. Sommige response oor hoe dit gehelp het, was 'n bietjie vaag, maar wat wel na vore getree het, is dat dit gehelp het om probleemgedrag beter te verstaan en te hanteer.

Ten opsigte van die vraag of die groepbyeenkomste hul meer of minder gehelp het as gevallewerk, was daar 'n mate van verwarring. Die navorser moes aan groeplede verduidelik wat gevallewerk behels. Al nege groeplede het geantwoord alhoewel gevallewerk hul gehelp het, die groepbyeenkomste hul meer gehelp het, omdat nuwe kennis bekom is en die ondersteuning van ander groeplede baie belangrik was.

Laastens is aan respondente gevra of hul hierdie maatskaplike groepwerkintervensie-program vir ander pleegouers in verwante pleegsorgplasings sal aanbeveel. Al nege respondente het geantwoord dat hul dit sal aanbeveel.

**8. Gevolgtrekkings**

Op grond van die **navorsingsprosedure en –ontwerp** wat in die ondersoek gebruik is, word daar tot die volgende **gevolgtrekkings** gekom:

- Die respondentegroep wat slegs uit nege (N=9) bestaan het, was beperk. Dit het derhalwe 'n eenmalige aanbieding van die intervensieprogram genoodsaak. Dit lei tot die gevolgtrekking dat die DR&U-model die beste navorsingsontwerp vir hierdie ondersoek was, aangesien dié ontwerp slegs 'n eenmalige implementering van nuwe tegnologie vereis.
- Die onderwerpe wat geïdentifiseer is tydens die opnameprosedure met tien verwante pleegouers (N=10) en maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie wat met pleegsorggevalle werk (N=24), asook vanuit die literatuurstudie, korreleer met die inhoud van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram. Vanuit die bevindings van die selfopgestelde evalueringsvorm en onderhoud-skedule blyk dit dat dit behoeftes van die groeplede (N=9), aangespreek het.
- Die kwalitatiewe resultate lewer bewys dat die program onteenseglik die maat-skaplike funksionering van die groeplede (N=9) verbeter het, terwyl dieselfde bevinding in beperkte mate ten opsigte van die kwantitatiewe data geld. Die gevolgtrekking word gemaak dat 'n gemengde metodologiese navorsingsmodel bruikbaar is in ondersoeke waar deelnemers weens sekere gebreke, soos verstandelike beperkings as gevolg van beperkte skoling, die kwantitatiewe meetinstrumente te moeilik en uitdagend mag vind om sinvol te voltooi.

Gevolglik is kwalitatiewe data ook beskikbaar indien die kwantitatiewe data-ontleding misluk as gevolg van deelnemers wat meetinstrumente onakkuraat voltooi.

Op grond van die voorafgaande bevindings ten opsigte van die **kwantitatiewe data (GCS en IPA)** word daar tot die volgende **gevolgtrekkings** gekom:

- Verskeie skrywers (Burnette, 2003:1; Leder *et al.*, 2003:5; Goodman & Silverstein, 2001:560) het bevind dat verwante pleegouerskap positief korreleer met spanningsverwante gesondheidsprobleme, angs en **depressie**. Die GCS meet die aard en omvang van depressie in terme van algemene tevredenheid. Die groep se algemene tevredenheid was tydens die eerste meting 21, tydens die tweede meting 27 en tydens die laaste meting 13. Die tweede meting val wel binne die waarskuwingsarea, maar die derde meting is selfs laer as die eerste meting. Daar kan dus die gevolgtrekking gemaak word, dat die maatskaplike groepwerk-intervensieprogram 'n verbetering gebring het aan die groep se vlak van algemene tevredenheid.
- As daar na individuele lede se algemene tevredenheid gekyk word, kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: by drie respondente het daar 'n verswakking plaasgevind van hul algemene tevredenheid. By twee respondente was daar geen verandering nie en by vier respondente was daar 'n verbetering in hul algemene tevredenheid. Daar kan dus afgelei word dat die maatskaplike groepwerkintervensieprogram in die meerderheid gevalle bygedra het tot die verbetering van algemene tevredenheid.
- Respondente kon nie die metingskale sonder die navorser se hulp voltooi nie. Dit is wel vasgestel tydens die vooronderstoek, maar daar was nie 'n ander metingskaal beskikbaar nie en daarom is daar wel besluit om die metingskaal te gebruik. Daar kon tot die gevolgtrekking gekom word dat die skaal te veel terme gebruik wat verwant aan mekaar is, en wat verwarring kan veroorsaak. Terme soos *bedruk, depressief, terneergedruk* en *ontsteld* is té na aan mekaar vir die meeste respondente wat beperkte skoling gehad het.

- Aangesien beide pleegouers en pleegkinders belangrike rolspelers is binne die pleegsorgsituasie en die verhouding tussen hierdie rolspelers belangrik is, is dit nodig geag om die aard van hierdie verhouding te bepaal. Daar bestaan egter nie 'n metingskaal om hierdie verhouding te meet nie. Om vir hierdie leemte te vergoed, is die woord "kind" vervang met "pleegkind". Hoewel die verandering van terme as persepsuele verskil gesien kan word, is hierdie verandering wel gedoen na 'n gesprek met mnr. B. Hanekom van Perspektief Opleidingskollege. Daar bestaan nie 'n meetinstrument om die houding van pleegouers teenoor hul pleegkinders te meet nie. Daarom is daar besluit op die IPA. Ten opsigte van die meting van die IPA kon die volgende tendens geïdentifiseer word: die meting tydens die eerste meting was baie goed, tydens die tweede meting slegter en tydens die derde meting weer beter. Nie een van die metings val egter binne die waarskuwingsarea nie. Die verskille in die metings is egter nie beduidend nie. Daarom kon die invloed van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram nie werklik bepaal word nie. Vanuit die oogpunt van die deelnemers het hulle egter 'n goeie verhouding met hul pleegkinders.
- Weens die sensitiewe aard van pleegsorg, kon vrees vir verwydering van die pleegkind 'n rol gespeel het tydens beantwoording van die metingskaal.

Op grond van die voorafgaande **bevindings** ten opsigte van **kwalitatiewe data** (selfopgestelde vraelys en onderhoudskedule) word daar tot die volgende **gevolgtrekkings** gekom:

- Die onderwerpe wat tydens die maatskaplike groepwerkintervensieprogram met die groeplede bespreek is, is onderwerpe wat deur tien verwante pleegouers (N=10), geïdentifiseer is. Die menings van maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) het 'n rol gespeel in die keuse van onderwerpe. Vanuit die selfopgestelde vraelys aan die deelnemers (N=9) het dit na vore gekom dat hierdie onderwerpe van groot waarde was vir die deelnemers.
- Die deelnemers het die program en ook die byeenkomste as baie positief ervaar. Hulle het nuwe kennis bekom wat hul in hul daaglikse lewe kan toepas en die kennis het ook bygedra om hul verhouding met hul pleegkinders te verbeter.

- Vanuit die selfopgestelde onderhoudskedule het dit ook na vore gekom dat die ondersteuningsnetwerk wat opgebou is tydens die groepbyeenkomste vir die groeplede van groot waarde was.
- Deelnemers verkies maatskaplike groepwerk bó gevallewerk omdat hul meer gerus voel om binne die groepopset met die maatskaplike werker te praat. Ook speel ondersteuning van ander groeplede 'n belangrike rol. Die nuwe kennis wat hul ingesamel het ten opsigte van pleegsorg was ook vir hul van groot waarde.
- Dit het vanuit die selfopgestelde evalueringsvraelys na vore gekom dat die respondente meer inligting sou wou hê oor dissipline en gedrag van pleegkinders.
- Uit die kwalitatiewe gegewens is dit duidelik dat daar nie werklik een onderwerp was wat uitstaan bó die ander onderwerpe nie. Daar was wel twee respondente wat van mening was dat die bespreking van ouerskapsvaardighede van die grootste waarde was.
- Uit die kwalitatiewe gegewens is dit ook duidelik dat daar nie een onderwerp was wat nie van waarde was vir die respondente nie.

**9. Aanbevelings**

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **gevolgtrekkings** word die volgende **aanbevelings** gemaak:

- Die maatskaplike groepwerkintervensieprogram behoort geëvalueer te word met behulp van eksperimentele navorsing, waar die program aangebied word vir die eksperimentele groep en nie vir die kontrole groep nie. Daar kan dan bepaal word of die intervensie 'n invloed op die eksperimentele groep se maatskaplike funksionering het.
- Die meetinstrumente GCS en IPA is moeilik gevind deur die respondente. Aandag behoort geskenk te word om meetinstrumente te standaardiseer vir ongeskooldes en beperkte geskooldes.
- Daar behoort 'n meetinstrument ontwerp en gestandaardiseer te word wat spesifiek die aard van die pleegouer-pleegkindverhouding meet. Nie net behoort pleegouers dit te voltooi nie, maar ook die pleegkind.

- Die selfopgestelde vraelys kan uitgebrei word met kwantitatiewe elemente. Ná herhaalde benutting en verfyning daarvan behoort dit eventueel 'n handige meetinstrument te wees om die maatskaplike groepwerkintervensieprogram te evalueer vanuit beide navorsingsparadigmas.
- Die maatskaplike groepwerkintervensieprogram behoort ook aangebied te word vir ander gesinslede, soos die eggenote van die pleegouers en hierdie resultate moet dan ook gemeet word.
- Daar behoort 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram ontwikkel te word vir pleegkinders binne verskillende ontwikkelingsfases.
- Daar kan aandag geskenk word aan die program om byvoorbeeld meer inligting in te sluit ten opsigte van dissipline en gedrag van pleegkinders.

**10. Slotopmerking**

In hierdie artikel is die ontwikkelde maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings geëvalueer. Daar is volgens die kwalitatiewe resultate, bevind dat die kennis en insigte van verwante pleegouers ten opsigte van hul pleegsorgsituasie verbreed het en dat hul maatskaplike funksionering verbeter het. Ten opsigte van die kwantitatiewe data is gevind dat die maatskaplike groepwerkintervensieprogram 'n verbetering teweeg gebring het in deelnemers se algemene tevredenheid.

'n Beduidende invloed op die vlak van ouergesindheid kon egter nie gevind word nie. Teen hierdie agtergrond word daar tot die slotsom gekom dat die sentrale teoretiese aanname vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma bewys is en in 'n beperkte mate ook vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma. Dit blyk dus asof hierdie nuut ontwikkelde program moontlik in die praktyk met sukses gebruik kan word. Daar aandag geskenk word aan die program om byvoorbeeld meer inligting in te sluit ten opsigte van dissipline en gedrag van pleegkinders.

**11. Bronnelys**

ATHERTON, C.R. 1993. Empiricists versus social constructionists: time for a cease-fire. *Families in society*. 74(10):617-624, Dec.

BABBIE, E. 2004. The practice of social research. 10th ed. Belmont: Wadsworth / Thomson Learning.

BLOOM, M., FISCHER, J. & ORME, J.G. 1999. Evaluating practice. Guidelines for the accountable professional. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

BLUNDO, R. 2001. Learning strengths-based practice: challenging our personal and professional frames. *Families in society*, 82(3):296-304, May/Jun.

BURNETTE, D. 2003. Grandparents and family caregivers. [Web:] http://aging.state.ny.us/explore/project2015/artgrandparent.htm [Datum van gebruik: 2006/06/13].

COREY, M.S. & COREY, G. 2002. Groups: process and practice. 6th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole.

DELPORT, C.S.L. & FOUCHE, C.B. 2005. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.261-266.)

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.159-190.)

DE VOS, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach. . ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass

roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.357-365.)

EDELL, M. 1998. Replacing community: establishes linkage for women living with HIV/AIDS – a group work approach. *Social work with groups*, 21(3):49-62.

GEYER, L.S. 2006. Evaluering van 'n maatskaplike groepwerkbemagtigingsprogram met alkohol – afhanklike bejaardes. 'n Sterkteperspektief. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Philosophiae Doctor in Maatskaplike Werk).

GOODMAN, C.C. & SILVERSTEIN, M. 2001. Grandmothers who parent their grandchildren: An exploratory study of close relations across three generations. *Journal of family issues*, 22(5):557-578.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in social work: a primer. Itasca: Peacock Publishers.

HUDSON, W.W. & FAUL, A.C. 1997. Quality Assurance: A system for practice and program evaluation using outcome measures. Silverton: Perspective Training College.

LEDER, S., GRINSTEAD, L.N., JENSEN, S. & BOND, L. 2003. Psychotherapeutic treatment outcomes in grandparent-raised children. *Journal of Child and Adolescent Psychiatric Nursing*, 16(1):5-14.

MITCHELL, M. & JOLLEY, J. 2001. Research design explained. 4th ed. Fort Worth: Harcourt College Publishers.

NEUMAN, W.L. & KREUGER, L.W. 2003. Social work research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston: Allyn and Bacon.

STRYDOM, H. 2003. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. . ( *In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p.56-70.)

# AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

# AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 1. Inleiding

In hierdie afdeling word die belangrikste **bevindings** en **gevolgtrekkings** van hierdie ondersoek aangebied. Die **sentrale teoretiese aanname** word ook getoets en op grond van die bevindings en gevolgtrekkings, word enkele **aanbevelings** aangebied. Verder word die **bydrae** van hierdie ondersoek uitgelig, waarna enkele **slotopmerkings** gemaak word.

## 2. Samevattende bevindings en gevolgtrekkings

Die **belangrikste bevindings** en **gevolgtrekkings** van hierdie ondersoek word vervolgens aangebied deur te let op die **navorsingsontwerp en –prosedure** asook die **artikels** soos vervat in **Afdeling B** van hierdie navorsingsverslag:

### 2.1 Navorsingsontwerp en –prosedures

Die **oorhoofse doel** van hierdie ondersoek was om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram, wat gerig is op verwante pleegouers se behoeftes, te ontwikkel en te evalueer. Ten einde die voorgenoemde doel te bereik is 'n **literatuurstudie** en **empiriese ondersoek** soos volg onderneem:

❒ **Literatuurstudie**

Handboeke, vaktydskrifte, lopende en afgehandelde navorsingsbronne asook persberigte wat oor pleegsorg, verwante pleegsorg, pleegouers, pleegkinders en maatskaplike groepwerk handel, is bestudeer.

Suid-Afrikaanse en internasionale literatuur aangaande die bogenoemde onderwerpe was geredelik beskikbaar. Publikasies ten opsigte van verwante pleegsorg was hoofsaaklik beperk tot Amerikaanse en Europese outeurs. Die literatuurstudie het gelei tot: (a) die afbakening van die ondersoek, (b) die ontwikkeling van onderhoudskedules

en vraelyste, (c) vergelyking tussen die data van die empiriese ondersoek en bestaande literatuur, en (d) die ontwikkeling van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers.

❒ **Empiriese ondersoek**

**Ontwikkelings- en benuttingsnavorsing (DR&U-model)** is as die oorkoepelende navorsingsmodel gebruik vir die doeleindes van hierdie ondersoek. Hierdie model is binne 'n gemengde metodologiese model gebruik. 'n Opnameprosedure en enkelstelselontwerp is as kwantitatiewe benaderings gebruik, alhoewel dit ook enkele kwalitatiewe data bevat.

- **Fase 1: Opnameprosedure**

'n Opnameprosedure is met 24 (N=24) geregistreerde maatskaplike werkers onderneem binne 'n verkennende en beskrywende navorsingsontwerp.

'n Doelbewuste en nie-waarskynlikheid steekproef is gebruik om maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie te identifiseer. Me. M. Botha van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Potchefstroom) is as hulpbron gebruik om 'n naamlys te verkry van maatskaplike werkers betrokke by verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie by die volgende instellings:

- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (18),
- Die Ondersteuningsraad (ses),
- NG Welsyn (12),
- Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (SAVF) (agt), en
- Kinder- en Gesinsorg vereniging (ses).

Hierdie instellings is gekies omdat hulle met pleegsorggevalle werk. Maatskaplike werkers by instellings soos kinderhuise, privaatpraktyke, hospitale en dienssentrums vir bejaardes, is nie in die ondersoek betrek nie, omdat hul nie noodwendig met pleegsorgplasings werk nie.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Daar is in totaal 50 vraelyste uitgestuur aan maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie, wat betrokke is by verwante pleegsorgplasings, en daar is 24 vraelyste terugontvang. Hierdie fase van die ondersoek het die navorser in staat gestel om vas te stel wat maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie se mening van verwante pleegsorg is. Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorg is ook vasgestel. Die aard en omvang van verwante pleegsorg, asook die stand van huidige programmatuur vir verwante pleegouers is ook bepaal. Verder is daar vasgestel of daar 'n behoefte bestaan ten opsigte van 'n vasgestelde program vir verwante pleegouers en onderwerpe is geïdentifiseer wat moontlik by die program ingesluit kan word. Uitvoering is deurgaans gegee aan professionele etiek ten opsigte van die respondente se regte en die navorser se verantwoordelikhede, deur middel van ingeligte toestemming. Daar is deurgaans by die beginsels van vertroulikheid en privaatheid gehou.

Kwantitatiewe data is verwerk deur die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Daarteenoor is die kwalitatiewe data deur die navorser self verwerk.

'n Opnameprosedure is met tien (N=10) verwante pleegouers onderneem binne 'n verkennende ontwerp.

'n Beskikbaarheids- en nie-waarskynlikheidsteekproef is gebruik. Instellings in Potchefstroom is genader om toestemming te verkry om van hul kliënte in die ondersoek te gebruik. Die Kinder- en Gesinsorgvereniging in Potchefstroom het toestemming verleen, en name en kontakbesonderhede van verwante pleegouers in Promosa is verkry. Die navorser het verwante pleegouers in Promosa gekontak en tien respondente het toestemming verleen om die skedule saam met die navorser in te vul.

Hierdie fase van die ondersoek het die navorser in staat gestel om vas te stel wat verwante pleegouers se behoeftes is. Verder is vasgestel wat verwante pleegouers

se mening is ten opsigte van maatskaplikewerk-dienslewering en hul verhoudings met hul pleegkinders. Daar is ook vasgestel wat verwante pleegouers se behoefte is ten opsigte van die bywoning van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram en onderwerpe is geïdentifiseer wat moontlik binne 'n groep bespreek kan word. Uitvoering is gegee aan professionele etiek ten opsigte van die respondente se regte en die navorser se verantwoordelikhede deur middel van ingeligte toestemming. Daar is deurgaans by die beginsels van vertroulikheid en privaatheid gehou.

Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data is deur die navorser self verwerk. Alle response van respondente is woordeliks neergeskryf in die verslag.

Vanuit data wat bekom is tydens hierdie fase, is die navorser in staat gestel om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers te ontwikkel.

- **Fase 2: Enkelstelselprosedure**

'n Enkelstelselprosedure, ooreenkomstig 'n verklarende navorsingsontwerp, is onderneem met nege (N=9) verwante pleegouers. Die maatskaplike groepwerkintervensieprogram is vir nege (N=9) verwante pleegouers deur middel van 'n maatskaplike groepwerkproses aangebied.

Twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die **Generalized Contentment Scale (GCS)** en die **Index of Parental Attitudes (IPA)** van Perspektief Kollege, is gebruik ooreenkomstig 'n kwantitatiewe navorsingsparadigma. Hierdie meetinstrumente is tydens **drie geleenthede** deur die nege (N=9) verwante pleegouers voltooi, naamlik vóór die intervensie, tydens die intervensie (na die sesde byeenkoms) en ná die intervensie. Hierdie meetinstrumente is verwerk met behulp van die rekenaarprogram *Perspective Assessment Scales for Windows*.

In teenstelling met die voorafgaande kwantitatiewe meetinstrumente is 'n selfopgestelde vraelys aan die groeplede uitgedeel om te voltooi ná intervensie ten

einde kwalitatiewe data in te samel. Verder is daar 'n onderhoudskedule saam met groeplede deurgewerk. Data is deur die navorser self verwerk.
Etiese oorwegings, soos geen ongerief aan die deelnemers, skriftelike ingeligte toestemming tot deelname, asook die handhawing van vertroulikheid, was op hierdie fase van toepassing. Verder is die navorsing vóór implementering aan die etiese komitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) voorgelê en goedgekeur.

Hierdie fase van die ondersoek het daartoe gelei dat die navorser (a) die ontwikkelde maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers in 'n gekontroleerde ondersoek geïmplementeer het, asook (b) die effek daarvan bepaal het.

**2.2 Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings**

Vanuit die empiriese ondersoek is gevind dat daar gedurende die tydperk April 2003 tot Maart 2004 meer verwante as nie-verwante pleegsorgplasings, gedoen is by instellings wat deelgeneem het aan die ondersoek. Vanuit die literatuurstudie is daar vasgestel dat die statistiek in Suid-Afrika nie 'n onderskeid tref tussen verwante – en nie-verwante pleegsorgplasings nie. Alhoewel daar nie 'n onderskeid getref word nie, word daar 'n tendens waargeneem dat pleegsorgplasings jaarliks toeneem.

Dit het vanuit die respondente se antwoorde na vore gekom dat daar nog verwante pleegsorgplasings is wat statutêr nog nie afgehandel is nie. Redes wat verskaf is hiervoor, was die volgende: (a) te hoë werkslading, (b) te min tyd, (c) tekort aan personeel, en (d) te veel pleegsorgsake. Die literatuurstudie het bevestig dat dienslewering van maatskaplike werkers nie altyd optimaal is nie as gevolg van problematiese werksomstandighede.

Die literatuurstudie het uitgewys dat minder mislukkings voorkom by verwante pleegsorgplasings teenoor meer mislukkings van nie-verwante pleegsorgplasings. Uit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat min mislukkings voorgekom het by

verwante pleegsorgplasings. By gevalle waar daar egter wel mislukkings voorgekom het, is die volgende redes verskaf: (a) konflik tussen pleegouers en pleegkinders, en (b) gedragsprobleme van die pleegkinders.

Die empiriese ondersoek het uitgelig dat nie alle fases van die pleegsorgproses gebruik word by verwante pleegsorgplasings nie. Die fases wat die minste gebruik word, is (a) werwing van pleegouers, (b) die voorbereiding op terugplasing van die pleegkind in die biologiese ouers se sorg, en (c) die terugplasing van pleegkinders in die biologiese ouer se sorg. Hierdie gegewens korreleer met die literatuurstudie en die aard van verwante pleegsorg.

Talle publikasies beklemtoon die belangrikheid van opleiding van pleegouers. Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die respondente ook die opleiding van pleegouers as belangrik ag. Sommige respondente gee opleiding aan pleegouers voordat die kind geplaas word, en party respondente verskaf opleiding nadat die kind geplaas is, terwyl daar ook respondente is wat opleiding gee vóór en ná die plasing van die pleegkind.

Vanuit die empiriese ondersoek is daar vasgestel dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van 'n vasgestelde program vir die opleiding van verwante pleegouers. Daar is ook verder vasgestel dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n vasgestelde program vir die opleiding van verwante pleegouers. Onderwerpe is geïdentifiseer vanuit die empiriese ondersoek en die literatuurstudie wat ingesluit kan word binne 'n program vir verwante pleegouers.

Kontak met pleegouers en pleegkinders wissel van een keer per jaar tot drie keer per jaar. Hierdie gegewens het na vore gekom vanuit die empiriese ondersoek. Verder het die respondente geïdentifiseer dat die hoofdoel van kontak die ondersteuning van pleegouers en pleegkinders is. Die literatuurstudie het aangetoon dat daar minder dienste gelewer word aan verwante pleeggesinne as nie-verwante pleeggesinne.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die respondente was van mening dat maatskaplike groepwerk en gevallewerk die beste metodes van dienslewering is aan verwante pleegouers. Die literatuurstudie het hierdie gegewens ondersteun deurdat hierdie twee metodes van maatskaplike werk uitgesonder is as metodes van dienslewering aan gesinne, ook pleeggesinne.

Respondente is gevra om moontlike motiewe van pleegouers te identifiseer waarom hul pleegkinders in hul sorg neem. Die belangrikste motiewe wat geïdentifiseer is, was die volgende: (a) ouers is oorlede en dit is hulle plig om die kind te versorg, (b) daar is geen ander versorgers nie, en (c) liefde vir 'n kind. Vanuit die literatuurstudie is die volgende twee motiewe geïdentifiseer, naamlik: (a) dit is die verantwoordelikheid van die familie om 'n kind te versorg, en (b) liefde vir 'n kind.

Die literatuurstudie het getoon dat maatskaplike werkers in verskillende omstandighede, verskillende rolle vertolk. Vanuit die empiriese ondersoek het dit na vore getree dat die respondente van mening was dat die drie belangrikste rolle van maatskaplike werkers by verwante pleegsorgplasings, die volgende is: (a) ondersteuner, (b) raadgewer, en (c) opvoeder.

Die respondente het die belangrikste behoeftes van verwante pleegouers soos volg geïdentifiseer, naamlik: (a) om leiding te ontvang ten opsigte van die dissiplinering van die pleegkind, (b) om hulp te ontvang as probleme opgelos moet word, en (c) om die wetlike aspekte van pleegsorg te verstaan. Die belangrikste behoefte van pleegkinders was volgens die respondente, om iemand te hê om mee te praat wanneer probleme ontstaan.

Alhoewel voordele van verwante en nie-verwante pleegsorg genoem kan word vanuit die literatuurstudie, het dit vanuit die empiriese ondersoek na vore getree dat respondente verwante pleegsorgplasings verkies. Dit word egter beklemtoon dat elke geval uniek hanteer word en dat plasings altyd in die beste belang van die kind moet wees.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die doelwitte van hierdie deel van die ondersoek was die volgende:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die aard en omvang van verwante pleegsorg in die Noordwes-provinsie te bepaal.
- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die taak van maatskaplike werkers ten opsigte van hulpverlening aan pleegouers in verwante pleegsorgplasings in die Noordwes-provinsie te ondersoek.

Vanuit die bogenoemde besprekings en gevolgtrekkings is dit duidelik dat bogenoemde doelwitte bereik is.

**2.3 Die behoeftes van verwante pleegouers**

Die doelwit van hierdie deel van die ondersoek was die volgende:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek die behoeftes van verwante pleegouers in die Noordwes-provinsie te ondersoek.

Om vas te stel of hierdie doelwit bereik is, word daar vervolgens aandag geskenk aan bepaalde bevindings en gevolgtrekkings.

Die respondente in hierdie ondersoek was almal vroulik en grootmoeders van die pleegkinders. Die meeste respondente is reeds in hoë ouderdomsgroepe. Die kanse is dus goed dat pleegkinders van pleegouers kan verwissel. Die aantal pleegkinders wat in die pleegouers se sorg is, wissel van tussen een en vier pleegkinders. Dit kan dit finansieel moeilik maak vir die pleegouers. Die respondente dra kennis van die redes waarom pleegkinders in hul sorg is en die meeste van die plasings is permanent van aard omdat biologiese ouers oorlede of onopspoorbaar is. Bogenoemde empiriese data korreleer met gegewens van die literatuurstudie, naamlik dat verwante pleegouers meestal enkelouers is, in hoër ouderdomsgroepe val en meer kinders in hul sorg het.

Die motief vir pleegouerskap by respondente is meestal liefde vir die kind, wat 'n belangrike en aanvaarbare motief is. Hierdie data korreleer goed met maatskaplike

werkers se mening waarom verwante pleegouers, kinders in hul sorg neem. Dit word verder ook ondersteun vanuit die literatuurstudie.

'n Toelae of pensioen is in sommige gevalle die verwante pleegouers se hoofbron van inkomste. Vanuit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat die pleegouertoelaag 'n groot rol speel by 'n groot persentasie van die pleegouers, omdat dit hul inkomste aanvul sodat voldoende versorging aan pleegkinders gebied kan word.

Dit het uit verskillende bronne na vore gekom dat alle pleegouers verskillende take het om te verrig. Elke situasie is uniek en pleegouers se take verskil afhangende van die pleegkinders se behoeftes. Vanuit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat die respondente van mening was dat die beskerming van die pleegkind die belangrikste taak van die pleegouer is.

Alhoewel daar soms probleme ervaar word, was daar nog nie 'n tydperk dat die pleegouers gevoel het hul nie meer pleegouers wil wees nie. Die belangrikheid van hierdie feit is daarin geleë dat hierdie pleegouers nie sommer hulle pleegkinders sal afgee nie, behalwe as omstandighede hul noodsaak of as hul tot sterwe sou kom. Dit korreleer met gegewens vanuit die data van die maatskaplike werkers, naamlik dat daar min mislukkings voorkom by verwante pleegsorgplasings. Verder ondersteun die literatuurstudie dit, dat daar minder verskuiwings voorkom by verwante pleegsorgplasings as by nie-verwante pleegsorgplasings.

Die respondente voel dat pleegouers voorberei en opgelei moet word vir hul rol as pleegouers. Die meeste respondente in hierdie ondersoek het wel opleiding ontvang wat hulle baie gehelp het. Dit korreleer met die empiriese ondersoek ten opsigte van die rol van maatskaplike werk by verwante pleegsorgplasings, en dit korreleer ook met data vanuit die literatuurstudie.

Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat die pleegouers min probleme ervaar met die pleegkinders. Die respondente wat wel probleme ervaar, kry nie hulp vir die

probleme nie, en hul soek ook nie hulp nie, omdat hul voel dat hul dit self kan hanteer. Vanuit die literatuurstudie het dit egter na vore gekom dat pleegkinders soms probleemgedrag openbaar, omdat hul traumatiese ervarings gehad het en baie keer spanning beleef.

Dit blyk dat daar positiewe verhoudings is tussen pleegouers en pleegkinders. Gegewens vanuit die literatuurstudie ondersteun 'n goeie verhouding tussen pleegouers en pleegkinders. As daar goeie binding is tussen pleegouer en pleegkind kom daar minder mislukkings van pleegsorgplasings voor. Verder is daar in die literatuurstudie gevind dat die band tussen grootouer en kleinkind as 'n goeie substituut kan dien, waar die ouers vir een of ander rede afwesig is.

Die literatuurstudie het getoon dat kontak tussen biologiese ouers en pleegkinders belangrik is vir die pleegkind se welstand. Alhoewel dit gewens is dat pleegkinders gereeld kontak met biologiese ouers moet hê, is dit nie altyd moontlik nie. By verwante pleegsorgplasings is daar egter die voordeel dat pleegkinders by familie woon, waar die "kin-keeping function" nog steeds vervul word. Vanuit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat waar daar wel biologiese ouers nog leef, die verhouding tussen die pleegkind en die biologiese ouers oor die algemeen goed is. Daar is egter ook gevalle waar daar geen verhouding is of was tussen die biologiese ouers en pleegkinders nie.

Dit het duidelik na vore gekom dat die res van die familie positief voel oor die pleegsorgplasing. Daar kan dus aanvaar word dat die respondente kan staatmaak op hul familie se ondersteuning. Daar is dus 'n sterk moontlikheid dat die familie sal help met die versorging van die pleegkind indien hierdie pleegsorgplasings nie meer kan voortgaan nie.

Die respondente in hierdie ondersoek voel positief oor die instelling en die maatskaplike werker van wie hul dienste ontvang. Uit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat die meeste respondente slegs een keer per jaar deur die maatskaplike werker gekontak word. Hierdie gegewens korreleer met gegewens vanuit die empiriese ondersoek van die

maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie. Alhoewel een kontakgeleentheid per jaar beslis nie as die ideaal beskou kan word nie, is die meeste respondente van mening dat hierdie kontak voldoende is. Daar is egter respondente wat voel dat meer kontak met die maatskaplike werker nodig is.

Dit het na vore gekom dat die respondente hulp ontvang het ten opsigte van die volgende: (a) voorbereiding op die hofprosedure, (b) voorbereiding op die pleegsorgplasing, en (c) hulp om aansoek te doen vir die pleegouertoelaag. Min terapeutiese dienste is egter ontvang. Uit die response van die deelnemers kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat maatskaplike werkers beslis nie al die behoeftes wat verwante pleegouers ervaar, aanspreek nie. Hierdie feit korreleer ook met gegewens vanuit die literatuurstudie, naamlik dat verwante pleeggesinne minder dienste ontvang as nie-verwante pleeggesinne.

Die meeste respondente het 'n goeie idee waaroor pleegsorg handel en die respondente positief voel oor pleegsorg. Al die respondente het egter gerapporteer dat hul hulp wil ontvang om die pleegsorgproses beter te verstaan en wil leer hoe om beter pleegouers te wees.

Bepaalde onderwerpe is geïdentifiseer wat volgens die respondente by 'n program vir verwante pleegouers behoort ingesluit te word, naamlik:

- Wetlike aspekte van pleegsorg.
- Ontwikkelingsfases van kinders.
- Behoeftes van kinders.
- Behoeftes van pleegouers.
- Ouer-kind verhouding.
- Ouerskapsvaardighede.
- Dissiplinering van die pleegkind.
- Kommunikasievaardighede.
- Konflikhanteringsvaardighede.
- Selfbeeld.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- Temperamentsverskille.
- Die rol van die maatskaplike werker.
- Die rol van toesigdienste.
- Kontak met biologiese ouers.
- Die pleegouertoelaag.
- Om die dood van 'n geliefde te verwerk.
- Kennis oor MIV/Vigs.

Hierdie onderwerpe wat geïdentifiseer is, korreleer goed met onderwerpe wat deur maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie geïdentifiseer is, asook vanuit die literatuurstudie.

Vanuit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die doelwit van hierdie deel van die ondersoek bereik is.

**2.4 'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers**

Die doelwitte van hierdie afdeling van die ondersoek was die volgende:

- Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel watter rol maatskaplike groepwerk ten opsigte van hulpverlening aan verwante pleegouers speel.
- Om 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram te ontwikkel wat deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek daarop gerig is om die maatskaplike funksionering van verwante pleegouers te verbeter.

Om vas te stel of hierdie doelwitte bereik is, word daar vervolgens aandag geskenk aan bepaalde bevindings en gevolgtrekkings.

Ooreenkomstig die empiriese ondersoek sowel as die literatuurstudie is bevind dat verwante pleegouers eiesoortige behoeftes en uitdagings ervaar wat spesiale aanpassings aan maatskaplike groepwerkdienste noodsaak.

---

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Daar is vroeër 'n ondersoek met verwante pleegouers (N=10) onderneem om hul behoeftes vas te stel. Daar is ook 'n ondersoek met maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) gedoen om vas te stel wat hul meen moet in 'n program ingesluit word. Vanuit hierdie ondersoeke is 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram ontwikkel vir verwante pleegouers. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat maatskaplike groepwerk, as 'n primêre metode in maatskaplike werk, aangewend kan word om die behoeftes van verwante pleegouers aan te spreek.

Die groeplede het oor die algemeen oor goeie insig beskik en kennis gedra van die meeste onderwerpe wat bespreek is. Vaardighede wat aangeleer is tydens die byeenkomste kon in hul daaglikse lewe toegepas word.

Sommige van die groepbyeenkomste was lank gewees en alhoewel groeplede nie daaroor gekla het nie, kan daar aandag geskenk word aan hierdie aspek van die program. Die program kan hersien word en moontlik kan daar meer byeenkomste aangebied word.

Die doelwitte wat gestel was vir die byeenkomste is bereik en daar is voldoen aan die groeplede se verwagtinge vir die byeenkomste. Hierdie gegewens word nie duidelik met empiriese data bevestig nie, maar uit evalueringsvorms wat na elke byeenkoms deur groeplede voltooi is en opmerkings wat groeplede gemaak het, kan afgelei word dat behoeftes aangespreek is en doelwitte bereik is.

Die groeplede het ook die behoefte uitgespreek dat hul pleegkinders ook 'n groepwerkprogram moet deurloop om vaardighede aan te leer en om meer kennis te verkry rondom vigs.

Al die groeplede was Afrikaans magtig en daarom was dit nie nodig om van 'n tolk gebruik te maak nie.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Daar was nege groeplede wat die program bygewoon het, en die kommunikasie tussen groeplede en fasiliteerder was goed. Die fasiliteerder kon genoeg individuele aandag aan groeplede skenk en daarom was dit goed dat daar nie meer groeplede ingesluit is nie. Die groeplede se deelname en interaksie tydens elke byeenkoms was spontaan en baie aktief. Die groep het ook die nodige ondersteuning aan die groeplede gebied sodat hulle as 'n sterk steunstelses vir mekaar gedien het.

Uit die evaluering wat deur die lede gedoen is oor die effek wat hierdie program vir hulle as verwante pleegouers ingehou het, was dit duidelik dat hierdie intervensieprogram onteenseglik meegehelp het tot die verbetering van die groeplede se lewenskwaliteit, hul lewenstevredenheid en hulle uiteindelike maatskaplike funksionering.

Vanuit bogenoemde bevindings en gevolgtrekkings, is dit duidelik dat die doelwitte bereik is.

### 2.5 Die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir pleegouers in verwante pleegsorgplasings

Die doelwit vir hierdie deel van die ondersoek was die volgende:

- Om die uitwerking van 'n ontwikkelde maatskaplike groepwerkintervensieprogram op die maatskaplike funksionering van die pleegouers in verwante pleegsorgplasings te bepaal.

Om vas te stel of hierdie doelwit bereik is, word daar vervolgens aandag geskenk aan 'n paar bevindings en gevolgtrekkings:

Ten opsigte van die **navorsingsprosedure en –ontwerp** wat in die ondersoek gebruik is, word die volgende bevindings en gevolgtrekkings gemaak:

Die respondentegroep wat slegs uit nege (N=9) bestaan het, was beperk. Dit het derhalwe 'n eenmalige aanbieding van die intervensieprogram genoodsaak. Dit lei tot die

gevolgtrekking dat die DR&U-model die beste navorsingsontwerp vir hierdie ondersoek was, aangesien dié ontwerp slegs 'n eenmalige implementering van nuwe tegnologie vereis.

Die onderwerpe wat geïdentifiseer is tydens die opnameprosedure met tien verwante pleegouers (N=10) en maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie wat met pleegsorggevalle werk (N=24) asook vanuit die literatuurstudie korreleer met die inhoud van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram. Vanuit die bevindings van die selfopgestelde evalueringsvorm en onderhoudskedule blyk dit dat dit behoeftes van die groeplede (N=9), aangespreek het.

Die kwalitatiewe resultate lewer bewys dat die program onteenseglik die maatskaplike funksionering van die groeplede (N=9) verbeter het, terwyl dieselfde bevinding in beperkte mate ten opsigte van die kwantitatiewe data geld. Die gevolgtrekking word gemaak dat 'n gemengde metodologiese navorsingsmodel bruikbaar is in ondersoeke waar deelnemers weens sekere gebreke, soos verstandelike beperkings as gevolg van beperkte skoling, die kwantitatiewe meetinstrumente te moeilik en uitdagend mag vind om sinvol te voltooi. Gevolglik is kwalitatiewe data ook beskikbaar indien die kwantitatiewe data-ontleding misluk as gevolg van deelnemers wat meetinstrumente onakkuraat voltooi.

Ten opsigte van die **kwantitatiewe data (GCS en IPA)** word daar die volgende bevindings en gevolgtrekkings gekom:

Vanuit die literatuurstudie is bevind dat verwante pleegouerskap positief korreleer met spanningsverwante gesondheidsprobleme, angs en **depressie**. Die GCS meet die aard en omvang van depressie asook respondente se algemene tevredenheid. Die groep se algemene tevredenheid was tydens die eerste meting 21, tydens die tweede meting 27 en tydens die laaste meting 13. Die tweede meting val wel binne die waarskuwingsarea, maar die derde meting is selfs laer as die eerste meting. Daar kan dus die gevolgtrekking

gemaak word, dat die maatskaplike groepwerkintervensieprogram 'n verbetering gebring het aan die groep se vlak van algemene tevredenheid.

As daar na individuele lede se algemene tevredenheid gekyk word, kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: by drie respondente het daar 'n verswakking plaasgevind van hul algemene tevredenheid. By twee respondente was daar geen verandering nie en by vier respondente was daar 'n verbetering in hul algemene tevredenheid. Daar kan dus afgelei word dat die maatskaplike groepwerkintervensieprogram in die meerderheid gevalle bygedra het tot die verbetering van algemene tevredenheid.

Respondente kon nie die metingskale sonder die navorser se hulp voltooi nie. Daar kon tot die gevolgtrekking gekom word dat die skaal te veel terme gebruik wat verwant aan mekaar is, en wat verwarring kan veroorsaak. Terme soos *bedruk, depressief, terneergedruk* en *ontsteld* is té na aan mekaar vir die meeste respondente wat beperkte skoling gehad het.

Aangesien beide pleegouers en pleegkinders belangrike rolspelers is binne die pleegsorgsituasie en die verhouding tussen hierdie rolspelers belangrik is, is dit nodig geag om die aard van hierdie verhouding te bepaal. Daar bestaan egter nie 'n metingskaal om hierdie verhouding te meet nie. Om vir hierdie leemte te vergoed, is die woord "kind" vervang met "pleegkind". Ten opsigte van die meting van die ouergesindheid (IPA) kon die volgende tendens geïdentifiseer word: die meting tydens die eerste meting was baie goed, tydens die tweede meting slegter en tydens die derde meting weer beter. Nie een van die metings val egter binne die waarskuwingsarea nie. Die verskille in die metings is egter nie beduidend nie. Daarom kon die invloed van die maatskaplike groepwerkintervensieprogram nie werklik bepaal word nie. Vanuit die oogpunt van die deelnemers het hulle egter 'n goeie verhouding met hul pleegkinders.

Weens die sensitiewe aard van pleegsorg, kon vrees vir verwydering van die pleegkind 'n rol gespeel het tydens beantwoording van die metingskaal.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Ten opsigte van die **kwalitatiewe data (selfopgestelde vraelys en onderhouskedule)** word die volgende bevindings en gevolgtrekkings gemaak:

Die onderwerpe wat tydens die maatskaplike groepwerkintervensieprogram met die groeplede bespreek is, is onderwerpe wat deur tien respondente (N=10) wat verwante pleegouers is, geïdentifiseer. Ook het die menings van maatskaplike werkers in die Noordwes-provinsie (N=24) 'n rol gespeel in die keuse van onderwerpe. Vanuit die selfopgestelde vraelys aan die deelnemers (N=9) het dit na vore gekom dat hierdie onderwerpe van groot waarde was vir die deelnemers. Daar was geen onderwerpe geïdentifiseer wat uitgesluit behoort te word nie. Dit het egter na vore getree dat die onderwerpe: (a) dissiplinering van pleegkinders en (b) gedrag van pleegkinders, meer in diepte bespreek moet word.

Die deelnemers het die program en ook die byeenkomste as baie positief ervaar. Hulle het nuwe kennis bekom wat hul in hul daaglikse lewe kan toepas en die kennis het ook bygedra om hul verhouding met hul pleegkinders te verbeter.

Vanuit die selfopgestelde onderhoudskedule het dit ook na vore gekom dat die ondersteuningsnetwerk wat opgebou is tydens die groepbyeenkomste vir die groeplede van groot waarde was.

Deelnemers verkies maatskaplike groepwerk bó gevallewerk omdat hul meer gerus voel om binne die groepopset met die maatskaplike werker te praat. Ook speel ondersteuning van ander groeplede 'n belangrike rol. Die nuwe kennis wat hul ingesamel het ten opsigte van pleegsorg was ook vir hul van groot waarde.

Dit is duidelik dat die doelwit bereik is.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 3. Toetsing van die sentrale teoretiese aanname

Hierdie ondersoek is op die volgende sentrale teoretiese aanname gebaseer:

**'n Maatskaplike groepwerkintervensieprogram wat vir pleegouers wat by verwante pleegsorgplasings betrokke is, ontwikkel is, kan: die kennis en insigte van pleegouers ten opsigte van hul pleegsorgsituasie verbreed en hul maatskaplike funksionering verbeter.**

Op grond van die **bevindings** en **gevolgtrekkings** van hierdie ondersoek, soos voorheen uiteengesit is, blyk dit dat die sentrale teoretiese aanname, vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma beskou, **bewys** is. 'n Beduidende invloed op die vlak van ouergesindheid kon egter nie gevind word nie. Teen hierdie agtergrond kon die sentrale teoretiese aanname, vanuit 'n kwantitatiewe navorsingsparadigma slegs in 'n **beperkte mate** bewys word.

### 4. Aanbevelings

Op grond van die voorafgaande **bevindings** en **gevolgtrekkings** word die volgende **aanbevelings** gemaak:

❑ **Aanbevelings ten opsigte van die rol van maatskaplike werk by die dienslewering aan verwante pleegouers:**

- Hierdie ondersoek kan verder uitgebrei word deurdat maatskaplike werkers van ander provinsies ook ingesluit word.
- Die rol van vrywilligers by instellings kan ondersoek word.
- Die rol van maatskaplike hulpwerkers kan ondersoek word.
- Maatskaplike werkers behoort die behoeftes van kliënte op 'n wetenskaplike wyse te bekom voordat dienste aangebied word.
- 'n Oplossing moet gevind word vir maatskaplike werkers se hoë gevalleladings sodat meer pleegsorgplasings afgehandel word.
- Die moontlikheid moet ondersoek word om maatskaplike groepwerk meer gereëld in te span om ondersteuningsdienste te bied aan pleegouers.

❒ **Aanbevelings ten opsigte van die behoeftes van verwante pleegouers:**

- Hierdie ondersoek kan verder uitgebrei word deurdat die behoeftes van meer verwante pleegouers ondersoek word.
- Instellings behoort deurgaans vas te stel wat pleegouers se behoeftes is voordat hulpverlening en programme aangebied word. Maatskaplike werkers spreek beslis nie al die behoeftes van pleegouers en pleegkinders aan nie.
- Die moontlikheid om vrywilligers op te lei om maatskaplike werkers by te staan deur behoeftebepalings by pleegouers en pleegkinders te doen, moet ondersoek word.
- Die moontlikheid om maatskaplike hulpwerkers op te lei om dienste te lewer aan verwante pleegouers moet ondersoek word.
- Die rol van ondersteuningsnetwerke by verwante pleegouers kan verder ondersoek word.
- Een van die onderwerpe wat respondente wil bespreek, is die wetlike aspekte van pleegsorg. Die nuwe Kinderwet wat in 2008 in werking tree se implikasies vir verwante pleegouers moet ondersoek word en deeglik met pleegouers bespreek word.
- Meer maatskaplike werkers moet aangestel word indien gehalte dienslewering aan pleegouers en pleegkinders gelewer wil word. Tans word nie deurgaans gehalte dienste aan pleegouers gelewer nie.

❒ **Aanbevelings ten opsigte van die ontwikkeling van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers:**

- Maatskaplikewerk-praktisyns behoort groepwerkdienste aan kliënte, soos verwante pleegouers, te ontwikkel op grond van wetenskaplike bevindings. Só byvoorbeeld kan assesseringsbatterye met vrug gebruik word. Voorts behoort die kliënte se standpunte oor hul eie behoeftes effektief geakkommodeer te word.
- Die voorgenoemde program behoort ook aangebied te word vir verwante pleegouers voordat hul wettiglik pleegouers word, sodat die

sukses, al dan nie, daarvan in verskillende praktyksituasies bepaal kan word.

- Daar behoort aandag geskenk te word aan die lengte van die byeenkomste om te voorkom dat groepbyeenkomste te lank is. Selfs meer byeenkomste kan aangebied word.
- Die doeltreffendheid van die program kan uitgebrei word deur die pleegkinders se behoeftes te identifiseer en daarvolgens vir hul ook 'n program aan te bied. Sommige van die byeenkomste kan selfs tegerlyketyd aangebied word vir pleegouers en pleegkinders om byvoorbeeld saam aandag te skenk aan kommunikasievaardighede en binding.
- Daar word verder aanbeveel dat daar nie meer as tien groeplede ingesluit moet word nie. Deur die getal groeplede tot tien te beperk, verseker dit dat die fasiliteerder genoeg individuele aandag aan lede kan skenk.
- Om verwarring te voorkom is dit die beste dat groeplede en fasiliteerder dieselfde taal praat. Die belangrikheid van tolke word nie misken nie, maar vanweë die emosionele aard van die onderwerpe, is dit in die beste belang van die groeplede dat hulle dieselfde taal as die fasiliteerder kan praat. Daarom word daar ook aanbeveel dat die moontlikheid ondersoek word om hierdie program in ander tale te vertaal, sodat maatskaplike werkers in die praktyk dit kan gebruik.
- Die insluiting van meer inligting oor bepaalde onderwerpe, soos dissiplinering en gedragsprobleme van pleegkinders moet ondersoek word.

❒ **Aanbevelings ten opsigte van die evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers:**

- Die maatskaplike groepwerkintervensieprogram behoort geëvalueer te word met behulp van eksperimentele navorsing, waar die program aangebied word vir die eksperimentele groep en nie vir die kontrole groep nie. Daar kan dan

bepaal word of die intervensie 'n invloed het op die eksperimentele groep se maatskaplike funksionering.

- Die meetinstrumente GCS en IPA is moeilik gevind deur die respondente. Aandag behoort geskenk te word om meetinstrumente te standaardiseer vir ongeskooldes en beperkte geskooldes.
- Daar behoort 'n meetinstrument ontwerp en gestandaardiseer te word wat spesifiek die aard van die pleegouer-pleegkind verhouding meet. Nie net behoort pleegouers dit te voltooi nie, maar ook die pleegkind.
- Die selfopgestelde vraelys kan uitgebrei word met kwantitatiewe elemente. Ná herhaalde benutting en verfyning daarvan behoort dit eventueel 'n handige meetinstrument te wees om die maatskaplike groepwerkintervensieprogram te evalueer vanuit beide navorsingsparadigmas.
- Die maatskaplike groepwerkintervensieprogram behoort ook aangebied te word vir ander gesinslede, soos die eggenote van die pleegouers en hierdie resultate moet dan ook gemeet word.
- Daar behoort 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram saamgestel te word vir pleegkinders binne verskillende ontwikkelingsfases.

**5. Bydrae van hierdie ondersoek**

Hierdie ondersoek het die volgende **bydraes** gelewer tot die **vakkennis** en **praktyk** van maatskaplike werk:

- ❒ Verwante pleegouers is dikwels 'n kliëntegroep wat nie baie aandag kry nie. Deur hierdie ondersoek is daar 'n lig gewerp op die unieke aard en behoeftes van verwante pleegouers.
- ❒ Nuwe tegnologie, naamlik 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram vir verwante pleegouers, wat gerig is op die verbetering van die maatskaplike funksionering van verwante pleegouers, is ontwikkel en binne 'n gekontroleerde studie getoets. Vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsoogpunt is dit suksesvol gevind en kan dit voortaan in die praktyk benut word.

## AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- 'n Leemte is uitgewys ten opsigte van gestandaardiseerde metingskale vir ongeskoolde en semigeskoolde kliënte.
- Verdere navorsingsbehoeftes is geïdentifiseer. 'n Beroep word op navorsers gedoen om hierdie geïdentifiseerde leemtes te verwyder deur doelgerigte navorsing.
- Twee manuskripte is voorgelê vir publikasie aan twee vaktydskrifte, naamlik **Maatskaplike Werk/ Social Work**, asook **Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn / Social Work – Research- Practitioner**. Daar word nog gewag vir terugvoer.
- Die Kinder- en Gesinsorgvereniging (Potchefstroom) het 'n kopie van die program ontvang, om tydens dienslewering te gebruik.
- Hierdie ondersoek tref 'n onderskeid tussen verwante – en nie-verwante pleegsorgplasings, terwyl die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) dit nog nie doen nie.

## 6. Slotopmerkings

Tot op hede word daar nie 'n onderskeid getref tussen verwante en nie-verwante pleegsorgplasings binne die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) of statistiese gegewens nie. Verwante pleegouers ontvang gewoonlik dieselfde opleiding as nie-verwante pleegouers. Daar word nie spesiale aandag geskenk aan die unieke behoeftes van verwante pleegouers nie.

Hierdie studie het die unieke aard van verwante pleegsorg ondersoek en unieke behoeftes van verwante pleegouers is geïdentifiseer. Hierdie ondersoek het enersyds daarin geslaag om die maatskaplike funksionering van die ondersoekgroep te verbeter. Andersyds is nuwe tegnologie ontwikkel, en vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma suksesvol bevind. Dieselfde sukses is egter nie onvoorwaardelik vanuit 'n kwantitatiewe navorsingsparadigma bereik nie. Hierdie program kan egter as alternatief deur maatskaplike werkers in die praktyk aangewend word tydens groepbyeenkomste met verwante pleegouers.

---

# AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

# AFDELING D:
# BYLAES

**J. Delport**
**Kockstraat 168**
**Potchefstroom**
**2531**
**Tel: 082 7781 471**

AAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER / INSTELLING

**DIE ROL VAN MAATSKAPLIKE WERK TEN OPSIGTE VAN VERWANTE PLEEGSORGPLASINGS**

Die navorser is tans besig met haar Ph. D- studie in Maatskaplike Werk. Die titel van die navorsing is die volgende: **Die ontwikkeling en evaluering van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram in verwante pleegsorgplasings.**

**Twee soorte pleegsorgplasings** word onderskei, naamlik: **verwante en nie-verwante** pleegsorgplasings. Die belangrikste verskil tussen verwante en nie-verwante plasings is dat in verwante plasings die familie nie betrokke is by die assessering van watter tipe kind die beste by hul familie sou inpas nie. Die familie ken ook in baie gevalle die kind se agtergrond en sy familiegeskiedenis.

By nie-verwante pleegsorgplasings is daar geen verwantskap tussen die pleegouers en biologiese ouers of pleegkinders nie. Die maatskaplike werker keur die pleegouers en plaas die kinders volgens hul behoeftes by die gepaste pleegouers.

Die **doel van hierdie vraelys** is om vas te stel wat die aard en omvang van verwante pleegsorg is en om vas te stel wat die rol van maatskaplike werk is ten opsigte van verwante pleegsorg. Deur die invul van die vraelys sal u 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van 'n maatskaplike groepwerkintervensieprogram in verwante pleegsorgplasings.

Bogenoemde doel sal egter nie sonder u samewerking bereik kan word nie, daarom is die aangehegte vraelys so noodsaaklik. Alleenlik juiste en korrekte inligting kan 'n bydrae maak tot geldige navorsing. Volkome vertroulikheid met die inligting word gewaarborg. Dit sal u nie langer as twintig minute neem om die vraelys te voltooi nie.

U samewerking word waardeer. Die vraelys kan na die bogenoemde persoon en adres gestuur word voor die einde Julie 2004.

Die uwe
Me. Janine Delport

| | | |
|---|---|---|
| | | |

**Die rol van maatskaplike werk ten opsigte van verwante pleegsorgplasings.**

**INSTRUKSIES**

Trek 'n kruisie in die blokkie waar van toepassing of verstrek asseblief u antwoorde op die stippellyne.

**AFDELING A Identifiserende besonderhede**

1. By watter instelling is u werksaam?

| | | |
|---|---|---|
| Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | 1 | |
| Ondersteuningsraad | 2 | |
| NG Welsyn | 3 | |
| Suid-Afrikaanse Vrouefederasie | 4 | |
| Kinder- en Gesinsorgvereniging | 5 | |

2. Watter posisie beklee u in die instelling?

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maatskaplike werker | 1 | | Senior maatskaplike werker | 2 | | Supervisor | 3 | |

3. Oor hoeveel jare praktykervaring beskik u?

.........................................................................

4. Dui u geslag aan

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 1 | | Vroulik | 2 | |

**AFDELING B Statistiek**

1. Hoeveel pleegsorgplasings is in die afgelope jaar tussen April 2003 en Maart 2004 by u instelling gedoen?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie-verwante pleegsorgplasings | | Verwante pleegsorgplasings | |

2. Is daar nog verwante pleegsorgplasings op die instelling se sentrale register wat statutêr nog nie afgehandel is nie?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | | Nee | 2 | |

2.1 As die antwoord by Vraag 2 **JA** was, hoeveel verwante pleegsorgplasings is nog op die instelling se sentrale register wat statutêr nog nie afgehandel is nie?

| | |
|---|---|
| Verwante pleegsorgplasings | |

2.2 Noem die rede(s) waarom verwante pleegsorgplasings statutêr nog nie afgehandel is nie:

| **Redes** | | **JA(1)** | **NEE(2)** |
|---|---|---|---|
| Te hoë werklading | 1 | | |
| Te min tyd | 2 | | |
| Tekort aan personeel | 3 | | |
| Te veel pleegsorgsake | 4 | | |
| Tekort aan pleegouers | 5 | | |

3. Kom baie mislukkings by pleegsorgplasings voor?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | | Nee | 2 | |

3.1 Indien **JA** geantwoord by Vraag 3, wat was die getal mislukkings van verwante pleegsorgplasings in die jaar April 2003—Maart 2004?

| | |
|---|---|
| Mislukkings van verwante pleegsorgplasings | |

3.2 Volgens u mening wat was die rede(s) vir die mislukking van verwante pleegsorgplasings?

| **Redes vir mislukking** | | **Ja (1)** | **Nee (2)** |
|---|---|---|---|
| Konflik tussen pleegouers en pleegkind | 1 | | |
| Inmenging van biologiese ouers | 2 | | |
| Pleegkind wat gedragsprobleme vertoon | 3 | | |
| Koste verbonde aan die versorging van kind word te hoog | 4 | | |
| Ander (spesifiseer)........................................................... ........................................................................ ........................................................................ | 5 | | |

**AFDELING C Dienste aan pleegouers en pleegkinders**

1. Watter van die volgende fases van die pleegsorgproses gebruik u by verwante pleegsorgplasings?

| Fases van die pleegsorgproses | | Ja(1) | Nee(2) |
|---|---|---|---|
| Werwing | 1 | | |
| Keuring | 2 | | |
| Passing en plasing | 3 | | |
| Opleiding en toerusting | 4 | | |
| Toesigdienste | 5 | | |
| Voorbereiding op terugplasings | 6 | | |
| Terugplasing van die kind by sy/haar gesin van herkoms | 7 | | |
| Ander (spesifiseer) ........................................ ........................................................................ ........................................................................ | | | |

1.1 Indien daar 'n sekere fase(s) is wat u nie toepas nie, wat is die rede(s) daarvoor?

| |
|---|
| |
| |
| |
| |

2. Word opleiding by verwante pleegsorgplasings aan die pleegouers gegee?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | | Nee | 2 | |

2.1 Indien **JA** geantwoord by Vraag 2, word opleiding gegee ...

| | | Ja(1) | Nee(2) |
|---|---|---|---|
| Voor die kind in pleegsorg geplaas word | 1 | | |
| Nadat die kind in pleegsorg geplaas is | 2 | | |

2.2 Maak u gebruik van 'n vasgestelde program by die opleiding van verwante pleegouers?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | | Nee | 2 | |

2.2.1 Indien **NEE** geantwoord by Vraag 2.2, dink u daar bestaan 'n behoefte aan 'n vasgestelde pleegsorgprogram om verwante pleegouers op te lei?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | | Nee | 2 | |

2.2.2 Indien **JA** geantwoord by Vraag 2.2.1, wat dink u behoort in die program ingesluit te word?

| **Onderwerpe** | | **Ja (1)** | **Nee (2)** |
|---|---|---|---|
| Wetlike aspekte van pleegsorg | 1 | | |
| Ontwikkelingsfases van kinders en die behoeftes van kinders | 2 | | |
| Behoeftes van ouers en ouer-kind verhoudings | 3 | | |
| Ouerskapsvaardighede en dissiplinering | 4 | | |
| Kommunikasie- vaardighede en konflikhantering | 5 | | |
| Selfbeeld en temperament – verskille | 6 | | |
| Die maatskaplike werker en toesigdienste | 7 | | |
| Hoe om die pleegouertoelaag te hanteer | 8 | | |
| Om probleemoplossing-vaardighede aan te leer | 9 | | |
| Kontak met biologiese ouers | 10 | | |
| Ander (spesifiseer) ............................................. ......................................................................... ......................................................................... ......................................................................... | | | |

3. Hoe gereeld kontak u die verwante pleegouers?

| | | |
|---|---|---|
| 1 keer per jaar | 1 | |
| 1 keer per maand | 2 | |
| 1 keer per week | 3 | |
| Ander (spesifiseer) ............................ ................................................ ................................................ | | |

3.1 Wat is die doel van die kontak?

| | | Ja(1) | Nee(2) |
|---|---|---|---|
| Om die inskakeling van die pleegkind by die pleeggesin te evalueer | 1 | | |
| Om die aanpassing van die gesin te evalueer | 2 | | |
| Om vas te stel wat die verhouding tussen pleegouers en biologiese ouers is | 3 | | |
| Om ondersteunings-dienste aan die pleegouers te bied | 4 | | |
| Om inligting in te samel om hofverslae te skryf | 5 | | |
| Ander (spesifiseer) ........................................ .................................................... .................................................... | | | |

4. Hoe gereeld kontak u die pleegkinders by verwante pleegsorgplasings?

| | | |
|---|---|---|
| 1 keer per jaar | 1 | |
| 1 keer per maand | 2 | |
| 1 keer per week | 3 | |
| Ander (spesifiseer) ............................ .................................................... .................................................... | | |

4.1 Wat is die doel van die kontak?

| Doel van kontak | | Ja(1) | Nee(2) |
|---|---|---|---|
| Om die vordering van die pleegkind te assesseer | 1 | | |
| Om inskakeling van die pleegkind by die pleeggesin te evalueer | 2 | | |
| Om vas te stel of daar kontak is met die biologiese ouers | 3 | | |
| Om ondersteuning aan die kind te bied | 4 | | |
| Om inligting in te samel vir hofverslae | 5 | | |
- Om inligting as vertroulik te beskou.
- Om groeplede te respekteer.
- Om te luister na die groeplede.
- Om ondersteuning aan groeplede te bied.

## Die verantwoordelikhede van die groeplede

- Om die maatskaplike werker en ander groeplede te respekteer.
- Om eerlik te wees met die maatskaplike werker en ander groeplede.
- Om betyds te wees vir elke groepbyeenkoms.
- Om inligting as vertroulik te beskou.
- Om na mekaar te luister.

..............................

**Handtekening van die fasiliteerder**

..............................................

**Naam en handtekening van die groeplid**

...............................

**Datum**

# EVALUERINGSVORM

1. **Ek het die groepbyeenkoms van waarde gevind.**

**JA**



**NEE**



2. **Ek het verstaan wat bespreek is.**

**JA**



**NEE**



3. **Ek het goed oor die weg gekom met die fasiliteerder.**

**JA**



**NEE**



**4. Ek het goed oor die weg gekom met die ander groeplede.**

**JA** **NEE**





**5. Ek sal die volgende byeenkoms bywoon.**

**JA** **NEE**





**6. Enige opmerkings?**

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

...........................

**Datum**



Onthou die volgende byeenkoms!!

Datum:

Plek:

Tyd:

Onderwerp:



Onthou die volgende byeenkoms!!

Datum:

Plek:

Tyd:

Onderwerp:



Onthou die volgende byeenkoms!!

Datum:

Plek:

Tyd:

Onderwerp:



Onthou die volgende byeenkoms!!

Datum:

Plek:

Tyd:

Onderwerp:

## God kan jou nuut maak

"*Maar die ding wat hy aan die maak was uit die klei, het misluk, en hy het toe iets anders gemaak soos hy dit wou hê.*" (Jer. 18:4)

Dikwels is dit vir die volgeling van Jesus Christus 'n moeilike stryd om sy lewe in ooreenstemming met die wil van God te bring. So baie van die ou vasgelegde karaktereienskappe kleef nog aan hom. Hy wanhoop dikwels dat die Christusvervulde lewe ooit in hom tot openbaring sal kom.

So 'n wroeging ontstaan in die mens se gemoed en is nie van God nie. Hoewel hy 'n nuwe lewe in Christus begeer, weier hy om af te sien van die ou beeld en die ou gewoontes. Dis 'n verdeling van lojaliteite, waar die helfte van sy wese verlang om God tevrede te stel en die ander helfte van sy wese verlang om volgens die voorskrifte van die eie sin en eie wil te lewe. Dit skep 'n onbetroubare Christelike getuienis wat ondoeltreffend is. Dit lei uiteindelik tot die aftakeling en verswakking van karakter en persoonlikheid.

Hierdie konflik laat 'n mens gewoonlik verstandelik en geestelik bankrot en só gebroke dat hy voel om God af te sweer, tesame met alles wat hy van Hom geweet en geglo het.

Te midde van hierdie verwoesting en terneergedruktheid kan God die brokstukke optel en met sy liefdevolle kunstenaarshande dit tot 'n voorwerp van skoonheid hervorm. Daarvoor moet aan sekere voorwaardes voldoen word. Omdat God lewe kan vernuwe wat deur hoogmoed en eiegeregtigheid vernietig is, is die enigste samewerking wat Hy vra dat jy jouself onvoorwaardelik aan Hom oorgee, Hom moet liefhê en gehoorsaam met jou hele wese.

Sodra jy jouself aan Hom toegewy het sonder enige voorwaardes, kan Hy begin met sy meesterplan vir jou herstel. Hy maak van jou 'n nuwe skepsel en jy word die mens wat Hy bedoel het dat jy moet wees.

*"Heiland en Herskepper, ek gee myself volkome en onvoorwaardelik aan U. Hervorm my na U wil tot die persoon wat U in my wil sien."*

(Uit: Ozrovech, S. 1993. Nogtans sal ek jubel. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy)

**Omskrywing van pleegsorg:** "Statutêre SUBSTITUUTSORG binne gesinsverband vir KINDERS wat op kort, medium of lang termyn nie deur hulle OUERS versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas" (Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk, 1995:49).

Twee soorte pleegsorgplasings word onderskei, naamlik: verwante en nie-verwante pleegsorg. By nie-verwante pleegsorg word die pleegkind by vreemde mense geplaas wat nie die pleegkind of biologiese ouers ken nie. By verwante pleegsorg word die pleegkind by familie geplaas. Die pleegouers ken dus die biologiese ouers en die pleegkind. Die volgende figuur dui die verskille aan tussen verwante en nie-verwante pleegsorgplasings:

**Nie-verwante pleegsorg:**




**Verwante pleegsorg:**



By nie-verwante pleegsorgplasings is die maatskaplike werker die sentrale skakel omdat hy/sy al die betrokke partye (pleeggesin, die pleegkind en biologiese ouers) se omstandighede ken. Hy/sy is verantwoordelik daarvoor om die regte pleeggesin vir die pleegkind te vind.

By verwante pleegsorgplasings is die maatskaplike werker die buitestander. Die ouers, pleegouers en pleegkind ken mekaar en al die omstandighede. Die maatskaplike werker moet nog al die omstandighede leer ken.

Verwante pleegsorg kan soos volg omskryf word:

**Omskrywing van verwante pleegsorg:** "Die voltydse versorging en beskerming van kinders deur familielede van hul eie etniese groep, grootouers of enige ander volwassene met wie die kind en die kind se ouers 'n familieband het" (Van Rensburg & Green, 2006:327)

# DIE PLEEGSORGPROSES

**Bestaan uit die volgende prosesse:**

**WERWING**

**KEURING**

**OPLEIDING**

**PASSING**

**OORWEGING VAN MOONTLIKE PLASINGS EN PLASINGSMOONTLIKHEDE**

| KORTTERMYNPLASING | LANGTERMYNPLASING |
|---|---|
| Plek van veiligheid | Pleegsorg |
| Vakansieplasings | Kinderhuis |
| | Nywerheidskool |
| | Verbeteringskool |
| | Permanente plasing |
| | Pleegsorg met die oog op aanneming |
| | Plasing van kinders met spesiale behoeftes |

**TOESIGDIENSTE DEUR DIE MAATSKAPLIKE WERKER**

**VOORBEREIDING OP TERUGPLASING**

**TERUGPLASING IN OUERLIKE SORG**

# DIE WET OP KINDERSORG, 1983 (WET 74 VAN 1983)

Kinders word weens verskeie redes sorgbehoewend bevind en in pleegsorg geplaas. In Artikel 14(4)(aB) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), soos gewysig deur die Wysigingswet op Kindersorg, 1996 (Wet 96 van 1996), word die volgende redes vir sorgbehoewendheid gegee:

Die kind -

(i) verlaat is of geen sigbare bestaansmiddele het nie;

(ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;

(iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;

(iv) woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad;

(v) in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is;

(vi) fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel is; of

(vii) in stryd met art. 10 onderhou word.





Wanneer daar aansoek gedoen word vir die pleegouertoelaag, is daar bepaalde dokumente nodig, naamlik:

- ❒ Bewys van die Hofbevel.
- ❒ Bewys van inkomste of bewys dat persoon 'n pensionaris is.
- ❒ Geboortesertifikate van die pleegkind.
- ❒ ID-dokument van die pleegouer.





# DOELSTELLINGS VAN TOESIGDIENSTE

- Om die inskakeling van die pleegkind by die pleeggesin te evalueer.
- Om die aanpassing van die gesin te evalueer.
- Om ondersteuningsdienste te bied aan die pleegouers en pleegkind.
- Om inligting te verkry vir hofverslae.
- Om skoolaanpassing ten opsigte van skoolvordering van die kind te monitor.
- Om die versorging van die pleegkind te monitor.



**Wie is ek?**

"Identiteitskrisis" het 'n modewoord geword. "Wie is ek?" is egter 'n vraag wat ons nie kan ontwyk nie en wat ons van ons jeug tot in ons gryse ouderdom sal vra. Laat ons dit dan uit die staanspoor vir mekaar sê: Jy is 'n skepping van God; na sy beeld het Hy jou geskape – al is die beeld dan deur die sonde geskend. Jy is Koningskind; prins of prinses en jy word geroep om jou kindskap waardig te leef:

> "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het" (Est. 4:14).

God maak nie duplikate nie; jy is eenmalige skepping van God en daarom is jy uniek. Wetenskaplikes beweer dat geen twee blare aan 'n boom dieselfde is nie; hoeveel te meer sal God nie aan sy kinders 'n eie identiteit, aard en persoonlikheid gee nie? Geen ander mens op aarde kan jou plek inneem nie. Daarom moet jy jou nooit laat verswelg in die naamlose, identiteitlose massa nie.

"Wees jouself, sê ek tot iemand; maar hy kon nie, want hy was niemand!" Dit is nie 'n vrypas vir hoogmoed en selfverheffing nie, maar 'n genade van God en 'n oproep om waardig en met selfvertroue te lewe. Jy hoef nie iemand anders se lewenstyl n ate boots nie. 'n Praktiese geloof in Jesus Christus lei tot die ontdekking van jou ware self. Valse hoogmoed; minderwaardigheid wat jou geestelik groei vertraag; onsuiwere waardes wat jou lewensperspektief belemmer – dit alles word oorwin en gesuiwer deur die krag wat Christus jou skenk.

Daar is geen hoër lewensvervulling as om jouself te wees nie, en geen groter vreugde nie as om te weet dat jy, binne jou beperkinge, leef volgens die wil van God.

> *Ek word stil voor U, Here Jesus, sodat U my deur U Heilige Gees kan leer om te word wat U bedoel het dat ek moet wees. Amen.*

(Uit: Ozrovech, S. 1984. Die vreugde van oorwinning. Kaapstad: Lux Verbi)

# GOD MADE ME AND GOD DOESN'T MAKE JUNK!!!



(Aangepas vanuit: Cilliers, 1988:17)

## Kenmerke van 'n positiewe selfbeeld

- ❒ Realisties oor eie vermoëns.
- ❒ Fokus op ander mense.
- ❒ Hoef homself nie te bewys nie.
- ❒ Aanvaar ander soos hulle is.
- ❒ Aanvaar en verwerk kritiek konstruktief.

## Kenmerke van 'n negatiewe selfbeeld

- ❒ Onttrekking en selfverkleinering.
- ❒ Soek goedkeuring van ander.
- ❒ Meerderwaardige houding.
- ❒ Kritiseer en soek fout by ander.
- ❒ Negatiewe styl van ouerskap en leierskap.

(Aangepas vanuit Cilliers,1988:23)

# TOETS JOU SELFBEELD

| |  **JA** |  **NEE** |
|---|---|---|
| Voel jy dikwels dat jy “niemand” is nie? | | |
| Kritiseer jy maklik ander mense en wat hulle doen? | | |
| Skinder jy maklik oor ander mense? | | |
| Is dit vir jou moeilik as iemand jou begin kritiseer? | | |
| Is dit vir jou moeilik om ander mense te vertrou? | | |
| Het jy min goeie vriende? | | |
| Is dit moeilik om op te staan vir jou oortuigings? | | |
| Is dit vir jou moeilik om God te vertrou? | | |
| Raak jy maklik neerslagtig en moedeloos? | | |
| Is dit vir jou moeilik om ander mense te aanvaar soos hulle is? | | |
| Voel jy dikwels ontevrede oor hoe jy lyk? | | |
| Gee jy ander mense maklik die skuld vir jou omstandighede en mislukkings?<br>Word jy maklik beïnvloed deur wat ander mense sê of dink? | | |
| Is jy bang vir wat mense gaan sê as jy sou misluk? | | |

Aantal ja’s ☐

Aantal nee’s ☐

(Aangepas vanuit Behr *et al.*, 1988:56)

# Die pad van 'n negatiewe na 'n positiewe selfbeeld

1. Laat God toe om jou te verander.
2. Wees positief oor jouself.
3. Vergeet die verlede.
4. Kry positiewe terugvoering van ander mense.
5. Dank God vir alles.
6. Omskep negatiewe ervarings in positiewe ervarings
7. Glo wat God van jou sê.



(Aangepas vanuit Cilliers, 1988:24)




**Maslow se hiërargie van behoeftes**

# Die verskille tussen mense gee daartoe aanleiding dat vier temperamentstipes onderskei kan word:

| | |
|---|---|
| Stadig<br>Onemosioneel<br>Vra **FLEGMAAT**<br>Taakgeoriënteerd<br>Introvert | Vinnig<br>Onemosioneel<br>**CHOLERIES** Sê<br>Taakgeoriënteerd<br>Ekstrovert |
| Stadig<br>Emosioneel<br>Vra **MELANKOLIES**<br>Mensgeoriënteerd<br>Introvert | Vinnig<br>Emosioneel<br>**SANGUÏNIES** Sê<br>Mensgeoriënteerd<br>Ekstrovert |

(Die Ondersteuningsraad, 2000)




Flegmaties
Sterk punte

(Die Ondersteuningsraad, 2000)

Flegmaties
Swakhede

besluitloos

bang



onentoesiasties

sarkasties

stadig

vermy betrokkenheid

(Die Ondersteuningsraad, 2000)




(Die Ondersteuningsraad, 2000)



Pessimisties self-verkleinerend perfeksionis liggeraak
introspektief self-bejammerend besluitloos buierig

Melankolies Swakhede

(Die Ondersteuningsraad, 2000)

## Choleries
### Sterk punte

selfversekerd

leier

doelgerig

sterk wilskrag

self-gedissiplineerd

organiseerder




(Die Ondersteuningsraad, 2000)




(Die Ondersteuningsraad, 2000)




(Die Ondersteuningsraad, 2000)




(Die Ondersteuningsraad, 2000)

## Temperamentsvraelys

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Eet jy normaalweg vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie? | Ja | ? | Nee |
| 2. | Glo jy mense gewoonlik wanneer hulle jou komplimenteer? | Ja | ? | Nee |
| 3. | Sal jy oor die algemeen verkies om by die huis te bly en jou met jou eie dinge besig te hou eerder as om by vriende te gaan kuier? | Ja | ? | Nee |
| 4. | Voel jy soms dat jy nie kan omgee wat met jou gebeur nie? | Ja | ? | Nee |
| 5. | Arriveer jy dikwels op die laaste nippertjie wanneer jy 'n bus of 'n trein moet haal? | Ja | ? | Nee |
| 6. | Het jy oor die algemeen 'n maklike geaardheid en raak jy dus nie maklik ontsteld nie? | Ja | ? | Nee |
| 7. | Dink jy gewoonlik sorgvuldig voordat jy enige besluit neem? | Ja | ? | Nee |
| 8. | Vererg jy jou gou wanneer 'n ding nie op sy regte plek is nie? | Ja | ? | Nee |
| 9. | Beduie jy dikwels met jou hande terwyl jy praat? | Ja | ? | Nee |
| 10. | Vind jy dit betreklik maklik om jou emosies onder beheer te hou? | Ja | ? | Nee |
| 11. | Wantrou jy dikwels ander mense se motiewe? | Ja | ? | Nee |
| 12. | Voel jy dikwels dat mense die dinge wat jy sê en doen afkeur? | Ja | ? | Nee |
| 13. | Raak jy dikwels gefrustreer wanneer jy 'n motor in stadige verkeer bestuur? | Ja | ? | Nee |
| 14. | Is jy oor die algemeen tevrede met jou fisiese voorkoms? | Ja | ? | Nee |
| 15. | Vind jy dit normaalweg by 'n sosiale byeenkoms moeilik om jouself aan vreemdelinge bekend te stel? | Ja | ? | Nee |
| 16. | Voel jy dikwels rusteloos – asof jy iets soek, maar nie seker is wat nie? | Ja | ? | Nee |
| 17. | Is mense wat baie versigtig bestuur gewoonlik vir jou 'n bron van irritasie? | Ja | ? | Nee |
| 18. | Kom jy normaalweg self tot 'n besluit, ongeag van wat mense mag dink? | Ja | ? | Nee |
| 19. | Kan jy oor die algemeen geduldig opspaar vir 'n duur artikel wat jy wil koop? | Ja | ? | Nee |
| 20. | Het jy 'n paar slegte gewoontes wat jy soms voel jy lankal van ontslae moes geraak het? | Ja | ? | Nee |
| 21. | Weet ander mense gewoonlik wat in jou gedagtes en gemoedere omgaan? | Ja | ? | Nee |
| 22. | Sou jy sê dat jy oor die algemeen tevrede is met jou lewe tot dusver? | Ja | ? | Nee |
| 23. | Beplan jy die meeste van jou aktiwiteite lank vooruit? | Ja | ? | Nee |
| 24. | Bekommer jy jou dikwels oor finansiële sake? | Ja | ? | Nee |
| 25. | Toon jy gewoonlik jou ongeduld wanneer iemand jou laat wag het? | Ja | ? | Nee |
| 26. | Probeer jy normaalweg iemand vind om jou op te vrolik wanneer jy terneergedruk voel? | Ja | ? | Nee |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27. | Verkies jy oor die algemeen om 'n dokumentêre stuk op televisie te sien eerder as 'n blyspel? | Ja | ? | Nee |
| 28. | Word jy dikwels deur 'n skuldige gewete gehinder? | Ja | ? | Nee |
| 29. | Vind jy dikwels dat jy reeds 'n besige straat oorgesteek het, terwyl jou meer versigtige metgeselle nog aan die ander kant staan? | Ja | ? | Nee |
| 30. | Kan jy normaalweg 'n sosiale blaps wat jy gemaak het maklik vergeet? | Ja | ? | Nee |
| 31. | Hou jy meestal jou mening vir jouself indien jy dink dit sou iemand teenwoordig ontstel? | Ja | ? | Nee |
| 32. | Wanneer jy 'n muurprent skeef sien hang, vind jy dit gewoonlik moeilik om te konsentreer voordat dit reggeskuif is? | Ja | ? | Nee |
| 33. | Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelens gereeld te ontleed? | Ja | ? | Nee |
| 34. | Het jy normaalweg spesifieke doelwitte en 'n besliste sin van rigting in jou lewe? | Ja | ? | Nee |
| 35. | Indien iemand in 'n sosiale groep 'n mening uitspreek en jy beslis daarmee verskil, sou jy normaalweg stilbly eerder as om te sê dat jy nie saamstem nie? | Ja | ? | Nee |
| 36. | Voel jy dikwels dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy trots kan wees nie? | Ja | ? | Nee |
| 37. | Is jy gewoonlik baie spraaksaam wanneer jy saam met bekende persone verkeer? | Ja | ? | Nee |
| 38. | Voel jy meestal dat jou lewe nuttig en 'n bydrae tot die gemeenskap is? | Ja | ? | Nee |
| 39. | Lees jy gewoonlik die waarborg voordat jy 'n elektriese toestel koop? | Ja | ? | Nee |
| 40. | Verkies jy meestal om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat niemand anders die taak so goed soos jy sou doen nie? | Ja | ? | Nee |
| 41. | Doen en sê jy dinge dikwels op die ingewing van die oomblik? | Ja | ? | Nee |
| 42. | Wanneer jy iets verkeerd gedoen het. Kan jy normaalweg gou daarvan vergeet en op die toekoms konsentreer? | Ja | ? | Nee |
| 43. | Is jy oor die algemeen besadig en tydsaam in jou optrede? | Ja | ? | Nee |
| 44. | Bly jy soms stil uit vrees dat mense sal lag of jou kritiseer vir jou standpunt? | Ja | ? | Nee |
| 45. | Vertel jy dikwels grappe en snaakse stories aan jou vriende? | Ja | ? | Nee |
| 46. | Lyk jou toekoms oor die algemeen belowend en rooskleurig? | Ja | ? | Nee |
| 47. | Dink jy dikwels oor jou verlede en die koers wat jy tans inslaan? | Ja | ? | Nee |
| 48. | Nadat jy 'n belangrike taak uitgevoer het, voel jy dikwels dat jy dit beter moes gedoen het? | Ja | ? | Nee |

**Berekening van jou telling**

**E-A:** Gee jouself twee punte vir 'n ja-antwoord en een punt vir 'n ?-antwoord op elk van die volgende vrae – 1,5,9,13,17,21,25,29,33,37,41,45.

**E-B:** Gee jouself twee punte vir 'n nee-antwoord en een punt vir 'n ?-antwoord op elk van die volgende vrae – 3,7,11,15,19,23,27,31,35,39,43,47.

TEL DIE **E-A** EN **E-B** TELLINGS BYMEKAAR VIR DIE **EKSTROVERT-TELLING.**

**O-A:** Gee jouself twee punte vir 'n ja-antwoord en een punt vir 'n ?-antwoord op elk van die volgende vrae – 2,6,10,14,18,22,26,30,34,38,42,26.

**O-B:** Gee jouself twee punte vir 'n nee-antwoord en een punt vir 'n ?-antwoord op elk van die volgende vrae – 4,8,12,16,20,24,28,32,36,40,44,48.

TEL DIE **O-A** EN **O-B** TELLINGS BYMEKAAR VIR DIE **ONEMOSIONEEL-TELLING.**

| | |
|---|---|
| Onemosioneel<br><br>2 | 48 Onemosioneel<br><br>26 48 |
| Introvert<br><br>Emosioneel | 24 Ekstrovert<br><br>2 Emosioneel |

(Mol, 1981: 21-25)

**Reik uit na ander**

> *"Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus. Laat ons dan nie moet word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel." (Gal. 6:2 en 9)*

God het ons hier op die aarde geplaas om mekaar te dien, om na mekaar om te sien, om regtig in mekaar belang te stel en mekaar te help. Eers as jy dit kan regkry, sal jy weet wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat ons, ons naaste soos onsself moet liefhê.

As jy swaarkry en jy kyk weg van jouself en reik uit na iemand anders met veel meer probleme as jou eie, sal jy elke keer ontdek dat jou eie probleme kleiner word.

Helen Keller, die blinde, doofstom vrou wat haar eerste jare in volkome duisternis en stilte moes deurbring, het die volgende gesê: "Wanneer jy op jou ongelukkigste voel, glo dat daar êrens in die wêreld iets is wat jy kan doen. Solank jy 'n ander se las en pyn kan verlig, is die lewe nie tevergeefs nie. Niemand is so bedroef en so hartseer dat nie êrens iemand anders is wie se las hy kan verlig en vir wie hy kan onderskraag nie.

As jy op jou ongelukkigste is, is jy geneig om die geselskap van ander mense te vermy. Jy wil net alleen wees met jou pyn en sien nie kans om 'n front voor te hou nie. Soms kom daar tye wanneer niemand iets vir jou kan doen nie, maar dan kan jy nog altyd probeer om iets vir iemand anders te doen. Bid vir mense van wie jy in die koerant lees wat deur rampe getref is of dierbares verloor het. Gooi vir hulle 'n briefie in die pos, al ken jy hulle nie. As jy hoor van iemand wat hulp nodig het, steek jou hand uit en help. Die Bybel sê dat ons mekaar in liefde moet dien, en nie moeg moet word om goed te doen nie.

Jou eie lewe is ook nooit waardeloos of nutteloos nie. God gee vir jou die lewe sodat jy vir Hom tot diens kan wees, of sodat ander mense deur jou vir Hom tot diens kan wees. Ook wanneer jy hulpeloos en siek is, sodat jy heeltemal afhanklik van ander is, mag jy

weet dat jy deel uitmaak van God se raadsplan. Omdat hulle jou moet versorg en help, bereik ander mense deur jou hulle lewensdoel. In ons elkeen se lewe kom daar tye wanneer ons kan dien, maar ook tye wanneer ons tevrede moet wees om gedien te word. In albei gevalle is jy besig om in God se oë diens te lewer.

*"Here, vergewe my dat ek my so blind staar teen my eie probleme. Help my om ander mense se nood raak te sien alhoewel dit met my sleg gaan. Maak my altyd gewillig om uit te reik na ander, en om hulle in liefde te dien. Dankie ook vir die insig wat U vir my gee dat al is ek siek en afhanklik ek deur my siekte ander mense in staat stel om U te dien."*

(Smit, N. 1993. Gedra deur sy liefde. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy)

**Bespreking van die film *Lilo and Stitch***

*Lilo and Stitch* handel oor 'n klein dogtertjie, Lilo, wat deur haar ouer suster versorg word. Hulle het hulle ouers in 'n motorongeluk verloor. Daar is ook 'n maatskaplike werker in die verhaal, naamlik Mr. Bubbles. Hy lewer toesigdienste. Die ouer suster, Nani, sukkel om haar suster te versorg. Sy sukkel om 'n werk te kry en daar is ook konflik tussen haar en haar suster. Nani neem Lilo om vir haar 'n hond te gaan koop. Instede koop hulle 'n klein ruimtewesentjie. Ander ruimtewesens kom ook aarde toe om Stitch te kom haal. Die verhaal handel oor die beskerming van familielede, dit sluit Stitch ook in.

Die film is egter nie gekies omdat daar ruimtewesens in die verhaal is nie, die verhaal handel oor die verhouding tussen Lilo en Nani, tussen Lilo en Stitch, asook die maatskaplike werker wat toesig hou oor Nani en Lilo en optree in die beste belang van Lilo. Die verlies van Nani en Lilo se ouers word ook uitgebeeld. Die film het 'n gelukkige einde.

Die ouers het altyd gepraat van *Ohana* – "Ohana means family, family means that nobody gets left behind or forgotten" (*Lilo and Stitch*). Hierdie frase word drie keer in die film herhaal en dit is die sentrale tema van die verhaal.

# ASPEKTE WAT BESPREEK WORD TEN OPSIGTE VAN DIE FILM LILO AND STITCH

## VERWANTE PLEEGSORG



Ohana means family, and family means nobody gets left behind or forgotten.

## ROLSPELERS IN DIE PLEEGSORGSITUASIE



Lilo



Nani



Die gesin



Die maatskaplike werker

# EMOSIES VAN ROLSPELERS













# VERHOUDING TUSSEN ROLSPELERS






butter



# VERSKILLENDE TAKE VAN DIE ROLSPELERS









**Vrede vereis kommunikasie**

***"Die Here het direk met Moses gepraat soos 'n man met sy vriend" (Eks. 33:11)***
Kommunikasie is baie belangrik in ons soektog na vrede. Dit is wanneer mense hulleself met mekaar deel, soos Christus in die Nagmaal Homself met ons deel. Deur sy liggaam en bloed vir ons aan te bied, word ons deel van sy liggaam en kinders van sy Vader – prinse en prinsesse; broers en susters.

Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* omskryf "kommunikasie" onder andere as "verbinding". Verbondenheid is belangrik – aan die Vader en die Vaderhuis anders swerf ek in onrus; aan die oudste broer, al is hy onbegrypend, stroef en onvriendelik.

Die verbinding moet oopgehou word, want wanneer daar 'n blokkasie in hierdie verbinding of kommunikasie tussen mens en God kom, of tussen mens en mens, verdwyn die vrede noodwendig. Toe Adam en Eva weggekruip het tussen die bome van die paradys en nie met God wou praat nie, is die idilliese vrede in hulle lewe omskep in vrees. Toe Kain nie met sy broer Abel wou praat nie, word hy 'n moordenaar en vlugteling voor God en mense.

Toe God met Moses gepraat het soos met 'n vertroude vriend, het daar vrede in Moses se onstuimige gemoed gekom. Dit het uitgeloop op God se liefdevolle vraag aan Moses: "Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?" En Moses se antwoord as gespreksgenoot: "As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie" (Eks. 33:15). So het Moses die verbale verbinding met God gesond en sterk gehou.

Solank ons gesprek met God voortgesit word, het ons hoop en gemoedsrus en vrede, hoe donker ons lewensomstandighede ook al mag lyk. Hoe het Abraham nie met taaie volharding aangehou om met God te kommunikeer en te pleit ter wille van Sodom en Gomorra nie (Gen. 18:16-33). Hoewel die goddelose stede in vuur en swawel opgegaan het, het Lot en sy gesin in Soar vrede en veiligheid gevind.

Deur Jesus Christus het God op volmaakte wyse met ons kom praat oor alles wat tot ons vrede dien. Toe die wêreld deur sy kruisdood gedink het dat hulle sy stem finaal gesmoor het, het Hy op pinksterdag in alle tale met alle mense begin kommunikeer. Naas die vleesgeworde Woord praat God onophoudelik deur Sy Skrifwoord met ons. Hy het 'n word vir elke lewensituasie, as ons dit maar net met die ore van die hart wil opvang. Hy vertel van verlossing uit sonde; vreugde uit droefheid; blydskap uit trane; liefde uit haat – vrede vir almal wat volhard om met God te praat en na Hom te luister ... en dan sy woorde te gaan oordra aan 'n wêreld wat pleitend wag op vrede.

*Maak my hart, o Here, oop om u Woord te ontvang. Leer my om op u heil te bou, diep afhanklik van u te wees en onvoorwaardelik op u te vertrou.*

(Uit: Ozrovech, S. 1986. Vrede vir julle. Kaapstad: Lux Verbi)

# DIE KOMMUNIKASIEPROSES




(Miley *et al.,* 2001:152 en Toseland & Rivas, 2005:66)

# DIE LUISTERPROSES




(Cilliers, 1988:109)

## GOEIE KOMMUNIKASIE

- Luister wat die ander persoon sê
- Vra en gee terugvoering
- Beoordeel - moenie veroordeel nie

## ROOIVLAGWOORDE

- Altyd
- Nooit
- Toemaar
- Jy is nes jou ma/pa
- Onthou die tyd toe ...
- Hoekom kan jy nie ....

(Cilliers, 1988:102)




*VERKLEURMANNETJIE*

*" soos die wind waai"*




DONKIE
"ek sal nie beweeg nie"
koppig verander nie van standpunt nie


LEEU
"kom ons baklei"
spring weg en baklei die oomblik wat iemand van hom/haar verskil of met sy/haar planne inmeng






PADDA

"kwaak ... kwaak"

hou nooit op nie
steek alewig vas by een onderwerp
kan 'n saak nie as afgehandel beskou nie

KAT

"miaaw ... kry my jammer"



altyd op soek na simpatie ...
alles is vir my te veel

UIL

" is ek nie slim nie?"



maak die hele tyd grappe
praat baie
verhinder ander om ernstige sake te bespreek




"grapjas"

VOLSTRUIS

"ek ervaar geen konflik"

steek sy/haar kop in die sand en weier
om die realiteit te aanvaar
erken nie dat daar 'n probleem is nie



***SKILPAD***

*"ek wil nie speel nie"*

*onttrek en weier om idees en opinies te gee*



(Die Ondersteuningsraad, 2000)

# STRUIKELBLOKKE IN KOMMUNIKASIE

1. Sekere onderwerpe word vermy
2. Sake net op verstandsvlak hanteer
3. Onoplettendheid
4. Onvoltooide kommunikasie




**Probleme by sender**
1. Nie ware gevoel nie
2. Gesindheid verkeerd
3. Onduidelike boodskappe
4. Dubbelsinnige boodskappe

**Probleme by ontvanger**
1. Luister nie
2. Hoor wat wil
3. Lees gedagtes in
4. Lees motiewe in

(Aangepas vanuit Cilliers, 1988:94)

# Doeltreffende kommunikasie

- **Deur aktief te luister en opmerkings te omskryf**
- **Onderhandeling : Stappe wat gevolg moet word in suksesvolle onderhandeling, is:**
  - **Verduidelik jou standpunt**
  - **Verduidelik jou begrip van die ander persoon se standpunt**
  - **Vra of die ander persoon met jou interpretasie van sy standpunt saamstem, asook jou interpretasie van die meningsverskil**
  - **Luister aandagtig na die ander persoon se antwoord**
  - **Tref 'n skikking**
- **Terugvoering**

**Voorskrif vir vrede**

*"As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor"* (Luk. 19:42)

Die wêreld is naarstiglik besig om hom voor te berei vir selfvernietiging – 'n oorlog om alle oorloë te oortref. Wapenarsenale word steeds gedugter en groter, meer gesofistikeerd om uit te wis en te verwoes.

Die mense van die wêreld leef in vyandskap met mekaar. Hulle loop met blinde woede deur die lewe; hulle troetel oogklappe sodat hulle nie miskien sal sien wat tot vrede lei nie. Werkgewers en werknemers staan in slagorde teen mekaar opgestel ... terwyl hulle mekaar dringend nodig het. Bure leef in kwaaivriendskap; huise en huwelike en harte word vernietig deur onvrede en ontrou.

In sy diepste wese is die mens in stryd met homself en met God. En dit alles omdat ons nie wil insien wat vir ons vrede nodig is nie. Hoe gevoeliger ons vir die stem van Christus word en hoe sensitiewer ons vir die influisteringe van die Heilige Gees is, hoe duideliker sal die dinge word wat vir ons vrede nodig is.

Ons moet die heerskappy en koningskap van God erken. Ander dinge, of mense, of die "self" is op die troon van ons harte. Omdat ons God nie wil aanbid nie, neem minderwaardige dinge sy plek in. Dan word ons uiteindelik soos die dinge wat ons liefhet en dien.

Ons moet die waardigheid van die individu voor God erken. Christus het in sy omgang met mense, altyd aan hulle die sekerheid gegee dat hulle vir Hom saak maak, dat Hy eerlik en opreg vir hulle omgee. Ons het besittings lief en gebruik mense, en nie, soos dit hoort, andersom nie. Hierdie aweregse lewensfilosofie eindig altyd in naywer, stryd en oorlog.

Ons moet ons verbondenheid en afhanklikheid van mekaar erken. As gesinslede nie in liefde saamwoon nie, verbrokkel die huisgesin. As mense oor die grense van nasieskap

en kleur nie kan saamleef nie, sal die wêreld deur oorlog verwoes word. Om vrede te kan ken, moet ons Christus ernstig opneem. Ons moet ons ongeordende lewens en gesindhede onder sy heerskappy plaas: ons gedagtes, woorde, dade en ideale. Ons moet met inspanning, die dinge najaag wat tot ons vrede dien. Vrede lê binne die bereik van elke mens en is nie net 'n ydele droom nie.

*Vors van vrede, maak deur u Heilige Gees my oë oop, sodat ek duidelik kan sien wat tot sy vrede lei.*

(Uit: Ozrovech, S. 1986. Vrede vir julle. Kaapstad: Lux Verbi)

# TIPIESE VERSKYNSELS IN KONFLIKSITUASIES

- **Emosionele belewenis speel 'n groot rol**
- **Verskillende mense reageer verskillend**
- **Konflik kan ontstaan as gevolg van**
  - **verskil in behoeftes**
  - **verskil in norme en waardes**
- **Ouers se hantering van konflik wissel**
- **Kom selde tussen al die gesinslede voor**

**(Cilliers, 1993:169)**



# Konflikhanteringstyle

Wen/wen



Vermyding



Wen/verloor



Bedinging



Ingee



(Cilliers, 1993:170)

# As jy wen ... verloor jy

| Konfrontasie tegnieke | Manipulasie tegnieke |
|---|---|
| Redenering | Gladpratery |
| Opkropping | Aanvoering van hulpeloosheid |
| Blamering | Lyding |
| Kritisering | Onttrekking |
| Bespotting | Selfverkleinering |



# Toepassing van die wen/wen-styl

1. Stel jou begeertes

2. Besleg die verskille

2.1 Verkry relevante data

2.2 Maak 'n lys van alle moontlike alternatiewe

2.3 Weeg die alternatiewe teen mekaar op

Op die een of ander tydstip kom elkeen van ons te staan voor die groot misterie van die dood. Die dood wandel as "gevreesde vriend" deur ons hele lewe saam met ons. Ons sien die tekens daarvan in ons liggaam: die oog wat verdonker; die liggaamskragte wat kwyn; die amandelboom wat in bloei staan. "Die mens, sy lewensduur is soos die gras, soos die van 'n veldblom wat oopgaan: as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek is vir altyd leeg" (Ps. 103:15). Bacon sê: "Men fear death as children fear to walk in the dark."

Hierdie wêreld het vir ons 'n onlosmaaklike bekoring. Ons krimp vreesbevange ineen by die gedagte aan die dood en sien die graf as 'n wrede, bodemlose diepte, terwyl dit eintlik die deur is waardeur ons instap in die helder verligte glorie van God, na die hemel en na onsterflikheid.

Wanneer ons te sterwe kom in Jesus Christus, is die dood 'n beter begin. Hy het vir hulle wat hom liefhet, by Hom 'n plek berei. Selfs al lyk die dood so finaal verseker Hy ons: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie" (Joh. 11:25,26).

Dit is ons troos wanneer ons van 'n dierbare moet afskeid neem: Jesus het gegaan om vir ons plek te berei en ons sal weer ontmoet. Ook wanneer ons self die doodsvallei betree, sal ons vertrouend op die lewende Christus kan sê: "Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sale k nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig" (Ps. 23:4). Dan is ons ook bevry van daardie laaste groot vrees en sing ons oorwinningsliedere.

> *Dankie, my opgestane Heiland, dat U die dood oorwin het en dat U vir my die ewigheid ontsluit het. Dankie dat ek in geloof die troos van onsterflikheid vir my kan toe-eien. Amen.*

(Uit: Ozrovech, S. 1984. Die vreugde van oorwinning. Kaapstad: Lux Verbi)

# Invloede wat bepaal hoe iemand op verlies gaan reageer

1. Antisipering van die dood
2. Soort verlies
3. Oortuigings
4. Agtergrond en persoonlikheid
5. Sosiale omgewing
6. Omstandighede wat met die dood gepaardgaan

(Collins, 2005: 405-408)

# Die rouproses

Fase 1: Ontkenning

Fase 2: Woede

Fase 3: Onderhandeling

Fase 4: Depressie

Fase 5: Aanvaarding

Die woorde, verlies en vertroosting
word gewoonlik saam gebruik,
asof stamelende woorde van vertroosting
bittere beproewing draagliker kan maak.

Hoe smag die mense na woorde
om dié wat ly, mee te vertroos!
Ek het geen woorde van vertroosting
wat ek soos 'n ruiker van lelies
op jou stukkende hart kan lê nie.
Maar as elke gedagte aan jou
soos koringare in 'n gerf gebind kon word,
sou ek vir jou 'n koringgerf kon bring.

Weet verseker dat ek steeds bly bid
dat jy die wonderbare lig wat God beloof
uur na uur voor jou in die duisternis sal sien.

-Maretha Maartens, 1994: 1 -

# Help die pleegkind om die dood te verwerk

- Vertel die waarheid
- Moenie probeer om ander woorde as die dood te gebruik nie
- Praat met die kind oor hoe die dood julle almal laat voel
- Maak seker dat die kind weet jy is lief vir hom/haar
- Dit is die beste dat jy self vir die kind sê as iemand dood is
- As die kind 'n begrafnis wil bywoon of die liggaam wil sien, laat hom/haar toe om dit te doen
- Help die kind om sy/haar gevoelens en gedagtes uit te druk

(Maker, 2000: 39)

Somtyds gaan dinge in ons lewe hoegenaamd nie soos ons graag wil hê nie. Alles wat jy aanpak verwelk onder jou hand en eindig in mislukking en teleurstelling. 'n Wesenlike gevaar is dat ons dan terneergedruk en mismoedig word en wanhoop aan 'n lewe van oorwinning. Luister dan na die raadgewing van 1 Pet. 5:7:

*"Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."*

Terugslae en probleme word steeds 'n gedugter vyand wanneer jy probeer om hulle in jou eie krag te oorwin en wanneer jy in jou eie wysheid na 'n oplossing soek. Jy raak dan geestelik en liggaamlik uitgeput en afgerem en voel uiteindelik dat jy breekpunt bereik het.

Dit mag vroom klink om te beweer dat jy alles sal aanvaar wat die lewe vir jou opdis, maar wanneer jou gees neergeboë is en jou krag tot herstel nie so dinamies is wat dit vroeër was nie, het jy 'n werklike ervaring met God nodig – só werklik dat jy jou lewe volkome met Hom kan deel.

Om bewustelik jou bekommernisse en laste met Hom te deel, bring jou in aanraking met 'n kragbron wat jou in staat stel om onwrikbaar te bly staan, selfs wanneer dit lyk asof die fondamente van jou lewe verkrummel.

Die heerlike waarheid is dat God kennis dra van jou omstandighede, dat Hy ómgee en dat Hy wil help. As jy Hom ken, ook in die donker tye van jou lewe, sal elke bekommernis en elke las 'n nuutgebore geleentheid wees om jou Vader beter te leer ken en vertrou.

*Voorsiener-God, dankie dat U weet en dat U omgee. Laat hierdie sekerheid elke dag my krag en inspirasie wees. Gee aan my U vrede, selfs te midde van die storms in die lewe. Om Jesus ontwil. Amen.*

(Uit: Ozrovech, S. 1984. Die vreugde van oorwinning. Kaapstad: Lux Verbi.)

# Doelwitte van die groepbyeenkomste

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 1 | ❒ Ontmoeting en oriëntering | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede aan mekaar bekend te stel, (b) doelwitte vir die groepbyeenkomste te stel, (c) verwagtinge vir die groepbyeenkomste te hanteer en (d) 'n kontrak met die groeplede te sluit. |
| 2 | ❒ Die pleegsorgproses<br>❒ Die wetlike aspekte van pleegsorg<br>❒ Besteding van die pleegouertoelaag<br>❒ Die rol van die maatskaplike werker<br>❒ Die rol van toesigdienste | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom die pleegsorgproses, (b) groeplede toe te rus met kennis rondom die wetlike aspekte van pleegsorg, (c) groeplede leiding te verskaf ten opsigte van die besteding van die pleegouertoelaag, (d) groeplede toe te rus met kennis rondom die rol van die maatskaplike werker, en (e) groeplede toe te rus met kennis rondom die rol van toesigdienste. |
| 3 | ❒ Selfbeeld<br>❒ Behoeftes van pleegouers<br>❒ Temperamentsverskille | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom selfbeeld, (b) die groeplede toe te rus met vaardighede om hul selfbeeld te verbeter, (c) aan groeplede die geleentheid te gee om uiting te gee aan hul behoeftes, en (d) die groeplede toe te rus met kennis rondom temperamentsverskille en met vaardighede om die verskille in mense te hanteer. |

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 4 | ❒ Kyk van die film *Lilo and Stitch* | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses en die kyk van 'n animasiefilm: (a) die geleentheid te skep om te kommunikeer oor verwante pleegsorg, (b) die geleentheid te skep om rolspelers in die pleegsorgsituasie te identifiseer, (c) die geleentheid te skep om emosies en verhoudings van rolspelers in die pleegsorgsituasie te identifiseer, en (d) die geleentheid te skep om die verskillende take van rolspelers te identifiseer. |
| 5 | ❒ Kommunikasievaardighede | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom kommunikasievaardighede en (b) die groeplede toe te rus met goeie kommunikasievaardighede. |
| 6 | ❒ Konflikhanteringsvaardighede | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met kennis rondom konfliksituasies, (b) die groeplede toe te rus met kennis oor konflikhanteringsvaardighede en (c) die groeplede toe te rus met goeie konflikhanteringsvaardighede. |

| No. | Onderwerpe van bespreking | Doelwitte van die groepbyeenkoms |
|---|---|---|
| 7 | ❒ Hoe word die dood van 'n geliefde verwerk? | Om deur middel van die maatskaplike groepwerkproses: (a) die groeplede toe te rus met vaardighede om die dood van 'n geliefde te verwerk, deur suksesvol deur die rouproses te gaan, en (b) die groeplede toe te rus met vaardighede om die pleegkind te help om die dood van 'n geliefde te verwerk. |

# Samevatting van byeenkomste een tot sewe

| No. | Onderwerpe van bespreking | Kort beskrywing van die byeenkoms |
|---|---|---|
| 1 | ❐ Ontmoeting en oriëntering | Tydens hierdie byeenkoms het groeplede mekaar die eerste keer ontmoet. Daar was 'n ysbreker en die doelwitte van die byeenkomste is bespreek. |
| 2 | ❐ Die pleegsorgproses<br>❐ Die wetlike aspekte van pleegsorg<br>❐ Besteding van die pleegouertoelaag<br>❐ Die rol van die maatskaplike werker<br>❐ Die rol van toesigdienste | Tydens hierdie byeenkoms is daar aandag geskenk aan die omskrywing van pleegsorg. Daar is verder aandag geskenk aan die pleegsorgproses, die rol van die maatskaplike werker en toesigdienste. Daar is ook aandag geskenk aan die wetlike aspekte van pleegsorg en die besteding van die pleegouertoelaag. |
| 3 | ❐ Selfbeeld<br>❐ Behoeftes van pleegouers<br>❐ Temperamentsverskille | 'n Persoon se selfbeeld is tydens hierdie byeenkoms bespreek. Daar is 'n vraelys ingevul om te bepaal of ons 'n positiewe of negatiewe selfbeeld het. Die kenmerke van 'n positiewe en 'n negatiewe selfbeeld is bespreek, asook wat gedoen kan word om 'n negatiewe selfbeeld te verander in 'n positiewe selfbeeld. Daar is verder aandag geskenk aan verwante pleegouers se behoeftes. Alhoewel elke mens uniek is, is daar tog eienskappe wat ons met ander mense deel, daarom is die verskillende temperamentstipes bespreek. |

| No. | Onderwerpe van bespreking | Kort beskrywing van die byeenkoms |
|---|---|---|
| 4 | ❒ Kyk van die film *Lilo and Stitch* | Die film *Lilo and Stitch* is saamgekyk en die film is toe bespreek. Aspekte van verwante pleegsorg is bespreek. Daar is ook aandag geskenk aan die verskillende rolspelers by verwante pleegsorg, en meer spesifiek hul emosies, hul take en die verhoudings waarbinne hul verkeer. |
| 5 | ❒ Kommunikasievaardighede | Alle mense kommunikeer daagliks. Daar is verskeie vaardighede waaroor 'n persoon moet beskik om goed te kan kommunikeer. Tydens hierdie byeenkoms is aandag geskenk aan kommunikasie en kommunikasievaardighede. |
| 6 | ❒ Konflikhanteringsvaardighede | Hoewel konflik nie aangenaam is nie en ons dit probeer vermy, kom dit tog voor. Daar is egter vaardighede waaroor 'n persoon kan beskik wat konflikhantering makliker kan maak. Daar is dus tydens hierdie byeenkoms aandag geskenk aan konflik en konflikhantering. |
| 7 | ❒ Hoe word die dood van 'n geliefde verwerk? | Die verlies van 'n geliefde kan traumaties wees. Tydens hierdie byeenkoms is die verlies van 'n geliefde bespreek, asook riglyne om die pleegkind te help om verlies te hanteer. |

Geluk is soos 'n skoenlapper: solank jy op hom jag maak, sal hy jou steeds ontwyk. Gaan sit jy egter rustig, sal hy op jou skouer neerdaal. Geluk is nie afhanklik van uiterlike omstandighede nie, maar van jou innerlike gesteldheid teenoor die lewe en teenoor God. Ons ontvang geluk dan ook in die mate wat ons dit aan ander gee:

*"Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug" (Pred. 11:1)*

Die geheim van geluk is nie om te kan doen wat jy graag wil nie, maar om met graagte te doen wat jy moet doen. Dit beteken om nie te vra wat jy uit die lewe kan kry nie, maar wat jy in die lewe kan gee. Die hoogste vorm van gee, is om jouself te "gee" aan God, aan jou medemens en aan jou taak. Hierin was Jesus Christus vir ons die volmaakte voorbeeld.

Dankbaarheid is die tweelingbroer van geluk. 'n Dankbare mens is noodwendig 'n gelukkige mens, want hy leef in die wete dat God steeds aan hom meer gee as wat hy verdien. Daarom is sy vrolike gesang van bevryding:

*"Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie" (Ps. 103:2).*

Die pad na geluk lê nie in die verandering van ons omstandighede nie, maar in die herskepping van ons gedagtes. J.M. Barrie het gesê dat, indien ons sonskyn in die lewe van ander bring, ons dit nie van onsself kan weerhou nie. Eerlike diens aan ander is geluk in konkrete gestalte.

God het nie bedoel dat ons almal ryk, magtig en belangrik sal wees nie, maar wel dat ons almal gelukkig sal wees.

*God van blydskap en geluk, help my om in u Seun te bly soos die loot in die wingerdstok bly, sodat ek deur Jesus Christus ware geluk kan vind. Amen.*

(Uit: Ozrovech, S. 1984. Die vreugde van oorwinning. Kaapstad: Lux Verbi)

# LEWENSSTADIA OF LEWENSFASES:

- ❒ Die prenatale stadium, onderverdeel in die germinale, die embrionale en die fetale periodes.
- ❒ Die neonatale stadium (omtrent die eerste 2 – 4 lewensweke) en die babajare (omtrent die daaropvolgende twee jaar).
- ❒ Die kleuterstadium (omtrent twee tot ses jaar).
- ❒ Die middelkinderjare (omtrent ses jaar tot met die aanvang van puberteit).
- ❒ Adolessensie (van puberteit tot volwassenheid).
- ❒ Vroeë en middelvolwassenheid (omtrent 20 tot 60 jaar).
- ❒ Bejaardheid (omtrent 60 jaar tot die dood).



(Meyer, 1998:16)

# Help kinders om te gaan slaap

Ouers kan die volgende stappe volg om te help dat kleuters aanvaar dat hulle moet gaan slaap:

- Stel 'n vaste rustige slaaptydroetine vas: sit ongeveer 20 minute opsy vir vier tot sewe rustige aktiwiteite soos storie lees, rustige gesels en sing.
- Moenie toelaat dat die kind na skrikaanjaende televisieprogramme kyk nie.
- Vermy hoogs stimulerende, aktiewe spel voor slaaptyd.
- Skakel 'n klein liggie aan indien dit die kind meer rustig laat voel.
- Bly kalm, maar moenie toegee aan daardie impulsiewe versoeke van "net nog een storie" of "ek wil net gou weer water drink" nie.
- Indien jy probeer om 'n gewoonte by die kind af te leer, beloon die kind vir goeie slaaptydgedrag deur hom of haar byvoorbeeld te prys.
- Pasop dat jy nie die kind te vroeg bed toe stuur nie. Dis 'n algemene oorsaak van slaapprobleme.



(Botha *et al.*, 1998: 245)

# Probleme tydens slaap

- **Enurese.** Hoewel enurese (bednatmaak) 'n bron van groot kommer vir die ouers van kleuters is, word dit nie as abnormaal beskou alvorens die kind nie eers vyf jaar oud is nie. Die oorsake van enurese is baie uiteenlopend en wissel van biologiese faktore (bv. klein blaaskapasiteit en oneffektiewe blaasbeheer) tot sielkundige faktore (bv. foutiewe aanleer van toiletgewoontes of stres weens versteurde gesinsverhoudings).
- **Nagmerries.** Tussen 10% en 50% van kinders tussen drie- en vyfjarige ouderdom het nagmerries wat van so 'n intensiteit is dat dit hulle ouers ontstel. Tensy hierdie nagmerries van 'n buitengewone omvang en aard is, behoort ouers hulle nie daaroor te ontstel nie.
- **Slaapskrikversteuring.** Dit kan as 'n ekstreme vorm van nagmerries beskou word. Die kenmerkendste simptoom van hierdie versteuring is dat die kind skielik begin om angsbevange te huil of te skree. Dit word beraam dat 1% tot 6% van kinders sulke ervarings het. Hoewel die ouers van sodanige kinders die ervaring baie ontstellend vind, is professionele behandeling in die reël nie nodig nie en verdwyn die episodes spontaan.
- **Slaaploopversteuring**. Hierdie versteuring word gekenmerk deur komplekse motoriese gedrag tydens slaap, byvoorbeeld dat die kind uit die bed klim en begin rondloop. Die kind kan na die episode niks onthou nie. Die gevaar wat die versteuring inhou, is dat slaaplopende kinders hulself kan beseer. Dit word daarom aanbeveel dat mense wat in hulle slaap loop, wakker gemaak word (hulle is gewoonlik baie verbaas om te sien waar hulle hulself bevind) en teruggeneem word na hul kamer.



(Botha *et al.,* 1998:244)

# Die funksies van taal

- Die belangrikste funksie van taal is om te kommunikeer. Kinders gebruik taal om hulle behoeftes bekend te maak.
- 'n Tweede funksie van taal is dat dit gebruik word om individue te sosialiseer (bv. om individue te leer watter gedrag geskik is in sekere sosiale situasies en om kulturele kennis aan hulle oor te dra). Taal is egter ook 'n resultaat van sosialisering (bv. om die korrekte taal in sekere situasies te gebruik).
- 'n Derde funksie van taal is om kinders te help om verhoudings te vestig en in stand te hou.



(Botha *et al.*, 1998:257-258)

# Hoe kan ouers en versorgers taalwerwing by hulle kinders bevorder?

- Praat so dikwels moontlik met kinders, veral oor dinge wat hulle op daardie oomblik interesseer.
- Volg die argument van die kind en laat hom voel wat hy sê belangrik is.
- Praat stadig sodat die kind kan volg wat gesê word.
- Herhaal moeilike woorde sodat kinders dit kan leer.
- Skep geleenthede vir kinders om te praat.
- Luister met aandag wanneer kinders praat.
- Moedig dialoog aan deur vrae te vra en terugvoering te gee op die antwoorde wat kinders gee.
- Moedig kinders aan om op vrae te reageer deur volsinne te gebruik in plaas van slegs ja of nee.
- Lees stories vir kinders.
- Vra die kinders om die name van die voorwerpe in prentjies in koerante, tydskrifte en boeke te noem.



(Botha *et al.,* 1998: 263)

# Die bevordering van kognitiewe ontwikkeling in die kleuterjare

Uit bevindings blyk dit duidelik dat die omgewing waarin kinders opgroei 'n belangrike rol in hulle kognitiewe ontwikkeling en gevolglik ook in hulle sukses op skool speel. 'n Poging moet dus aangewend word om 'n omgewing te skep wat bevorderlik vir kognitiewe ontwikkeling is. Dit kan gedoen word deur die volgende:

- Stel kinders aan nuwe en interessante situasies bloot.
- Tree met kinders in interaksie.
- Laat kinders speel.
- Oefen kognitiewe vaardighede.
- Dra kennis aan kinders oor.
- Die bywoning van preprimêre skole.



(Botha *et al.*, 1998:267-268)

# Die ontwikkeling van die selfkonsep

Aan die einde van die babajare kan kinders hulself erken (bv. in 'n spieël) en basiese beskrywings van hulself gee (bv. Ek is 'n seun. Ek het bruin hare en bruin oë). Kleuters se kennis van hulself brei toenemend uit en dus is hulle daartoe in staat om meer as net fisieke beskrywings te kan gee. Hiermee word bedoel dat hulle hulself in terme van hulle name, geslag, ouderdom, vaardighede, besittings, waar hulle bly en wie hulle vriende ie, kan beskryf. Dit is egter duidelik dat jong kinders se selfkonsep baie nou verband hou met hulle besittings. Hierdie eienskap kom duidelik na vore in die wyse waarop kleuters oor 'n spesifieke speelding kan stry.





(Botha *et al.*, 1998: 288)

# Selfagting

Waar die **selfkonsep** individue se beeld van hulself is (bv. my naam is Anna, ek het bruin oë en ek kan driewiel ry), is mense se **selfagting** 'n persoonlike evaluasie van hulle eienskappe. Individue se selfagting en selfkonsep is positief indien hulle hul eienskappe as goed en aanvaarbaar evalueer, en negatief wanneer hulle met hul eienskappe ontevrede is. Die mate van selfaanvaarding speel 'n baie belangrike rol in die kind se persoonlikheidsontwikkeling en beïnvloed alle aspekte van sy of haar ontwikkeling. Kinders met 'n negatiewe selfkonsep het gewoonlik 'n hoë angsvlak en toon ook later swak skoolvordering en sosiale aanpassing. Kinders met 'n positiewe selfkonsep daarenteen, is gewoonlik akademies meer suksesvol, het meer selfvertroue en is sosiaal beter aanpasbaar.

Die ontwikkeling van selfagting begin in die vroeë kinderjare. Namate kinders ontwikkel, vorm hulle velerlei persepsies van hulself. Hulle tree in interaksie met ander en mettertyd begin hulle hulself met ander vergelyk. Kleuters se selfagting is egter nog nie so duidelik gedefinieerd soos die van ouer kinders en volwassenes nie. Hulle is geneig om hulself net in terme van **sosiale aanvaarding** (mense hou van my) en **vaardigheid** (ek kan "dinge" doen) te evalueer. Kleuters besef ook nog nie dat hulle verskillende vermoëns in verskillende aktiwiteite kan hê nie (bv. ek kan goed fietsry, maar ek kan nie vinnig hardloop nie). Hierdie onderskeidingsvermoë ontwikkel eers na sewejarige ouderdom. Kleuters beskik oor die algemeen oor 'n baie hoë selfagting. Hierdie hoë selfagting help die kind om by nuwe situasies aan te pas; aangesien kleuters 'n verskeidenheid nuwe vaardighede moet bemeester, dra hulle positiewe selfagting (met die gepaardgaande selfvertroue) by tot die ontwikkeling van inisiatief.



(Botha *et al.*, 1998: 289)

# Geslag

In die meeste kulture speel 'n persoon se **geslag** 'n belangrike rol in die omskrywing van sy of haar selfkonsep. Reeds by geboorte is die eerste vraag gewoonlik "Is dit 'n seun of 'n dogter?". Dwarsdeur ons lewens bly ons bewus van onsself as manlik of vroulik. Dit beïnvloed ook hoe ander teenoor ons optree en hoe onsself optree. Aanvanklik is daar geglo dat seuns en dogters oor totaal verskillende persoonlikheidseienskappe beskik. Vandag weet ons dat baie min werklike sielkundige verskille tussen seuns en dogters bestaan en dat seuns en meisies meer dieselfde is as wat hulle verskil. Die meeste van die verskille wat ons dink werklike verskille is, is in der waarheid **geslagstereotipes** (d.w.s hoofsaaklik onakkurate oortuigings dat sekere eienskappe en aktiwiteite net by 'n spesifieke geslag pas).

**Geslagsrol-ontwikkeling:**

Met **geslagsrol** word bedoel die gedragspatrone en houdings wat deur 'n gemeenskap as toepaslik of tipies van lede van die manlike of vroulike geslag gereken word. **Geslagsrol-ontwikkeling** impliseer dus die ontwikkeling van hierdie toepaslike of tipiese gedragspatrone en houdings. Geslagsrol-ontwikkeling omsluit drie prosesse, naamlik die verwerwing van 'n geslagsidentiteit; die ontwikkeling van geslagstereotipes; en die ontwikkeling van geslagsgetipeerde gedragspatrone.

❖ **Die verwerwing van geslagsidentiteit**

**Geslagsidentiteit**, d.w.s kinders se kennis van hulself as 'n seun of dogter, is 'n kritieke mylpaal in die ontwikkeling van geslagsrolle. Bykans alle kleuters tussen 2½ en 3 jaar kan hulself akkuraat as 'n seun of 'n dogter etiketteer, hoewel hulle nog nie begrip vir geslagskonstantheid (dat 'n persoon se biologiese geslag onveranderd bly ten spyte van oppervlakkige veranderinge) toon nie. Selfs baie drie- tot vyfjariges dink dat seuntjies mammas kan word en dogtertjies pappas. Eers tussen die ouderdom vyf tot sewe jaar besef kinders dat 'n persoon se geslag konstant bly. Kinders betree dus die skoolfase met 'n "stabiele" identiteit as seun of dogter.

❖ **Die ontwikkeling van geslagstereotipes**

Sodra kleuters hulself as dogters of seuns kategoriseer, begin hulle ook bewus word van geslagstereotipes. So kan kleuters reeds speelgoed, kledingstukke, gereedskap, huishoudelike items, speletjies, beroepe en kleure (pienk en blou) aan 'n spesifieke geslag verbind. Geslagstereotipes word sterker namate kinders ouer word. Veral na sesjarige ouderdom, wanneer geslagskonstantheid gevorm is, behou kinders geslagstereotipes as absolute wette (bv. 'n seun kan nie 'n balletdanser word nie en 'n dogter kan nie 'n sokkerspeler word nie). Hierdie absolutistiese aannames vervaag egter gedurende adolessensie.

❖ **Die ontwikkeling van geslagsgetipeerde gedragspatrone**

Kinders openbaar baie vroeg die tipiese gedrag van hulle geslag. Dit blyk dat babas reeds voorkeur vir "meisiespeelgoed" of "seunsspeelgoed" toon. Kinders too nook baie vroeg reeds 'n voorkeur vir dieselfde geslag speelmaats. Hierdie voorkeur word verder versterk gedurende die middelkinderjare, wanneer kinders toenemend geslagsegregasie toon en seuns en dogters aparte groepe vorm.



(Botha *et al.*, 1998: 291-292)

# Interpersoonlike verhoudings en sosiale interaksie

Tydens die kleuterjare verander die interpersoonlike verhoudings en sosiale interaksie met die ouers, versorgers, broers en susters en die portuurgroep.

☒ **Versorgers**

Kleuters is steeds baie geheg aan hulle versorgers, hoewel die manifestasie van die verhouding begin verander:

- Op driejarige ouderdom is kleuters minder angstig as voorheen, wanneer hulle van hul ouers en versorgers geskei word.
- Vierjariges het minder behoefte daaraan om naby die versorger te wees as jonger voorskoolse kinders.

☒ **Broers en susters (sibbe)**

Die meeste broers en susters neig om 'n ambivalente verhouding te hê: die een oomblik is hulle lief vir mekaar en die volgende oomblik haat hulle mekaar. Hoe goed broers en susters oor die weg kom, hang van verskeie faktore af. Ouerskapspraktyke (bv. hoeveel tyd en aandag ouers aan die jonger kind gee) en die aanpasbaarheid van die kinders se temperamente (die een kan bv. baie aktief en emosioneel intens wees terwyl die ander meer passief en gedwee is) is voorbeelde van faktore wat 'n rol speel.

☒ **Die portuurgroep**

Interaksie met die portuurgroep neem baie toe tydens die tweede en derde lewensjare. Vriendskap begin gedurende die voorskoolse jare ontwikkel. Kleuters sien 'n vriend as iemand "wat van jou hou" en saam met wie jy kan speel. Baie kleuters het 'n denkbeeldige speelmaat. Om 'n denkbeeldige speelmaat te hê is nie 'n teken van 'n versteurde kind wat 'n fantasiewêreld skep nie, dis 'n normale verskynsel wat die rykheid van die kind se fantasie spel weerspieël.

(Botha *et al.*, 1998:300-303)

# Kenmerke van spel

- Spel is lekker en genotvol.
- Spel is spontaan en vrywillig, en word uit vrye wil deur die speler gekies.
- Spel behels aktiewe deelname van die speler se kant.
- Spel word intrinsiek gemotiveer. Dit beteken dat spel ter wille van die spel self plaasvind.
- In spel word aandag op die aktiwiteit self gefokus, eerder as op die uitkoms van die spel.
- Spel bied aan die kind geleentheid om aan die werklikheid te ontsnap.

# Soorte spel

- **Funksionele spel.** In funksionele spel voer die kind eenvoudige, herhalende spierbewegings met of sonder voorwerpe uit. Om op en af te spring of 'n ratel te skud, is voorbeelde van funksionele spel. Funksionele spel oorheers die baba- en kleuterjare.
- **Konstruktiewe spel.** In konstruktiewe spel manipuleer die kind voorwerpe om 'n produk te skep of iets te maak; hy gebruik bv. klei om 'n huis te bou. Hierdie soort spel is algemeen tussen die ouderdomme drie en ses jaar gevind.
- **Voorgeespel.** In voorgeespel gebruik kinders hulle verbeelding om situasies te skep waarin hulle voorgee om iemand anders (bv. 'n ma) te wees. In **sosio-dramatiese spel** leef hulle rolle van bekende karakters soos 'n ma, dokter of onderwyser uit. In **tematiese fantasiespel** leef kinders rolle uit wat ver verwyder is van alledaagse ervaringe (bv. rolle in sprokies, films of televisieprogramme). Voorgeespel kom op ongeveer 18 maande na vore en bereik op vier- tot vyfjarige ouderdom 'n hoogtepunt, waarna dit afneem.
- **Speletjies-met-reëls.** Hierdie soort speletjies voldoen aan die volgende twee vereistes:

- Ten minste twee persone moet met mekaar meeding, en
- Die gedrag van deelnemers moet deur reëls beheer word.

# Funksies van spel

Behalwe dat dit lekker is om te speel, het spel verskeie funksies. Dit beïnvloed:

- **Liggaamlike ontwikkeling.** Spelaktiwiteite bevorder fyn- en grootmotoriese ontwikkeling, asook die ontwikkeling van sekere vaardighede.
- **Kognitiewe ontwikkeling.** Spel bevorder kinders se begrip van taal en verbeter hulle vermoë om hulself uit te druk. Spel kan ook kreatiwiteit in kinders bevorder omdat dit hulle toelaat om hulself uit te druk op enige manier wat hulle verkies.
- **Persoonlikheidsontwikkeling.** Indien sukses bv. in spel verwerf word kan dit lei tot 'n gevoel van beheer wat weer die kind se selfvertroue versterk. Terwyl hulle speel, ontdek kleuters hulle eie vaardighede en eienskappe. Kinders leer bv. om hulself as 'n seun of 'n dogter te identifiseer. Dit kan bydra tot die ontwikkeling van geslagsrolidentiteit.
- **Emosionele ontwikkeling.** Tydens spel kan kinders 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit ervaar wat hulle moontlik nie in hulle alledaagse lewe kan ervaar nie. Kinders kan hulle gevoelens in spel uitdruk, wat nie normaalweg tot uiting sal kom nie.
- **Sosiale ontwikkeling.** Kinders word d.m.v. spel gesosialiseer. Wanneer hulle met ander kinders speel, leer hulle sosiaal aanvaarbare gedrag aan.



(Botha *et al.*, 1998: 303 – 308)

# Sosialiseringsmeganismes

Verskeie meganismes dra by tot die verwerwing van sosiaal aanvaarbare of voorgeskrewe gedrag by kleuters.

- **Waarnemingsleer.** Kinders kan deur waarneming leer.
- **Nabootsing en identifikasie.** Nabootsing (modellering) is die nadoen van 'n rolmodel se gedrag. Identifikasie is die proses waardeur die kind eienskappe, waardes en oortuigings van die ouer van dieselfde geslag aanneem.
- **Straf.** Alhoewel straf gebruik word om kinders aanvaarbare gedrag te leer, is dit nie die doeltreffendste manier om 'n kind te sosialiseer nie.
- **Versterking (belonings).** Versterking deur middel van belonings is 'n gewenste meganisme om 'n kind te sosialiseer. Versterkings of belonings kan in 'n **sosiale vorm** (bv. lof, liefde) of in **materiële vorm** wees (bv. om geskenke of spesiale voorregte te gee). Versterkings is die doeltreffendste wanneer dit gegee word direk nadat die gewenste gedrag plaasgevind het.



(Botha *et al.*, 1998:312 – 313)

# Sosialiseringsagente

'n Sosialiseringsagent is 'n persoon, groep persone of 'n instelling wat betrokke is by die sosialisering van mense.

- ☒ **Versorgers.** Ouers en ander versorgers is die belangrikste sosialiseringsagente. Hulle leer hulle kinders eksplisiet (bv. deur om aan hulle te sê wat om te doen en wat om nie te doen nie) sowel as implisiet (deur bv. rolmodelle te wees wat hulle kinders naboots en waarmee hulle kinders identifiseer).
- ☒ **Broers en susters.** Ouer broers en susters oefen 'n belangrike invloed op die sosialisering van hulle jonger broers en susters uit. Broers en susters leer hulle jonger broers en susters sowel aanvaarbare gedrag as die oortuigings en gebruike van hulle sosiale groep.
- ☒ **Die portuurgroep.** Die portuurgroep is ook 'n belangrike sosialiseringsagent omdat hulle aan kleuters in speelsituasies aanvaarbare gedrag leer soos samewerking, regverdigheid, wederkerigheid (bv. wat ek aan jou doen, moet jy aan my doen) en om aggressie te beheer.
- ☒ **Televisie.** Op die televisie word sowel aanvaarbare as onaanvaarbare gedrag vertoon. Ouers kan 'n belangrike rigtinggewende uitwerking op hulle voorskoolse kinders (en ander kinders) hê. Hulle moet:
  - ⌘ saam met hulle kinders televisie kyk. Dit sal hulle in staat stel om die programme met hulle te bespreek en die onaanvaarbare gedrag uit te wys,
  - ⌘ die onderskeid tussen fantasie en werklikheid met hulle kinders te bespreek,
  - ⌘ 'n evaluerende houding teenoor televisieprogramme hê. Dit beteken dat hulle aan hulle kinders moet oordra dat sommige televisieprogramme beter is as ander en dat mens kieskeurig moet wees oor waarna jy kyk, en
  - ⌘ toepaslike programme vir hulle kinders uitsoek.
- ☒ **Die preprimêre skool en dagsorgsentrum.** Hulle vorm klein, maar belangrike sosiale stelsels waarbinne sosialisering kan plaasvind. Hier leer hulle om in 'n georganiseerde groepopset op te tree en watter gedrag aanvaarbaar is en watter nie. (Botha *et al.*, 1998: 314-317)

# Stimuleer kreatiwiteit in kinders

Daar is verskeie voorstelle aan ouers en versorgers om kreatiwiteit in kinders aan te wakker, naamlik:

- Respekteer kinders se vrae en idees.
- Respekteer kinders se reg om hulle eie leerpogings aan te voor.
- Respekteer kinders se reg om die idees van hulle versorgers te bevraagteken.
- Moedig kinders aan om bewus te raak van omgewingstimuli en om ontvanklik daarvoor te wees.
- Bied kinders die geleentheid om iets te skep en dit te gebruik.
- Bied kinders die geleentheid om dit wat hulle geleer en bereik het, met ander te deel.
- Stimuleer die ontwikkeling van kinders se selfagting, eiewaarde en selfrespek.



(Louw *et al.,* 1998: 345)

# Spesifieke emosies

☺ **Vrees.** Tydens die middelkinderjare is daar 'n afname in vrees wat verband hou met liggaamlike veiligheid (bv. vir siekte, besering, honde, geluide en storms). Daar is geen beduidende afname in vrees vir bonatuurlike magte soos spoke en monsters nie. Omdat kinders nou skool toe gaan en hulle sosiale grense uitbrei, is dit verstaanbaar dat nuwe vrese wat met akademiese prestasie, onderwysers en vriende verband hou, nou hulle verskyning maak. Talle kinders in die middelkinderjare dui ook aan dat hulle bang is dat hulle ouers sal doodgaan.

☺ **Liefde.** Omdat liefde baie abstrakte kwaliteite het, kan kinders dit nie te volle begryp totdat hulle kognitiewe vermoëns redelik volwasse is nie. Kinders leer nietemin reeds vanaf geboorte van liefde, veral wanneer hulle bande van gehegtheid met hulle ouers vorm. Daar is ook bevind dat kinders wat liefde ondervind ook makliker liefde toon.

☺ **Aggressie.** Voorskoolse kinders slaan of stamp wel soms ander kinders, maar hierdie gedrag het gewoonlik 'n instrumentele doelwit soos byvoorbeeld om 'n speelding terug te kry. Tydens die middelkinderjare begin kinders egter om direkte aggressie teen ander te rig met die hoofdoel om hulle seer te maak. Hierdie soort aggressie neem geleidelik tydens die middelkinderjare toe.



(Louw *et al.*, 1998: 350-352)

# Hoe kan ouers help om die kind se aanpassing op skool te vergemaklik?

- Ouers van suksesvolle kinders het 'n realistiese vertroue in hulle kinders se huidige vermoëns, maar hoë verwagtings van die toekoms. Hulle moedig hul kinders aan om ouderdomstoepaslike take by die skool en huis te bemeester. Hierdie ouers glo in hulle kinders en help die kinders om selfvertroue te ontwikkel en hoë verwagtings te koester.
- Ouer-kindverhoudings van suksesvolle kinders is warm en liefdevol, en die ouers handhaaf dissipline en beheermaatreëls wat eerder gesaghebbend as outoritêr (dominerend) is. Die kinders het beperkings op hulle gedrag, maar voel veilig en dat hulle aanvaar word.
- Die ouers van suksesvolle kinders praat met hulle kinders. Hulle spandeer tyd met hulle, lees vir hulle, luister na hulle, vertel hulle stories, en voer baie gesprekke met hulle. Hulle stel 'n voorbeeld deur belangstelling in die wêreld te toon, en verskaf sommige van die verwysingsraamwerke om sosiale en fisiese verskynsels te verstaan. Hulle ondersteun die kind se "ontdekkingsreise" en navrae.




(Louw *et al.,* 1998:363)

# Die invloed van die portuurgroep

Die portuurgroep tydens die middelkinderjare kan beskryf word as 'n relatief stabiele versameling van twee of meer kinders wat met mekaar in interaksie verkeer, norme en doelstellings deel, en wat 'n sosiale struktuur van leier en volgelinge ontwikkel het, wat sorg dra dat die groep se doelwitte bereik word. Hoewel dit nie altyd besef word nie, speel die portuurgroep 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Die belangrikste funksies is die volgende:

- Die portuurgroep verskaf **kameraadskap**, d.w.s. die kind het persone met wie hy kan gesels, speel en sy tyd verwyl.
- Die portuurgroep verskaf **geleentheid vir nuwe gedrag**, veral gedrag wat volwassenes geneig is om te verbied.
- Die portuurgroep help om **kennis en inligting oor te dra**.
- Die portuurgroep leer kinders **reëls en regulasies.**
- Die portuurgroep help om **geslagsrolle** te versterk.
- Die portuurgroep bring mee dat die **emosionele bande** wat die kind met die ouers het, **verswak** word. Dit is belangrik om onafhanklikheid by kinders te bevorder.
- Die portuurgroep gee aan kinders ondervinding in **verhoudings** waar hulle op gelyke voet met ander meeding.



(Louw *et al.*, 1998: 368-369)

# Seksuele rypwording by adolessente




(Thom *et al.*, 1998: 393)

**Volgorde van ontwikkeling van geslagskenmerke tydens puberteit**

| Meisies | Benaderde gemiddelde ouderdom | | Seuns |
|---|---|---|---|
| Ovaria vermeerder produksie van estrogeen en progesteroon | 9 | 10 | Testikels vermeerder produksie van testosteroon |
| Interne geslagsorgaan vergroot | 9½ | 11 | Testikels en skrotum vergroot |
| Vergroting van borste | 10 | 12 | Pubeshare verskyn |
| Pubeshare verskyn | 11 | 12½ | Penis begin groei |
| Begin van vinnige gewigstoename | 11½ | 13 | Eerste ejakulasie |
| Bereik hoogtepunt in vinnige lengtegroei | 12 | 13 | Begin van vinnige gewigstoename |
| Hoogtepunt in spier- en orgaangroei; heupe word opmerklik breër | 12½ | 14 | Bereik hoogtepunt in vinnige lengtegroei |
| Menarg | 12½ | 14½ | Hoogtepunt in spier- en orgaangroei; skouers word opmerklik breër |
| Eerste ovulasie | 13½ | 15 | Stem word laer en dieper |
| Finale pubeshaarpatroon | 15 | 16 | Gesigshare verskyn |
| Volle borsgroei | 16 | 18 | Finale pubeshaarpatroon |

(Thom *et al.*, 1998: 396)

# Take wat 'n adolessent moet bemeester om 'n eie identiteit te ontwikkel

- Hulle moet 'n kontinue, geïntegreerde geheelbeeld van die self vorm. Hierdie proses staan bekend as **egosintese**. Dit beteken dat die persoon, ten spyte van tydsverloop en die veranderinge wat daarmee saamgaan, moet voel dat hy of sy nog steeds dieselfde persoon bly.
- Hulle moet 'n **sosio-kulturele identiteit** vorm, d.w.s. die adolessent se identiteit moet die waarde-oriëntasies en rolverwagtings van sy of haar kultuur of verwysingsgroep insluit.
- 'n **Geslagsrolidentiteit** moet gevestig word. Benewens die aanvaarding van die veranderinge wat met geslagsrypheid gepaard gaan, moed adolessente hulle identiteit as manlik of vroulik aanvaar.
- 'n **Beroepsidentiteit** moet gevorm word. Dit impliseer dat adolessente realisties moet wees ten opsigte van hul eie vermoëns en prestasies om 'n realistiese beroepskeuse te kan doen.
- 'n **Eie waardestelsel** moet ontwikkel word. Dit impliseer dat adolessente sekere waardes weer so deeglik moet deurdink dat hulle 'n eie basiese filosofie kan vorm wat vir hulle as anker in hul lewens kan dien.

(Thom *et al.*, 1998:431)

# Voordele wat ‘n vriendskapsverhouding vir die adolessent inhou

- Hegte vriendskappe help adolessente om die stressors van adolessensie (bv. fisieke ontwikkeling, die skool, veranderde interaksiepatrone met die ouers en heteroseksuele verhoudings) te hanteer.
- Hegte vriendskappe werk vereensaming en isolering teë en lewer dus ‘n bydrae tot die adolessent se selfkonsepontwikkeling.
- Selfopenbaring en eerlike kommunikasie tussen hegte vriende skep ook geleenthede vir adolessente om nie net hulself te leer ken nie, maar ook om sensitief te wees teenoor ander. Hierdie vaardighede speel ‘n rol in hulle identiteitsontwikkeling en ontwikkeling van empatie.



(Thom *et al.*, 1998: 460)

# Romantiese verhoudings

Een van die belangrikste sosiale verskuiwings wat gedurende adolessensie plaasvind, hou verband met die ontstaan van romantiese verhoudings. Romantiese verhoudings gedurende adolessensie kan verskillende vorme aanneem, naamlik:

- **Groepsaktiwiteite** wat die verskillende geslagte betrek, sonder dat seuns en meisies veel werklike kontak met mekaar het
- **Groepsafsprake** van 'n groep seuns en 'n groep meisies wat saam uitgaan, 'n gedeelte van die tyd as paartjies deurbring en 'n gedeelte van die tyd in die groter groep
- **Informele afsprake** in pare
- **Ernstige betrokkenheid** by 'n spesifieke meisie of seun.

Oor die algemeen word die voordele wat vriendskapsverhoudings met dieselfde geslag vir die adolessent inhou, voortgesit in hulle romantiese verhoudings, naamlik:

- ☆ Die ontwikkeling van onafhanklikheid en identiteitsvorming.
- ☆ Geleenthede vir kameraadskap.
- ☆ Die aanleer van kommunikasievaardighede.
- ☆ Die aanleer van interaksiewyses en sosiale vaardighede.



(Thom *et al.*, 1998: 461 – 462)

# Die ontwikkeling van die funksies van romantiese verhoudings

| Ouderdom | Funksie van verhoudings | Beskrywing van verhouding |
|---|---|---|
| **Vlak 1** (13-15 jaar) | Ontspanning en vermaak | Vriendskaplik met tentatiewe heteroseksuele intimiteit |
| **Vlak 2** (14 – 17jaar) | Sosialisering | Ontwikkel nuwe verhoudings; word vaardig in optrede teenoor teenoorgestelde geslag; verhoudings is kort; oefen geslagsrolle |
| **Vlak 3** (16-19 jaar) | Bereiking van status deur verhoudings | Ontwikkel langtermynverhoudings; groter intimiteit; seksuele eksperimentering |
| **Vlak 4** (18 – 25 jaar) | Hofmakery en keuse van huweliksmaat | Identifiseer met geliefde; seksuele intimiteit; getrouheid aan een persoon |

(Thom *et al.*, 1998: 464)

# Die fases van verwydering

**Die wittebroodsfase:**




**Die rou-periode:**



| FASE |
|---|
| 1. SKOK |
| 2. ONTKENNING |
| 3. WOEDE EN OPSTANDIG-HEID |
| 4. WANHOOP EN DEPRESSIE |
| 5. AANPASSING |
| 6. LOSMAKING |

(Die Ondersteuningsraad, 2000)





**BYLAAG L68: FAMILIEBOOM**

# Waarom is kontak met die gesin van herkoms belangrik?

- Gereelde kontak vergemaklik en bespoedig terugplasing by die ouers.
- Gereelde kontak bevorder die kind se gevoel van eiewaarde en voel die kind nie dat sy/haar ouers hom/haar weggegooi het nie. Dit verhoed weer dat emosionele en fisiese probleme ontstaan as gevolg van die gevoel van verwerping.
- Dra by tot die ontwikkeling van 'n gesonde identiteitsvorming. Die kind weet waar hy/sy vandaan kom en waarheen hy/sy oppad is. Hy/sy is bewus dat elke persoon uniek is.
- Bevorderlik vir die kind se selfbeeldontwikkeling.
- Gereelde kontak hou die band van gehegtheid in stand tussen die biologiese ouer en die kind.
- Kontak help ook die kind om makliker deur die roufase te kom en aan te pas in sy/haar nuwe versorgingsposisie.
- Verwydering gaan gepaard met ontwrigting en is 'n tydperk van abnormaliteite. Kontak tussen die biologiese ouer en hul kind stabiliseer die verhoudinge wat ontwrig is in 'n mate.



(Die Ondersteuningsraad, 2000)

# Basiese riglyne vir kontakmaking

- Reël vooraf toestemming vanaf die toesighoudende maatskaplike werker.
- Indien die ouer noem dat die maatskaplike werker toestemming verleen het, bevestig persoonlik met die betrokke maatskaplike werker voor u die kind saam met die ouer laat gaan.
- Laat privaatheid met tuisbesoeke toe. U kan wel sporadies kontroleer dat die kind nog gemaklik is.
- Dagbesoeke, naweekbesoeke en vakansieverlof by die biologiese ouer – aansoek moet vooraf gedoen word en moet toestemming ingevolge Artikel 35(1)(b) verleen word.
- Behandel altyd die biologiese ouer met respek, selfs al word u nie goed behandel nie.

(Die Ondersteuningsraad, 2000)

Dit is nie moontlik om volle vertroue in God te hê en tog in vrees te lewe nie. As jy toelaat dat vrees jou lewe beheers, sal vertroue in God uiteindelik geheel en al uit jou lewe verdwyn. Die keuse is joune. God wil dat jy saam met Ps. 4:9 sal kan sê:

> *"Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here U alleen laat my veilig woon."*

Om volkome vertroue in God te bewerkstellig, vereis meer as net ydele lippediens of 'n vae gevoel van vroomheid, of selfs 'n losse verbintenis met 'n kerk. Dit vereis van jou 'n sekere kennis van die teenwoordigheid van die lewende God in jou hele lewe. Dan sal jy vrees die finale nekslag toedien.

Wanneer jy hierdie ondervinding smaak, sal 'n onbeskryflike vrede jou lewe vervul. Hierdie vrede is nie selfsugtig nie, maar dit sal vanuit jou gemoed en lewe uitkring om seën te bring aan almal met wie jy in aanraking kom.

Dit is 'n oorweldigende gedagte dat Sy volmaakte vrede deur jou na andere kan vloei om die aaklige werklikheid van vrees in hierdie wêreld te bestry en te oorwin.

Ons toerusting hiervoor is die liefde. Die volmaakte liefde dryf die vrees uit, sodat dit nooit weer oor jou lewe heerskappy kry nie. Dan eis ons uiteindelik ons erfporsie op wat Christus aan ons toegesê het:

> *"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle" (Joh. 14:27).*

*God van liefde en genade, dankie dat U Seun Jesus Christus, ook die oorsaak van ons ewige vrees weggeneem het. Laat ons liefde vir U alle vrees uit ons lewe verdryf omdat ons volkome op U vertrou. In Jesus se Naam. Amen.*

(Uit: Ozrovech, S. 1984. Die vreugde van oorwinning. Kaapstad: Lux Verbi)

---

**Die oorsake vir die verspreiding van MIV/VIGS**

MIV/VIGS is 'n siektetoestand wat in Suid-Afrika 'n omvangryke toename toon. Indien verdere toename voorkom wil word, spreek dit vanself dat oorsaaklike faktore geïdentifiseer en oor 'n breë front hanteer moet word.

**Geslagsomgang**

MIV word veral versprei deur anale en vaginale geslagsomgang. Die virus word in groot konsentrasies in die semen en vaginale vloeistowwe van persone wat MIV-positief is, gevind.

**Bloedoordraging**

Die virus kan ook versprei word as MIV-geïnfekteerde bloed die liggaam van 'n persoon binnedring. Dit kan gebeur deur:

- Bloedoortapping.
- Gebruik van besmette naalde of spuite.
- Besmette skeermeslemmetjies en ander skerp voorwerpe.
- Om spuitnaalde tydens dwelmmisbruik te deel.
- 'n Oop wond of 'n seer, alhoewel dit baie selde voorkom.

Persone moet dus daarop bedag wees om infektering te voorkom wanneer hulle met skerp voorwerpe werk en met besmette bloed in aanraking kom.

**Moeder na baba**

Volgens Esu-Williams (2000:123) word vroue en jong meisies die meeste met die MI-virus geïnfekteer. Die betrokke skrywer wys daarop dat "... African women still live largely in a world where they have to first and foremost prove their worth by being married, having children and caring for their families."

Die virus word na die baba gedurende swangerskap asook tydens die geboorteproses oorgedra. Die MI-virus kan ook deur borsvoeding na die baba deur die moeder oorgedra word. Indien 'n moeder as MIV-positief getoets is, is die kanse dat die baba gebore sal

word met MIV-infeksie, tussen 13% en 45% (Evian, 2000:16; Whiteside & Sunter, 2000:75-76). Die kanse dat die baba geïnfekteer sal word, word verhoog indien die moeder net voor of gedurende swangerskap geïnfekteer word. Indien sy reeds simptome van MIV-infeksie toon en wanneer sy 'n lae CD4-telling het, is die kanse op infektering van die baba groot. Hierdie kinders sterf binne die eerste paar jaar na geboorte (Whiteside & Sunter, 2000:76).

**Armoede**

Die rol wat armoede en swak sosio-ekonomiese omstandighede speel in die verspreiding van MIV/Vigs dikwels voor in "... lower socio-economic countries". Van die redes wat Evian (2000:21) onder andere gee, is migrasie, prostitusie, geringe opleiding en lae vlakke van geletterdheid.

**Alkohol- en ander vorme van dwelmmisbruik**

Die misbruik van alkohol en ander dwelms laat persone dikwels vergeet van die realiteit van die omstandighede waarin hulle hul bevind. Dit lei daartoe dat persone onder die invloed van hierdie middels inhibisies oorboord gooi deur byvoorbeeld seksuele omgang met ander persone te hê of ander gedrag openbaar wat hulle risiko om geïnfekteer te word, verhoog (Evian, 2000:21).

**Mobiliteit van bevolking**

Baie taxi- en vragmotorbestuurders moet lang afstande aflê om passasiers of goedere te vervoer. Dit lei daartoe dat bestuurders dikwels lang tydperke van hul huise en gesinne weg is, waartydens seksuele verhoudings met vroue langs die pad aangeknoop word. Hierdie vroue is dikwels prostitute wat verskeie seksuele verhoudings met mans het en wat waarskynlik met die MI-virus besmet is (Viljoen, 1990:337-338).

**Tradisie**

Sommige tradisionele gebruike speel 'n belangrike rol in die verspreiding van die virus. In sommige Afrikalande is poligame huwelike tradisioneel by sommige swart volke. 'n Man se rykdom word dikwels gemeet aan die aantal beeste en vroue wat hy besit

(Viljoen, 1990:336). Hoe meer seksmaats 'n persoon het, hoe groter is die moontlikheid op die verspreiding van die virus.

Die vrou word deur sekere swart volke in Suid-Afrika gesien as die ondergeskikte in die huwelik. Die man is die hoof, en die vrou het baie min beheer oor haar seksuele lewe (Evian, 2000:194). Die vrou het geringe seggenskap met betrekking tot wanneer sy gereed vir seks is, asook of sy die gebruik van 'n kondoom verkies, al dan nie. Hierdie houding teenoor die vrou lei soms tot verkragting en onbeplande asook ongewenste swangerskappe.

**Misdaad**

Misdaad soos geweld word deur sommige kenners gesien as een van die indirekte oorsake wat die verspreiding van MIV verhoog (Evian, 2000:21). In hierdie situasies verval wet en orde asook sedelike norme. Misdade soos verkragtings en aanrandings is in Suid-Afrika meestal aan die orde van die dag. Hierdie tipe misdade verhoog die kanse dat persone met die MI-virus geïnfekteer kan word.

**Gevolge van MIV/Vigs**

Die gevolge van MIV/Vigs is omvangryk.

**Die gevolge van MIV/Vigs vir die individu**

Die infektering met die MI-virus het nie net 'n invloed op die gesondheidstoestand van die individu nie, maar ook op sy emosionele, psigologiese, religieuse en maatskaplike funksionering.

**Gevolge op fisiese funksionering**

Persone met MIV/Vigs mag aanvanklik geen simptome van die siektetoestand ervaar nie, maar in later stadiums ervaar die pasiënt simptome soos koors, veluitslag, asemhalingsprobleme, gewigsverlies, sere in die mond en lugweg, swelling van die limfkliere en diarree. Hierdie siektetoestande lei daartoe dat die pasiënt pyn, ongemak en slaapprobleme ervaar (Evian, 2000:283).

Verdere probleme wat soms ervaar word, het betrekking op voedingsverwante aangeleenthede. Probleme wat in hierdie verband opduik, is 'n gebrek aan eetlus, naarheid of braking. Hierdie toestande lei verder tot ontwatering en algehele swakheid by pasiënte (Evian, 2000:32; Meisenhelder & La Charite, 1989:112).

Die mobiliteit van die pasiënt word voorts aan bande gelê deur longinfeksies wat lei tot kortasemheid. Hierdie siektetoestande het ook 'n uitwerking op die seksuele funksionering van die individu. Meisenhelder en La Charite (1989:116) sê in hierdie verband die volgende: Dié siektetoestand by die swanger vrou kan ook daartoe lei dat sy die MI-virus aan die baba, voor geboorte of tydens borsvoeding kan oordra. Hierdie wyse van infektering lei tot verskeie siektetoestande by die kind soos diarree, longinfeksies, meningitis, koors en herpes. Sulke kinders sterf gewoonlik binne die eerste twee jaar aan Vigs-verwante siektetoestande, ná onmenslike lyding.

**Gevolge op die psigiese en emosionele funksionering**

Die meeste van die emosies wat deur die pasiënt ervaar word, sentreer om die wete dat Vigs tans nie genees kan word nie en dat dit tot die dood kan lei (Visagie, 1999:62). Teen hierdie agtergrond besef ouers dat hulle moontlik hul kinders as wees moet agterlaat. Dit lei tot verdere bekommernisse, vrese en onsekerhede. Dit is veral in hierdie situasies waar ondersteuning aan pasiënte benodig word.

**Gevolge op die maatskaplike funksionering**

Infektering met die MI-virus het 'n besliste uitwerking op die maatskaplike funksionering van die individu. Individue gaan nie net probleme ervaar om binne gesinsverband en familieverband aanvaar te word en in te skakel nie, maar gaan ook probleme ervaar om deur die gemeenskap, in die werksituasie en kerklike omgewing aanvaar te word (Aranda-Naranjo & Davis, 2000:270-272; Visagie, 1999:62; Weyers, 1990:352).

Alhoewel die gemeenskap hierdie persone soms stigmatiseer, is dit dikwels volgens Corey en Corey (1997:370) die pasiënt wat homself stigmatiseer met sienings van "I feel that God is punishing me", "I am a horrible person, and therefore I deserve to suffer" en

"I am to blame getting this disease". Hierdie gevoelens lei daartoe dat pasiënte selfbeeldprobleme ervaar en kontak met andere tot die minimum beperk. Hulle vrees dat andere sal weet hulle is MIV-positief, en dit het tot gevolg dat hulle hul al meer aan kontak met andere onttrek. Die families, gesinne, vriende, gemeenskap en werksituasies se siening van persone wat as besmet met MIV/Vigs gediagnoseer is, speel ook 'n vername rol in die pasiënt se a-sosiale gedrag.

**Gevolge van MIV/Vigs op die gesin**

Die gesin is een van die strukture in die samelewing wat waarskynlik tans die meeste deur MIV/Vigs nadelig geraak word en wat ook in die toekoms geraak gaan word. Verwerping van 'n lid van die gesin deur ander lede van die gesin.

- Verwerping van die gesin deur die familie, vriende en gemeenskap.
- 'n Verlies aan inkomste.
- Verlating deur die vader of moeder van die gesin.
- Swak fisiese en mediese versorging as gevolg van finansiële probleme.
- Die uitfasering van gesonde mannekrag uit die arbeidsmag omdat gesonde lede siek lede moet versorg.
- Die gebruik van kontantgeld vir mediese uitgawes, in baie gevalle ten koste van die aankoop van voedsel en ander noodsaaklikhede vir die gesin.
- Hoë finansiële uitgawes vir alle fasette wat met begrafnisse gepaard gaan.
- Die onttrekking van kinders aan skole om te help met die aanvul van 'n inkomste vir die gesin.
- Die uitbreiding van gesinsgetalle as gevolg van die versorging van weeskinders uit ander gesinne (Barnett & Blaikie, 1992:104; Weyers, 1990:350-351).

Die problematiek van Vigs in die gesin het onder andere die volgende uitwerkings:

- Dat kinders meer as een keer wees gelaat sal word; die eerste keer as gevolg van die afsterwe van hul eie ouers, en later as gevolg van die afsterwe van hul pleeggesin of familie wat hul versorging waargeneem het.

- Daar sal nie meer in die basiese behoeftes van kinders voorsien kan word nie as gevolg van ouers se siektetoestand. Kinders is dus alreeds in baie gevalle wees vóór die ouers se afsterwe.
- As gevolg van die finansiële verliese en probleme wat binne 'n gesin ontstaan, word kinders se opvoeding nadelig geraak.
- Kinders word blootgestel aan intense spanning en trauma as gevolg van ouers se afsterwe.
- Kinders moet dikwels heen en weer tussen verskillende versorgingsfasiliteite beweeg, wat 'n negatiewe invloed uitoefen op hulle gesondheid en ontwikkeling.
- Baie kinders moet reeds op 'n baie vroeë ouderdom gewigtige besluite neem waarvoor hulle nie opgewasse is nie.
- Situasies gepaardgaande met Vigs in die gesin lei dikwels tot swak ouerlike versorging, gebrekkige sosialisering en geen of swak skoolvordering.
- Hierdie kinders se ouers is soms nie in staat om as doeltreffende rolmodelle vir hulle kinders te dien nie. Dit bemoeilik die aanleer van noodsaaklike lewensvaardighede soos 'n positiewe selfbeeld by kinders.
- Kinders wat as gevolg van Vigs wees gelaat is, word dikwels aan mishandeling blootgestel (Kerkhoven & Harnmeijer, 1998:14; Whiteside & Sunter, 2000:80).

Die totale invloed van MIV/Vigs op die gesin kan nooit realisties bereken word nie. Dit is daarom belangrik dat alle rolspelers kennis sal dra van die impak van MIV/Vigs op die gesin, aangesien dit nie slegs die gesin raak nie, maar die samelewing ook.

(ROUX, 2006)

**Vind geluk binne jou beperkings**

*Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek* (Luk. 15:13).

Daar is 'n ou Sjinese verhaal wat vertel van 'n vis wat op soek was na water. Iemand het skynbaar vir hom vertel dat 'n vis sal doodgaan as hy nie in die water is nie. Die vis het geweet dat hy water moes kry voor dit te laat is. In sy soektog het hy deur riviere en strome geswem. Eindelik het hy 'n wyse ou vis ontmoet wat hom oortuig het dat hy sy lewe lank al in die water was. Op pad huis toe het hy aanhoudend vir homself gesê: "Ek was my lewe lank in die water en ek het dit nie geweet nie."

Daar is iets van daardie vis in ons almal. Hoe dikwels gaan ons nie op reis op soek na dit wat ons gelukkig sal maak nie? Ons het 'n neiging om op verafgeleë plekke te gaan soek na geluk en bevrediging. En so dikwels is dit nie daar ver nie, maar oral rondom ons. 'n Mens se grootste geluk lê dikwels in jou eie agterplaas.

Daar is 'n Oosterse legende van 'n eenvoudige klipklapper wat meester was van sy vak. Dag na dag het met eindelose geduld met sy hamer en beitel klippe uit rotsblokke gekap, wat in huise ingebou moes word.

Op 'n dag was hy weer in die bloedige son besig toe die keiser op 'n drastoel by hom verbygedra word. Hy het vurig gewens om die keiser te wees – en toe word hy die keiser. Maar die son het genadeloos op hom neergebrand en hy het gewens om die son te word – toe word hy die son. Hy het wreed op die aarde neergeskroei en alles verskrompel wat voorgekom het. Toe kom 'n wolk oor die horison, groei vinnig en bedek die son. Hy wens toe om die wolk te wees – en hy word die wolk. Hy het verwoestend op die aarde neergereën en alle probeer verspoel. Op die oop vlakte het 'n tronende rots gestaan en hoewel hy daarteen aangestorm het, het die rots ongesteurd bly staan. Hy wou graag die rots wees – en word toe die rots. Eendag kom daar 'n eenvoudige klipklapper met 'n hamer en beitel en begin die rots stukkend kap. So was sy

laaste begeerte om maar liewer weer die klipklapper te wees – en hy het dit geword. Dit was 'n werk wat hy geken het en met waardigheid kon doen!

Lewenswysheid is om jou sterk punte te ken en te benut – maar ook om jou beperkinge te ken en binne hulle te lewe. Dit is waar jou grootste geluk te vinde is en waar jy vrede met jouself en met die wêreld vind.

*Genadige Meester, U het in u wêreld vir my 'n plek en 'n taak. Help my om my plek te vind deur die leiding van u Heilige Gees. Amen.*

(Ozrovech, S. 1992. Inspirasie vir die lewe. Kaapstad: Lux Verbi)

# Ouerskapstyle



**Outoritêre ouers**

In hierdie soort ouerskapstyl word so 'n hoë premie op konformiteit en gehoorsaamheid geplaas dat die ouers selfs die kind sal verwerp indien laasgenoemde nie gehoor gee nie. Van kommunikasie tussen ouer en kind is daar weinig sprake. Die ouers verwag dat die kind hom of haar onder alle omstandighede moet gehoorsaam. Indien dit nie gebeur nie word streng strafmaatreëls teen die kind ingestel. Hierdie styl is egter nadelig vir die kind: hulle het gewoonlik 'n laer selfagting en is ook minder vaardig in hulle verhoudings met vriende. Sommige van hierdie kinders neig tot teruggetrokkenheid, terwyl 'n hoë mate van aggressie voorkom. Verder is hierdie kinders meer geneig tot antisosiale gedrag en neig ook om swakker op skool te presteer as kinders met gesaghebbende ouers (Louw *et al.*, 1998: 356).



**Gesaghebbende ouers**

Hierdie ouers toon duidelike rigtings vir hul kinders aan, maar laat ook heelwat vryheid binne redelike grense toe. Hoewel hulle billike eise stel en beheer uitoefen, is hulle ook warm, sensitief en geduldig, terwyl hulle ook die kinders aanmoedig om insette te lewer by die gesin se besluitnemingsprosesse. 'n Demokratiese benadering word dus gevolg waarin die regte van sowel die ouers as die kinders erken en gerespekteer word. Die invloed van hierdie ouerskapstyl is die positiefste van al die ouerskapstyle. Kinders wat in sulke gesinne grootword, het 'n hoë selfagting, is beter in staat om morele standaarde te internaliseer en presteer hulle op akademiese gebied. Verder is hulle ook baie onafhanklik en probeer hulle makliker nuwe dinge (Louw *et al.*, 1998: 356).



**Permissiewe ouers**

Die permissiewe ouer skep 'n klimaat waar kinders vir die regulering van hulle eie gedrag verantwoordelik is. Hoewel hierdie ouers die kinders goed versorg, oefen hulle nie beheer oor die kinders uit nie. Die gevolg is dat die kinders doen wat hulle wil. Dit is dus 'n onverdraagsame benadering tot ouerskap. Kinders van permissiewe ouers is impulsief en aggressief, en hulle toon ook 'n gebrek aan selfbeheer. Hulle aanvaar nie maklik verantwoordelikheid nie en is geneig om swakker op skool te presteer. Hulle blyk ook minder volwasse rakende hulle gedrag teenoor vriende en in die skool te wees (Botha *et al.*, 1998: 356).



**Die onbetrokke ouer**

